‘n PROGRAM VIR DIE HUWELIKSONTWIKKELING VAN MIGRANTE EGPARE

JAN ADRIAAN JACOBUS BOTHA

Proefskrif ingelewer vir die graad Doktor in die Wysbegeerte aan die

Universiteit van Stellenbosch

Promotor: Prof. A.P. Greeff

Maart 2007

VERKLARING

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie proefskrif vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van ‘n graad voorgelê het nie.

…….. …….

Handtekening Datum

OPSOMMING

Hierdie ondersoek fokus op die evaluering van ’n program vir die huweliksontwikkeling van migrante-egpare. Konstrukte wat met die huwelik verband hou, asook verskillende teorieë oor gesinsfunksionering, word bespreek. Die drie gesinsveranderlikes wat in die meeste teorieë voorkom, is aanpasbaarheid, kohesie en kommunikasie. Hierdie aspekte word beklemtoon deur die Circumplex-model (Olson, Sprenkle & Russel, 1979), wat ook as grondslag van hierdie ondersoek dien. Die belangrikheid van huweliksontwikkeling deur verrykkingsprogramme is bespreek, waaruit blyk dat voorkoming die belangrikste vorm van terapie is.

Die navorsingsproses is in drie fases verdeel. In Fase I het 25 egpare wat in Suid-Afrika woon en 25 Suid-Afrikaanse egpare wat in Engeland woon aan die ondersoek deelgeneem. Die volgende aspekte wat spanning veroorsaak in migrante-huwelike is geïdentifiseer: gesinseenheid, rolverantwoordelikhede, geestelike sake, emosionele nabyheid, fisieke sake, eksterne invloede en kommunikasie.

Fase II van die ondersoek het behels dat die literatuur bestudeer is om vas te stel watter programme reeds bestaan en hoe bestaande kennis, tesame met die resultate van Fase I van hierdie ondersoek, gebruik kon word om ’n unieke program vir migrante-huwelike te ontwikkel. Die nuut ontwikkelde program fokus op die volgende huweliksaspekte: konflikhantering; die verstaan en onderhandeling van die onderskeie rolle in die huwelik; die rol van eksterne invloede op die huwelik; en fisiese, emosionele en geestelike tevredenheid binne die huweliksverhouding.

In Fase III van die ondersoek is die nuut ontwikkelde program aangebied en ge-ëvalueer om die impak daarvan op migrante-ontwikkeling te bepaal.

Deelnemende Suid-Afrikaanse egpare is in Engeland geïdentifiseer en in drie groepe verdeel, naamlik; tien egpare in die eksperimentele groep, tien egpare in een

kontrolegroep en vyf egpare in ’n tweede kontrolegroep. Deelnemers in al drie groepe het dieselfde vraelyste as die deelnemers in Fase I van die ondersoek voltooi. Dit het gedien as die voormeting. Daarna is die voorlopige program vir die eksperimentele groep aangebied, terwyl die eerste kontrolegroep geen intervensie ontvang het nie en die tweede kontrolegroep ’n alternatiewe intervensie deurloop het. Direk na afloop van die program het deelnemers van die eksperimentele groep en die tweede kontrolegroep weer dieselfde vraelyste voltooi. Drie maande later het deelnemers van al drie groepe as tweede nameting weer dieselfde vraelyste voltooi.

Die aspekte van die huweliksverhouding waar beduidende ontwikkeling plaasgevind het, was tevredenheid met godsdiensoriëntasie, seksuele intimiteit, sosiale intimiteit en meer konstruktiewe konflikhantering. ’n Ander aspek waarby deelnemers aan die program baat gevind het, was die beter verstaan van mekaar se sterk- en swakpunte.

Enkele aanbevelings is dat meer tyd ingeruim word om oor prioriteite binne die huwelik te praat, dat besprekingstye tussen die verskillende sessies verleng word, dat ’n program verkieslik as ’n eilandsituasie aangebied word, en dat opvolgaksies met deelnemende egpare deel van die program moet wees.

Daar moet in toekomstige navorsing oor huweliksontwikkeling vasgestel word of ’n bestaande program die behoeftes van die spesifieke teikengroep aanspreek, en indien nie, word voorgestel dat ’n nuwe program ooreenkomstig hulle omstandighede en behoeftes ontwikkel word.

SUMMARY

This study focuses on the evaluation of a programme for the marital development of migrant couples. Constructs relevant to marriage and various theories on family functioning are discussed in detail. The three variables included in most theories are adaptability, cohesion and communication, as emphasised in the Circumplex model (Olson, Sprenkle & Russel, 1979), which forms the basis for this study. The importance of marriage development through enrichment programmes is discussed, and it appears that prevention is described as the most important form of therapy.

The research was divided into three phases. In phase I, 25 couples living in South Africa and 25 South African couples living in England were used. The following unique elements causing tension in marriages of migrant couples were identified: family unit, role responsibilities, spiritual, emotional and physical matters, external influences and communication.

In phase II the literature was studied to determine which programmes already exist. This knowledge, in conjunction with the results of phase I of this research, was used to develop a unique programme for migrant marriages. This newly developed programme focuses on the following aspects of marriage: conflict resolution; the understanding and negotiation of the different roles in a marital relationship; the role of external factors; and physical, emotional and spiritual fulfilment in the relationship.

Phase III of the research related to the presentation and evaluation of this newly developed programme in order to assess the impact thereof on the psychofortologic development of migrant couples. Participants were divided into three groups. The programme was evaluated by presenting and comparing an experimental group (10 couples living in England) with two control groups (Control Group 1, 10 couples and Control Group 2, 5 couples living in England). All three groups completed

questionnaires as a pre-test. The experimental group attended the new programme, Control Group 1 received no intervention, and Control Group 2 engaged in the alternative intervention. The groups then completed questionnaires directly after the intervention and again three months later.

The aspects of marriage relationships where significant development took place, were: satisfaction with religious orientation, sexual intimacy, social intimacy, and a more constructive handling of conflict. A further aspect whereby participating couples benefited from the programme was the understanding of each other's strengths and weaknesses.

Some of the recommendations include that more time should be allowed to talk about priorities, and also that longer discussion times between sessions should be allowed. The program should preferably be presented as an “island situation”. An effective follow-up of participants should be incorporated into the programme.

In future research it should be determined whether any existing programme addresses the specific needs of the target group. Should this not be the case, it is proposed that a new programme is developed.

BEDANKINGS

Graag betuig ek my dank aan die volgende persone vir hulle bydrae in die voltooiing van hierdie projek:

My promotor, Prof. Awie Greeff

Dr. Martin Kidd vir die statistiekkonsultasies

Dr. Gideon J. Kok vir al jou moeite en opoffering in moeilike tye

Ursula Smith vir die taalversorging

Annemie Bester vir die taalversorging

Annelia Ludeke vir die taalversorging

Heleen Rabie vir die taalversorging

Marieanna le Roux vir die tegniese versorging

Die Impi groep in Engeland vir hul ondersteuning

Al die deelnemende egpare

Dodie, Veronique, Marize en Nico vir hulle tyd en opoffering

Aan ons Hemelse Vader vir Sy oneindige genade

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
VERKLARING	ii
OPSOMMING	iii
SUMMARY	v
BEDANKINGS	vii
LYS VAN TABELLE	xxiv
LYS VAN FIGURE	xxvii

HOOFSTUK 1

INLEIDING MOTIVERING VIR EN DOELSTELLINGS MET DIE ONDERSOEK

1.1	INLEIDING	1
1.2	MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK	2
1.3	DOELSTELLINGS MET DIE ONDERSOEK	7
1.3.1	FASE I Vergelyking van egpare wat in Suid-Afrika woon teenoor egpare wat hul in die buiteland hervestig het	7
1.3.2	FASE II Die ontwikkeling van ‘n voorlopige program vir die siel-kundige groei van migrasie-huwelike.	8
1.3.3	FASE III Evaluering van die program en die impak daarvan op migrasie-huwelike.	8
1.4	BEGRIPSOMSKRYWINGS	9
1.4.1	Huwelik	9
1.4.2	Huweliksprobleme	9

1.4.3 Intervensie 10

1.4.4 Migrasie 10

1.4.5 Migrasie-huwelik 10

1.4.6 Kultuur-sensitiwiteit 10

1.4.7 Psigo-opleiding 11

1.5 AANBIEDING VAN DIE NAVORSING 11

HOOFSTUK 2

TEORETIESE GRONDSLAE VAN HUWELIKE, HUWELIKSPROGRAMME EN MIGRASIE

2.1 INLEIDING 13

2.2 KONSEPTUALISERING 13

2.2.1 Suksesvolle huweliksverhouding 13

2.2.2 Die begrip "gesin" en die verhouding tussen gesinsfunksionering en huweliksfunksionering 14

2.2.3 Die begrip gesinsfunksionering as konteks vir huweliksverhouding 15

2.3 WAT IS ‘N NORMALE GESIN? DIE SOSIALE KONSTRUKSIE VAN NORMALITEIT. 16

2.3.1 Perspektiewe op normale gesinsfunksionering 17

2.3.1.1 Asimptomatiese gesinsfunksionering 17

2.3.1.2 Gemiddelde gesinsfunksionering 17

2.3.1.3 Optimale gesinsfunksionering 19

2.3.1.4 Normale gesinsfunksioneringsprosesse 20

2.3.1.5 Goed funksionerende huwelike of gesinne 21

2.3.2 Modelle wat huweliks-en gesinsfunksionering beskryf 22

2.3.2.1 Die Circumplex-model 24

2.3.2.1.1 Ontwikkeling van die Circumplex-model 27

2.3.2.1.2 ‘n Vergelyking om die Circumplex-model te verstaan 29

2.3.2.1.3 Kritiek op die model 30

2.3.2.2 Die Beavers-sisteem model 33

2.3.2.2.1 Vlakke van bevoegdheid volgens die Beavers-model 34

2.3.2.2.1.1 Optimale gesinne 35

2.3.2.2.1.2 Bevoegde gesinne 35

2.3.2.2.1.3 Gemiddelde gesinne 36

2.3.2.2.1.4 Grensgeval- (“borderline”) gesinne 36

2.3.2.2.1.5 Disfunksionele gesinne 37

2.3.2.3 Die McMaster model vir gesinsfunksionering (MMFF) 37

2.3.2.3.1 Primêre take volgens die McMaster-model vir gesinsfunksionering 38

2.3.2.3.2 Dimensies van huweliks- en gesinsfunksionering volgens die McMaster-model 39

2.3.2.3.2.1 MMFF en probleemoplossing 39

2.3.2.3.2.2 MMFF en kommunikasie. 40

2.3.2.3.2.3 MMFF en rolle van individue 40

2.3.2.3.2.4 MMFF en affektiewe responsiwiteit 41

2.3.2.3.2.5 MMFF en affektiewe betrokken heid 41

2.3.2.3.2.6 MMFF en gedragsbeheer 42
2.3.2.4 Gesinsfunksionering volgens Barnhill 43
2.3.2.5 Gesinsfunksionering volgens Fleck 43
2.3.2.6 Gesinsfunksionering volgens Kantor en Lehr 44
2.3.2.7 Benjamin se model van gestruktureerde analise 44
2.3.2.8 Die Vierdimensionele sisteem-model volgens French en Guidera 45
2.3.2.9 Die kognitiewe gedragsmodel 45
2.3.3 Die verhouding tussen gesinsfunksionering en huweliksfunksionering 46
2.3.4 Geïntegreerde huweliks- en gesinsfunksioneringsmodelle 46
2.3.5 Sosiologiese perspektiewe op huweliks-en gesinsfunksionering 48
2.3.6 Integrasie van die individu, familie en kultuur (lewensiklus) 49
2.3.7 Gevolgtrekking 51
2.4 MIGRASIE 51
2.4.1 Inleiding 51
2.4.2 Drie stadiums van burgerskap 53
2.4.3 Fases van migrasie 56
2.4.4 Tydelike of permanente migrasie 57
2.4.5 Kultuur-sielkunde en migrasie 58
2.5 MIGRASIE EN HUWELIK- EN GESINSFUNKSIONERING 58
2.5.1 Faktore wat huweliksfunksionering beïnvloed as gevolg van migrasie 59
2.5.1.1 Migrasie en "gemis" 59
2.5.1.2 “Veelsinnige gemis” 60

2.5.2 Skepping van gebruike 60

2.5.2.1 Gebruik van verbind wees 61

2.5.2.2 Gebruik van sielkundige herskepping 61

2.5.2.3 Gebruik van geheue 61

2.5.2.4 Gebruik om kulturele erfenisse te bewaar 61

2.5.2.5 Hervestigingsgebruike 62

2.5.3 Ontworteling van herkoms 62

2.5.3.1 Dubbelvisie: Kontinuïteit en verandering 63

2.6 MIGRANTE RISIKO'S 63

2.6.1 Onvoorbereide of ongewenste migrasie 63

2.6.2 Skeiding en herontmoeting van gesinslede 64

2.6.3 Lewensiklusveranderings 64

2.7 GEVOLGTREKKING 64

2.8 HUWELIKSPROGRAMME 65

2.8.1 Inleiding 65

2.8.2 Voorkomend teenoor herstellend in huweliksintervensie 67

2.8.2.1 Programme gerig op primêre voorkoming 68

2.8.2.2 Programme gerig op sekondêre voorkoming 68

2.8.2.3 Programme gerig op tersiêre voorkoming 69

2.8.3 Ontwikkeling van 'n huweliksverrykingsprogram 70

2.8.4 Bestaande huweliksverrykingsprogramme 70

2.8.4.1 Programme met 'n godsdienstige onderbou 70

2.8.4.1.1 Marriage Encounter (ME) 70

2.8.4.1.2 Die Caring Couples Network (CCN) 71

2.8.4.2 Programme met gemengde onderbou 71

2.8.4.2.1 Model van die Association for Couples in Marriage Enrichment (A.C.M.E.) 72
2.8.4.2.2 Structured Enrichment (SE) en Distance Writing (DW) 73
2.8.4.2.3 PREPARE / ENRICH-Program 74
2.8.4.2.4 PAIRS-(Practical Application of Intimate Relationship Skills) Program 75
2.8.4.2.5 TIME-(Training in Marriage Enrichment) Program 76
2.8.4.2.6 Gevolgtrekking 76
2.9 SAMEVATTING 77

HOOFSTUK 3

LITERATUUROORSIG: TOEPASLIKHEID VAN NAVORSINGSMODEL EN HUWELIKSPROGRAMME

3.1 INLEIDING 80
3.2 ONDERSOEKE WAT DIE GELDIGHEID VAN DIE CIRCUMPLEX-MODEL BEVESTIG 80
3.3 NAVORSING OOR BELANGRIKE ASPEKTE WAT BYDRA TOT GOEIE HUWELIKSVERHOUDINGS 83
3.4 HUWELIKSVERRYKING EN -VOORKOMING 88
3.5 VERRYKINGSPROGRAMME 90
3.5.1 Empiriese bewyse vir korttermyneffektiwiteit van verrykings-programme 93

3.5.2 Empiriese bewyse vir langtermyneffektiwiteit van verrykings-programme 93

3.5.3 Gemeenskaplikheid en uniekheid van verrykingsprogramme 95

3.6 SAMEVATTING 99

HOOFSTUK 4

METODE VAN ONDERSOEK

4.1 INLEIDING 101

4.2 PROBLEEMFORMULERING 101

4.2.1 Die ontledingseenheid 101

4.2.2 Navorsingsdoelstellings 102

4.2.3 Navorsingstrategie 103

4.2.4 Formulering van die navorsingsvraag 104

4.3 HIPOTESESTELLINGS 104

4.4 NAVORSINGSONTWERP 105

4.4.1 Teoretiese uitgangspunte 105

4.4.2 Metodologie en benadering 105

Fase I 107

Fase II 108

Fase III 108

4.5 STEEKPROEFNEMING 109

4.5.1 Die studiepopulasie 109

4.5.2 Deelnemers 109

4.5.2.1 Fase I 109

4.5.2.2 Fase II 111

4.5.2.3 Fase III 112

4.5.3 Meetinstrumente 114

4.5.3.1 Biografiese vraelys 115

4.5.3.2 Enriching & Nurturing Relationship Issues, Communication & Happiness (ENRICH) (Olson, Fournier & Druckman, 1983) 115

4.5.3.3 Practical Application of Intimate Relationship Skills (PAIRS) (Gordon,1999) 118

4.5.3.4 Management of Differences Exercise (MODE) (Kilmann & Thomas, 1977) 119

4.6 PROSEDURE 121

` 4.6.1 Inleiding 121

4.6.2 Nasien van vraelyste 124

4.6.3 Data-ontleding 124

4.7 SAMEVATTING 126

HOOFSTUK 5

FASE I

RESULTATE

5.1 INLEIDING 128

5.1.1 Biografiese besonderhede 128

5.2 KWALITATIEWE RESULTATE 132

Gesinseenheid 133

Rolverdeling 133

Intieme verhouding 133

Kommunikasie/Konflikhantering 133

Buitefaktore 133

Finansie 135

Werksdruk 135

Ouers/Skoonouers 135

Samevatting 135

5.3 KWANTITATIEWE RESULTATE 136

5.3.1 ENRICH-resultate 136

5.3.1.1 Tevredenheid met die kommunikasie in die huwelik 138

5.3.1.2 Tevredenheid met die hantering van finansies binne die huwelik 138

5.3.1.3 Tevredenheid met vryetydsbesteding in die huwelik 139

5.3.2 PAIRS-resultate 140

5.3.2.1 Emosionele intimiteit binne die huweliksverhouding 142

5.3.2.2 Intimiteit ervaar in sosiale betrokkenheid 142

5.3.2.3 Die ervaring van seksuele intimiteit binne die huwelik 143

5.3.3 MODE-resultate 144

5.4 SAMEVATTING 147

HOOFSTUK 6

BESPREKING VAN RESULTATE

6.1 INLEIDING 149

6.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS 149

6.3 ENRICH-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE 152

6.3.1 Tevredenheid met rolverantwoordelikheid 152

6.3.2 Tevredenheid met kommunikasie 153

6.3.3 Tevredenheid met die hantering van finansies 154

6.3.4 Tevredenheid met vryetydsbesteding 154

6.4 PAIRS-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE 154

6.4.1 Emosionele intimiteit 155

6.4.2 Sosiale intimiteit 155

6.4.3 Seksuele intimiteit 155

6.5 MODE-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE 156

6.5.1 Konflikhantering 156

6.6 BUITEFAKTORE 157

6.7 SAMEVATTING 158

HOOFSTUK 7

FASE II

ONTWIKKELING VAN PROGRAM

7.1 INLEIDING 160

7.2 KONSEPTUALISERING VAN DIE PROGRAM: BOUPROSES AS METAFOOR 162

7.3 DIE PROGRAM 164

7.3.1 Struktuur van die program 165

7.3.2 Sessies van die program 167

7.3.3 Tydsduur van die program en die verskillende sessies daarvan 168

7.4 INHOUD VAN DIE PROGRAM 169

7.4.1 SESSIE 1: Gesinseenheid 170

7.4.1.1 Wie vorm die eenheid? 170

7.4.1.2 Wat bedreig die eenheid? 170

7.4.1.3 Migrasieblok: gesinseenheid (vergelyk 7.2.1) 171

7.4.1.3.1 Privaatruimte van die paartjie 171

7.4.1.3.2 Natuurlike ondersteuning is ver 171

7.4.1.3.3. Eenwording van die paartjie is belangrik 171

7.4.1.3.4 Invloed van ander sisteme 172

7.4.1.3.5 Samevatting - Gesinseenheid 172

7.4.2 SESSIE 2: Rolle en verantwoordelikhede 172

7.4.2.1 Man se verantwoordelikheid 172

7.4.2.2 Vrou se rol 173

7.4.2.3 Dubbelloopbaangesinne 173

7.4.2.4 Migrasieblok: Rolle en verantwoordelikhede 173

7.4.2.4.1 Doel van koms na buiteland 173

7.4.2.4.2 Werk- en huisrolle 174

7.4.2.4.3 Beide partye werk lang ure 174

7.4.2.4.4 Vervoer neem geweldig tyd in beslag 174

7.4.2.4.5 Persoonlike identiteitskrisisse (onafhanklik/ interafhanklik) 174

7.4.2.4.6 Samevatting: rolle en verant-woordelikhede 175

7.4.3 SESSIE 3: Geestelike, emosionele en fisiese verhouding 175

7.4.3.1 Geestelik 176

7.4.3.1.1 Migrasieblok: geestelik 176

7.4.3.1.2 Geloofsbasis word getoets as gevolg van blootstelling 176

7.4.3.1.3 Geloofsbelangrikheid word getoets as gevolg van vryheid 176

7.4.3.1.4 Geloofstoewyding word getoets as gevolg van afstand vanaf kerk 176

7.4.3.1.5 Geloofseenheid word getoets as gevolg van isolasie 177

7.4.3.1.6 Samevatting: geestelik 177

7.4.3.2 Emosioneel 177

7.4.3.2.1 Migrasieblok: emosioneel 177

7.4.3.2.2 Druk van die vreemde bring paartjies nader of laat hulle van mekaar wegbeweeg 178

7.4.3.2.3 Doel van hervestiging bevorder of belemmer emosionele groei 178

7.4.3.2.4 “Privaatheid” kan emosionele groei demper of aanhelp 178
7.4.3.2.5 Samevatting: emosioneel 178
7.4.3.3 Fisies (seksueel) 178
7.4.3.3.1 Migrasieblok: fisies (seksueel) 179
7.4.3.3.2 “Privaatheid” is belangrik vir groei in die seksuele verhouding 179
7.4.3.3.3 Tyd vir en kommunikasie oor seksuele ontwikkeling 179
7.4.3.3.4 Prioriteite wat skeefloop het uitwerking op seksuele verhouding 179
7.4.3.3.5 Samevatting: fisies geestelik en emosioneel 179
7.4.4 SESSIE 4: Buitefaktore . 180
7.4.4.1 Migrasieblok: buitefaktore 180
7.4.4.2 Werkslading as buitefaktor wat invloed kan hê 180
7.4.4.3 Finansies 181
7.4.4.4 Verblyf 181
7.4.5 SESSIE 5: Kommunikasie en konflikhantering 181
7.4.5.1 Vlakke van kommunikasie 181
7.4.5.1.1 Vermyding 182
7.4.5.1.2 Kompeteer 182
7.4.5.1.3 Kompromie 183
7.4.5.1.4 Akkommodeer 183
7.4.5.1.5 Samewerking 183

7.4.5.2 Migrasieblok: kommunikasie en konflikhantering 183

7.4.5.2.1 Tyd vir kommunikasie 184

7.4.5.2.2 Privaatheid vir doeltreffende kommunikasie 184

7.4.5.2.3 Struktuur vir effektiewe kommunikasie 184

7.4.5.2.4 Ondersteuning vir eerlike kommunikasie 184

7.4.5.2.5 Samevatting: kommunikasie 184

7.5 DIE HUWELIKSVERRYKINGSPROGRAM 185

HOOFSTUK 8

FASE III

RESULTATE VAN PROGRAMEVALUERING

8.1 INLEIDING 186

8.2 KWALITATIEWE RESULTATE (FASE III) 187

8.2.1 Kwalitatiewe resultate van eksperimentele groep 188

8.2.1.1 Samevattende opsomming 192

8.2.2 Kwalitatiewe resultate van kontrole groepe 192

8.2.2.1 Samevattende opsomming 193

8.3 KWANTITATIEWE RESULTATE 194

8.3.1 ENRICH-resultate 194

8.3.2 PAIRS-resultate 200

8.3.2.1 Sosiale intimiteit 201

8.3.2.2 Seksuele intimiteit 202

8.3.3 MODE-resultate 204

8.4 SAMEVATTING 205

HOOFSTUK 9

BESPREKING VAN RESULTATE

9.1 INLEIDING 208

9.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS 208

9.3 ENRICH-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE 210

9.3.1 Tevredenheid met godsdienstige oriëntasie 211

9.3.2 Tevredenheid met rolverantwoordelikheid 211

9.3.3 Algemene huwelikstevredenheid 212

9.4 PAIRS RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE 212

9.4.1 Sosiale intimiteit 212

9.4.2 Seksuele intimiteit 213

9.5 MODE-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE 214

9.6 KWALITATIEWE KOMMENTAAR DEUR LEDE VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP TYDENS DIE NAMETING 215

9.6.1 Sterk- en swakpunte van die huweliksmaats 215

9.6.2 Emosionele intimiteit 215

9.6.3 Privaatheid 216

9.7 SAMEVATTING 216

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS

10.1 SAMEVATTING 218

10.2 AANBEVELINGS EN BEPERKINGS 222

10.2.1 Aanbevelings ten opsigte van die navorsingsproses in die geheel 222

10.2.2 Aanbevelings ten opsigte van die inhoud van die program 223

10.2.3 Aanbevelings ten opsigte van tydsduur 224

10.2.4 Aanbevelings ten opsigte van die plek waar die huweliksprogram aangebied word 225

10.2.5 Aanbevelings ten opsigte van opvolgaksies 225

10.3 GEVOLGTREKKINGS 226

VERWYSINGSLYS 228

BYLAE I ONDERHOUDE 253

BYLAE 2 HUISBOU METAFOOR 261

BYLAE 3 HUWELIKSEMINAAR 267

BYLAE 4 VRAELYSTE 296

LYS VAN TABELLE

Tabel 2.1 Teoretiese Modelle waarin Kohesie, Aanpasbaarheid en/of Kommunikasie Voorkom (Olson, 2000) 23

Tabel 2.2 Vier Vlakke van Kohesie volgens die Circumplex- Model (Olson et al., 1979) 25

Tabel 2.3 Vier Vlakke van Aanpasbaarheid volgens die Circumplex-Model (Olson et al., 1979) 25

Tabel 2.4 Dimensies van die McMaster Model wat met die Circumplex-Model Ooreenstem (Epstein et al., 1978) 43

Tabel 3.1 Opsomming van Verryking- en Voorkomingsprogramme (Berger & Hannah, 1999) 96

Tabel 4.1 Gemiddelde Ouderdom en Standaardafwyking van die Suid Afrikaanse Groep (n=50) en die Groep in Engeland (n=50) 110

Tabel 4.2 Gemiddelde Tydperk Getroud en Standaardafwyking van die Suid Afrikaanse Groep (n=25) en die Groep in Engeland (n=25) 111

Tabel 4.3 Gemiddelde Ouderdom en Standaardafwyking van die Eksperimentele en Twee Kontrolegroepe 112

Tabel 4.4 Gemiddelde Tydperk wat Eksperimentele Groep en Kontrolegroepe Getroud was 113

Tabel 4.5 Konflikhanteringstyl en Effek op Individu se Behoeftes en die Verhouding 120

Tabel 5.1 Aspekte wat Meer bydra tot Spanning in Huwelike in Engeland op Grond van die CHI-Kwadraat-Ontleding 130

Tabel 5.2 Die Voorkoms van Temas (Spanningselemente) gedurende die Onderhoude in Engeland (N=50) 134

Tabel 5.3 Resultate van Tweerigtingvariansie-Analises waar die Effek van Groep en Geslag vir die Verskillende Subskale van die ENRICH-Vraelys Bepaal is 137

Tabel 5.4 Resultate van Tweerigtingvariansie-Analise waar die uitwerking van Groep en Geslag vir die Verskillende Subskale van die PAIRS-Vraelys Bepaal is 141

Tabel 5.5 Resultate van Tweerigtingvariansie-Analise met die Effek van Groep en Geslag vir Verskillende Konflikhanteringstyle 145

Tabel 7.1 Struktuur van die Nuut Ontwikkelde Huweliksverrykingsprogram 166

Tabel 7.2 Vyf Vlakke van Kommunikasie 182

Tabel 8.1 Resultate van Tweerigtingvariansie-Analises waar die Effek van Groep en Tyd vir die Verskillende Subskale van die ENRICH-Vraelys bepaal is 195

Tabel 8.2 Resultate van Tweerigtingvariansie-Analise waar die uitwerking van Groep en Tyd vir die Verskillende Subskale van die PAIRS-Vraelys bepaal is 200

LYS VAN FIGURE

Figuur 2.1	Verhouding tussen gesinsfunksionering en huweliksfunksionering	14
Figuur 2.2	Gedragspatrone van “ander” gesinne binne die samelewing en die wedersydse invloed en wisselwerking na en van ‘n spesifieke gesin	18
Figuur 2.3	Kontinuum vir verspreiding van gesinne	18
Figuur 2.4	Norm en soeke na gesinsnormaliteit	19
Figuur 2.5	Sosiale, psigiese en fisiese invloede op die gesin	20
Figuur 2.6	Kommunikasie as fasiliteerder tussen kohesie en aanpasbaarheid	26
Figuur 2.7	Sestien verhoudingstipes binne die Circumplex-model (Olson et al., 1979).	27
Figuur 2.8	Die nuwe vlakke van kohesie en aanpasbaarheid in die hersiene Circumplex-model (Olson,1991)	32
Figuur 2.9	Die Beavers Sisteem-model van gesinsfunksionering (Beavers, 1985)	34
Figuur 2.10	Aanpasbaarheidsmodel vir huweliksfunksionering (Epstein & Baucom, 2002)	46
Figuur 2.11	Illustrasie van ontwikkeling van gesin met verloop van tyd	49
Figuur 2.12	Lewensiklus van individu, gesin, kultuur en ‘n konteks vir probleemassessering (Carter & McGoldrick, 1989)	50
Figuur 2.13	Kontinuum van huweliksverryking as verdere opbou van reeds goed funksionerende egpare	73
Figuur 5.1	Verspreiding van moontlike redes vir hervestiging (N=50)	129

Figuur 5.2 Oordeel van deelnemers of afstand van familie ‘n uitwerking op hulle huweliksverhouding het (groep SA n=50, groep Eng n=50) 131

Figuur 5.3 Oordeel van deelnemers of afstand van vriende ‘n effek op hulle huweliksverhouding het (groep SA n=50, groep Eng n=50) 132

Figuur 5.4 Voorkoms van spanningsfaktore gegroepeer volgens temas 134

Figuur 5.5 ENRICH – Tevredenheid met kommunikasie in huwelik groepe in Suid-Afrika en in England volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui. 138

Figuur 5.6 ENRICH – Tevredenheid met finansiële bestuur in die huwelik vir groepe in Suid-Afrika en in England volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui. 139

Figuur 5.7 ENRICH – Tevredenheid met vryetydsbesteding in huwelik vir groepe in Suid-Afrika en in England volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui. 140

Figuur 5.8 PAIRS – Emosionele intimiteit in huwelike vir groepe in Suid-Afrika en England volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui 142

Figuur 5.9 PAIRS – Ervaring van intimiteit in sosiale betrokkenheid vir groepe in Suid-Afrika en in England volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui 143

Figuur 5.10 PAIRS – Ervaring van seksuele intimiteit in huwelik vir groepe in Suid-Afrika en in England volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui 144

Figuur 5.11 MODE – Die gebruik van die samewerkingkonflikhanteringstyl in groepe in Suid-Afrika en in Engeland volgens geslag 146

Figuur 5.12 MODE – Die gebruik van vermydingskonflikhanteringstyl in groepe in Suid-Afrika en in England volgens geslag. 147

Figuur 7.1 Verloop van elke sessie in die huweliksverrykingsprogram vir migrante-egpare 168

Figuur 7.2 Vyf verskillende konflikhanteringstyle en die waarde daarvan (Blake & Mouton, 1964) 183

Figuur 8.1 ENRICH- Tevredenheid met rolverantwoordelikheid. Grafiek wat die verandering in die belewenis van gelykheid ten opsigte van hulle rolle in eksperimentele groep en kontrole groepe vir die voor- en nametings. Gemiddeldes en 95% betroubaarheidsintervalle die gemiddeldes word per subgroep aangedui 196

Figuur 8.2 ENRICH-Tevredenheid met godsdiensorientasie. Grafiek wat die verandering in godsdiensbelewing en die belangrikheid daarvan vir die eksperimentele groep en kontrole groepe vir die voor- en nametings aandui. Gemiddeldes en 95%- betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui 197

Figuur 8.3 ENRICH-Grafiek wat die groei aandui in algemene huweliks-tevredenheid van die 3 groepe, tussen die voormeting en tweede nameting drie maande later. Gemiddeldes 95%-betroubaarheids-intervalle vir die gemiddeldes word per subgroup aangedui 198

Figuur 8.4 ENRICH-Grafiek wat die groei aandui in algemene huweliks-tevredenheid van die eksperimentele groep tussen die voor-, na- en tweede nameting drie maande later. Gemiddeldes en 95% betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui 199

Figuur 8.5 PAIRS: Sosiale intimiteit in huwelik by die eksperimentele groep en kontrolegroepe. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui 201

Figuur 8.6 PAIRS: Sosiale intimiteit en die ontwikkeling daarvan by die eksperimentele groep tydens en tussen die voormeting (dag voor intervensie), eerste nameting (direk na intervensie) en laaste na-meting (drie maande later) 202

Figuur 8.7 PAIRS: Seksuele intimiteit by die eksperimentele groep en kontrole groepe tydens voor- en nametings 203

Figuur 8.8 PAIRS: Seksuele intimiteit toon beduidende verandering by eksperimentele groep van die voormeting tot die nametings, met behulp van die “bootstrap” tegniek aan te toon. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui 204

Figuur 8.9 MODE: Die gebruik van die samewerking-konflikhanteringstyl voor en na die aanbieding van die program. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui 205

HOOFSTUK 1

INLEIDING, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLINGS MET DIE ONDERSOEK

1.1 INLEIDING

Die huwelik as ’n verbintenis tussen twee persone in ’n (hopelik) lewenslange nabye en intieme verhouding, is ’n sosiale sisteem wat groter is as die somtotaal van sy dele. Volgens die algemene sisteemteorie lei verandering in een element van die sisteem noodwendig tot veranderinge in ander elemente in dieselfde sisteem.

Die talle interne en eksterne invloede waaraan die huweliksisteem met verloop van tyd blootgestel word, lei noodwendig tot dinamiese en soms dramatiese (en drastiese) veranderinge in die elemente van die sisteem, met die gevolg dat die funksionering van die sisteem as geheel ook beïnvloed word. Toegepas op die huwelik beteken dít dat veranderinge in die omstandighede (meta- tot mikrokonteks) van die lewensmaats daartoe lei dat albei onder druk geplaas word om hulle funksionering aan te pas ten einde die sisteem (huwelik) in stand te hou of te beëindig.

Navorsing het bewys dat in goed funksionerende huwelike daar sekere elemente teenwoordig is wat verseker dat die verhouding tussen die huweliksmaats effektief is. Greeff (1995) wys byvoorbeeld op een so ’n element, naamlik ondersteuningstrukture soos familie of vriende.

In die voortdurend veranderende sosiaal-polities-maatskaplike konteks van die hedendaagse Suid-Afrika, gebeur dit dikwels dat jong huwelikspare besluit om te emigreer. Deur hulle in die buiteland te vestig, stel hulle bewustelik of onbewustelik hulle huwelik bloot aan buitengewone, nuwe uitdagings.

Een van die gevolge vir ’n egpaar wat hulle in ’n vreemde land vestig, is dat bekende ondersteuningstrukture nie dadelik beskikbaar is nie. Die gebrek aan ondersteuningstrukture sal in alle waarskynlikheid die een of ander invloed op hulle huwelik uitoefen. Daar is egter ook heelwat ander elemente wat vir ’n egpaar in ’n ander land vreemd is – dink maar net aan faktore soos ’n nuwe taal, kultuur, vriendskappe, werksomstandighede, godsdiensbelewing, ensovoorts. Die vraag is of die afwesigheid van bekende ondersteuningstrukture, sowel as die konfrontasie met die nuwe situasie, ’n wesenlike invloed op ’n egpaar se huwelik sal uitoefen? Daar kan verder gevra word: Tot watter problematiese gevolge kan hierdie sisteemveranderinge lei? Sou dit geïdentifiseer kon word? Sou dit op enige manier geremedieer kon word, en indien wel – hoe?

Met hierdie ondersoek word beoog om spesifieke probleemgebiede te identifiseer en ’n program te ontwikkel wat op hierdie probleme fokus. Verder wil die ondersoek vasstel in watter mate die bywoning van sodanige program kan bydra om die geïdentifiseerde probleemgebiede te verbeter.

1.2 MOTIVERING VIR DIE ONDERSOEK

Van Rooyen (2000) beskryf emigrasie as die uitvloei van kundigheid, naas die uitvloei van mense. Hy beweer dat twee keer meer kundige Suid-Afrikaners die land verlaat as wat amptelike getalle weergee. Die rede hiervoor is dat ’n groot groep die land net tydelik vir ’n tydperk van een tot vier jaar verlaat en gevolglik nie deel van die amptelike getalle is nie.

Volgens ’n studie deur Shapiro (2000) wil minder as 20% van gegradueerdes die land verlaat, terwyl meer as 90% van dié wat dit wel doen, dit net tydelik doen. Die studie wys ook daarop dat kundiges veral deur belowende werkgeleenthede na die buiteland gelok word. Volgens FSA Contact, aangehaal in Van Greunen (2001), ’n

onafhanklike Johannesburgse menslikehulpbron-konsultasiediens, dui navorsing daarop dat 50% van landsverlaters werkgeleenthede as motivering aandui, terwyl 38% misdaad en geweld as motivering aandui.

Dladla (1998) beweer dat hervestiging of emigrasie om verskeie redes plaasvind. "Gedwonge emigrasie" as gevolg van werkloosheid is een van die belangrikste redes. Hieruit kan afgelei word dat die emigrasie-gebeure inherente duidelik definieerbare eiesoortige veranderlikes het wat die dinamika van die huwelik en die gesin op ’n bepalende wyse beïnvloed.

Bharath (2004) beweer dat Statistiek Suid-Afrika die land se amptelike emigrasiestatistieke onbepaald geskrap het. Die rede hiervoor is die afwesigheid van betroubare data, volgens die bestuurder van Statistiek S.A. (Bharath). Voorheen is data saamgestel deur gebruik te maak van vertrekvorms, wat ingevul moes word deur alle Suid-Afrikaners wat die land deur een van die groot lughawens verlaat.

Die probleem het ontstaan toe die Suid-Afrikaanse Departement van Binnelandse Sake in April 2003 besluit het dat die invul van hierdie vorms nie meer verpligtend is nie. Sedertdien word die vorms op ’n vrywillige basis ingevul. Amptelike getalle van mense wat die land verlaat, word egter steeds op grond van hierdie vorms bepaal en as korrek gerapporteer (Bharath, 2004). Hierdie werkswyse het ’n tweeledige gevolg: Eerstens word ’n veel kleiner amptelike getal emigrante gerapporteer as wat werklik die land verlaat; tweedens kan daar nie presies vasgestel word hoeveel mense werklik emigreer nie. Statistiek S.A. is tans besig om te onderhandel om die vorms weer verpligtend te maak (Bharath).

Volgens Marris (1980) en Ryff en Essez (1992) is hervestiging ’n drastiese verandering in mense se lewens. Breznitz (1967) en Lazarus (1974) bevestig dit, maar gaan selfs verder en verklaar dat migrasie as stressor nog méér intens is as

wat tot dusver gedink is. Hier is dit belangrik om te onthou dat die impak van stressors op gesinne al sedert die dertigerjare van die twintigste eeu deur verskeie dissiplines bestudeer word. Dit is egter eers na die bekende ondersoek van Hill (1958), soos aangebied in sy publikasie *Genetic features of families under stress*, dat hervestiging as ’n stressor vir huwelikspare ondersoek is. Volgens Slutzki (1979) word migrasie as een van die mees traumatiese tye in ’n huwelikspaar se lewens ervaar. Indien dit nie betyds aandag ontvang nie, kan dit selfs tot chroniese siektes lei.

Migrasie, hetsy seisoenaal of permanent, word deur Boss (1999) as ’n oorgangsperiode met ’n vloeibare, maar meesal negatiewe, effek beskryf. Die aanname is dat ’n groot verandering (soos migrasie) daartoe lei dat die individu (migrant) algemeen geldige, tradisionele gesinswaardes – soos huweliksgeluk, kommunikasie en gesinsprioriteite – opsyskuif en hom/haar laat geld deur net op sy/haar eie behoeftes en belange te fokus. Die doel van sulke selfgesentreerde gedrag is om hierdie traumatiese gebeurtenis op ’n manier te verwerk. Die onafwendbare gevolg hiervan is dat hy/sy makliker met sy/haar omgewing gefrustreerd raak en dat ’n negatiewe gedragspatroon (onttrekking, gevoelens word nie gedeel nie) binne die huweliksverhouding gevorm word. Trovato (1986) en Sluzki (1992) bevestig hierdie siening en meen verder dat indien daar nie dringend aan die geïdentifiseerde probleemgebiede aandag gegee word nie, migrasie selfs kan bydra tot ’n toename in egskeidings.

Volgens Crooks en Baur (2006) betree individue die huwelik met ’n sekere verwagting. Wanneer daar nie aan hierdie verwagting voldoen word nie, is egpare geneig om hierdie krisisgebiede met familie of vriende te bespreek. Wanneer die huwelikspaar egter ver van familie en vriende woon, word hierdie probleme nie

effektief hanteer nie en lei dit tot groter spanning en konflik in die huwelik. Berk (2006) beweer dat die grootste ontevredenheid in ’n huwelik binne die eerste huweliksjaar ervaar word, en indien dit nie hanteer of opgelos word nie, dit deel van die huwelikslewe bly. Die huweliksverhouding gaan dan al verder agteruit met ’n gepaardgaande afname in huweliksgeluk (Blood & Wolfe, 1960).

Hierdie verbrokkeling vererger in ‘n omgewing waar die paartjie nie die geleentheid kry om daaroor te kommunikeer nie (Strong & De Vault, 1997). Die volgende drie konflikgebiede is binne migrasie-huwelike geïdentifiseer en behoort aandag te geniet (Ben-Barak, 1989; McGoldrick, Garcia-Preto, Hines & Lee, 1991):

(a) die kwaliteit van die seksuele verhouding

(b) die emosionele afstand tussen gades

(c) die wyse van konflikhantering

Alhoewel hierdie faktore as potensiële probleemgebiede in alle huwelike gesien word, beskou Strong en De Vault (1997) dit as groter bronne van konflik in migrasie-huwelike.

Navorsing toon dat probleemvoorkomings- en huweliksverrykingsprogramme wat paartjies op toekomstige probleme voorberei en hulle bemagtig om huidige probleme te hanteer voordat dit té groot raak, ’n groter positiewe impak op huwelike het as selfs huwelikstérapie (Coie et al., 1993; Jacobson & Addis, 1993; Muehrer, Moscicki & Koretz, 1993).

Kerke en ander geestelike instansies is aan die voorpunt van die ontwikkeling en aanbieding van voorhuwelikse en huweliksverrykingskursusse. Die fokus is dan ook meer op die belangrikheid van religieuse opvoeding in die huis, en veral op aspekte soos gesamentlike godsdiensbeoefening, daaglikse geloofsuitlewing en raad aan

pare oor moontlike probleme in hulle geloofslewe (Markman, Floyd, Stanley & Lewis, 1986).

Programme met ’n niegeestelike vertrekpunt, soos *Relationship enhancement interventions* (Guerney, Brock & Coufal, 1986), is meer geskoei op sielkundige teorieë en literatuur. Hierdie programme fokus veral op die positiewe aspekte van die verhouding, eerder as op die voorkoming of verwydering van huweliksprobleme (Guerney, 1977).

Daar is min literatuur beskikbaar oor Suid-Afrikaanse egpare in die buiteland en professionele hulp aan hulle. Hierdie feit was die primêre dryfveer om ’n program te ontwikkel wat ’n bydrae kan lewer tot die ontwikkeling van migrasie-huwelike – hetsy tydelike of permanente migrasie. In die konteks van die nuwe Suid-Afrika en die era van globalisering verlaat talle Suid-Afrikaners die land met die hoop dat werksgeleenthede en bevorderingsgeleenthede in die buiteland meer rooskleurig is.

Daar is besluit om net Suid-Afrikaners te betrek aangesien daar Suid-Afrikaners in Engeland beskikbaar was wat aan hierdie ondersoek kon deelneem. Wat verteenwoordiging van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap betref: Dit sou sekerlik meer sinvol wees om deelnemers vanuit die breë Suid-Afrikaanse bevolking te gebruik. Die insluiting van deelnemers uit verskillende kulturele groepe sou die ondersoek egter kompleks en moeilik uitvoerbaar maak. Omdat heelwat van die gekose teikengroep tans die land verlaat, met ander woorde wit Suid-Afrikaners uit die middel en hoër sosio-ekonomiese groepe, kan hierdie wel as ’n relevante teikenpopulasie beskou word.

In hierdie projek word van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik gemaak. Volgens Mouton en Marais (1990) handel kwalitatiewe navorsing gewoonlik oor komplekse en diepgaande probleme, en is dit

onregverdig om simplistiese empiries-geskoeide hipoteses in sulke ondersoeke te verwag. Kwantitatiewe navorsing, hierteenoor, is meer empiries van aard. Omdat hierdie ondersoek ’n kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes behels, is gepoog om die hipoteses so eenvoudig moontlik te hou. Die volgende hipoteses is gestel en ondersoek:

1. Daar bestaan unieke kenmerke wat spanning veroorsaak by migrasie-huwelike.
2. Die program wat ontwikkel is om spesifieke spanningskenmerke in migrasie-huwelike te verbeter, is effektief.

Die ontledingseenheid in hierdie ondersoek is migrante-egpare. Die ondersoek is begin deur ’n groep egpare in Suid-Afrika met ’n groep Suid-Afrikaanse egpare in Engeland te vergelyk om vas te stel of daar unieke spanningselemente bestaan. Daarna is ’n program ontwikkel om hierdie eiesoortige spanningselemente te verbeter. Laastens is die program geëvalueer om die impak daarvan vas te stel.

1.3 DOELSTELLINGS MET DIE ONDERSOEK

Hierdie navorsing het drie oorhoofse doelstellings. Die hele ondersoek word dan ook dienooreenkomstig in drie fases ingedeel, naamlik:

1.3.1 FASE I: Vergelyking van egpare wat in Suid-Afrika woon met egpare wat hulle in die buiteland gevestig het

Die ondersoek fokus op die unieke huweliksproblematiek van Suid-Afrikaanse egpare wat *buite* die landsgrense woon en/of werk op ’n tydelike of permanente basis. Die woord "migrasie" word gebruik om te verwys na die hele proses van verhuising uit Suid-Afrika en ook die proses van terugverhuising na Suid-Afrika – vandaar die term "migrasie-huwelike".

Die eerste deel van die ondersoek behels die identifisering, definiëring en beskrywing van kenmerkende faktore wat bydra tot spanning in migrasie-huwelike.

1.3.2 FASE II: Die ontwikkeling van ’n voorlopige program vir die ontwikkeling van migrasie-huwelike

Wanneer daar oor die ontwikkeling van ’n program vir die bevordering van migrasie-huwelike nagedink word, is dit belangrik om te bepaal of die program voorkomend of remediërend van aard moet wees.

Voorkomende programme word ontwikkel vir huwelike wat nog nie te veel trauma ervaar het nie, en fokus dus op die "gesonde huwelik". ’n Voorkomende program wil dus die ontwikkeling van positiewe eienskappe in die huwelik bevorder (Denton, 1986).

Remediërende programme word dikwels op die mediese model gebaseer en fokus meer op verhoudingsprobleme (Guerney et al., 1986). Die siening is egter dat daar nie meer tussen voorkoming, verryking en remediëring onderskei moet word nie, maar dat geïntegreerde verrykingsprogramme aangebied word wat al drie die doelwitte hierbo genoem in dieselfde program kan hanteer (Guerney & Maxson, 1990).

Die tweede doelstelling, nadat die faktore wat bydra tot spanning in migrasie-huwelike geïdentifiseer is, is dus om ’n voorlopige program (inhoud en proses) te ontwikkel om die probleemgebiede te verbeter.

1.3.3 FASE III: Evaluering van die program en die impak daarvan op migrasie-huwelike

Nadat die program ontwikkel is, is dit aan ’n nuwe groep Suid-Afrikaanse egpare in Engeland (die eksperimentele groep) aangebied. Die deelnemers het die program

geëvalueer. Die evaluasie behels die voltooiing van vraelyste (biografiese vraelys, ENRICH, MODE, en PAIRS) voor die aanvang van die program asook nadat die program deurloop is. Die standhoudende impak van die program op die deelnemers is na drie maande weer geëvalueer deur hulle dieselfde vraelyste te laat voltooi en die voor- en na-metings te vergelyk.

Die ontwikkeling en evaluering van ’n huweliksverrykingsprogram vir Suid-Afrikaanse egpare wat van voorneme is om die land te verlaat of reeds verlaat het, kan ’n waardevolle bydrae lewer tot die behoud en ontwikkeling van migrasie-huwelike. Dit kan ook ’n bydrae lewer om die unieke probleme wat migrante-epare beleef, beter te verstaan. Terselfdertyd kan die programinhoud as raamwerk dien vir sielkundige werk met migrante-egpare.

1.4 BEGRIPSOMSKRYWINGS

Vervolgens word enkele kernbegrippe in hierdie ondersoek verder toegelig.

1.4.1 Huwelik

Die huwelik word beskou as ’n eenheid waar twee mense gekies het om hulle op ’n wettige wyse aan mekaar te verbind (geestelik, emosioneel en fisies) (Kail & Cavanaugh, 1996).

1.4.2 Huweliksprobleme

Hiermee word verwys na ’n vorm van onrus wat ontstaan tussen die twee partye wat in die huwelik verbind is. Tydens die onrus word die persoonlike behoeftes van die een of albei partye nie bevredig nie, of daar word nie aan sekere vereistes voldoen nie (Alpaslan,1994).

1.4.3 Intervensie

Dit word beskou as enige metode of prosedure wat gebruik word om probleme te identifiseer en oplossings daarvoor aan te bied. Hierdie oplossings kan voorkomend of herstellend van aard wees (Garland, 1983).

1.4.4 Migrasie

Migrasie kan beskryf word as die proses waarin ’n individu sy of haar eie land en eie unieke kulturele gemeenskap doelbewus verlaat met die doel om hom/haar binne ’n ander land en kultuur te hervestig. Dit omskryf dus die proses en alles wat dit behels om uit die land van herkoms na ’n ander land te verskuif (Huguet, 1995).

Migrasie bestaan voorts uit emigrasie en immigrasie. Dit is vanselfsprekend dat die konteks van wesensbelang is in ’n bespreking soos hierdie. As Suid-Afrika ter sprake is, verwys emigrasie na die verlating van die land, en immigrasie na die binnekoms in die land. Migrasie word dus gebruik om sowel die vertrek as die terugkeer van paartjies in te sluit. Paartjies wat hulle tydelik in ’n ander land hervestig het, is die ondersoekgroep in die huidige studie.

1.4.5 Migrasie-huwelik

Hierdie term verwys na ’n huwelikspaartjie wat saam besluit om hulle buite hulle kulturele omgewing of land te hervestig en daar te gaan werk en woon (Boss, 2004).

1.4.6 Kultuur-sensitief

In die kultuur-sielkundige benadering word daar met behulp van gesofistikeerde tegnieke en metodes veral gefokus op die identifisering met sy/haar nuwe omgewing, ontwikkeling van die persoon en deelvorming van die persoon in sy/haar nuwe kulturele omgewing. Hierdie benadering baan die weg vir die ontwikkeling van ’n dimensie van sielkunde waarin mense ondersteun kan word op ’n wyse wat sensitief

is vir die omgewing waarbinne hy/sy funksioneer en terselfdertyd nie die fondamente van die persoon se kultuur verwyder nie (O'Dell et al., 2004). Hiervolgens maak dit nie saak waar in die wêreld die individu hom of haar bevind nie; dit bly belangrik om kultureel-sensitief met die persoon te werk (Scuire, 2000).

1.4.7 Psigo-opleiding

Psigo-opleiding kan gedefinieer word as 'n intervensie wat help met die voorkoming van psigiese probleme wat gepaardgaan met en gefundeer is in die sielkundige ontwikkeling van individue. Dit is daarop gerig dat die betrokke individue hulle potensiaal verwesenlik (Le Roux, 1994). Psigo-opleiding is dus gefokus op opleiding in lewensvaardighede en geskied veral op die interpersoonlike vlak. Dit is voorkomend van aard en is ingestel op die ontwikkeling van die totale mens (Ivey & Simek-Downing, 1987).

1.5 AANBIEDING VAN DIE NAVORSING

In **hoofstuk twee** word die teoretiese grondslae onderliggend aan die ondersoek bespreek. Ander literatuur oor die onderwerp en programme wat reeds ontwikkel is, word in **hoofstuk drie** beskryf. Die metode van ondersoek, navorsingsvrae en die uiteensetting van die navorsing word in **hoofstuk vier** hanteer. Die dokumentering van die resultate en die bespreking daarvan word in **hoofstukke vyf en ses** gedoen.

Fase twee van die ondersoek word in **hoofstuk sewe** bespreek. Dit fokus op die program wat ontwikkel is op grond van die kwantitatiewe en kwalitatiewe resultate verkry uit fase een.

Fase drie van die ondersoek behels die aanbieding van die program en die evaluering daarvan vir migrante-egpare. Die evaluering van die program vind weer in verskillende tydgleuwe plaas: Die eerste evaluering vind net voor die aanbieding van

die program plaas (met drie groepe, naamlik ’n eksperimentele groep en twee kontrolegroepe), die volgende evaluering direk na die aanbieding van die program, en ’n laaste evaluering drie maande later. Die doel is om die impak van die program oor tyd te meet.

In **hoofstuk agt** word die resultate van die programevaluering aangebied, met die bespreking van die resultate in **hoofstuk nege**. Laastens word die aanbevelings in **hoofstuk tien** gegee.

HOOFSTUK 2

TEORETIESE GRONDSLAE VAN HUWELIKE, HUWELIKSPROGRAMME EN MIGRASIE

2.1 INLEIDING

Die doel van hierdie ondersoek is die ontwikkeling en evaluering van ’n huweliksontwikkelingsprogram vir migrante-egpare. So ’n program behoort gefundeer te wees in en gebou op spesifieke wetenskaplike gesinsteoretiese grondslae. Verskillende **gesinsteorieë** word derhalwe kortliks bespreek.

Tweedens word die konsep "**migrasie**" bespreek, ten einde aan te toon hoe verskeie faktore spanning kan veroorsaak by huwelikspare en gesinne wat in ’n nuwe land woon. Hierdie kennis sal bydra tot ’n beter begrip van die kompleksiteit van migrasie, die gepaardgaande aanpassing van migrante en die noodsaaklikheid van ’n gepaste huweliksontwikkelingsprogram.

Verder word verwys na reeds bestaande **huweliksprogramme** om te bepaal of ’n bestaande program gebruik kan word, en of dit nodig sal wees om ’n nuwe program te ontwikkel ten einde ’n doelstelling van hierdie ondersoek te verwesenlik ("die ontwikkeling van ’n huweliksprogram vir migrante-egpare").

2.2 KONSEPTUALISERING

2.2.1 Suksesvolle huweliksverhouding

Die begrip "huweliksverhouding" is reeds in hoofstuk 1 gedefinieer as ’n eenheid waar twee mense gekies het om hulle op ’n wettige wyse aan mekaar te verbind, en op so ’n wyse in ’n verhouding met mekaar staan (Kail & Cavanaugh, 1996).

Die term "suksesvol" is uiteraard ’n gelaaide term wat van kultuur tot kultuur verskil. ’n Suksesvolle huwelik in ’n mediterreense Moslemkultuur sal byvoorbeeld heeltemal anders lyk as ’n suksesvolle huwelik in die Christelike kultuur van

middelklas-Suid-Afrikaners. Selfs in Suid-Afrika is daar wesensverskille tussen wat die verskillende bevolkingsgroepe en -kulture as ’n suksesvolle huwelik beskou. Dit is nodig om reeds by die aanvang van hierdie studie duidelik aan te toon wat presies bedoel word met "suksesvolle huwelike". Dit kan kortliks gedefinieer word as ’n verhouding wat binne sekere grense bestaan, en waar daar voldoende kommunikasie tussen die twee partye plaasvind. Konflik word gevolglik op ’n konstruktiewe wyse hanteer, en die harmonie in die verhouding neem toe (Kantor & Lehr, 1975).

2.2.2 Die begrip "gesin" en die verhouding tussen gesinsfunksionering en huweliksfunksionering

Verskeie navorsers het gevind dat ’n huweliksverhouding onlosmaaklik wederkerig verbonde is aan gesinsfunksionering (Olson, Sprenkle & Russel, 1979). Olson et al. het gepostuleer dat dieselfde eienskappe wat ’n gesin funksioneel maak, dikwels ook dié eienskappe is wat ’n huwelik funksioneel maak. Skematies kan hierdie verhouding soos volg voorgestel word:



Figuur 2.1. Verhouding tussen gesinsfunksionering en huweliksfunksionering

Verskeie gesinsfunksioneringsmodelle wat in die laaste 20 jaar ontwikkel is, identifiseer veral drie gedragsvorme wat so belangrik geag word dat dit selfs as dié

belangrikste elemente van huweliks- en gesinsfunksionering geklassifiseer word. Dit is naamlik kohesie, aanpasbaarheid en kommunikasie (Falicov, 2000; Kantor & Lehr, 1975; Leary, 1975; Olson et al., 1985). Die teorieë wat uit hierdie navorsing voortgevloei het, het onafhanklik van mekaar die kritiese belangrikheid van dié drie dimensies vir die verstaan van huwelik- en gesinsisteme bevestig (Plutchik & Conte, 1997).

Hierdie drie eienskappe en hulle rolle binne die konteks van migrasie-huwelike is dus ook vir hierdie studie van belang, aangesien aanpassing in ’n nuwe omgewing en kultuur eiesoortige uitdagings bied en tot ’n unieke vorm van spanning by individue sowel as huwelikspaartjies aanleiding gee. ’n Huwelikspaar se vermoë om by ’n nuwe omgewing aan te pas, sal verband hou met hulle huweliksfunksionering: goeie aanpassing sal die huweliksfunksionering positief beïnvloed. Dieselfde geld vir die ander twee belangrike aspekte, naamlik kohesie en kommunikasie.

2.2.3 Die begrip gesinsfunksionering as konteks vir die huweliksverhouding

Omdat huweliksfunksionering so ’n integrerende deel van gesinsfunksionering is, kom die meeste kenmerke van gesinsfunksionering ook in huweliksfunksionering voor. Dus is eienskappe in gesinne ook relevant vir die huwelik (Olson et al., 1979). Omdat daar nie voldoende modelle bestaan wat huweliksfunksionering as sodanig beskryf nie, is dit noodsaaklik om huweliksfunksionering binne die konteks van gesinsfunksioneringsmodelle te beskou. Later in hierdie verslag word daar toenemend op die huweliksverhouding gefokus, ten einde sinvolle antwoorde op die navorsingsvraag te verskaf.

Vrae oor normale gesinsfunksionering word reeds sedert die tagtigerjare van die vorige eeu gestel. Froma Walsh, as een van die belangrikste eksponente, het hierdie terrein reeds in 1982 ondersoek. In die negentigerjare het sy drie belangrike aspekte

van gesinsfunksionering onder die soeklig geplaas: (1) ’n definisie van gesinsnormaliteit; (2) toenemende diversiteit in gesinslewe; en (3) die feit dat “normaliteit” ’n sosiale konstruksie is (Walsh, 1993).

Ook Walsh (2003) meen dat die huwelik in die meeste teorieë oor gesinsfunksionering beskou word as die primêre komponent van die gesinslewe. Die vinnig veranderende wêreld, gekenmerk deur aspekte soos globalisering en post-modernisme, veroorsaak dat die gesinslewe binne ’n konteks van toenemende diversiteit al meer kompleks word.

Vir hedendaagse gesinne is ’n normale huwelik die basis vir ’n normale gesin, en ’n normale gesin is op sy beurt die basis vir ’n normale gemeenskap (Walsh, 2003).

2.3 WAT IS ’N NORMALE GESIN? DIE SOSIALE KONSTRUKSIE VAN NORMALITEIT

Volgens Gergen (1991) word normaliteit as konstruk semanties beïnvloed deur wêreldsienings en kultuur. Coontz (1997) bevestig hierdie siening, en wys voorts daarop dat die diversiteit van gesinne en die toenemend veranderende wêreld pogings om gesinsnormaliteit te definieer, bemoeilik. As die sosiale veranderinge wat in die laaste dekades plaasgevind het, ook in berekening gebring word, raak ’n enkelvoudige beskrywing van die begrip "normale" gesin feitlik onmoontlik (Coontz).

Die subjektiwiteit van enige konstruksie van normaliteit, saam met die toenemende kompleksiteit en diversiteit van gesinne, maak dit riskant of selfs onmoontlik om die onderwerp finaal te beskryf. Daarom is dit belangrik om bewus te wees van eksplisiete en implisiete persepsies oor normale gesinne wat in ons kultuur en professionele en persoonlike geloofsisteme bestaan (Coontz, 1997).

2.3.1 Perspektiewe op normale gesinsfunksionering

Die definisie van normale gesinsfunksionering is problematies omdat die term “normaal” in verskillende kontekste verskillende betekenisse kan hê. Offer en Sabshin (1974) het verskeie definisies van ’n normale persoon bespreek. Hieruit vloei Walsh (1993) se vier perspektiewe op normale gesinsfunksionering, naamlik:

1) Normaal as asimptomatiese gesinsfunksionering
2) Normaal as tipiese of gemiddelde gesinsfunksionering
3) Normaal as optimale gesinsfunksionering
4) Normaal in verhouding tot sistemies transaksionele prosesse

2.3.1.1 Asimptomatiese gesinsfunksionering

Minuchin sluit by Walsh aan en verklaar dat gesinsfunksionering normaal is indien daar nie simptome, disfunksie of psigopatologie by enige van die gesinslede is nie (Minuchin, 1991). Hy beklemtoon terselfdertyd ook dat geen gesin probleemvry is nie. Dit beteken dat stressors in ’n gesin nie noodwendig tot gesinsprobleme lei nie. Verder wys Kleinman (1988) daarop dat 75% van alle mense op enige spesifieke tydstip simptomaties is, en die een of ander vorm van fisiese of psigiese stres ervaar. Die meeste van hierdie mense soek nie hulp nie en definieer dit as deel van die "normale" lewe.

2.3.1.2 Gemiddelde gesinsfunksionering

Hiervolgens word ’n gesin as "normaal" beskou as die gesin dieselfde soort gedragspatrone openbaar as meeste ander gesinne in ’n kultuur of samelewing, en as hierdie gedragspatrone binne aanvaarbare grense van "gesinwees" lê (Kleinman, 1988) (vergelyk Figuur 2.2). Hierdie aanvaarbare grense word vir die doeleindes van hierdie ondersoek gedefinieer as die rol wat die individu in die huweliksverhouding en

binne ander sosiale strukture vervul, en wat in alle gevalle as aanvaarbaar geag word.



*Figuur 2.2***.** Gedragspatrone van “ander” gesinne binne die samelewing en die wedersydse invloed en wisselwerking na en van ’n spesifieke gesin

Hierdie benadering is gewild by baie sosiale wetenskaplikes. In die praktiese toepassing hiervan word normaal gedefinieer as die normale verspreiding van gemiddelde gesinsfunksionering op ’n kontinuum, terwyl beide ekstremes as disfunksioneel of abnormaal gesien word (Walsh, 2003). Optimaal funksionerende gesinne is volgens hierdie definisie net so afwykend soos disfunksionele gesinne omdat albei buite die gewone of gemiddelde val (vergelyk Figuur 2.3).

Baie negatiewe kenmerke	Algemeen gemiddelde funksionering	Baie positiewe kenmerke
Disfunksioneel	Kontinuum van verspreiding van gesinne	Disfunksioneel

Figuur 2.3. Kontinuum vir verspreiding van gesinne

Die probleem met hierdie benadering is dat algemeen gemiddelde gesinspatrone nie noodwendig gesond is nie. Indien gesinsgeweld byvoorbeeld vry algemeen in ’n gesin sou voorkom, kan dit tog nie gesond of normaal in alle gemeenskappe wees

nie. Immers maak die feit dat gemiddelde gesinne ook probleme het, die gesin op sigself nié abnormaal nie (Walsh, 2003).

2.3.1.3 Optimale gesinsfunksionering

Hierdie perspektief op normaliteit definieer ’n normale gesin in terme van ideale kenmerke vir optimale funksionering (vergelyk Figuur 2.4).



Figuur 2.4. Norm en soeke na gesinsnormaliteit

’n Normaal funksionerende gesin word hiervolgens beskou as ’n gesin wat hulle gesinstake suksesvol uitvoer, en waarbinne individuele gesinslede ook suksesvol ontwikkel. Dit is egter noodsaaklik om by die definisie van "optimale funksionering" ook die verskeidenheid van kulturele ideale in ag te neem, omdat die kulturele waardes van die kultuur waarbinne hulle hulself bevind en waarmee hulle hulself identifiseer, die sosiale norme van ’n ideale of optimale gesin voorskryf.

Parsons en Bales (1998) het ’n gesinstruktuur uit ’n middelklas, wit, voorstedelike omgewing beskryf, en dit universeel as maatstaf vir "normale gesinne" voorgehou. Vanuit die perspektief van die hedendaagse samelewing met enkelouers, gay-pare en kultureel verskillende gesinne, is dit duidelik dat so ’n vereenvoudigde siening nie meer van waarde kan wees nie.

2.3.1.4 Normale gesinsfunksioneringsprosesse

Hierdie perspektief, gebaseer op die Algemene Sisteemteorie (Von Bertalanffy, 1969), neem tipiese en optimale funksionering in ag, met verdere verwysing na die transaksionele interaksies tussen fisiese, psigiese en sosiale veranderlikes. Vanuit hierdie transaksionele uitgangspunt word voortdurend ontwikkelende prosesse in die gesin en kultuur deurlopend beskou (Wynne, 1988). Normale funksionering word dan gekonseptualiseer in terme van basiese interaksiepatrone (vergelyk Figuur 2.5).



Figuur 2.5. Sosiale, psigiese en fisiese invloede op die gesin

Hiermee word dan nie net verwys na die interaksie tussen gesinslede nie, maar ook na die invloed van die interaksie met die fisiese, psigiese en sosiale sisteem waarbinne hulle hul bevind. Hiervolgens is dit nie moontlik om te sê dat ’n kind met ‘n gedragsversteuring se gesin noodwendig disfunksioneel is nie, omrede so 'n stelling die groot rol van die omgewing in die kind se interaksionele prosesse buite rekening laat (Reiss, 1981). Suksesvolle gesinsfunksionering hang af van die aanpasbaarheid

van die gesin, van die individuele gesinslede en ook die sosiale sisteme waartoe hulle behoort en ’n wederkerige verhouding mee het. Ook gesinspanning moet daarom in konteks beskou word.

’n Benadering wat hierby aansluit, is dié van Duvall (1985) waarvolgens normale gesinsontwikkeling gemeet word aan die hantering van take in die huidige lewenstadium en die gepaardgaande hantering van stres in die oorskakeling na ’n volgende lewenstadium. Stres tydens ’n oorskakelingsfase – soos by die geboorte van ’n eerste kind – is groot, maar die ouers is daarop voorbereid. In teenstelling hiermee kan verwag word dat die onverwagte dood van ’n kind ’n beduidend groter effek op die gesinslede sal hê. Dit sal daartoe bydra dat die situasie waarskynlik moeiliker hanteer word. In die konteks van die gebeure word albei gedragspatrone egter as normaal beskou (Neugarten, 1976). Daar word wel in hierdie tipe situasies gevind dat "normaal funksionerende gesinne", in vergelyking met sogenaamde disfunksionele gesinne, meer "persoonlike gesinstegnieke" (soos byvoorbeeld gepaste konflikhantering) gebruik om hulle te help om ’n spanningsvolle situasie te hanteer.

Opsommenderwys bied die integrasie van sisteem- en ontwikkelingsteorieë ’n oorkoepelende raamwerk vir die oorweging van normaliteit. Wat normaal is, hetsy tipies of optimaal, word beïnvloed deur interne en eksterne faktore wat kontinuïteit en verandering deur die lewensiklus heen teweegbring. Daar word sterk saamgestem met Falicov (2000) dat al hierdie faktore in ag geneem moet word alvorens uitsprake oor normale of abnormale gesinsfunksionering gemaak kan word.

2.3.1.5 Goed funksionerende huwelike of gesinne

Met verloop van tyd bevind gesinne hulle in verskeie ontwikkelingstadiums wat spesifieke eise stel. Die wyse waarop die gesin homself organiseer om aan hierdie

lewenseise te voldoen, bepaal hoe "goed/normaal" die gesin sal funksioneer. Dit weerspieël dan ook die spesifieke gesin se gesinskenmerke. Lewis, Beavers, Gossett en Philips (1976) postuleer dat alle goedfunksionerende gesinne oor sekere predisponerende kwaliteite beskik wat goeie funksionering tot gevolg het. Hierdie kwaliteite sluit in goeie kommunikasie, gedeelde geloofsoortuigings, eenstemmigheid oor kinderopvoeding en dissipline.

Ten spyte hiervan beklemtoon Gottman (1979) die belangrikheid daarvan dat die drie hoofdimensies van huweliks- en gesinsfunksionering (kohesie, aanpasbaarheid en kommunikasie) steeds die basis van teoretiese gesinsmodelle vorm. Fokuspunte vir gesinstudies behoort daarvan afgelei te word.

2.3.2 Modelle wat huweliks- en gesinsfunksionering beskryf

Olson vergelyk die meeste teoretiese modelle wat ten doel het om gesins- en huweliksfunksionering te beskryf en te verstaan (sien Tabel 2.1). Dit bevestig Gottman (1979) se uitspraak dat kohesie, aanpasbaarheid en kommunikasie die kernkomponente van gesinsfunksionering is (Olson et al., 1985).

Tabel 2.1

Teoretiese Modelle waarin Kohesie, Aanpasbaarheid en/of Kommunikasie Voorkom (Olson, 2000)

Navorser	**Kohesie**	**Aanpasbaarheid**	**Kommunikasie**
Beavers (1990)	Styl	Pas aan	Affektief
Benjamin (1977)	Affiliasie	Interafhanklik	
Epstein (1993)	Affektief	Gedragsbeheer	Affektiewe reaksies
Gottman (1994)	Geldigheid	Kontras	
Kantor (1975)	Affektief	Mag	
Leary (1975)	Affektief	Dominansie	
Leff (1985)	Afstand	Probleemoplossing	
Parsons & Bales (1955)	Ekspressief	Instrumentele rol	
Reiss (1981)	Koördineer	Finaliteit	
Walsh (1998)	Verbinding	Aanpasbaarheid	Kommunikasie

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat verskille in die interaksie binne gesinne vanuit verskillende invalshoeke verklaar kan word. Moontlike invalshoeke is:

- Verskille in die individue wat by die interaksieprosesse betrokke is. Hier sou persoonlikheidsverskille ’n duidelike aanduiding kon gee van goeie of swak interaksie.
- Die analise van belangrike veranderlikes in die interaksieproses. Belangrikse aspekte hier is byvoorbeeld die aard van die kommunikasie (waaroor gekommunikeer word), die duur van die kommunikasie en die duidelikheid van die kommunikasie.
- Die konseptualisasie van die gesin as ’n sisteem en gesinslede as subsisteme wat interverwant, interafhanklik en in transaksies met mekaar betrokke is (in

ooreenstemming met die Algemene Sisteemteorie [Katakis, 1976]). Die aksies van die subsisteme definieer die funksionering van die gesin as ’n geheel. Die gesinsisteem vorm weer deel van ’n suprasisteem (kultuur). Sisteemteoretiese beginsels vorm die grondslag van die meeste modelle oor huweliks- en gesinsfunksionering.

Alhoewel daar verskeie modelle bestaan wat huweliks- en gesinsfunksionering beskryf, is daar volgens Walsh (2003) veral drie modelle wat ’n basis verskaf vir die verstaan van die meeste ander huweliks- en gesinsmodelle. Hierdie drie modelle is: (1) die Circumplex-model, (2) die Beavers sisteem-model en (3) die McMaster-model. Ten einde te besluit watter model as teoretiese vertrekpunt in hierdie ondersoek sal dien, word al drie modelle, sowel as verskeie ander, bespreek en vergelyk. Daarna sal die model wat die meeste van toepassing is, geselekteer word.

2.3.2.1 Die Circumplex-model

Die Circumplex-model van gesinsfunksionering (ontwikkel deur Olson et al. [1979]), word vervolgens kortliks weergegee. Volgens Olson et al. is daar drie kerndimensies waarvolgens gesinsfunksionering beskryf kan word – naamlik gesinskohesie, gesinsaanpasbaarheid en kommunikasie.

Kohesie word gedefinieer as die emosionele band tussen gesinslede. Veranderlikes binne die Circumplex-model wat as maatstaf van kohesie gebruik word, is: emosionele binding, grense, koalisies, tyd, ruimte, vriende, besluitneming, belangstellings en ontspanning. Vier vlakke van samehorigheid kan onderskei word, naamlik ontkoppel (*disengaged*), geskei (*separated*), verbind (*connected*), en verstrengel (*enmeshed*) (Olson et al., 1979). Die verskillende vlakke van kohesie word in Tabel 2.2 aangedui.

Tabel 2.2

Vier Vlakke van Kohesie Volgens die Circumplex-Model (Olson et al.,1979)

Vlak	Kwaliteit van saamwees
Ontkoppel	’n Baie lae vlak van saamwees
Geskei	Lae tot gemiddelde vlak van saamwees
Verbind	Gemiddelde tot hoë vlak van saamwees
Verstrengel	Baie hoë vlak van saamwees, of verstrengel in mekaar

Aanpasbaarheid word volgens hierdie model gedefinieer as die vermoë van die gesinsisteem om sy magstruktuur, rolverhoudings en reëls te verander na gelang van (a) stressituasies of (b) stres as gevolg van groei wat binne die gesinsverhoudings ontstaan (Olson et al., 1979). Binne die Circumplex-model is rolle, reëls, magstrukture en onderhandelingstyle dié aanpasbaarheidskonsepte van belang vir gesinne. Vier vlakke van aanpasbaarheid word onderskei en getoon in Tabel 2.3.

Tabel 2.3

Vier Vlakke van Aanpasbaarheid Volgens die Circumplex-Model (Olson et al., 1979)

Vlak	Aard van aanpasbaarheid
Rigied	Baie lae vlak van aanpasbaarheid
Gestruktureerd	Lae tot gemiddelde vlak van aanpasbaarheid
Buigsaam	Gemiddelde tot hoë vlak
Chaoties	Baie hoë vlak, byna geen grense wat aanpassing beheer nie

Kommunikasie word beskou as ’n belangrike dimensie wat die gesinslede in staat stel om veranderinge in die ander twee dimensies teweeg te bring. Hierdie verhouding word diagrammaties in Figuur 2.6 voorgestel.



Figuur 2.6. Kommunikasie as fasiliteerder tussen kohesie en aanpasbaarheid

Kommunikasie fasiliteer die vlakke van kohesie en aanpasbaarheid in die gesin. As sulks skep dit die moontlikheid vir ontwikkeling, of beperk dit die gesin wat betref die mate waartoe ontwikkeling in die ander twee dimensies (kohesie en aanpasbaarheid) kan plaasvind. Ontwikkeling vind dus doeltreffend plaas wanneer al drie hierdie aspekte genoegsaam in ’n verhouding teenwoordig is. Indien daar goeie kommunikasie in die gesin is, kan die vlakke van kohesie en aanpasbaarheid verander, afhangende van gesinsomstandighede.

Kommunikasie word op twee vlakke beskryf, naamlik:

- Positiewe kommunikasie – met voldoende empatie, luister, en ondersteuning
- Negatiewe kommunikasie – met dubbele boodskappe, dubbelbindings en kritiek (Olson et al., 1979).

Die Circumplex-model is ontwikkel om leemtes tussen navorsing, teorie en die praktyk te vul (Walsh, 2003). Met hierdie model word probeer om die balans tussen die drie hoofdimensies van huweliks- en gesinsfunksionering te beskryf. Die gesinskaart, soos in hierdie model beskryf, stel 16 tipes gesinsverhoudings voor (vergelyk Figuur 2.7).

Aanpasbaarheid				
	Chaoties Ontkoppel	Chaoties Geskei	Chaoties Verbind	Chaoties Verstrengel
	Buigsaam Ontkoppel	Buigsaam Geskei	Buigsaam Verbind	Buigsaam Verstrengel
	Gestruktureer Ontkoppel	Gestruktureerd Geskei	Gestruktureerd Verbind	Gestruktureer Verstrengel
	Rigied Ontkoppel	Rigied Geskei	Rigied Verbind	Rigied Verstrengel

Minimum Kohesie

Figuur 2.7. Sestien verhoudingstipes volgens die Circumplex-model (Olson et al., 1979)

2.3.2.1.1 Ontwikkeling van die Circumplex-model

Sedert die model aanvanklik beskryf is, het daar ’n wesentlike verandering plaasgevind wat betref die interpretasie van die twee hoofdimensies, naamlik kohesie en aanpasbaarheid (Olson et al., 1985). Die verloop van hierdie verandering word nou kortliks beskryf. Eers word die oorspronklike interpretasie van die model beskryf; daarna word die faktore uitgelig wat aanleiding gegee het tot die veranderinge in die verstaan van die model**;** en laastens word die huidige betekenis van die dimensies bespreek (Olson, 2000).

Die Circumplex-model se historiese basis, konsepte en dimensies is gefundeer in die Algemene Sisteemteorie (Olson,1986). Die model is ontwikkel om huweliks- en gesinsfunksionering op verskillende vlakke te meet. Die meetinstrument waarmee kohesie en aanpasbaarheid gemeet word, is die *Family Adaptability and Cohesion Evaluation Scales* (FACES). Die gemiddelde tellings wat vir die twee dimensies verkry word, word dan as maatstaf gebruik om huweliks- en gesinsfunksionering mee te beskryf. ’n Balans tussen kohesie en aanpasbaarheid word as bevorderlik vir huweliks- en gesinsontwikkeling beskou.

Met betrekking tot kohesie, beskou die model ’n balans tussen “geskei” en “verbind” as doeltreffende funksionering (Olson & Fowers, 1993). Individue het die vermoë om “geskei” van of “verbind” aan die huweliksmaat of gesin te funksioneer. Wanneer kohesie egter ongebalanseerd raak, word dit ekstreem en kan dit negatief op huweliksfunksionering inwerk. Wanneer die kohesie baie hoog is, val dit in ’n kategorie verder as “verbind”, naamlik “verstrengel”. Met ander woorde, daar is te veel emosionele binding en betrokkenheid, tesame met te min onafhanklikheid. Wanneer kohesie weer te min is, verskuif dit verby die kategorie “geskei”, en word dit as “ontkoppel” gekategoriseer. In so ’n geval is daar baie min of geen vorm van kohesie tussen gesinslede (Olson, Gorall & Tiesel, 2002).

Om op te som: ’n Uiters hoë vlak van kohesie (verstrengel) of ’n uiters lae vlak (ontkoppel) word gesien as probleemgebiede vir die individu sowel as vir verhoudingsontwikkeling oor die lang termyn (Olson & Olson, 2000).

Wat aanpasbaarheid betref, voorsien die model dat balans in die gesin verkry word indien die gesin tussen “gestruktureerd” en “buigsaam” funksioneer. In hierdie geval het individue die vermoë om aan te pas by omstandighede en/of die huweliksmaat of gesin. Wanneer aanpasbaarheid in die gesin ekstreem is, kan

funksionering op albei kante van die kontinuum geleë wees. Wanneer aanpasbaarheid baie hoog is, val dit in ’n kategorie verby “gestruktureerd”, naamlik “chaoties”, waar daar byna geen grense tussen die verhoudings bestaan nie. Wanneer daar te min aanpasbaarheid is, is die gesin “rigied” en is daar weer baie min of geen vorm van buigsaamheid nie. In laasgenoemde geval is een individu gewoonlik outokraties in beheer en het hy/sy streng reëls (Olson & Fowers, 1993). Die uiters hoë vlak van aanpasbaarheid (chaoties) en die uiters lae vlak van aanpasbaarheid (rigied) kan as probleemgebiede vir sowel die individu as verhoudingsontwikkeling oor die lang termyn gesien word (Olson & Olson, 2000).

Anders as Minuchin (1991) en Kantor en Lehr (1975), beskou Olson et el. (1979) verstrengel en ontkoppel nie net as tentatiewe style nie, maar as disfunksionele patrone wanneer dit bly voortbestaan verby die stadium waar dit funksioneel is. ’n Hipotese van die Circumplex-model is dat gebalanseerde gesinne beter as ekstreme gesinne funksioneer (Olson, 1986).

Nog ’n meetinstrument, die *Enriching & Nurturing Relationship Issues, Communication & Happiness* (ENRICH)-vraelys (Olson, Fournier & Druckman, 1982), is ontwikkel om sekere dimensies binne die huweliksverhouding te meet. Hoewel die instrument ook deur die ontwikkelaars van die Circumplex-model ontwikkel is, word dit nie as deel van die Circumplex-model gesien nie. Die ENRICH-vraelys word wel in hierdie ondersoek gebruik as ’n meetinstrument. (Hierdie vraelys word volledig in hoofstuk 4 bespreek.)

2.3.2.1.2 ’n Vergelyking om die Circumplex-model te verstaan

Walsh en Olson (1993) verduidelik die toepassingswaarde van die Circumplex-model aan die hand van ’n skiër, veral met verwysing na gebalanseerde en ongebalanseerde gesinsisteme. Hiervolgens funksioneer ’n professionele skiër soos

’n gebalanseerde en die amateurskiër soos ’n ongebalanseerde sisteem. Die professionele skiër hou sy twee bene bymekaar, en beweeg dan egalig van een been na die ander terwyl hy ’n balans handhaaf. Net so kan ’n gebalanseerde paartjie egalig en effektief verskuif van bymekaar en weg van mekaar wees.

Die amateurskiër, aan die ander kant, hou sy bene te ver uit mekaar (ontkoppel) of te na aan mekaar (verstrengel). Dit vorm ’n ongebalanseerde sisteem. Die geringste verdere skeiding of verstrengeldheid laat die skiër sy balans verloor en val. Dit blyk dus dat die huwelikspaar of gesin ’n balans tussen skeiding en verbinding moet vind.

Wat aanpasbaarheid betref, moet paartjies en gesinne ’n balans tussen buigsaam en gestruktureerd vind. Weer eens kan gekyk word hoe die professionele skiër teen die ysberg afski. Sy liggaam vloei saam met die landskap en hy pas dus by sy omgewing aan. Die amateur se liggaam is veel meer rigied en gevolglik baie ongebalanseerd, met ’n groter kans op ’n ongeluk.

Hierdie vergelyking tussen huweliksisteme en skiërs kan ook op kommunikasie toegepas word. Goeie besluite as die resultaat van goeie terugvoer, saam met goeie kommunikasie, help die skiër om die onderpunt te bereik. Dít is ook die geval met ’n gebalanseerde paartjie. Balans tussen kommunikasie, kohesie en aanpassing help mee dat paartjies doeltreffend in hulle verhouding funksioneer en ’n sukses daarvan maak (Walsh, 1993).

2.3.2.1.3 Kritiek op die model

Volgens Olson (1985) toon aanpasbaarheid ’n kurviliniêre verband met die funksionaliteit van ’n gesin. Die gesin raak disfunksioneel wanneer kohesie of aanpasbaarheid in verhoudings te ekstreem raak en aanpassing te vinnig plaasvind. Hierdie verskuiwing veroorsaak onsekerheid by die individue in die verhoudings.

Indien daar nie goeie kommunikasie is nie, sal die partye al verder uit mekaar beweeg.

Beavers en Voeller (1983) verskil van Olson en meen dat aanpasbaarheid ’n direkte en lineêre verband met die bevoegdheid van die gesin het. Ter wille van volledigheid word daar kortliks aandag gegee aan hierdie dispuut oor die lineêre aard van die aanpasbaarheidsdimensie van die Beavers-model en die kurviliniêre aard van die Olson-model.

Die kern van die verskil tussen die twee modelle lê in die interpretasie van aanpasbaarheid, en veral hoë aanpasbaarheid. Minuchin (1991) meen ook dat daar wel ’n kurviliniêre verband tussen kohesie en goeie gesinsfunksionering is, maar nie tussen aanpasbaarheid en goeie gesinsfunksionering nie. Die belangrikheid van die twee dimensies word nie bevraagteken nie, omdat dit in verskillende gesinsteorieë na vore kom. Wat wel bevraagteken word, is of beide kenmerke (kohesie en aanpasbaarheid) lineêr met goeie gesinsfunksionering verband hou (Olson, 2000).

Olson (1986) reageer later deur te postuleer dat kohesie en aanpasbaarheid wel ’n kurviliniêre aard vertoon by gesinne wat swak funksioneer, teenoor ’n lineêre verloop by gebalanseerde gesinne. Hiermee erken hy dus dat die hoë vlakke van kohesie en aanpasbaarheid nie by alle gesinne met swak gesinsfunksionering voorkom nie. Volgens verskeie ander navorsers (Beavers, Hampson & Hulgus, 1985; Green, Kolevzon & Vosler, 1985; Pratt & Hansen, 1987) is daar voldoende bewys dat daar wel ’n lineêre verhouding tussen gesinsfunksionering en kohesie en aanpasbaarheid bestaan.

Dit is interessant dat Olson (1991) met die verdere ontwikkeling van die model ’n lineêre interpretasie van die twee dimensies aanbeveel. In die hersiene Circumplex-model wysig hy sy siening van die gesinstipes: Hy toon nou vyf vlakke van kohesie

aan (teenoor die vorige vier), sowel as vyf vlakke van aanpasbaarheid (ook voorheen vier) (Olson, 1991). Hierdie vlakke word in Figuur 2.8 aangetoon.

Aanpasbaarheid	Kohesie				
	Ontkoppel	Geskei	Verbind	Baie verbind	Verstrengel
Chaoties					
Baie buigsaam					
Buigsaam					
Gestruktureer d					
Rigied					

Figuur 2.8. Die nuwe vlakke van kohesie en aanpasbaarheid in die hersiene Circumplex-model (Olson, 1991)

Kohesie word hiervolgens geïnkorporeer op die vlak van verbind (*connected*). Die vorige gemiddelde tot hoë vlak van saamwees, word nou gesien as gemiddeld en baie verbind (*very connected*). Hierdie vlak word nou tussen verbind en verstrengel aangedui, en verteenwoordig die bykomstige (vyfde) vlak. Baie verbind word as ’n gemiddelde tot hoë vlak van saamwees beskou (vergelyk Figuur 2.8).

Die vyfde vlak van aanpasbaarheid lê tussen buigsaam en chaoties, en heet “baie buigsaam” (*very flexible*), en verteenwoordig ’n gemiddelde tot hoë vlak van aanpasbaarheid (vergelyk Figuur 2.8 hierbo). Olson het verder gegaan en die getal huweliks- of gesinstipes in die model van 16 na 25 vermeerder (Walsh, 2003).

Die belangrikheid van die balans tussen kohesie en aanpasbaarheid – wat ook een van die punte van kritiek teen die model was – word deur Olson (2000) bestempel as een van die belangrikste dryfvere vir sy wysiging van die model. Hy is

van mening dat sy veranderinge die model nou meer effektief beskryf en dat die kritiek teen die model besweer is.

2.3.2.2 Die Beavers sisteem-model

Die Beavers Sisteem-model (Beavers, 1985) beklemtoon veral drie kwessies in gesinsfunksionering, naamlik:

- die bevoegdheid van die egpaar of gesin;
- hoe goed hulle as interaksionele eenheid funksioneer; en
- hoe die eenheid homself organiseer en bestuur (Beavers & Hampson, 2000).

Die model konsentreer op die doeltreffendheid van die vlak van onderhandeling wat die volwassenes in die verhouding handhaaf, asook op die effektiwiteit van gedeelde leierskap in dieselfde verhouding. Die outeurs se uitgangspunt is dat die hegtheid van die grense in die gesinseenheid sterk verband hou met die doeltreffende funksionering van die eenheid. Dit is volgens hulle van kardinale belang dat die strukture in die eenheid duidelik omskryf is. Gesinsrolle (byvoorbeeld wie die ouer en wie die kind is) moet duidelik wees en deur almal aanvaar word, en gesinslede moet ooreenkomstig hierdie gedefinieerde rolle optree. ’n Bevoegde gesin kan dus goed kommunikeer en kan konflik beter hanteer as ’n onbevoegde gesin (Beavers, 1985).

Beavers en Hampson (1990) is van mening dat sekere egpare sekere identifiseerbare gesinstake beter as ander kan hanteer. Desnieteenstaande kon hulle nie bewys dat ’n bepaalde gesin bevoeg kan wees om ’n bepaalde taak doeltreffend te hanteer, maar terselfdertyd disfunksioneel op al die ander gebiede is nie.

’n Verdere fokuspunt in die ontwikkeling van die model is die evaluering van gesinstyle. "Gesinstyl" verwys na die sentripetale teenoor die sentrifugale kenmerke van die gesin. Volgens die sentripetale styl soek gesinslede bevrediging binne die

gesin. In hierdie tipe gesin verlaat die kinders die huis later. Sentrifugale style behels dat gesinslede satisfaksie in die buitewêreld soek; kinders verlaat die huis ook vroeër as die gemiddelde. Die *Beavers Interactional Style Scales* word gebruik om gesinstyle te meet (Beavers & Hampson, 1990).

Volgens die Beavers Sisteem-model verskaf bevoegdheid en styl ’n goeie aanduiding van hoe gesond of disfunksioneel ’n gesin is (vergelyk Figuur 2.9). Von Bertalanffy (1969) bevestig hierdie siening en meen dat versteurde gesinne sisteem-rigied is, en dat dit manifesteer in meer ekstreme en onbuigbare style. Sisteem-rigiditeit is hiervolgens die bron van sisteemafwyking.



Figuur 2.9. Die Beavers Sisteem-model van gesinsfunksionering (Beavers, 1985)

2.3.2.2.1 Vlakke van bevoegdheid volgens die Beavers-model

Die Beavers Sisteem-model onderskei die volgende vyf vlakke van bevoegdheid van pare of gesinne (Beavers & Hampson, 2000):

2.3.2.2.1.1 Optimale gesinne

Optimale gesinne het ’n sisteem-oriëntasie. Omdat elke gesinslid as ’n onontbeerlike en integrale deel van die sisteem funksioneer en ook so beskou word, ervaar elke gesinslid dat hy of sy aan daardie groep behoort. Dit dra daartoe by dat die individu (gesinslid) hy of sy identiteit in ’n veilige omgewing vind. Verder stel die gesin duidelike grense sodat die individu presies weet waar hy of sy in die onmiddellike sowel as die groter sisteem pas.

Daar is kontekstuele duidelikheid in die gesin, sodat die individue duidelikheid het oor die sosiale konteks en hulle unieke rolle daarbinne. Tydens kommunikasie binne so ’n gedefinieerde gesin weet die spreker met wie hy praat, en die hoorder weet dat daar met hom gepraat word.

’n Optimaal funksionerende gesin het duidelike en gedefinieerde magstrukture, en word gekenmerk deur ’n magsbalans – ongeag of liefde of kontrole/beheer ter sprake is. Outonomie is spontaan deel van ’n optimale gesin se funksionering, en elkeen neem verantwoordelikheid vir sy of haar eie gedagtes, gevoelens en gedrag.

In onderhandelings het optimale gesinne die vermoë om hulleself ooreenkomstig nuwe eise te organiseer, en hulle aanvaar leiding gemaklik. Hierdie gesinne beskik dus oor die vermoë om verandering op ’n volwasse manier te hanteer.

2.3.2.2.1.2 Bevoegde gesinne

Op verskeie gebiede van gesinsontwikkeling vertoon en funksioneer bevoegde gesinne soos die optimale gesin. Die grootste verskil in funksionering lê op die gebied van konflikhantering: Bevoegde gesinne sal konflik eerder deur intimidasie as deur onderhandeling probeer oplos. In bevoegde gesinne voel die huweliksmaats wedersyds bedreig, sodat intimidasie vir hulle mag gee. Hierteenoor het die optimale gesin agtergekom dat mens niks kan verloor deur onderhandeling nie. Ten spyte van

hierdie verskil met optimaal funksionerende gesinne, kan bevoegde gesinne tog sonder twyfel as normaal funksionerend beskou word (Beavers & Hampson, 2000).

2.3.2.2.1.3 Gemiddelde gesinne

Gesinne wat volgens hierdie model as "gemiddelde gesinne" geklassifiseer word, kan ook as normaal funksionerend beskou word.

Nietemin is daar vir die terapeut ’n belangrike bron van kommer in die funksionering van sulke gesinne, naamlik die kwessie van die definisie van "gesinsgrense" in so ’n gesin. Met die term "gesinsgrense" word verwys na presies waar die individu in die gesin inpas, en ook na sy of haar rol binne die sosiale konteks. In die geval van ’n optimaal funksionerende gesin is hierdie grense duidelik gedefinieer en identifiseerbaar. Al die lede van die optimale gesin aanvaar hierdie grense, identifiseer daarmee, en funksioneer geredelik daarbinne. By die "gemiddelde gesin" is hierdie grense nie duidelik gedefinieer nie. Die gevolg is dat die gesinslede dit nie ten volle kan internaliseer en in hulle gedragspatrone weerspieël nie. Dit lei tot gefrustreerde rolverwagtings, met gepaardgaande konflik en spanning in die verhoudings tussen die verskillende gesinslede.

Hierdie grensprobleem word gewoonlik die duidelikste gesien in die generasiegaping tussen ouers en kinders. Die ouers vind dit byvoorbeeld moeilik om ’n verandering te maak sodat hulle objektief vanuit die kinders se oogpunt na ’n saak kan kyk.

2.3.2.2.1.4 Grensgeval- (*borderline*) gesinne

Gesinne wat volgens hierdie model as grensgeval- (*borderline*) gesinne bestempel word, fokus by uitstek op beheer – in dié mate dat beheer belangriker as geluk, tevredenheid of intimiteit word. Individue in hierdie gesinne ervaar min onderlinge

emosionele ondersteuning. Die algemene gemoedstemming in hierdie gesinne wissel tussen depressie en woede, en daar is min tekens van vrede en blydskap.

2.3.2.2.1.5 Disfunksionele gesinne

Hierdie gesinne is baie beperk in hulle onderhandelingsvermoë, konflikhantering en vermoë om by veranderings en omgewingskrisisse aan te pas. Die grootste krisis in hierdie gesinne is uiters gebrekkige of negatiewe kohesie en interaksie (wat terselfdertyd ook hulle grootste behoefte uitspel). Verder is daar nie duidelike en goed gedefinieerde "gesinsgrense" in die algemene funksionering van die gesin nie. Onderlinge kommunikasie is onbevredigend en geslote, met swak gedefinieerde kommunikasiestrukture. Oor die algemeen is daar ’n gebrek aan “gom” wat hierdie gesinne nader aan mekaar trek of bymekaar hou (Beavers et al., 1965).

2.3.2.3 Die McMaster-model vir gesinsfunksionering (MMFF)

Hierdie model is oor die afgelope veertig jaar ontwikkel en daar is vir die eerste keer in die publikasie *The Silent Majority* (Westley & Epstein,1969), daaroor verslag gedoen. Die volgende fase van die ontwikkeling van die model het by McGill Universiteit in die V.S.A. plaasgevind. In die sewentigerjare het werk aan die model na die McMaster Universiteit naby Toronto verskuif. Epstein, Bishop en Levin (1978) het die model in sy huidige gedaante beskryf.

Die model is gebaseer op die Algemene Sisteemteorie, maar met die fokus op die gesin as ’n "oop sisteem" wat uit subsisteme (individu, egpaar) en ander groter sisteme (familie, skool, geloof, dorp) bestaan. Die dinamiese gesinsverhoudings kan dus nie gereduseer word tot eienskappe van individue nie – die gesin se funksionering word beheer deur die implisiete en eksplisiete reëls wat die lede toepas en monitor (Epstein & Bishop, 1973).

Alle aspekte van huweliks- of gesinsfunksionering word egter nie deur die MMFF gedek nie (Epstein et al., 1978). Die model konsentreer slegs op dié dimensies wat die grootste impak het op die gesinslede se emosionele en fisiese toestand, hetsy positief of negatief (Epstein & Bishop, 1973).

2.3.2.3.1 Primêre take volgens die McMaster-model vir gesinsfunksionering

Die McMaster-model vir gesinsfunksionering (MMFF) se uitgangspunt is dat die gesinseenheid se primêre funksie is om ’n omgewing te skep vir die ontwikkeling en instandhouding van gesinslede op die sosiale, sielkundige en biologiese vlak. Om hierdie funksie doeltreffend te vervul, moet gesinslede sekere take suksesvol behartig. Hierdie take word in drie groepe verdeel: basiese take, ontwikkelingstake en die definieerbare hindernisgebiedstake (Epstein et al.,1976).

Basiese take verwys na persoonlike versorging asook die verkryging van kos, verblyf en vervoer.

Ontwikkelingstake word verdeel in die individu en die gesin se ontwikkelingstake. Individuele take verwys na die ontwikkelingstake van die kind, die adolessent, die jongmens, die middeljarige, en die bejaarde. Gesinstake verwys na die ontwikkelingstake tydens die ontwikkelingsfases van die enkellopende, van die jong getroude, tydens swangerskap, tydens die fase wanneer die kinders die huis verlaat, ensovoorts.

By hindernisgebiedstake bepaal eksterne faktore bepaal watter take uitgevoer moet word, en ook die sukses of mislukking daarvan. Hierdie soort take verwys dus na die konteks wat geskep word deur eksterne en soms ook interne krisisse (byvoorbeeld siektes, sterftes en werksverandering), waarbinne die ontwikkelingstake afgehandel moet word.

2.3.2.3.2 Dimensies van huweliks- en gesinsfunksionering volgens die McMaster-model

Hierdie model onderskei ses dimensies vir effektiewe gesinsfunksionering, te wete:

1. probleemoplossing
2. kommunikasie
3. gesinsrolle
4. affektiewe reaksie
5. affektiewe betrokkenheid
6. gedragsbeheer (Epstein & Bishop, 1981)

2.3.2.3.2.1 MMFF en probleemoplossing

Die model fokus op twee tipes probleme wat in elke ontwikkelingstaak opgelos moet word – by name instrumentele en affektiewe probleme. Instrumentele probleme verwys na strukture en sisteme wat bestuur moet word. Affektiewe probleme verwys na gevoelens en ervarings van gesinslede.

Die model identifiseer verder sewe kenmerkende en identifiseerbare stadiums in die proses van probleemoplossing, en konstateer dat dit te alle tye belangrik is om hierdie stadiums te monitor en die suksesuitkomste te evalueer. Hierdie sewe stadiums is:

1. identifiseer die probleem
2. kommunikeer die probleem aan ’n toepaslike persoon
3. ontwikkel aksieplanne
4. ontwikkel alternatiewe en besluit oor ’n alternatief
5. gaan oor tot probleemoplossende aksie
6. moniteer aksie
7. evalueer sukses

Uitkoms

Volgens die MMFF sal probleemoplossing die doeltreffendste wees indien:

- beide instrumentele en affektiewe probleme opgelos is
- al sewe stappe gevolg is

Hierdie probleemoplossingsmetode is die minste effektief in gevalle waar die probleem nie geïdentifiseer kan word nie.

2.3.2.3.2.2 MMFF en kommunikasie.

Volgens die MMFF word kommunikasie hoofsaaklik gemeet in die "instrumentele" en "affektiewe" gebiede van gesinsfunksionering. Dit word dan geklassifiseer of getipeer in terme van die volgende onafhanklike dimensies:

- duidelik en direk
- duidelik en indirek
- verbloemd en direk
- verbloemd en indirek

Uitkoms

Vanuit ’n MMFF-vertrekpunt is kommunikasie die doeltreffendste indien:

- dit in beide instrumentele en affektiewe gebiede plaasvind
- dit duidelik en direk plaasvind

Dit is die minste effektief wanneer die kommunikasie verbloem en indirek sou plaasvind.

2.3.2.3.2.3 MMFF en rolle van individue

Die rolle van individue in die gesin (en dus ook in die huwelik) word volgens die MMFF-model in die instrumentele en affektiewe gebiede gemeet. Die rede is dat die rolle hier veral belangrik is.

By instrumentele gebiede is dit die gepaste rolvervulling (al dan nie) wat die gesin van die nodige hulpbronne voorsien om sisteme doeltreffend te kan te bestuur. By affektiewe gebiede is dit weer die behoeftes aan vertroeteling, versorging, en seksuele bevrediging wat direk deur gepaste rolvervulling (al dan nie) bevredig word of onvervuld gelaat word. By die gemengde gebiede vind ontwikkeling van lewensvaardighede en die bestuur van die sisteem plaas.

Uitkoms

Die MMFF-model verklaar dat rolle in ’n gesin die effektiefste is indien dit goed gedefinieer en vervul word, terwyl dit die swakste is indien die plek en funksie van die rolle binne die gesin nie goed gedefinieer word nie.

2.3.2.3.2.4 MMFF en affektiewe responsiwiteit

Volgens die MMFF-benadering word daar veral onderskei tussen twee tipes emosies, naamlik welvaartsemosies wat liefde en vreugde as hoofelemente bevat en nood-emosies wat uit vrees en woede spruit.

Uitkoms

Volgens die MMFF-model is affektiewe responsiwiteit die doeltreffendste wanneer daar genoeg stimulasie is om emosie te hanteer, byvoorbeeld iemand om in ’n persoon se vreugde te deel. Dit is die minste effektief wanneer daar nie genoeg van hierdie soort stimuli is nie.

2.3.2.3.2.5 MMFF en affektiewe betrokkenheid

Die MMFF-model identifiseer ses style van affektiewe betrokkenheid. Dit is:

- onbetrokkenheid
- betrokkenheid sonder gevoel
- narsistiese betrokkenheid
- empatiese betrokkenheid

- oorbetrokkenheid
- simbiotiese betrokkenheid

Uitkoms

Volgens die MMFF-benadering is affektiewe betrokkenheid op sy doeltreffendste indien dit in kombinasie met empatiese betrokkenheid voorkom. Dit is die minste effektief in kombinasie met simbiotiese betrokkenheid en onbetrokkenheid.

2.3.2.3.2.6 MMFF en gedragsbeheer

Volgens die MMFF-model kom gedragsbeheer veral in drie situasies na vore: in gevaarlike situasies, in situasies waar in psigobiologiese behoeftes voorsien moet word (eet, slaap, aggressie), en in interpersoonlike gedrag binne en buite die gesin.

Uitkoms

Die MMFF-model postuleer dat doeltreffende gedragsbeheer sigbaar is in gesinslede se goed aangepaste gedrag. Daarteenoor is ondoeltreffende gedragsbeheer sigbaar in gesinslede se swak aangepaste gedrag.

Volgens Epstein et al. (1978) kan vorige navorsing geen dimensies van goeie of swak gesinsfunksionering voorspel nie. Terselfdertyd is daar geen vaste struktuur of patroon waarvolgens gesonde óf ongesonde gesinsfunksionering verduidelik kan word nie.

Dimensies van die McMaster-model wat met die Circumplex-model ooreenstem, word in Tabel 2.4 getoon.

Tabel 2.4

Dimensies van die McMaster Model wat met die Circumplex-Model Ooreenstem (Epstein et al., 1978)

MMFF	Circumplex
Kommunikasie en affektiewe responsiwiteit	Kommunikasie
Affektiewe betrokkenheid en rolle	Kohesie-dimensie
Gedragsbeheer en probleemoplossing	Aanpasbaarheidsdimensie

2.3.2.4 Gesinsfunksionering volgens Barnhill

Barnhill (1979) identifiseer vier temas aan die hand waarvan disfunksionele gesinne onderskei kan word, naamlik:

- identiteitsprosesse waar spanning bestaan tussen individualiteit en verstrengeldheid, asook tussen gemeenskaplikheid en isolasie binne die gesin
- verandering soos dit presenteer op ’n kontinuum tussen enersyds buigsaamheid teenoor rigiditeit, en andersyds stabiliteit teenoor disorganisasie
- die vasstelling van hoe inligting verwerk word in terme van duidelike teenoor onduidelike persepsie, asook kommunikasieprosesse en -strukture
- die bepaling van hoe rolstrukturering plaasvind met inagneming van roluitruiling teenoor rolkonflik, saam met die daarstel van duidelike grense

Dit is belangrik om op te let dat elk van Barnhill se gesinsdimensies ook sleutelkomponente is van die Circumplex-model van gesinsfunksionering.

2.3.2.5 Gesinsfunksionering volgens Fleck

Fleck (1980) beskou die kombinasie van gesinstake en kommunikasiestrukture as die belangrikste faktor vir doeltreffende gesinsfunksionering. Hy identifiseer die

volgende gesinsisteemparameters as belangrik**:** leierskap, gesinsgrense, affektiwiteit, kommunikasie, en take.

Fleck se konstrukte kan ook almal in die Circumplex-model gevind word. In beide modelle word hierdie aspekte as belangrik beskou.

2.3.2.6 Gesinsfunksionering volgens Kantor en Lehr

Die model van Kantor en Lehr (1975) is ook gebaseer op die Algemene Sisteemteorie. Hulle konstateer dat daar tussen drie tipes gesinne onderskei kan word, naamlik:

- ’n geslote gesinsisteem wat gekenmerk word deur stabiele strukture, naamlik vaste ruimtes, tydskedules, en egalige energievloei
- ’n oop gesinsisteem met verskuifbare ruimtes, veranderende tyd en buigsame energie
- ’n toevallige gesinsisteem met uiteenlopende ruimtes, ongereelde tyd en wisselende energie

Aspekte van gesinsfunksionering wat deur bogenoemde twee modelle sowel as die Circumplex-model beklemtoon word, is ruimte en tyd (kohesie), rolstrukture (aanpasbaarheid), en interaksie (kommunikasie). Ander modelle word vervolgens kortliks bespreek.

2.3.2.7 Benjamin se model van gestruktureerde analise

Hierdie model beskryf twee asse, naamlik affiliasie en interafhanklikheid. Die asse word op drie vlakke gemeet: ouer, kind en interafhanklike gedrag.

Die model beskou die aanpasbaarheid van die egpaar as deurslaggewend vir goeie interafhanklikheid, en hierdie interafhanklikheid as bepalend vir doeltreffende funksionering. Indien ’n paartjie kinders het, is die aanpasbaarheid van albei ouers sowel as die kinders noodsaaklik vir effektiewe funksionering (Benjamin, 1977).

2.3.2.8 Die vierdimensionele sisteem-model volgens French en Guidera

Volgens hierdie sisteem-model speel "mag" ’n sentrale rol in gesinsfunksionering. Elke gesin beskik oor die vermoë om mag binne verhoudings te kan verander na gelang van die situasie. Hierdeur verander die fokuspunt in ’n verhouding. Omdat kohesie, aanpasbaarheid en kommunikasie steeds ’n belangrike rol speel, kan doeltreffende funksionering steeds plaasvind. Die manier waarop die partye onder verskillende omstandighede vir mag onderhandel, vorm egter die sentrale deel van die vierdimensionele sisteem. Solank die onderhandeling en magsverskuiwing sonder struikelblokke plaasvind, is die verhouding effektief (French & Guidera, 1974).

2.3.2.9 Die kognitiewe gedragsmodel

Die kognitiewe gedragsmodel (Epstein & Baucom, 2002) stel ’n aanpasbaarheidsmodel vir huweliksfunksionering voor (vergelyk Figuur 2.11).

Hierdie model is veral nuttig in huweliksverrykingsprogramme, omdat dit aandag skenk aan verskeie aspekte betrokke by ’n verhouding. Volgens die model kan ’n huwelikspaar gelei word tot die kognitiewe verstaan van verkeerde of korrekte gedrag in die verhouding. Ook kan die individue in die verhouding toegerus en bemagtig word om daardie gedrag te verander. Die paartjie kan byvoorbeeld “huiswerk” kry om deur selfevaluering vas te stel of verandering wel plaasgevind het.

Volgens hierdie model speel die aanpasbaarheid van die individue (met hulle eie motiewe, persoonlikhede en moontlike persoonlike probleme) binne die verhouding (op mikro- en makrovlak, in ’n sekere ontwikkelingstadium, met sekere interaktiewe patrone) en in hulle omgewing (met negatiewe stressors, en geleenthede vir groei en ontwikkeling) ’n belangrike rol om die effektiwiteit van die paartjie se verhouding te verseker (Jacobson & Holtzworth-Munroe, 1986).



Figuur 2.10. Aanpasbaarheidsmodel vir huweliksfunksionering (Epstein & Baucom, 2002)

2.3.3 Die verhouding tussen gesinsfunksionering en huweliksfunksionering

In 1979 het Olson beweer dat al die komponente van gesinsfunksionering ook in huweliksfunksionering voorkom (Olson et al., 1979). Later het Olson et al. (1982), in die ontwikkeling van die ENRICH- en die PAIRS-vraelyste, verskeie aspekte geïdentifiseer om huweliksfunksionering meer spesifiek mee te beskryf. Beide die ENRICH- en die PAIRS-vraelyste word in hierdie ondersoek gebruik om verskillende aspekte van die huweliksverhouding te evalueer. Hierdie aspekte word in hoofstuk 4 in meer besonderhede bespreek.

2.3.4 Geïntegreerde huwelik- en gesinsfunksioneringsmodelle

Die soeke na integrasie tussen huweliks- en gesinsfunskioneringsmodelle het verskeie studies opgelewer wat poog om die verskillende teoretiese modelle te vergelyk en te beskryf (Olson et al., 1985). Uit hierdie studies tree ’n gemeenskaplike tema te voorskyn: Die drie geïdentifiseerde dimensies van gesinsfunksionering

(kommunikasie, kohesie en aanpasbaarheid) is ook binne huweliksfunksionering van belang.

Die Circumplex-model en die meeste ander huwelik- en gesinsfunksioneringsmodelle (soos reeds bespreek), gebruik die Algemene Sisteemteorie as metateorie (Katakis, 1976). Vanuit die Algemene Sisteemteorie kan die gesin as die suprasisteem beskou word, met die egpaar as belangrikste komponent (subsisteem), en die kinders (indien enige) as ’n verdere subsisteem (Katakis,1976).

Verskillende teoretici beklemtoon verskillende aspekte van die gesinsisteem vanuit ’n sisteemteoretiese beskouing. So verklaar Kantor en Lehr (1975) byvoorbeeld dat die affektiewe dimensie en die magsdimensie binne verhoudings sleutelaspekte vir goed funksionerende gesinne is. l’Abate (1986) lewer op sy beurt kritiek op sisteemdenke in huweliks- en gesinsfunksionering, en beskou intimiteit (kohesie) en mag (aanpasbaarheid) as die faktore wat huwelikseffektiwiteit die meeste beïnvloed. Leary (1975) praat van dominansie teenoor onderdanigheid (aanpasbaarheid), en Constantine (1992) bevestig dit later as van die belangrikste dimensies vir doeltreffende funksionering.

Ander teoretici sien emosie as van kardinale belang en beskou dit as belangrik om emosies binne ’n verhouding te kan deel. Dit geld veral vir die hantering van emosies by die oplossing van probleme (aanpasbaarheid) in die verhouding, ongeag of daardie probleme intern of ekstern sou wees (Leff & Vaughn, 1985). Ander, soos Parsons en Bales (1998), verwys na ’n ekspressiewe rol (kohesie) en ’n instrumentele rol (aanpasbaarheid) wat in ’n verhouding na vore kom, en hoe die effektiewe hantering van hierdie rolle pare help om optimaal te funksioneer. Reiss

(1981) het op sy beurt eerder gefokus op die belangrikheid van “closure” (aanpasbaarheid) in verhoudings wat paartjies help om doeltreffend te funksioneer.

2.3.5 Sosiologiese perspektiewe op huweliks- en gesinsfunksionering

Die sosiologie lewer ’n uiters belangrike bydrae tot die studieveld van huweliks- en gesinsfunksionering (Combrinck-Graham, 1985). Hierdie benadering laat die soeklig val op funksionele gesinne, vanuit ’n perspektief van universele kenmerke en gesinsprobleme. Omdat gesinne as kleiner dele van ’n sisteem beskou word, kan die verskillende kenmerke makliker uitgeken word (Combrinck-Graham, 1985). Aldous (1990) identifiseer die volgende kenmerke wat vanuit sosiologiese perspektiewe beklemtoon word:

- interaksie
- rolle
- aanpasbaarheid
- gesinseenheid
- gesinsontwikkeling
- ondersteuningsbronne

Met sy gesinsontwikkelingsmodel verduidelik Aldous (1990) die belangrike ontwikkelingstadiums van die gesin, en wys daarop dat die gesinslede verskillende funksies in die gemeenskap verrig. Hy stel dit ook dat elke stadium van gesinsontwikkeling ’n sekere mate van aanpasbaarheid van die gesin vereis.

Burr, Hill, Nye en Reiss (1979) se bevoegdheids- en aanpassingsmodel beklemtoon hoe belangrik die beskikbaarheid van ondersteuningsbronne in krisisse is. Daarnaas wys hulle daarop dat ’n gesin se bevoegdheid om aan te pas in krisisse die gesin se normaliteit bepalend beïnvloed. Dus: Hoe doeltreffender die gesin tydens die krisis kan aanpas, hoe normaler is die gesin se funksionering.

2.3.6 Integrasie van die individu, familie en kultuur (lewensiklus)

Om ’n beter begrip te vorm van wat gesinsfunksionering binne die konteks van tyd en omgewingstressors behels, het Carter ’n model ontwikkel wat die individu, gesin en gemeenskap beskryf (McGoldrick & Carter, 2004). Figuur 2.11 verskaf ’n diagramatiese voorstelling van Carter se model.



Figuur 2.11. Illustrasie van ontwikkeling van gesin met verloop van tyd

Volgens hierdie model ontwikkel mense binne ’n sekere konteks. Die individu funksioneer binne ’n huwelik, die huwelik funksioneer binne ’n gesin, en die gesin funksioneer binne wyer, voortdurend veranderende kulturele kontekste. Ten spyte van die diversiteit van gesinne, is daar gemeenskaplike beginsels wat stadiums en take definieer (McGoldrick & Carter, 2004).

Figuur 2.12 bied ’n skematiese voorstelling van elke sisteem (individu, gesin en kultuur), tesame met die stadiums en take. Die vertikale (historiese) as toon die mense met wie die individu in aanraking kom, terwyl die horisontale (ontwikkelings-) as die stressors aantoon waarmee die individu met verloop van tyd gekonfronteer word. Onvoorsiene gebeure, soos rampe, word op die horisontale as voorgestel.



Figuur 2.12. Lewensiklus van individu, gesin, kultuur en ’n konteks vir probleemassessering (Carter & McGoldrick, 1989)

Vir die individu verteenwoordig die vertikale as sy biologiese erfenis, sy gedrag afkomstig van sy temperament, en sy moontlike swak punte en genetiese agtergrond. Die horisontale as (vergelyk Figuur 2.12) verteenwoordig die individu se emosionele, kognitiewe, interpersoonlike en fisiese ontwikkeling binne ’n sosiohistoriese konteks (Walsh, 1998).

Op gesinsvlak verteenwoordig die vertikale as die familiegeskiedenis en gevestigde patrone soos deur generasies heen oorgedra, en dui primêr op emosionele aspekte. Dit sluit in gesindhede, taboes, verwagtinge en ander kwessies (*issues*) waarmee ons grootword (Bowen, 1994). Die horisontale as beskryf die gesin met verloop van tyd, en die hantering van die veranderings binne die lewensiklus. Dit

betrek voorspelbare gebeure (nuwe baba) asook onvoorspelbare gebeure (dood van ’n kind).

Op sosiokulturele vlak verteenwoordig die horisontale as historiese stereotipes, magspatrone, bevoorregting teenoor ’n posisie van mindere bevoorregting, ensovoorts. Op die vertikale as word sake soos rassisme, seksisme, klasseverdelings, geloofsvoorbehoude en migrasie beskryf (vergelyk fFguur 2.13).

Dit is duidelik uit die voorafgaande dat stressors op die horisontale as (byvoorbeeld migrasie) wat die huweliksverhouding beïnvloed, ook later ’n uitwerking op die gesinsverhoudinge sal hê. Hieruit kan die logiese afleiding gemaak word dat effektiewe huweliksfunksionering tot goeie gesinsfunksionering kan lei (Larson, 2004).

2.3.7 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat meer as een model as basis vir hierdie ondersoek sou kon dien. Meeste van die modelle beklemtoon egter die dimensies van die Circumplex-model. Daarnaas is laasgenoemde model wyd toepasbaar (Walsh, 2003). Derhalwe is die Circumplex-model as basis vir die ondersoek gekies.

2.4 MIGRASIE

2.4.1 Inleiding

Volgens Bras en Kok (2005), asook Smith en Fletcher-Jones (2003) is huweliksmobiliteit ’n belangrike navorsingskonstruk – enersyds omdat dit op die mikro-, meso- en makrovlak ‘n invloed het, maar andersyds omdat dit die interafhanklikheid van die vlakke openbaar deurdat die skuif na ‘n nuwe kultuur al drie vlakke beïnvloed. Die faktore wat op die egpaar inwerk, moet in hierdie konteks beskou word.

Boss (2006) sien die in- en uitsluiting van migrante in die nuwe land (en soms ook die land van oorsprong) as die belangrikste kwessie in migrasieteorieë. Dit is veral uitsluiting wat ’n negatiewe effek op migrante het, omdat hulle bykans identiteitloos in die nuwe land is. Verder is dit dikwels baie moeilik om burgerskap te verkry in die land waarheen hulle wil verhuis. Die meeste lande in die wêreld het spesifieke kriteria waaraan voldoen moet word alvorens burgerskap toegestaan word. Een so ’n kriterium is die tydperk wat ’n persoon in daardie land moet woon alvorens hy kwalifiseer vir burgerskap (Kymlicka, 1995). Hierdie vorm van uitsluiting vind egter nie net plaas by migrante nie. Selfs mense wat in hulle land van herkoms woon, kan vanweë faktore soos ras of taal, van sekere voorregte as burgers ontneem word (Marshall, 1992).

In sy boek *The Borderless World* beskou Ohmae (1999) die proses van globalisering as iets permanents. Die voortdurende uitbreiding en ontwikkeling van die globale ekonomie lei daartoe dat suksesvolle maatskappye globaliseer, met die gevolg dat uitvoerende hoofde en ander kundige mense hulle dikwels moet hervestig in lande waarmee hulle maatskappye handelsbande het. Hierdeur word wêreldburgers geskep – almal is bewus van wêreldwye gebeure wat betref kleredrag, sport en lewenstyle. Die wêreld word feitlik ’n eenstadwêreld waar almal met mekaar se klere- en lewenstyle vertroud is (Ohmae, 1999).

Soysal (1994) beweer dat globalisering en migrasie ook ander ontnugteringe tot gevolg het. Alhoewel mense bekend is met gebeure in ander lande, is dit ’n heel ander saak om self fisies daar te gaan woon. Só kom die hele kwessie van uitsluiting weer ter sprake.

Die probleem is dat die huidige modelle wat migrasie beskryf, nie al die antwoorde verskaf nie. Daarom kyk nuut ontwikkelde of aangepaste programme na

die gevoel van deel wees as kriterium vir "behoort", eerder as na die aanleer van of assimilasie in ’n kulturele identiteit (Baubock, 1994). Die regte van migrante mag verskil, maar daar moet ’n gevoel van "behoort" wees. Baubock verwys na die minderwaardigheidsgevoel van migrante wat sonder enige vorm van regte is. Volgens die meeste lande se immigrasiewette ontvang migrante hierdie regte eers nadat hulle ten minste vyf jaar lank in die land woonagtig was (Castles & Davidson, 2000). Hierdie gevoel van minderwaardigheid kan ’n besliste en identifiseerbare effek op individue se persoonlike lewens hê (Baubock, 1994).

Volgens Van de Putte (2005) is daar redes om migrasie met heterogamie te assosieer. Eerstens kan migrasie tot ’n afname in sosiale kontrole lei. Met hulle ouers nie meer naby nie, kan die egpare se gedrag vryer raak. Dit is selfs moontlik om te sê dat sommige egpare van die tradisionele sosiale kontrole ontsnap. Tweedens is die leemte wat die verminderde kontrole laat, feitlik van dieselfde aard as wanneer die ouers oorlede is. Daarom kan egpare nuwe sosiale strukture aanleer – nie noodwendig om hulle eie tradisionele strukture na te volg nie, maar eerder om die horisonne van ander strukture te verken. Derdens, sou individue voor hulle huwelik migreer, kan hulle vind dat hulle ’n groter keuse het wat ‘n huweliksmaat betref. Individue kan dit as ’n uitdaging sien om buite hulle kultuur van herkoms te trou.

2.4.2 Drie stadiums van burgerskap

In sy teoretiese benadering tot migrasie en burgerskap onderskei Bobbio (1997) drie stadiums van burgerskap wat kronologies in enige ontwikkeling van burgerskap volg:

1. Om ’n burger te wees, is om jouself te beskerm en te bemagtig in die omgewing waarin jy gebore word. Die natuur bepaal wat nodig is, en die individu heers oor sy omgewing. Hierdie mees basiese vorm van burgerskap is ’n aangebore dryfkrag van die mens om oor die omgewing te heers.

2. Op die tweede vlak van "heers" maak die individu sekere reëls vir homself waarbinne hy vry kan wees.
3. Op die derde vlak word hierdie reëls in die konteks van groepe mense geplaas, en kulture word gevorm.

In die geval van migrante gaan hulle met hulle kulturele erfgoed en eie stelle reëls na lande waar ander kulturele erfgoed en reëls funksioneer. Die eerste stadium van burgerskap – om jouself te bemagtig en teen die omgewing te beskerm – veroorsaak spanning by die migrant én die inwoners van die ander land, omdat dit nodig is om sekere reëls te wysig sodat die migrant in die nuwe omstandighede kan aanpas (Rousseau, 1989).

In die **Atheense model** is bogenoemde reëls ingestel (Bobbio, 1997) om orde te skep uit die chaos veroorsaak deur die samekoms van verskillende mense (individue met hulle eie reëls). In die **multi-etniese burgerskap** van Rome het burgerskap ’n heeltemal nuwe identiteit gekry. Namate Rome groter wêrelddele verower en sy politieke en kulturele invloed al verder uitgekring het, het dit terselfdertyd gebeur dat al hoe meer verskillende groepe en kulture hulleself onder die vaandel van Rome bevind het. Weens politieke ooreenkomste en ekonomiese transaksies is Romeinse burgerskap aan verskillende bevolkingsgroepe toegeken. As gevolg hiervan is die eise vir Romeinse burgerskap met verloop van tyd sistemies verander en aangepas. Uiteindelik het ’n eienskap soos sosiale betrokkenheid ’n bepalende kriterium vir Romeinse burgerskap geword (Schnapper, 1994).

Daarna het die **nasie-staat-burgerskapsmodel** die lig gesien wat tot vandag toe gehandhaaf word (Hobbes, 1968). Dié model het ingrypende gevolge gehad, aangesien die regeerders gesorg het dat die reëls vir die burgers nie ook vir hulle geld nie. Intense konfliksituasies – sommige van epiese omvang – het gevolg. So is

die Franse Revolusie ’n goeie voorbeeld van waar die werkersklasburgers tot revolusionêre opstand oorgegaan het omdat die regeerders volgens ’n ander stel reëls geleef het. Dit het die draaipunt in die moderne teorie oor burgerskap gebring, met die gevolg dat die burgers op demokratiese wyse al die reëls maak wat vir almal geld (Constant, 1990).

Wanneer in gedagte gehou word dat burgerskap primêr ten doel het om eie reëls binne die menslike omgewing te skep, volg dit logies dat globalisering en migrasie tans voortdurende druk toepas op die "burgers" van ’n land (juis ook omdat die reëls van land tot land verskil) (Schnapper, 1994). Een positiewe gevolg hiervan is egter dat migrasie ook beter verstaan word, te danke aan die groter begrip van burgerskap en die rol wat dit in die migrant se lewe speel (Schnapper, 1994).

Navorsing het bewys dat die toename in die getal (meestal net tydelike) migrante daartoe lei dat daar ’n toename is in mense wat vir ’n langer tydperk, of selfs permanent, emigreer. Een van die gevolge hiervan is dat eie etniese gemeenskappe van die lande van oorsprong in die nuwe lande tot stand kom. Spanning tussen die globale reëls van burgerskap en die invloed van en band met hierdie etniese kulturele gemeenskappe raak in sommige gevalle buite beheer (Castles, 1996). Onderliggend hieraan is die gevoel van gebrekkige identiteit in die nuwe land van migrasie.

Dit is dus belangrik om die effek van migrasie en die gebrek aan identiteit of burgerskap in hierdie ondersoek in gedagte te hou. Die feit dat migrante sonder werklike regte is, veroorsaak reeds ’n minderwaardigheidsgevoel by sekere individue. Dít kan ’n besliste uitwerking op migrasie-huwelike hê.

2.4.3 Fases van migrasie

Volgens Castles en Miller (2003) was daar sedert 1945 twee duidelike fases van globale migrasie. Na die Tweede Wêreldoorlog was daar ’n ekonomiese ontploffing gevolg deur ’n arbeidersmigrasie vanuit die onderontwikkelde lande na die ou industriële lande. Hierdie fase het met die oliekrisis in 1973 tot ’n einde gekom.

Die volgende fase het in die middel van die sewentigerjare begin toe verskeie migrante teruggekeer het na hulle lande van herkoms. Hulle poste moes steeds gevul word, en só het nuwe werksgeleenthede ontstaan wat weer nuwe migrante gelok het (Huguet, 1995).

Volgens Moch (1995) het die tweede fase ’n verskuiwing van die werkersklas na die professionele beroepe meegebring. Tans is die neiging dat professionele mense, uitvoerende beamptes en tegnies hoog gekwalifiseerde spesialiste migreer, hetsy uit eie keuse of deur globale maatskappye se wêreldwye verplasing van hulle senior bestuurspersoneel. Hierdie globale migrasie het ’n groot invloed op ekonomiese, politieke en kulturele transformasie; daar is ook geen rede waarom dit nie in die toekoms sal voortduur nie (Moch, 1995).

Die groei van multikulturele gemeenskappe veroorsaak dat migrante hulle eie kultuur binne ander kulture kan uitleef. Hierdie tradisies is belangrik vir die bevordering van gesins- en huweliksfunksionering in ander lande.

Die vorming van ’n sogenaamde minderheidsgroep word gekenmerk deur sekere tradisies wat sulke groepe deel, soos taal, huwelik- en gesinsfunksionering, geskiedenis en godsdiens (Castles, 1996). Volgens Hage (1997) is daar vier belangrike elemente wat mense ’n "gevoel van tuis wees" laat ervaar: sekuriteit, familiariteit, die gemeenskap en ’n gevoel van moontlikhede. (“Tuis” word hier nie net as “huis” gedefinieer nie, maar ook as die gemeenskap of land. Al is iemand buite sy/haar tuiste, voel hy/sy tuis in iemand anders se tuiste, met dié se eie dinamika.)

’n Verdere stap in die vestigingsproses van migrante is algemeen bekend as die proses van *place-making*. Dit verwys na die proses waarin en waardeur etnies bekende groepe ’n deel van hulle kultuur in die vreemde land vestig (Pascoe, 1992). ’n Goeie voorbeeld daarvan sou wees die Ukkasie-kunstefees wat vir Suid-Afrikaners in Engeland aangebied word. Die doel hiervan is om terselfdertyd tuis te voel, en ’n ervaring van "behoort" te smaak. Onderliggende spanning bly egter teenwoordig omdat die kunstenaars aan die einde van die fees na Suid-Afrika terugkeer, terwyl die migrante agterbly.

2.4.4 Tydelike of permanente migrasie

Castles en Davidson (2000) het in hulle navorsing gevind dat tydelike en permanente migrante drie moontlike alternatiewe van "behoort" in hulle lewens kan ervaar:

- *Separatist consciousness* – waar die migrant nie deel voel van die gemeenskap waarbinne hy woon nie
- *Diasporic consciousness* – waar die migrant soek na iemand van sy land van herkoms met wie hy kan identifiseer
- *Transcultural consciousness* – waar die migrant by die nuwe kultuur en gewoontes inskakel

Vir iemand wat net tydelik migreer, is dit dus moeilik om te besluit waar hy homself bevind, wat dan tot verdere ongemak en spanning kan lei. Wanneer ’n huwelikspaartjie migreer en hulle nie dieselfde *consciousness* binne die huweliksverhouding beleef nie, kan spanning ontstaan oor verskillende dinge – hulle toekoms, hoe lank hulle gaan bly, en wanneer hulle na hulle land van herkoms gaan terugkeer, indien wel (Falicov, 2002).

Dit is belangrik dat ’n paartjie vroeg reeds onderling ooreenkom oor die doel van die migrasie en die tydperk weg van die vaderland. Die soeke na antwoorde op die

genoemde kwessies maak die nuwe neiging en vraag na kultuur-sielkunde baie relevant. Die kultuur-sielkundige benadering streef daarna om individue met veel meer sensitiwiteit te hanteer (O'Dell, De Abreu & O'Toole, 2004). Hierdie neiging het veral ná September 2001 in New York 'n hupstoot gekry met die besef dat 'n sterk kulturele basis deurslaggewend is, ongeag waar mense hulle bevind (Falicov, 2002). Ook Cole (1996) het bevind dat die kruiskulturele werkswyse, waar die individu deur iemand van 'n ander kultuur gehelp word, minder effektief is as wanneer die individu deur iemand van dieselfde kultuur gehelp word.

2.4.5 Kultuur-sielkunde en migrasie

In die kultuur-sielkundige benadering word daar veral gefokus op die identifisering van die persoon met sy/haar nuwe omgewing, asook die ontwikkeling en deelvorming van die persoon in sy nuwe kulturele omgewing. Hierdie benadering beklemtoon die belangrikheid van sielkundige ondersteuning op 'n wyse wat sensitief is vir die omgewing waarbinne 'n persoon funksioneer, maar terselfdertyd nie die eiesoortige kenmerke van die persoon se kulturele tradisies en waardes misken nie (O'Dell et al., 2004).

2.5 MIGRASIE EN HUWELIK- EN GESINSFUNKSIONERING

Boss (1987) meen dat sekere konsepte binne die gesinsisteemteorie en gesinsterapie, ondersteun deur ander konsepte oor migrasie, kan bydra tot 'n dieper insig in huweliks- en gesinstransformasie as gevolg van migrasie. Falicov (2002) sluit hierby aan en verklaar dat die persoonlike, sosiale, huweliks- en gesinsdilemmas wat migrante in die gesig staar – gepaardgaande met hulle inskakeling (of nie-inskakeling) in die nuwe kultuur – vereis dat huwelike en gesinne moet leer om tegelykertyd in twee "wêrelde" te funksioneer. Aan die een kant is daar die nuwe kultuur, teenoor die behoud van die eie kultuur deur gebruike en kulturele kodes

(Falicov). Hierdie tweespalt waardeur die migrante-gesin gekonfronteer word staan in die kultuur-sielkunde bekend as kulturele "dubbelvisie".

Hierdie uitgangspunte is baie belangrik vir die doeleindes van hierdie ondersoek. Volgens Neven (2000) is daar ook gevind dat migrante-egpare gewoonlik ouer is wanneer hulle migreer, aangesien hulle óf reeds gestudeer het, óf eers gewerk het voor hulle besluit om te migreer. Hierbenewens is dit belangrik om ook aandag te gee aan die faktore wat huweliksfunksionering beïnvloed as gevolg van migrasie.

2.5.1 Faktore wat huweliksfunksionering beïnvloed as gevolg van migrasie

Die aanpassing van ’n huwelikspaartjie in die vreemde word bo en behalwe al die aspekte wat reeds bespreek is, ook bepalend beïnvloed deur die tipe, aard en aantal eksterne stressors wat die huwelik of gesin ervaar (Suãrez-Orozco & Suãrez-Orozco, 2000). Van die belangrikste invloede wat bepaal hoe gou migrante tuis voel, is die ervaring van aanvaarding of verwerping deur die dominante kultuur.

Die konsep van “dubbelvisie” is nou hieraan verwant. Alhoewel hierdie konsep die innerlike werking van migrante-egpare beskryf, verklaar dit ook ten dele hulle eksterne interaksies in die groter sisteem. Die idee van dubbelbewustheid is reeds in 1903 deur Du Bois gebruik (1996). Dit beskryf die migrant se bewustheid van wie hy self as persoon is en hoe hy ’n bydrae kan lewer in ’n kultuur waarin hy altyd as die “buitestaander” beskou sal word (Suãrez-Orozco & Suãrez-Orozco, 2000).

2.5.1.1 Migrasie en "gemis"

Falicov (2002) meen dat migrasie die een of ander vorm van verlies of ’n “gemis” veroorsaak. Die proses om hierdeur te werk, is al vergelyk met die rouproses wat ’n individu deurmaak wanneer ’n geliefde sterf. Migrasie is egter tegelyk meer én minder as die ervaring tydens die dood van ’n geliefde: meer in die sin dat migrasie ’n

gemis op verskeie gebiede veroorsaak (familie, vriende, taal, kos, musiek en identifikasie met dinge eie aan die land van herkoms), en minder in die sin dat geen van daardie dinge regtig weg of dood is nie; dit is net nie maklik verkrygbaar of bekombaar nie. Die gemis is dus definitief, maar tog ook nie duidelik definieerbaar nie.

2.5.1.2 “Veelsinnige gemis”

Boss (1987) beskryf hoe “veelsinnige” gemis op twee moontlike vlakke kan manifesteer. Enersyds kan die familie fisies afwesig, maar tog sielkundig teenwoordig wees, en andersyds kan die familie fisies teenwoordig, maar sielkundig afwesig wees.

Derhalwe word migrasie soms beskryf as die sogenaamde *crossover* omdat dit elemente van albei vlakke van gemis meebring, en ook spanning by ’n individu en paartjie kan veroorsaak (Boss, 1987). Goeie herinneringe kan vergoed vir die familie se fisiese afwesigheid, maar terselfdertyd kan die verlange huis toe en die stres as gevolg van die aanpassing die individu emosioneel baie kwesbaar maak.

2.5.2 Skepping van gebruike

Die gemis wat in die hand gewerk word deurdat hulle hele bestaan ontwortel is, kan migrante soms sekere dinge laat doen om die gemis te oorbrug (Falicov, 2002). Hierdie “dinge” het eienskappe wat ooreenstem met die eienskappe van gebruike, en hulle word dan katalisators vir die migrante se gevoelens, denke en aksies. Hierdie gebruike bevestig die verlede, hede en toekoms en handhaaf daardeur albei kante van die saak (teenwoordigheid en afwesigheid / verbind en geskei / wins en verlies / ideaal en realiteit) (Falicov, 2002). Hulle het ’n sielkundig-kognitiewe en emosionele effek, wat tipies is van alle vorms van gebruike. Vyf tipes gebruike kan onderskei word (Walsh, 2003):

2.5.2.1 Gebruik van verbind wees

Hiermee word verwys na die rituele tipe gedrag waarmee die migrant poog om deur kommunikasie kontak met die land van herkoms te behou: die telefoon, rekenaar, en gereelde besoeke. Hierdie gebruik verklein die gaping tussen sielkundige teenwoordigheid en fisiese afwesigheid en is volgens Borland (2004) ‘n veiligheidsnet vir die migrant.

2.5.2.2 Gebruik van sielkundige herskepping

Dit verwys na mense se gebruik om ’n ervaring in ’n omgewing, ’n reuk, uitsig of ander gewaarwording in die nuwe land doelbewus te vertaal of as’t ware te herskep om hulleself denkbeeldig in hulle eie land te bevind. Dit word gesien as beter as om glad nie in jou eie land te wees nie (Ainslie, 1998).

2.5.2.3 Gebruik van geheue

Voorbeelde hiervan is wanneer migrante stories oor hulle eie land vertel, hulle migrasiesage gedurig herhaal en praat oor dinge soos resepte van hulle land van herkoms. Die migrasie-storie word die egpaar of gesin se ankerstorie; dit gee betekenis en samehang aan die res van hulle aksies (Cohler, 1991).

2.5.2.4 Gebruik om kulturele erfenisse te bewaar

Hierdie verwys na unieke en spesifieke kulturele gedrag en gewoontes, eie aan die land van oorsprong, wat migrante handhaaf ongeag die land waarin hulle is. Die handhawing en herdenking van kulturele en godsdienstige gebruike binne die gesin is dan ook die beste weerspieëling van herkoms (Bennet, Wolin & McAvity, 1988).

2.5.2.5 Hervestigingsgebruike

Daar is egter ook ander gebruike wat ’n betekenisvolle rol speel in die lewens van migrante in ’n vreemde land, en selfs by die terugkeer na hulle land van oorsprong. So beweer Marris (1980) dat verskillende kulture verskeie gebruike by verhuising het.

Dinge soos foto’s, verwelkomingspartytjies, kos van die bure en "daknatmaak" help nuwe intrekkers om tuis te voel in hulle nuwe omgewing. Wanneer dit nie gebeur nie, voel die egpaar asof hulle afgesny is van hulle land van herkoms.

2.5.3 Ontworteling van herkoms

Migrasie is veel meer dramaties as ’n binnelandse verhuising, omdat die migrasiegesin ontwortel word uit sy hele sisteem van behoort of deel wees. Die migrante word fisies, sosiaal en kultureel van hulle oorspronklike bestaansisteem ontkoppel en in ’n vreemde nuwe bestaansisteem geplaas (Falicov, 1993). ‘n Voorbeeld hiervan is volgens Pellissier (2005) die keuse van tradisionele beroepe, met individue (veral mans) wat geredelik in hulle vaders se voetspore volg. By migrante-egpare kom dit egter voor asof mans juis migreer om ‘n heel ander beroep as hulle vaders te kan volg. Die feit dat hy ver woon, bied aan die migrant die ruimte om ’n beroep van sy eie keuse te oorweeg, bykans sonder skuldgevoelens teenoor sy pa. Die gevolg is dat daar minder spanning op die huwelik geplaas word.

Om die migrant se plasing in ’n nuwe bestaansisteem beter te verstaan, kan die proses vergelyk word met die hervestiging van ’n plant. ’n Inheemse plant het ’n bekende omgewing nodig ten einde te kan oorleef. Dit pas moeilik aan in die vreemde. ’n Goeie tuinier maak dus seker dat ’n bietjie van die ou kompos saam met nuwe kompos gebruik word wanneer so ’n plant verplant word. Net so voel migrante dat hulle elemente van hulle kultuur moet saamneem, en stal dit gewoonlik in hulle huise uit (Marris,1980).

2.5.3.1 Dubbelvisie: Kontinuïteit en verandering

Migrasie ontwrig gesinstabiliteit en belemmer kontinuïteit in gesinsfunksionering, gesinsrolle, ensovoorts (Melitto, 1985). Volgens die gesinsisteemteorie is geïntegreerde verandering en kontinuïteit noodsaaklik vir ’n stabiele

oorskakelingsproses en die suksesvolle heraanpassing van ’n migrantegesin. Die verhouding tussen verandering en kontinuïteit het ’n direkte en bepalende invloed op die sukses van die oorskakelings- en hervestigingsproses. Die gevoel van kontinuïteit, identiteit en stabiliteit moet gehandhaaf word, terwyl nuwe gebiede of geleenthede ontwikkel word (Walsh, 1998).

2.6 MIGRANTE-RISIKO’S

Benewens die genoemde faktore wat hervestiging beïnvloed, is daar ook ander hervestigingsrisiko’s wat die proses kan bemoeilik of negatief beïnvloed. So wys Boss (2004) daarop dat gebeure soos die verkryging van verblyf en werkspermitte dikwels nie na verwagting geskied nie. Volgens Jimenez, Angel en Angel (2004) gaan hierdie proses gepaard met baie stres en spanning, met ’n negatiewe effek op die huwelik en gesinsfunksionering. Drie van hierdie migrasie-situasies wat die risiko vir aanpassing vergroot, word vervolgens kortliks bespreek.

2.6.1 Onvoorbereide of ongewenste migrasie

Dit vind plaas wanneer al die gesinslede nie ewe veel inspraak gehad het in die besluit om te migreer nie, byvoorbeeld vrouens wat teensinnig saam met hulle mans verhuis. In sulke situasies word die migrasie-gemis vererger deur die uitsluiting en miskenning van die betrokke individu. Dit bring mee dat die besluit om te migreer voortdurend onder die vergrootglas is en tot spanning aanleiding gee. Soms werk dit selfs negatiewe konflik in die hand (Falicov, 2000).

2.6.2 Skeiding en herontmoeting van gesinslede

Wanneer ’n gesinslid voor die res van die gesin migreer, selfs al is dit net tydelik en is daar ook gereelde kommunikasie, ervaar hy/sy sekere grensverskuiwings in rolfunksionering en -verwagting (Falicov, 2002). Sulke verskuiwings manifesteer onder meer in die interne en eksterne vervanging van sekere rolfunksies,

byvoorbeeld kosvoorbereiding en die herstel van klere en huishoudelike apparate – take wat in die oorspronklike kulturele milieu waarskynlik deur ’n ander gesinslid of die huweliksmaat verrig is. Met die herontmoeting moet die migrant se grense weer van meer onafhanklik na afhanklik en interafhanklik verskuif ten einde die "bekende" gesinsverhouding te handhaaf. Hierdie praktiese oorwegings sorg dus ook vir ’n definitiewe aanpassing in die migrasieproses.

2.6.3 Lewensiklusveranderings

Migrante-egpare is nie gevrywaar van die normale lewensiklusveranderinge nie. Die migrasie-gesin beleef gebeure soos die geboorte van kinders, kinders wat die huis verlaat, dood en siekte, soos enige ander gesin. Hierdie omwentelinge veroorsaak normaalweg herorganisasie en stres in die gesin, met die invloed op die migrasie-gesin des te meer intens. Wanneer dit byvoorbeeld gebeur dat iemand na aan die gesin in die land van oorsprong sterf, beleef die migrasie-egpaar of gesin dit meer intens as wanneer hulle binne hulle eie kultuur is. Veral skuldgevoelens word meer intens ervaar omdat hulle nie fisies daar was om ondersteuning aan die afgestorwene en sy/haar naasbestaandes te gee nie (Falicov, 2000).

2.7 GEVOLGTREKKING

Dit volg uit die voorafgaande bespreking dat daar ’n magdom subtiele en radikale faktore is wat die aanpassing van migrante-egpare en die kwaliteit van hulle huweliksverhoudings beïnvloed. Vanweë die talle verskille tussen individue binne huwelike, sowel as verskille tussen huwelike, verskil die eise aan huweliksverhoudings. In hierdie ondersoek word gevolglik gepoog om knelpunte te identifiseer wat ’n probleem in die meeste huweliksverhoudings is. Die ontwikkeling van ’n program om hierdie gemeenskaplike knelpunte aan te spreek, berus daarom op bevindinge in hierdie ondersoek sowel as op vorige navorsing.

2.8 HUWELIKSPROGRAMME

2.8.1 Inleiding

Volgens Bachrach, Hindin en Thomson (2000) behoort paartjies vroeg in hulle huwelik, of reeds daarvoor, ’n program te volg waarin die belangrikste elemente van huweliksfunksionering bespreek word sodat hulle dit kan internaliseer en toepas. In hulle navorsing lig hulle die volgende uit as belangrike elemente van ’n huweliksprogram:

1. Die paartjies moet leer dat ’n huwelik uit meer as geïsoleerde interpersoonlike verhoudings bestaan. ’n Huwelik, as integrerende deel van ’n gesin, is ook ’n unieke bousteen van die samelewing en kultuur waarbinne dit voorkom, en word gewoonlik as ’n basiese sosiale én religieuse instelling gedefinieer.
2. Paartjies moet tegnieke aanleer om probleemgebiede betyds te identifiseer en te hanteer.

Die Amerikaanse *Center for Marriage and Family* (2000) het verder gevind dat onderliggende probleemgebiede in die eerste vyf huweliksjare aandag moet ontvang ten einde huweliksukses te bevorder.

Ten spyte van twee persone en hulle positiewe gevoelens jeens mekaar, en ten spyte van al die goeie wense van vriende en familie, eindig talle huwelike in die skeihof (Cherlin, 1992). Navorsing bevestig dat meer as die helfte van die huwelike wat in egskeidings eindig, reeds binne die eerste drie huweliksjare sigbare probleme gehad het (Napier, 1988). Onlangse navorsing toon dat meer as 50% van huwelike wêreldwys binne tien jaar in die skeihof eindig (Bramlett & Mosher, 2001).

Volgens Silliman en Schumm (2000) word huweliksprogramme al jare lank deur professionele persone aangebied, maar is daar veral in die afgelope 25 jaar ’n toename in die gebruik van programme vir paartjies in groepe. Die rede daarvoor is dat navorsing bewys het dat die groepseffek saam met die programinhoud ’n verdere positiewe effek op die paartjie kan hê. Indien daar egter disfunksionele gedrag by ’n paartjie sigbaar is, sal bykomende terapeutiese hulp vir so ’n paartjie waardevol wees. Indien daar te veel disfunksionele patrone by ’n paartjie is, is dit beter om so ’n paartjie met individuele terapie te ondersteun.

Ondersoeke in die tagtiger- en negentigerjare toon dat programme meer ooreenstem as verskil, en dat die volgende aspekte oor die algemeen in programme gedek word (Berger & DeMaria, 1999):

1) kommunikasie
2) konflikhantering
3) rolverdeling
4) seksualiteit
5) finansies
6) ouers
7) vryetydsbesteding
8) godsdiens

Kommunikasie is die belangrikste aspek in meeste programme (Stanley, Blumberg & Markman, 1999). Sayers, Kohn en Heavey (1998) het gevind dat indien paartjies vroeg in hulle huwelik leer om effektief te kommunikeer, dit ’n sentrale deel van hulle volgehoue huweliksukses word.

Die aanbieding van die belangrike elemente, byvoorbeeld kommunikasie, verskil van program tot program omdat die aanslag verskil. Een verklaring hiervoor is dat ’n program gewoonlik vir ’n spesifieke groep ontwikkel word, en die aanbiedingswyse aangepas word om relevant te wees vir die spesifieke groep (Ridley & Sladeczek, 1992). Barlow (1999) bevestig dit en beklemtoon dat programinhoud verskillend vir verskillende groepe aangebied moet word, ten einde die beste resultate vir die spesifieke groep te verkry. So sal programme vir religieuse groepe meer aandag skenk aan geestelike aspekte, terwyl programme vir spesifieke probleme meer aandag aan die familiegeskiedenis en verhoudingsprobleme van die paartjie sal skenk (Stahmann & Hiebert, 1997).

Na ’n ondersoek met jongmense oor die soort temas wat in so ’n program gehanteer behoort te word, verklaar Silliman en Schumm (1989) dat die groep se siening van belangrike temas nie altyd met die navorser se siening ooreenstem nie. Hierbenewens bevind Duncan, Box en Silliman (1996) dat deelnemers aan sulke programme gewoonlik meer belangstel in inhoud oor die interpersoonlike, teenoor inhoud oor die intrapersoonlike.

Samevattend kan daar dus gesê word dat dit van wesensbelang is om tydens programontwikkeling aandag te skenk aan die bepaalde groep met sy unieke kenmerke en behoeftes.

2.8.2 Voorkomend teenoor herstellend in huweliksintervensie

L'Abate (1990) definieer voorkoming as enige aanslag, prosedure of metode wat gebruik word om die interpersoonlike funksionering van individue of paartjies in intieme verhoudings, of van ouers teenoor mekaar en teenoor hulle kinders, te verbeter. Die aanbieding van programme as vorm van terapie wen toenemend veld op die gebied van die voorkoming en vermindering van egskeidings (Floyd, Markman, Kelly, Blumberg & Stanley, 1995).

Die ontwikkeling van sulke voorkomingsprogramme kan histories in drie groepe verdeel word, naamlik: (1) programme gerig op primêre voorkoming, (2) programme gerig op sekondêre voorkoming, en (3) programme gerig op tersiêre voorkoming. Hierdie groepe word vervolgens bespreek.

2.8.2.1 Programme gerig op primêre voorkoming

Die doel met 'n voorkomingsprogram is om paartjies te help met die verwerking en hantering van "normale" probleme. Dit sluit in die verskillende fases van lewensverandering (bv. ouerskap) waaraan paartjies van tyd tot tyd onderwerp word. Hierdie "ware" voorkomingsprogramme fokus op vroegtydige voorkoming voordat enige vorm van onrus of moeilikheid in die verhouding bespeur word. In die woorde van Catalano en Dooley (1980) word daar op proaktiewe oplossings gekonsentreer. 'n Voorkomingsprogram is uiters waardevol vir huweliksmaats wat dikwels van mekaar geskei is en hereniging deur goeie kommunikasie en integrasie van die paartjie gekenmerk kan word (Garrison, 2005).

2.8.2.2 Programme gerig op sekondêre voorkoming

Hierdie tipe programme is gerig op verhoudings waarin daar reeds 'n mate van verhoudingsverskille voorkom. Dit wil dus 'n semi-proaktiewe diens lewer deurdat voorkoming en/of remediëring plaasvind voor verskille vererger. Die program word ontwerp om verdere ontevredenheid te voorkom, of om te verhoed dat sekere

noodsaaklike eienskappe van ’n doeltreffende verhouding (soos passie en intimiteit) verlore gaan (L’Abate, 1983).

2.8.2.3 Programme gerig op tersiêre voorkoming

In gevalle waar hierdie tipe voorkomingsprogram gebruik word, ervaar paartjies ernstige verhoudingsprobleme, en is die voortbestaan van die verhouding in gedrang. Persoonlike en interpersoonlike probleme is reeds in die verhouding teenwoordig en word tydens deelname aan die program hanteer. Hierdie programme fokus dus op ’n reaktiewe diens. Die hoofdoel is om te verhoed dat egskeiding plaasvind (Mace, 1983). Mace verskil van hierdie drietipe-indeling en konstateer dat die verskillende programtipes soveel ooreenstem dat dit nie eintlik moontlik is om tussen primêre, sekondêre en tersiêre voorkomingsprogramme te onderskei nie. In der waarheid gebruik al hoe meer terapeute dieselfde programme vir enige van die drie genoemde tipes huweliksintervensie (Mace, 1983).

L’Abate (1990) beweer dat al die voorkomingsprogramme op ’n kontinuum lê en dat die probleem tussen voorkoming en remediëring opgelos word deur vas te stel in watter ontwikkelingstadium van hulle verhouding die paartjie verkeer. Voorkoming word dan op verskillende plekke op die kontinuum gedoen, afhangende van die behoefte wat aangespreek word. Wanneer die behoefte aan sekere temas groter is, ontvang dit dienooreenkomstig meer aandag.

By die ontwikkeling van ’n nuwe huweliksprogram moet gevra word wat die doel daarvan sal wees: om disfunksie te voorkom of om heelheid in die verhouding te bevorder? Mrazek en Haggerty (1994) beweer dat die voorkoming van disfunksie heelheid bevorder. Dit hou in dat die fokus nie op die probleem as sodanig val nie, maar op die bevordering van tevredenheid. Volgens Mrazek en Haggerty is huweliksprogramme wat vir voorkoming aangebied word, presies dieselfde as dié wat

vir verryking aangebied word, omdat albei op die bevordering van die verhouding gerig is. Psigo-opleiding is wel ’n sterk moontlikheid in hierdie tipe intervensies.

2.8.3 Ontwikkeling van ’n huweliksverrykingsprogram

Uit die voorafgaande blyk dit hoe belangrik dit is om die doel van die huweliksverrykingsprogram tydens die ontwikkeling daarvan voor oë te hou. Die doel kan onder meer wees om:

- proaktief te wees en die paartjie te help met potensiële probleme soos hervestiging en werksverandering;
- toekomstige ontevredenheid in die verhouding, soos gebrek aan passie en/of kommunikasie, te voorkom; en
- belangrike probleemgebiede in die verhouding tegelyk aan te spreek (Mace, 1983).

2.8.4 Bestaande huweliksverrykingsprogramme

Verskeie bestaande huweliksverrykingsprogramme is geëvalueer om vas te stel of dit wel nodig is om ’n verdere program vir die doeleindes van hierdie studie te ontwikkel. Daar is spesifiek gekyk na die teoretiese vertrekpunte van die programme wat aangebied word, en ook hoe dit aangebied word, bv. oor ’n naweek of weekliks. Vervolgens word ’n oorsig van bestaande programme gegee.

2.8.4.1 Programme met ’n godsdienstige onderbou

2.8.4.1.1 Marriage Encounter (ME)

Die oorsprong van die ME-program (Calvo,1983) kan teruggevoer word na twee ondervindings in 1952 wat Calvo en sy vrou aangespoor het. Die eerste was dat sy medeleraars hulp gevra het met probleme en konflik in hulle huwelike en gesinne. Die tweede was sy ontmoeting met ’n aantal egpare wat hom beïndruk het met die positiewe kenmerke van hulle huwelike. Daarop het hy die eienskappe van die

suksesvolle egpare bestudeer en sy bevindinge gebruik om die sukkelende egpare te help (Calvo, 1978).

Modellering, kommunikasie en godsdienstige nadenke is die belangrikste aspekte van die ME-program. Dit word oor ’n naweek aangebied, en die doel is dat die individue hulleself moet leer ken en verstaan, sodat hulle op grond daarvan hulle maat beter kan verstaan en beter kan kommunikeer. Omdat die program ’n godsdienstige onderbou het, is dit vir Calvo belangrik dat ’n persoon met ’n teologiese agtergrond die program aanbied (Calvo, 1983).

2.8.4.1.2 Die *Caring Couples Network* (CCN)

Die CCN (Hunt & Hunt, 1998) volg ’n spanbenadering waarin huwelikspare, leraars en professionele konsultante op ’n multiteoretiese, multidisiplinêre wyse saamwerk deur ’n multimodelbenadering te gebruik. Die program het ’n sterk godsdienstige grondslag, met die kerk as die belangrikste organisasie om die CCN te bedryf.

’n Belangrike doel is dat huwelikspare ander huwelikspare mentor (Popenoe, Elshtain & Blankenhorn, 1996) en op die pad van groei begelei. Die belangrikste tegniek waarmee paartjies gehelp word, is modellering (nabootsing). Hierdie modellering vind oor ’n lang tydperk plaas, en paartjies bring baie tyd saam met ander paartjies deur. Ander elemente wat sterk in die program figureer, is die paartjie se ondersteuning en toewyding aan mekaar, asook hulle godsdiens. Die aanvanklike teoretiese deel word oor een dag aangebied. Die verdere doel is dan om paartjies deur middel van betrokkenheid by ander paartjies verder te laat groei (Hunt & Hunt, 1998).

2.8.4.2 Programme met gemengde onderbou

Daar is ten minste vyf voorkomingsprogramme met ’n teoretiese onderbou gefundeer in die beginsels van ’n paar vertrekpunte, te wete die eklekties-humanistiese, sosiale

leer, objek-verhouding en kognitiewe gedragsbeginsels. Bowling, Hill en Jencius (2005) bevestig die belangrikheid van verrykingsprogramme met ‘n gemengde onderbou. Hierdie programme wissel van naweekaanbiedings tot weeklikse sessies van twee uur per geleentheid, wat oor ’n tydperk van tot ses weke aangebied word (Berger & Hannah, 1999). Die inhoude van hierdie programme kan in die volgende temas gegroepeer word: kommunikasie, onderhandelingstegnieke, gedragskontrakte, probleemoplossing, rolspel en verwagtings. Die programme kan van mekaar onderskei word op grond van hulle fokuspunte – sommige konsentreer meer op kommunikasie, terwyl ander meer op gedrag en die verandering daarvan gerig is (Berger & Hannah, 1999).

2.8.4.2.1 Model van die *Association for Couples in Marriage Enrichment* (ACME)

David Mace word beskou as die pionier op die gebied van huweliksberading in Amerika en Engeland (Walsh, 2003). By geleentheid van sy veertigste huwelikshérdenking, stig hy en sy vrou die *Association for Couples in Marriage Enrichment* (ACME). Mace en Mace (1974) het die ACME gestig met twee belangrike voorveronderstellings. Eerstens was hulle van mening dat die huwelik die sleutel is tot ’n suksesvolle gesinslewe, en tweedens was hulle oortuig daarvan dat voorkomingsintervensies doeltreffender as terapie of behandeling is.

In sy eenvoudigste vorm word huweliksverryking gesien as die verdere opbou van reeds goed funksionerende egpare. Volgens Mace (1983) behels dit ’n aanhoudende langtermynproses. Catron en Catron (1996) verduidelik dit verder deur dit op ’n kontinuum te plaas soos Figuur 2.13 illustreer:

Behandeling	Normaal	Verryking

Figuur 2.13. Kontinuum van huweliksverryking as verdere opbou van reeds goed funksionerende egpare

Die behoefte aan "behandeling" lê hiervolgens heel links op die kontinuum, met "normaal" in die middel en die behoefte aan "verryking" heel regs. Catron en Catron se uitgangspunt is dat meeste paartjies hulleself as “normaal” beskou as hulle nie terapie ontvang nie. Omdat hulle "normaal" is, hoef hulle nie "verryk" te word nie. Hier is ’n vergelyking met ’n motor sinvol: ’n Motor moet gediens word, nie omdat dit stukkend is nie, maar om te voorkom dat dit onklaar raak. Dieselfde geld die verryking van huwelike – nie omdat daar iets skort in die huwelik nie, maar om pro-aktief te voorkom dat daar in die toekoms probleme insluip (Catron & Catron, 1996).

2.8.4.2.2 *Structured Enrichment* (SE) en *Distance Writing* (DW)

Vir L’Abate (1990) is dit belangrik om in huweliks- en gesinsverryking te fokus op watter tipe intervensie die beste vir ’n spesifieke tipe probleem sal wees. Die grootste krisis in psigoterapie lê volgens L'Abate juis in hoe die probleem by die oplossing uitgebring kan word indien daar nie ’n katalogus van oplossings bestaan nie. Daar bestaan wel klassifikasiesisteme vir probleme soos die *Diagnostic and Statistical Manual of Mental Disorders*, maar met ***Structured Enrichment* (SE)** en ***Distance Writing* (DW)** het L’Abate (1994) ’n katalogus van intervensies saamgestel met die doel om probleme aan oplossings te koppel.

Die doel is ook om die terapeut in staat te stel om paartjies wat hulle ver van hom of haar bevind, effektief te begelei in die proses van huweliks- of gesinsverryking. Die risiko hieraan verbonde is egter dat die standaard van

terapeutiese ingrepe verlaag word. Die teenvoeter hiervoor is ’n goed gedefinieerde struktuur en program.

Die motivering vir “langafstandprogramme” lê volgens L’Abate (1990) in die feit dat daar te veel paartjies met behoeftes en te min beskikbare helpers is. Daar is dus ’n wesenlike behoefte dat terapeute met behulp van "langafstandprogramme" huweliks- en gesinsintervensies kan toepas. Vir hierdie doel kan die langafstandprogramme SE en DW doeltreffend wees. SE sluit ’n biblioteek van 50 programme in wat eklekties vanuit verskillende teoretiese grondslae ontwikkel is. Die doel is om paartjies te help om met ’n kreatiewe (CC) eerder as ’n reaktiewe (RR) styl te funksioneer. Hulle moet onder andere dus leer om hulle huidige gevoelens met mekaar te deel; ook moet hulle oor "mag" leer onderhandel (L’Abate, 1994).

Die tegniek van *Distance Writing* word gebruik om argumente tussen paartjies, asook die frustrasies wat die behoefte aan beter konflikhantering vergesel, skriftelik te kommunikeer. Paartjies leer hier om hulle emosies skriftelik met mekaar te deel, en op so ’n wyse in hulle huwelik te groei (L’Abate, 1992).

2.8.4.2.3 PREPARE / ENRICH-program

PREPARE is aanvanklik ontwikkel nadat dit duidelik geword het hoe moeilik dit is om met voorhuwelikse paartjies te werk (Olson & Olson, 2000). Die doel was om ’n program te ontwikkel wat paartjies aanmoedig om met mekaar te praat oor hulle verhouding. Die program is in 1978 ontwikkel, en na intensiewe navorsing verskeie kere hersien tot die finale PREPARE / ENRICH-program soos dit tans daar uitsien. Kemper (2004) het die hersiene program gebruik in ‘n ondersoek met ’n positiewe uitkoms.

Die program het ten doel om die volgende gebiede in die verhouding aan te spreek:

- **persoonlike probleme,** soos selfvertroue
- **intrapersoonlike gebiede,** soos geloofsbasisse en vryetydsbesteding
- **interpersoonlike gebiede,** soos kommunikasie, rolverdeling, en seksuele verhouding
- **eksterne faktore,** soos familie en vriende

Verder gebruik die program ’n sogenaamde paartjie- en gesinskaart om vas te stel watter vorm van balans tussen die gesin en die paartjie gehandhaaf word (Olson, Fournier, Druckman & Robinson, 1979). Die hooffokus van die program is om voorhuwelikse paartjies te help met struktuurvorming in die huwelik.

Die ENRICH-vraelys word in hierdie ondersoek gebruik om verskeie aspekte van die huweliksverhouding te meet. Verskeie kenmerke van sowel die individu as die paartjie word met die vraelys geëvalueer.

2.8.4.2.4 PAIRS- *(Practical Application of Intimate Relationship Skills*) program

Die PAIRS-program is deur Satir (1972) ontwikkel. Die basiese uitgangspunt van hierdie vyf maande lange, intensiewe didaktiese opvoedingsprogram is die ontwikkeling van selfkennis. Die uiteindelike uitkoms is dat die paartjie ’n gelukkige intieme verhouding kan handhaaf (Gordon, 2003).

In stede van ’n verhouding met ’n kenmerkend dominante en onderdanige rolverdeling, staan PAIRS ’n verhouding met ’n meer gelyke "magsverhouding” voor. Die program moedig paartjies aan om ’n verskuiwing te maak na ’n verhouding waar albei geslagte hulle "nuwe" geslagsrol (DeMaria, 2003) in die nuwe verhoudingsamestelling kan verstaan en uitleef. Volgens Chodorow (1999) en Gordon-Rabinowitz (2003) is dit veral nodig dat mans leer om hulle vorige pyn en vrese te hanteer eerder as om dit te onderdruk. Hierna kan individuele intimiteit bevorder word.

2.8.4.2.5 *TIME- (Training in Marriage Enrichment*) program

TIME weerspieël ’n Adleriaanse of sosio-sielkundige benadering tot persoonlike verhoudings. Die basiese aanname is dat mense doelbewuste besluite neem en dat alle gedrag doelgerig van aard is (Dinkmeyer, Dinkmeyer & Sperry, 1987).

Die doel met die program is om getroude paartjies sekere tegnieke te leer wat noodsaaklik is vir die ontwikkeling van ondersteunende, liefdevolle verhoudings. Basiese vertrekpunte in die TIME-program is beginsels soos die volgende:

- die onontbeerlikheid van die langtermyntoewyding van albei partye ten einde ’n doeltreffende verhouding te kweek
- die besef dat verandering dikwels langsaam geskied, en nie oornag plaasvind nie
- die feit dat gevoelens verander nadat gedrag verander het
- die feit dat klein veranderings groot veranderings teweeg kan bring (Dinkmeyer & Carlson, 2003).

2.8.4.2.6 Gevolgtrekking

Die voorafgaande programme het elk hulle eie oorsprong en vertrekpunte – sommige is religieus van aard, en ander het weer ontstaan uit gemengde paradigmas. Mccaghy (2005) het in sy ondersoek van die religieuse program (CPREP) en dieselfde program sonder die religieuse onderbou (PREP) gevind dat die uitkoms van die twee programme nie verskil nie. Die vraag is egter: Wat het al hierdie programme met mekaar in gemeen? Uit die oorsig is dit duidelik dat die programinhoude op baie vlakke ooreenstem, maar dat die benaderings telkens verskil ooreenkomstig die teikenpopulasie (vergelyk Tabel 3.1).

Die huidige ondersoek het ten doel om die relevante probleme van migrasie-huwelike (as teikenpopulasie) te identifiseer, te definieer en dan daardie probleme aan te spreek.

2.9 SAMEVATTING

Die gehalte van die huweliksverhouding bepaal die funksioneringsvlak van die gesin (Olson, 2000). Kennis van die kenmerke van die huweliksverhouding en die huweliksmaats se tevredenheid daarmee is belangrik en moet ontwikkel word om die gesin beter te laat funksioneeer.

Indien daar spesifieke probleme in migrasie-huwelike is, moet remediërende prosedures ontwikkel word om daardie knelpunte aan te spreek. Die resultaat hiervan behoort nie net te help dat die egpaar meer effektief in die nuwe omgewing inskakel nie, maar behoort ook by te dra tot meer geluk in die gesin.

’n Suksesvolle huwelik en gesin vereis dat die huweliksmaats en die individuele gesinslede oor die toepaslike eienskappe moet beskik om interne en eksterne stressors die hoof te bied (Olson, 2000). Die voortdurende wisselwerking tussen die egpaar en hulle omgewing verseker ontwikkelingsgeleenthede vir die individue, maar is terselfdertyd ’n bron van stressors. Dit is veral ook die geval wanneer individue hulle in ’n vreemde kultuur moet aanpas.

Migrasie is bespreek om aan te toon hoe verskeie faktore tot spanning lei by huwelikspare en gesinne wat in ’n nuwe land woon. Hierdie kennis dra by tot ’n beter begrip van die kompleksiteit rondom migrasie, asook die gepaardgaande aanpassing van migrante.

Migrante-egpare kan die “gemis” as gevolg van migrasie kreatief oorkom. Hulle kan ’n gevoel van samehorigheid herstel deur ’n dubbelvisie te ontwikkel en kulturele gebruike in hulle nuwe tuiste te integreer. Kontinuïteit en verandering moet

gebalanseer word. Indien die migrasie-egpaar besef dat hulle deel kan wees van hulle nuwe kultuur, sonder om hulle identiteit te verloor, kan hulle die gemeenskap waarbinne hulle funksioneer positief beïnvloed, en ook geluk in hulle huwelik ervaar. Faktore soos in die hoofstuk bespreek, word indirek aangeraak in hierdie ondersoek, en het ’n direkte invloed op die uitkoms daarvan.

Die doel van hierdie ondersoek is om ’n huweliksontwikkelingsprogram vir migrante-egpare te ontwikkel. Uit die inligting deur die ondersoek verkry, soos uitgewys in die bespreking van verskillende bestaande teorieë oor die huwelik, huweliksprogramme en migrasie, blyk die waarde van die volgende keuses:

- ’n teoretiese model as basis vir die ondersoek
- ’n gemengde teoretiese onderbou as grondslag vir die samestelling van ’n doeltreffende nuwe program vir die huweliksontwikkeling van migrante-pare

So ’n nuwe program behoort dan die volgende in ag te neem:

- die verskille en ooreenkomste tussen die verskillende modelle wat huweliks- en gesinsfunksionering verklaar
- die verdiskontering van dit wat die betrokke modelle uitwys as belangrike aspekte binne die gesinsverhouding

Dit behoort ook verder in ag te neem hoe elke model die huweliksverhouding as die kern van ’n effektiewe gesinsverhouding uitwys. Op grond van bogenoemde vereistes, tesame met die ondersoeke van die modelle en programme, word gekies om die volgende kombinasie aan te wend in die soeke na huweliksontwikkeling:

Teoretiese model vir die ondersoek: Die Circumplex-Model van gesinsfunksionering word op grond van die wye toepasbaarheid daarvan gekies om as teoretiese basis van hierdie ondersoek te dien. (Vergelyk ook die samevattende gevolgtrekking op p. 51).

Mees bruikbare hulpmiddels: Terwyl die Circumplex-model as teoretiese vertrekpunt gekies word, val die keuse vir die mees bruikbare hulpmiddels om die belangrikste "praktiese" aspekte van ’n migrasie-huweliksverhouding mee te evalueer op:

- die ENRICH-huweliksvraelys
- die PAIRS-intimiteitsvraelys
- die MODE-konflikhanteringsvraelys
- ’n biografiese vraelys

Die motivering hiervoor is dat die vraelyste die mees relevante aspekte binne die huweliksverhouding dek.

Teoretiese vertrekpunt van programontwikkeling: Die keuse is ’n program met ’n gemengde teoretiese onderbou wat eklekties-humanistiese, sosiale leer, objek-verhouding en kognitiewe gedragsbeginsels insluit.

HOOFSTUK 3

LITERATUUROORSIG: TOEPASLIKHEID VAN NAVORSINGSMODEL EN HUWELIKSPROGRAMME

3.1 INLEIDING

Aan die einde van Hoofstuk 2 is aangedui dat die Circumplex-model gekies is as vertrekpunt van huweliksfunksionering in hierdie ondersoek. Ter motivering van dié keuse word in hierdie hoofstuk resultate van vorige navorsing rapporteer wat die wye toepasbaarheid van die model weerspieël. Navorsing rakende aspekte van goedfunksionerende huwelike, huweliksverryking en verrykingsprogramme word ook gerapporteer. Die sinvolheid hiervan is tweërlei:

- Die unieke probleme wat migrante-paartjies beleef, kan beter verstaan word; en
- hierdie probleme kan neerslag vind in die huweliksprogram.

Beter insig in en begrip van die probleme wat migrante-pare beleef is ook waardevol vir sielkundige werk wat onder individuele paartjies gedoen word.

3.2 ONDERSOEKE WAT DIE GELDIGHEID VAN DIE CIRCUMPLEX-MODEL BEVESTIG

Die vertrekpunt van hierdie ondersoek, soos voorheen aangedui, is die Circumplex-model van gesinsfunksionering. Die belangrikste elemente van die model is kohesie, aanpasbaarheid en kommunikasie.

Sowel die ENRICH- as die PAIRS-vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik word, is vanuit die Circumplex-model ontwikkel. Die vrae oor normale gesinsfunksionering en oor die presiese betekenis van "normaal", word reeds sedert 1982 deur Walsh gestel (Walsh, 1982). In die volgende uitgawe van haar boek (Walsh, 1993) worstel

sy ook met die definisie van gesinsnormaliteit te midde van groeiende diversiteit en huldig sy die mening dat “normaliteit” ’n sosiale konstruk is. Een van die belangrikste hipoteses van die Circumplex-model is dat gebalanseerde paartjies of gesinne meer effektief (normaal) funksioneer as ongebalanseerde paartjies of gesinne (Olson & Olson, 2000).

Kouneski (2001) het kohesie en aanpasbaarheid in huweliksverhoudings in meer as 25 ondersoeke nagevors, en bevestig dat ’n balans tussen kohesie en aanpasbaarheid met ’n goeie huweliksverhouding geassosieer kan word. ’n Ondersoek van 21 501 voltooide ENRICH-vraelyste van getroude paartjies het gevind dat meeste gelukkige paartjies ’n balans tussen kohesie en aanpasbaarheid handhaaf, en ook goeie kommunikasie met mekaar het (Olson & Olson, 2000). Kouneski (2001) het verder in 20 ondersoeke oor kommunikasie in die gesin gevind dat gebalanseerde gesinne meer positiewe kommunikasiepatrone as ongebalanseerde gesinne openbaar.

Noller en Callan (1986) het die kohesie en aanpasbaarheid van gesinne ondersoek. Ouers en kinders moes afsonderlik en op twee vlakke die kohesie en aanpasbaarheid binne die gesin beoordeel. Die eerste vlak was hoe hulle hulle gesin sien funksioneer en die tweede hoe hulle die gesin graag sou wou sien funksioneer. Die diskrepansie tussen die twee vlakke sou ’n aanduiding wees van die gesinslede se tevredenheid al dan nie met hulle gesin se kohesie en aanpasbaarheid. Die resultate het getoon dat die kinders oor die algemeen meer ontevrede was met hulle gesinne se kohesie en aanpasbaarheid, terwyl die ouers meer tevrede was met die stand van sake. Vir die groep as geheel was die tellings vir kohesie binne die spektrum vir middelmatige gesinsfunksionering, maar die gemiddelde aanpasbaarheidstelling het binne die ekstreme of chaotiese grense geval. Dit

beteken dat die aanpasbaarheid binne die gesinne baie hoog was. Verder het ’n balans tussen kohesie en aanpasbaarheid redelik gunstige vlakke van gesinsfunksionering tot gevolg gehad.

Rodick, Henggeler en Hanson (1986) het ’n ondersoek gedoen oor die funksionering van vaderlose gesinne met ’n adolessent as gesinslid. Hulle het bevind dat in bykans die helfte van die gesinne die adolessent ’n jeugoortreding begaan het. Volgens die Circumplex-model het net 7% van die oortredergesinne goed gefunksioneer, terwyl 67% van die nie-oortredergesinne goed gefunksioneer het. Dit bevestig die vermoë van die Circumplex-model om te onderskei tussen goed en swak funksionerende gesinne.

Die voorafgaande ondersoeke toon die wye toepassingsmoontlikhede en gebruike van die Circumplex-model.

Die verskillende aspekte van die Circumplex-model – naamlik kommunikasie, kohesie en aanpasbaarheid – word direk beïnvloed deur die gesinsontwikkeling-stadium waarbinne die gesinslede hulle bevind. Volgens Olson et al. (1989) word die verskillende gesinsontwikkelingstadia gekenmerk deur beduidende verskille in die individuele gesinslede se gemete ervaring van kohesie en aanpasbaarheid. Terselfdertyd is daar ook beduidende verskille tussen die geslagte in die beoordeling van die dimensies van die model.

Soos reeds in hoofstuk 1 aangetoon is, het gesinslewe en gesinsfunksionering in die laaste twee dekades meer kompleks geraak (Walsh, 2003). In die vinnig veranderende wêreld word die rol van gesinne met hulle diverse rolverdelings en take al hoe belangriker en terselfdertyd meer problematies. Om gesinsfunksionering dus beter te verstaan, moet die sosiale konstruksie van gesinsnormaliteit ondersoek

word; hiernaas moet maniere gevind word om dié elemente te identifiseer wat bydra tot die effektiwiteit van gesinsfunksionering.

3.3 NAVORSING OOR BELANGRIKE ASPEKTE WAT BYDRA TOT GOEIE HUWELIKSVERHOUDINGS

Gesinsfunksionering word direk beïnvloed deur die kwaliteit en kenmerke van die huweliksverhouding. Daarom is bevindinge oor positiewe huwelikskenmerke uiters belangrik. Kennis van die verskillende ontwikkelingstadia in die huwelik, asook die herkenning en identifisering van verskille in elke stadium, bevestig die belangrikheid van ’n ontwikkelingsperspektief op die huweliks- en gesinslewe.

Volgens Hill en Rodgers (1964) kan die volgende agt gesinsontwikkeling-stadiums onderskei word:

1. die getroude paar sonder kinders
2. die getroude paar wat hulle eerste kind verwag
3. ouers met voorskoolse kinders
4. ouers met skoolgaande kinders
5. ouers met hulle oudste kind ’n adolessent
6. die oorspronklike gesin met die oudste kind wat die huis verlaat het
7. ouers met al die kinders wat die huis verlaat het
8. die afgetrede egpaar

Rollins en Feldman (1970) het huwelikstevredenheid oor agt gesins-ontwikkelingstadia heen, met meer as 500 egpare, ondersoek. Hulle het bevind dat vanaf stadium een tot stadium ses (waar die oudste kind die huis verlaat), daar ’n duidelike afname in huwelikstevredenheid was, waarna tevredenheid weer geleidelik toegeneem het. Daar is ook gevind dat mans en vrouens huwelikstevredenheid

verskillend beoordeel – vrouens fokus merendeels op die moederskapsrol, terwyl mans meer op beroepstevredenheid fokus.

Burr (1970) het ses aspekte van huwelikstevredenheid oor sewe gesinstadiums heen ondersoek. Hy het die volgende aspekte by 116 egpare ondersoek: finansies, sosiale aktiwiteite, take, kameraadskap, seks, en tevredenheid met kinders. In meeste gevalle het ouerpare met klein kinders ’n laagtepunt in die algemene tevredenheid met die huweliksverhouding verteenwoordig. Huwelikstevredenheid het egter eksponensieel toegeneem namate die kinders ouer geword het.

Belsky, Lang en Rovine (1985) het ’n longitudinale ondersoek met 67 egpare uitgevoer oor die kwaliteit van hulle huwelik net voor en net na die geboorte van die eerste kind. Die ondersoekers het bevind dat daar net voor en net na die geboorte van die eerste kind ’n afname in algemene huwelikstevredenheid was. Die egpare het ook ’n afname in die graad van vriendskap met mekaar en in romanse aangedui. Vrouens se belewing van kohesie het ’n groter afname getoon as dié van mans.

Vervolgens word verwys na ondersoeke oor effektiewe huweliksfunksionering en die voorkoming van ernstige probleme in die huwelik.

Notarius en Buongiorno (1992) bevestig dat wanneer paartjies besef dat hulle huwelik in die moeilikheid is, hulle gemiddeld vyf jaar wag alvorens hulle bereid is om professionele hulp te soek. ’n Groot persentasie van egpare skei egter voor hulle professionele hulp ontvang.

Wampler en Halverson (1993) het spesifieke kenmerke van die huweliksverhouding aangedui wat geassosieer kan word met:

- aanpassing (die een party is die minste en gee toe aan die ander se wil, ten einde die ander tevrede te stel);

- tevredenheid (elkeen fokus op wat hy/sy kan doen om die ander tevrede te stel); en
- lewenskwaliteit.

Daar is gevind dat huwelikstevredenheid grootliks bepaal word deur ’n persoon se verwagting van die huwelik, wat weer spruit uit sy/haar eie waardes en behoeftes. Daar is ’n direkte verhouding tussen die mate waarin aan hierdie verwagtinge voldoen word, en tevredenheid met die huwelik. Huwelikstevredenheid is dan weer ’n voorvereiste vir verdere gesinstevredenheid.

Filsinger en Wilson (1984) het in ’n ondersoek met 208 egpare die verband tussen godsdienstigheid, sosio-ekonomiese faktore en huweliksaanpassing ondersoek. Elke persoon moes twee vraelyste voltooi, naamlik die *Dyadic Adjustment Scale* en die *De Jongh-Faulkner-Warland Religiosity Scale*. Daar is gevind dat godsdienstigheid die beste voorspeller van huweliksaanpassing was, terwyl sosio-ekonomiese faktore ’n matige verband met huweliksaanpassing getoon het.

White (1983) het ondersoek ingestel na kommunikasie en tevredenheid binne die huwelik en gevind dat kommunikasie ’n belangrike rol in huweliksgeluk speel. Die rede hiervoor is dat goeie kommunikasie misverstande voorkom en kennis van die huweliksmaat bevorder.

Bahr, Chappell en Leigh (1983) se ondersoek met 704 pare na die verband tussen rolle en huwelikstevredenheid het bevind dat die kwaliteit van die huweliksmaats se rolvervulling sterk korreleer met hulle eie huwelikstevredenheid. Egpare se verdere konsensus oor die verdeling en uitvoer van die huweliksrolle toon ook ’n sterk positiewe verband met huwelikstevredenheid.

Holman en Jacquart (1988) het ’n ondersoek met 159 pare gedoen oor aspekte van vryetydsbesteding en huwelikstevredenheid. Deelnemers moes vrae beantwoord oor hulle vryetydsbesteding en ook die *Family Inventory of Life Events (FILE)* van McCubbin en Patterson (1983) voltooi. By pare wat min of ’n gemiddelde hoeveelheid dinge saam gedoen het, vergesel deur min kommunikasie, het vryetydaktiwiteit ’n negatiewe verband met huwelikstevredenheid getoon. Om tyd saam deur te bring, was deurentyd vir die vrouens belangriker vir huwelikstevredenheid as vir die mans.

Vryetydsbesteding en huwelikstevredenheid is ook deur Smith, Snyder, Trull en Monsma (1988) ondersoek. Die *Marital Satisfaction Inventory* van Snyder en die *Leisure Activity-Interaction Index* van Orthner is deur 108 getroude mans en 143 getroude vrouens voltooi. Sommige van die mans en vrouens was met mekaar getroud. Die resultate toon dat die hoeveelheid en graad van eksklusiewe vrye tyd met die maat die mees konstante voorspeller van huwelikstevredenheid is. By beide die ondersoeke oor vryetydsbesteding en huwelikstevredenheid is gevind dat onbetrokkenheid by mekaar se aktiwiteite ’n voorspelling van huweliksontevredenheid is.

Berry en Williams (1987) het ’n ondersoek gedoen oor die onderlinge verband tussen inkomste, huwelikstevredenheid en lewenskwaliteit. Die ondersoek is uitgevoer met 252 vrouens en 195 mans. Die resultate het getoon dat tevredenheid met die huweliksmaat en gesinsinkomste deurslaggewend was vir die vasstelling van lewenskwaliteit. Daar is ook gevind dat tevredenheid met geldhantering die tevredenheid met die huweliksmaat kan verhoog.

In ’n ondersoek deur Olson et al. (1989) met 2 280 huweliksmaats is die korrelasie tussen huwelikstevredenheid, gesinstevredenheid en lewenskwaliteit onder die soeklig geplaas. Die ondersoekgroep moes hierdie aspekte evalueer met

die ENRICH-skale vir huwelikstevredenheid, die *Family Satisfaction Scale* vir gesinstevredenheid, en die *Quality of Life Scale* vir die tevredenheid met lewenskwaliteit. ’n Hoë korrelasie is tussen hierdie drie aspekte gevind; ook is daar gevind dat al drie bydra tot die algehele geluk van die individu.

Daar is ook bevind dat gesinstevredenheid tot ’n groot mate deur huwelikstevredenheid verklaar kan word. So byvoorbeeld het Duane (1989) beweer dat ’n individu se verwagtinge ten opsigte van die huwelik of gesin voortspruit uit die individu se eie waardesin en verwagtinge, asook sy/haar ervaring en hantering van behoeftes, naas die mate waarin behoeftes vervul word. Sou daar aan hierdie verwagtinge voldoen word, loop dit uit in tevredenheid met die huwelik of gesin.

Op grond van die gerapporteerde navorsing kan gesê word dat die aard van die huweliksverhouding grootliks die funksioneringsvlak van die gesin bepaal. Daar kan verder afgelei word dat huwelikstevredenheid ’n voorvereiste vir gesinstevredenheid is. Net so hang tevredenheid met lewenskwaliteit saam met gesinstevredenheid. Die interafhanklikheid van veranderlikes soos aanpasbaarheid, tevredenheid, geluk en intimiteit is ook bevestig.

Burchard, Yarhouse en Kilian (2003) het gevind dat die behoefte aan empiriese navorsing oor die voorkoming van huweliksverbrokkeling sterk toeneem. Volgens Pasch en Bradbury (1998) is dit nodig om aandag te skenk aan die identifikasie van faktore wat ’n verhouding suksesvol maak. Omdat konflik in die huwelik tot huweliksverbrokkeling kan lei, fokus heelwat resente navorsing op konflikhantering en kommunikasievaardighede. Die doel is om egpare te leer om konflik in die huwelik beter te hanteer, ten einde huweliksverbrokkeling te voorkom (Pasch & Bradbury, 1998; Stanley, Markman, St. Peters & Leber, 1995).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat heelwat aspekte van die huweliksverhouding alreeds nagevors is, maar dat daar ook nog heelwat leemtes is. ’n Voorbeeld is navorsing met meer spesifieke teikengroepe met spesifieke behoeftes.

Vorige navorsing het verskeie aspekte geïdentifiseer wat ’n rol speel in die manifestering van tevredenheid of ontevredenheid binne die huweliksverhouding. Met "tevredenheid" word bedoel ’n toestand van rustigheid waar ’n huweliksmaat tevrede is met sy/haar eie gedrag, sowel as met die maat se gedrag. "Ontevredenheid" kom voor wanneer een of albei se gedrag die rustigheid versteur (Pasch & Bradbury, 1998).

Op grond van die gerapporteerde navorsing is aspekte in huweliksverhoudings wat ‘n positiewe bydrae lewer tot huwelikstevredenheid, onder andere:

- kommunikasie
- vryetydsbesteding
- konflikhantering
- effektiewe rolverdeling
- die rol van ander mense in die verhouding (byvoorbeeld kinders en ouers)

Hierdie faktore moet moontlik ook in ag geneem word by die ontwikkeling van ’n huweliksverrykingsprogram vir migrante-egpare.

3.4 HUWELIKSVERRYKING EN -VOORKOMING

Die toename in huweliksverbrokkeling het waarskynlik tot gevolg dat daar in die praktyk al hoe meer vrae gestel word oor hoe om huweliksverbrokkeling te hanteer, en of dit voorkom kan word (Hahlweg, Markman, Thurmaier, Engl & Eckert, 1998).

Deacon en Sprenkle (2001) het ’n graadkursus in huweliks- en gesinsverryking ontwikkel waar voornemende terapeute geleer word om die *Marriage and Family*

Therapy- (MFT) model te gebruik om egpare te help. Alle opleiding in huweliks- en gesinsterapie behoort volgens Deacon en Sprenkle gebaseer te wees op bestaande kennis, teorieë, en die ontwikkeling van vaardighede. So ’n kursus behoort ’n aansienlike bydrae tot die gebied van huweliks- en gesinsverryking te maak.

Berger en Hannah (1999) noem dat daar op die gebied van huweliks- en gesinsverryking verskeie nuwe idees na vore gekom het, hoofsaaklik met die doel om:

- egskeidings te beperk;
- sterker en gesonder huwelike te bewerkstellig;
- voorhuwelikse paartjies voor te berei op die huwelik;
- gelukkige paartjies te verryk; en
- huweliksverbrokkeling te voorkom.

Volgens Denton (1986) is die doel van huweliksverryking om paartjies op voorkomende wyse te help om die sterk punte in hulle huwelik te ontdek en uit te bou alvorens probleme ontstaan. Alhoewel verryking gewoonlik as ’n huweliksversterker aangebied word, word dit ook ingespan as ’n voorkomende intervensie asook vir die vermindering van huwelikstres (Diskin, 1986). Navorsers het bevind dat paartjies se huweliksverhouding verbeter het nadat hulle ’n huweliksverrykingsprogram deurloop het. In die lig hiervan het die terme "verryking" en "voorkoming" presies dieselfde doel, naamlik die vermindering van huwelikstres (Noval, Combs, Wiinamaki, Bufford & Halter, 1996).

Alhoewel meeste huweliksverrykingsprogramme ontwerp is om die huweliksverhouding te verbeter, toon evaluerings tog dat paartjies se verhoudingskwaliteit én hulle lewe in die algemeen verbeter na afloop van ’n huweliksverrykingskursus (Hawley & Olson, 1995). Denton (1986) beklemtoon dat

verrykingsprogramme nie oorspronklik ontwerp is om paartjies met ernstige huweliksprobleme te help nie, maar eerder om gesonde huwelike verder te verryk. Paartjies met ernstige probleme woon sulke verrykingsprogramme egter meer geredelik by as diegene sonder probleme. Die interessante is egter dat selfs paartjies met ernstige huweliksprobleme gerapporteer het dat hulle baie baat daarby gevind het (Noval, Combs, Wiinamaki, Bufford & Halter, 1996).

Volgens Finkel, Rusbult, Kumashiro en Hannon (2002) vind paartjies wat vroeg in hulle huwelik ’n verrykingsprogram deurloop, baie baat daarby. Effektiewe kommunikasie en tydsbesteding, tesame met die vind van balans in die huwelik help om ’n effektiewe verhouding te vestig. Deur die toepassing daarvan vermeerder die huweliksmaats se toewyding aan mekaar vroeg in die huwelik, sodat foute makliker oorgesien of vergewe word. Groei in die verhouding is moontlik omdat die paartjies van die begin af binne goeie strukture funksioneer.

3.5 VERRYKINGSPROGRAMME

Soos aangetoon in die voorafgaande afdeling, is verrykingsprogramme ook voorkomend van aard. Daar word dus in die res van hierdie dokument uitsluitlik na verrykingsprogamme verwys. Giblin, Sprenkle en Sheehan (1985) het meer as 85 ondersoeke geëvalueer oor die uitkoms van verrykingsprogramme wat van mekaar verskil ten opsigte van dimensies soos die volgende:

- inhoud (bv. fokus op kommunikasie, gedrag of godsdiens)
- formaat (groepsverband teenoor individuele paartjies)
- tydsduur (2 tot 36 uur)
- oriëntasie (bv. die invul van werkboeke tot die uitvoer van aktiwiteite)
- opvolg (bv. tussen 2 en 52 weke na afloop van die program)

Die betrokke navorsers het bevind dat deelname aan ’n program wel ’n verskil in die paartjies se lewens gemaak het. Die uitkomste van die onderskeie ondersoeke het getoon dat die eksperimentele groepe se huweliksverhoudings, in vergelyking met die kontrolegroepe, met gemiddeld 67% verbeter het in die tyd tussen die voor- en die nameting. Ook ander navorsing in die negentigerjare toon dat paartjies wat aan verrykingsprogramme deelgeneem het, sodanig in hulle verhoudings gegroei het dat moontlike toekomstige egskeidings verhoed is (Hunt, Demaria & Hof, 1998).

Burchard et al. (2003) het gekyk na die uitkomste van twee huweliksverrykingsprogramme, naamlik die *Hope-focused program* en die *Forgiveness and reconciliation through experiencing empathy program*. Beide hierdie programme het vergifnis en die egpare se lewenskwaliteit as vertrekpunt. Volgens die resultate sal egpare huwelikstevredenheid ervaar indien hulle:

- vergifnis toepas ten opsigte van gebeure in die verlede; en
- terselfdertyd ook lewenskwaliteit nastreef deur prioriteitsbesluite te neem.

Frisch (1994) het ’n ondersoek gedoen waaraan 20 egpare deelgeneem het. Die doel van die ondersoek was om vas te stel of vergifnis lewenskwaliteit verbeter. In die ondersoek is die *Quality of Life Inventory*- (QOLI) vraelys gebruik. Die vlak van vergifnis word soos volg uiteengesit: Indien ’n huweliksmaat onreg aangedoen is, en besluit om die ander te vergewe, sal hy/sy vryheid en lewenskwaliteit op geestelike vlak ervaar. Die resultate toon dat dié paartjies met vergifnis as ’n integrerende deel van hulle kommunikasiepatrone, ook beduidend meer lewenskwaliteit ervaar het. Die handeling van vergifnis speel dus ’n sterk ondersteunende rol in die bereiking van ’n goeie kwaliteit lewe en ook die individu se doelwit van geluk. Alhoewel die ondersoekgroep klein was, het die ondersoek verskeie betekenisvolle implikasies gehad, soos die volgende:

- Individue wat vergewe, is gelukkiger is as individue wat nie vergewe nie.
- Vergifnis dra by tot verhoogde menslike welstand (oftewel, dat die mens na siel en liggaam meer tevrede is) (Witvliet, 2001).
- Daar is geen korrelasie te vinde tussen godsdienstige toewyding (mense wat ’n godsdiens gedissiplineerd navolg, bv. twee keer op ’n Sondag kerk toe gaan en op grond daarvan vergewe) en ’n kwaliteit lewe (bv. om doelwitte wat gestel word te bereik, en ’n besluit te neem om te vergewe). Die klein ondersoekgroep is ’n moontlike rede vir hierdie bevinding, aangesien vorige ondersoeke van Hadaway en Roof (1978) gevind het dat daar tog ’n korrelasie is tussen godsdienstige toewyding en geluk (oftewel ’n toestand van vrede binne ’n situasie) of menslike welstand (soos vroeër bespreek).
- Daar was ’n verbetering in sekere aspekte van die huweliksverhoudings van al die verskillende paartjies wat aan die ondersoek deelgeneem het (vergelyk die bevindings van Oliver, Mattson en Moore, 1993). Dit bevestig dat die deelname aan ’n verrykingsprogram wel ’n positiewe effek op huweliksverhoudings het.

Daar is verskeie verrykingsprogramme wat verskillende raakpunte het, hetsy die onderliggende teorie, inhoud of formaat daarvan. Elke verrykingsprogram het sy eie protokol wat op ’n spesifieke teikengroep gefokus is. Die werkswyse van die verskillende programme is ook uniek. Party programme werk op ’n een-tot-een-basis met ’n programleier, terwyl ander programme in groepsverband met ’n fasiliteerder werk. Volgens Zimpfer (1988) het albei metodes voor- en nadele. So is ’n voordeel van die een-tot-een-benadering dat die proses meer intensief met die hulp van die programleier geskied, terwyl paartjies in die groepsituasie gou agterkom dat hulle nie die enigstes is wat met sekere aspekte van die huweliksverhouding sukkel nie.

Hieruit kan afgelei word dat daar geen spesifieke manier is om verrykingsprogramme aan te bied nie, maar dat die behoeftes en samestelling van elke groep wat ’n program bywoon, in ag geneem moet word (Zimpfer, 1988).

3.5.1 Empiriese bewyse vir korttermyneffektiwiteit van verrykingsprogramme

In die afgelope twee dekades is verskeie ondersoeke gedoen wat die korttermyn-effektiwiteit van verhoudingsbevorderingsprogramme (*Relationship Enrichment programmes* = RE) bevestig het (Cavedo & Guerney, 1999; Wampler, 1990).

Giblin et al. (1985) het in ’n meta-ondersoek van 85 navorsingsprojekte, wat 14 voorkomende en verrykingsprogramme ingesluit het, en waarby ’n totaal van 4 000 paartjies betrokke was, gevind dat verrykingsprogramme oor die kort termyn effektief is. Die navorsers het aanbeveel dat kontrolegoepe beter beheer moet word; ook dat die tipe opdragte wat aan groepe gegee word, beter beplan en geformuleer word en meer spesifiek saamgestel word.

Navorsing met behulp van die PAIRS-program toon dat daar oor die kort termyn positiewe veranderinge in huwelike plaasvind. Intimiteit word byvoorbeeld verhoog, wat weer met meer huwelikstevredenheid gepaard gaan (Berger & Hannah, 1999).

3.5.2 Empiriese bewyse vir langtermyneffektiwiteit van verrykingsprogramme

Volgens Bradbury en Fincham (1990) behoort verrykingsprogramme oor die lang termyn effektief te wees. Daar is egter nie veel bewyse vir die langdurige positiewe effek van hierdie programme nie. ’n Moontlike rede daarvoor kan wees dat daar nie altyd doeltreffende opvolg na afloop van so ’n program plaasvind nie (Bradbury & Fincham).

Die *Prevention and Relationship Enhancement Program* (PREP) is een program waar navorsers positiewe ontwikkeling op die lang termyn gevind het. Twee ondersoeke (een in Denver in die VSA en een in Duitsland) is gedoen na afloop van

die PREP, en daarna het die navorsers goeie opvolgondersoeke gedoen. Beide ondersoeke het goeie opvolgresultate getoon (Floyd et al., 1995). Die deelnemers wat in Denver die verrykingsprogram bygewoon het, en waar spesifieke aspekte (onder andere huweliks- en seksuele tevredenheid) aangebied is, se huweliks- en seksuele tevredenheid het na ’n tydsverloop van vyf jaar steeds positief bly groei. Tydens die aanbieding in Duitsland het kommunikasie sterker na vore gekom, en is negatiewe kommunikasie tussen huweliksmaats ondersoek. (Met "negatiewe kommunikasie" word bedoel kommunikasie wat nie opbouend is nie.)

In die uitkomste is ’n verskil tussen die eksperimentele en die kontrolegroep gevind (die eksperimentele groep se kommunikasie met hulle huweliksmaats na afloop van die program was minder negatief as dié van kontrolegroep). Voorts was hierdie verskil na vier jaar nog groter: Die eksperimentele groep se kommunikasie met hulle huweliksmaats het verbeter, terwyl die kontrolegroep se kommunikasie selfs nog meer negatief geraak het (Floyd et al., 1995).

In ander ondersoeke is gevind dat paartjies wat binne die eerste vyf jaar van hulle huwelik ’n verrykingsprogram bywoon, ’n laer egskeidingsyfer het (Durana, 1996). Durana het ook aangetoon dat egpare wat die program deurloop het, positiewe groei toon ten opsigte van huwelikstevredenheid, konflikhantering en vlakke van intimiteit. Hierdie kenmerke was standhoudend tydens opvolgsessies ses tot agt maande later. Jakubowski, Milne, Brunner en Miller (2004) het verskeie verrykingsprogramme nagevors, en meer as die helfte daarvan het empiriese bewyse van ’n positiewe uitkoms gelewer. Alhoewel verdere navorsing nodig is om die langtermyneffektiwiteit van verrykingsprogramme te bevestig, is dit bemoedigend om te sien dat positiewe resultate wel gevind is.

3.5.3 Gemeenskaplikheid en uniekheid van verrykingsprogramme

Berger en Hannah (1999) het ’n opsomming gemaak van ’n aantal bekende verrykingsprogramme. Die volgende aspekte van die programme word onderskei: programnaam, teoretiese basis, vernaamste inhoud[1], struktuur[2], formaat[3], en die teikenpopulasie[4].

Die teoretiese basis en groeperings van die programme is in die vorige hoofstuk bespreek. Berger en Hannah (1999) se opsomming van verrykings- en voorkomingsprogramme word in Tabel 3.1 getoon. Verskeie temas wat in die meeste programme voorkom en nie in Tabel 3.1 genoem word nie, is familiegeskiedenis, selfontdekking, selfaktualisering (indien ’n individu nie tevrede met homself is nie, gaan dit baie moeilik wees om iemand anders gelukkig te maak), besluitneming en die daarstel van doelwitte.

---

[1] Elemente wat bespreek word.

[2] Struktuur word beskou as die intensiteit waarmee die program aangebied word. **Die struktuur** word verdeel in hoog, middel, laag. **Hoog** word beskou as baie een-tot-een-sessies, en **laag** dui op min of geen een-tot-een-sessies.

[3] Die tydsduur van en die presiese formaat waarin die program aangebied word, byvoorbeeld oor ‘n naweek, dag, of een uur elke week vir ses weke.

[4] Watter tipe paartjies geskik is om die program by te woon, byvoorbeeld alle paartjies, getroude paartjies, voorhuwelikse paartjies.

Tabel 3.1

Opsomming van Verrykings- en Voorkomingsprogramme (Berger & Hannah, 1999)

Program.	**Teoretiese basis**	**Inhoud**	**Struktuur**	**Formaat**	**Populasie**
ACME	Eklekties humanisties Kognitiewe gedrag	Kommunikasie Modellering	Laag	Naweek Weeklikse groepe	Funksio-nerende paartjies
ME	Religieus	Geestelik Modellering	Laag	Naweek	Getroude paartjies
RE	Rogeriaans	Kommunikasie Leer konflik/model	Gemiddeld	Marathon(2 dae) Mini (4 ure)	Getroude paartjies
SE/DW	Sosiale leer Kognitiewe gedrag	Kommunikasie Gedrag/konflik	Hoog	6 weke (1 uur)	Funksio-nerende paartjies
CC	Kommunikasie, Sisteemteorie	Kommunikasie Gedrag/selfbeeld	Gemiddeld	Eenmalig of gereelde sessies	Voorhuwe-liks of getroud
TIME	Adleriaanse teorie	Kommunikasie Gedrag/rolspel	Hoog	10 sessies, groep of paartjies	Getroude paartjies
IRT	Eklekties humanisties Objek – verhoudings	Kommunikasie Self/aangenaam	Gemiddeld	2-dae-werkswinkel (20 ure)	Alle paartjies
ENRICH	Eklekties/empiries	Kommunikasie Selfevaluasie	Hoog	2 uur en terugvoer of 4 x 2 uur sessies	Voorhuwe-liks of getroud
PAIRS	Kognitiewe gedrag Sosiale leer/eklekties	Kommunikasie Verwagtings/rolle	Gemiddeld	Intensiewe 120- uur-opleidingsprogram	Alle paartjies
SYMBIS	Boweniaanse sisteem Kognitiewe gedrag	Kommunikasie Familiegeskiedenis	Gemiddeld	10 sessies-terapie Mentorskap	Voorhuwe-likse paartjies
CCN	Religieus		Laag	1 dag mentor/ ondersteun	Alle paartjies
PREP	Sosiale leer Kognitiewe gedrag	Kommunikasie Verwagtings	Gemiddeld	6 2-uur sessies Naweek	Alle paartjies
SMH	Sosiale leer Kognitiewe gedrag	Kommunikasie Kognitiewe herstrukturering	Gemiddeld	2-dae-werkswinkel	Funksio-nerende paartjies

Nota: ACME = Association for Couples in Marriage Enrichment, ME = Marriage Encounter, RE = Relationship Enrichment, SE/DW = Structured Enrichment and Distance Writing, CC = Couple Communication, TIME = Training in Marriage Enrichment, IRT = Interpersonal Relational Training, ENRICH = Enriching & Nurturing Relationship Issues, Communication & Happiness, PAIRS = Practical Application of Intimate Relationship Skills, SYMBIS = Saving Your Marriage before it Starts, CCN = Caring Couples Network, PREP = Prevention and Relationship Enhancement Program, SMH = Sound Marital House.

Die fokuspunte van die programme het ’n paar gemeenskaplike temas, naamlik kommunikasie, modellering, gedrag en konflikhantering. Daar kan ook in Tabel 3.1 gesien word dat die programme meer op spesifieke teikengroepe gerig word.

Noval et al. (1996), O’Hanlon (1994) en Stanley et al. (1995) is dit eens dat meeste van die programme dieselfde inhoud bevat, maar telkens aangepas is om by die spesifieke teikengroep se behoeftes te pas. Om hierdie rede word ’n nuwe program in hierdie ondersoek ontwikkel wat baie van die ander programme se inhoude deel, maar tog terselfdertyd tot die teikengroep – migrante-egpare – se unieke, spesifieke en universele behoeftes en probleme spreek.

Wanneer verrykingsprogramme ontwikkel word, word etlike beginsels van verskeie ondersteunende teoretiese modelle geïntegreerd aangewend om die doel van die "nuwe" verrykingsmodel te dien. So gebruik meeste programme byvoorbeeld ’n kombinasie van kognitiewe, gedrags-, gedragsanalitiese, sosiale leer- en eklekties-humanistiese benaderings, met verskillende aksente by die aanbied van die temas. Sommige van die programme fokus ook op die geestelike lewe van die deelnemers. Vir navorsers is dit belangrik om te weet dat benaderings mekaar kan komplementeer, en so meewerk om die doelwitte van die program te bereik (Olson et al., 1989).

Wat die inhoud van die onderskeie programme betref (vergelyk Tabel 3.1) is kommunikasie, konflikhantering, rolverdeling en godsdiens van die belangrikste aspekte wat voorkom. Navorsing het bewys dat indien hierdie elemente nie doeltreffend in die huweliksverhouding hanteer word nie, dit huweliksverbrokkeling in die hand kan werk (Giblin et al.,1985).

Volgens Berger en Hannah (1999) kan die formaat van programme verdeel word in intensiewe programme (werkswinkels wat twee volle dae duur), en minder

intensiewe programme (wat verdeel word in ’n sessie van een uur wat een keer per week plaasvind en oor ’n tydperk van tussen ses tot tien sessies afgehandel word). Meeste programme bied gemiddeld tussen 10 en 20 uur opleiding aan, maar daar is ook programme wat so min as ses uur opleiding bied (C*ouple Communication CC).* Aan die ander kant van die spektrum bied ’n program soos die *Practical Application of Intimate Relationship Skills*- (PAIRS) program sowat 120 uur opleiding aan deelnemers. Sulke verskille is van kardinale belang, veral as mens in ag neem dat paartjies gemotiveer moet word om hulle vir so ’n lang tydperk tot die program te verbind. Die duur van die program het egter nie noodwendig ’n invloed op die resultate nie, omdat navorsing getoon het dat kort- en langtermynprogramme dieselfde voorkomende effek het (L’Abate, 1990).

Die voorkomingsdoelwitte van huweliksverrykingsprogramme is van dieselfde aard as dié van psigo-opleiding (Du Toit, 1987). Die psigo-opleidingsbenadering het in die sestigerjare van die vorige eeu ontstaan as die direkte gevolg van die dringende behoefte aan proaktiewe in plaas van reaktiewe optrede op sielkundige terrein. Psigo-opleiding kan gedefinieer word as opleiding wat help om psigiese probleme wat gepaardgaan met en gefundeer is in die sielkundige ontwikkeling van individue, te voorkom. Dit is daarop gerig dat die betrokke individue hulle potensiaal verwesenlik (Le Roux, 1994).

Psigo-opleiding is dus gefokus op opleiding in lewensvaardighede, en geskied veral op die interpersoonlike vlak. Psigo-opleiding as ’n sielkundige model het die volgende belangrike kenmerke: Dit is voorkomend van aard, en is ingestel op die ontwikkeling van die mens in sy geheel (Ivey & Simek-Downing,1980).

3.6 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is navorsing oor uiteenlopende ondersoeke in terme van omvang, metodiek en doelstellings gerapporteer. In die proses is bevestig dat die Circumplex-model suksesvol in ander ondersoeke gebruik is; terselfdertyd is die nut van die model vir hierdie ondersoek bevestig. Soos reeds bespreek is die hoofmotivering vir die gebruik van die Circumplex-model die wye toepasbaarheid daarvan.

Verskeie navorsers, onder andere Stinnett en DeFrain (1989), het bepaalde eienskappe van gesinne as "sterkpunte" geïdentifiseer en beskryf. Voorbeelde van sulke belangrike "sterkpunte van gesinne" is byvoorbeeld kommunikasie, gesinshandhawingstrategieë en huweliks- en gesinstevredenheid. Dit volg ook uit die gerapporteerde navorsing dat die teenwoordigheid van hierdie eienskappe in die egpaarverhouding van sentrale belang is vir die welvaart en goeie funksionering van die gesin. Die suksesvolle huweliksverhouding het ’n direkte uitwerking op ’n goed funksionerende gesin.

Alhoewel verskille gevind is in die kommunikasiepatrone van mans en vrouens, en ook in die kommunikasiepatrone tussen ouers en hulle adolessente kinders, is goeie kommunikasie noodsaaklik vir goeie verhoudings. Goeie kommunikasie is nie net ’n bindende faktor binne die huwelik nie, maar bied ook die geleentheid vir individuele groei en kontak na buite.

Bevindinge oor tevredenheid binne die huwelik is ook bespreek. Daar is onder andere gerapporteer dat persoonlike waardes, en die behoeftes en belange van die individu belangrik is vir huweliksgeluk. Veranderlikes wat in verskillende ondersoeke geïdentifiseer is en bydra tot tevredenheid, is veranderlikes soos gesinstruktuur, kommunikasie, persoonlikhede en tydsbenutting (soos byvoorbeeld in vryetydsbesteding).

Vorige navorsing het ook bevestig dat die meeste verrykingsprogramme dieselfde basiese struktuur en inhoud vertoon, en dat die programme meestal saamgestel is om ’n spesifieke teikengroep te bereik. Die verskillende programme word genoem, asook hoe hulle van mekaar verskil ten opsigte van duur en inhoud.

Psigo-opleiding is kortliks bespreek en word beskou as opleiding in lewensvaardighede en die verbetering van interpersoonlike verhoudings. Die toepassing van psigo-opleiding as ’n sielkundige model vertoon belangrike kenmerke: Dit is voorkomend van aard en ingestel op die ontwikkeling van die mens in sy geheel (Ivey & Simek-Downing,1987).

Die gerapporteerde navorsing bevestig die belangrikheid van hierdie ondersoek. Dit lig ook tekortkominge uit wat tans nog in die studieveld bestaan. Verskeie van die programme wat bespreek is, toon dat daar groot oorvleueling in die inhoud van die programme is, maar dat die motivering vir die ontwikkeling van nóg nuwe programme te vinde is in die unieke behoeftes van elke teikengroep.

HOOFSTUK 4

METODE VAN ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

Metodologies word hierdie ondersoek in drie fases verdeel. In Fase 1 word die spanningsgebiede in migrante-egpare se huwelike geïdentifiseer; in Fase II word die huweliksverrykingsprogram ontwikkel; en in Fase III word die program aangebied en geëvalueer om die impak daarvan op migrasie-huwelike te bepaal.

4.2 PROBLEEMFORMULERING

Met die formulering van die navorsingsprobleem word op drie aspekte gefokus, naamlik die ontledingseenheid, die navorsingsdoelstelling en die navorsingstrategie (Mouton & Marais, 1989).

4.2.1 Die ontledingseenheid

In hierdie ondersoek is die huweliksverhouding in migrasie-huwelike die fokuspunt. Die kriteria wat gebruik is om die navorsingsgroepe te identifiseer, is beïnvloed deur die volgende faktore:

- Vanweë die groot verskeidenheid redes waarom paartjies na die buiteland verhuis, is rede vir verhuising nie ingesluit as ’n kriterium nie.
- *The Center for Marriage and Family* (2000) het in hulle navorsing gevind dat paartjies sekere negatiewe gedragspatrone binne hulle eerste huweliksjaar aanleer. Indien dit nie binne die daaropvolgende paar jaar hanteer word nie, word dit as bepaalde gedragspatrone in hulle huwelik gevestig. Daarom is besluit om slegs egpare in te sluit wat een tot sewe jaar getroud is, sodat moontlike negatiewe gedragspatrone nog nie volkome gevestig is nie.

Drie faktore word uitgesonder as kriteria in hierdie ondersoek, en word vervolgens bespreek.

- Daar is gevind dat probleemgebiede in die huwelik binne die eerste vyf huweliksjare aandag moet ontvang, ten einde huweliksukses te bevorder (Cherlin, 1992). Navorsing bevestig dat meer as die helfte van die huwelike wat in egskeidings eindig, alreeds binne die eerste drie jaar sigbare probleme gehad het (Napier,1988). Onlangse navorsing beweer dat meer as 50% van alle huwelike binne tien jaar in die skeihof eindig (Bramlett & Mosher, 2001). Daarom is besluit om slegs egpare wat tussen een en sewe jaar getroud is, in die ondersoek te betrek.
- Omdat paartjies gereeld terugkeer na hulle land van oorsprong, is ’n beperking geplaas op die tyd wat ’n paartjie in die buiteland deurgebring het. Slegs egpare wat van nul tot vier jaar in die buiteland is, is betrek. ’n Verdere motivering hiervoor is dat verblyfpermitte vir werk in die buiteland slegs vir ’n tydperk van twee tot vier jaar uitgereik word. Permanente verblyfreg word ná vyf jaar in die buiteland ’n moontlikheid. Daar is dus ook besluit om die navorsing te fokus op ’n eenvormige ondersoekgroep waarvan geen lede permanente verblyfregstatus verkry het nie.
- ’n Verdere kriterium was dat migrasie vrywillig moes wees, aangesien gedwonge migrasie ’n stressor op sigself is, en verdere spanning op die huwelik plaas. Al die migrante-egpare het verklaar dat hulle hervestiging vrywillig was.

4.2.2 Navorsingsdoelstellings

Drie doelstellings word in hierdie ondersoek nagestreef. Eerstens is die doel om kenmerkende faktore wat bydra tot spanning in migrasie-huwelike te identifiseer en te formuleer. Om hierdie doelstelling te bereik, is van egpare in sowel Suid-Afrika as in die buiteland gebruik gemaak. Dit dek Fase I van die ondersoek.

’n Tweede doelstelling is om met behulp van die resultate wat in Fase I van die ondersoek verkry is, ’n voorlopige program te ontwikkel om die geïdentifiseerde probleemgebiede aan te spreek. Dit is Fase II van die ondersoek.

Die derde doelstelling is om die program te evalueer en die effek daarvan op die huweliksontwikkeling van migrante-egpare te bepaal. Dit dek Fase III van die ondersoek.

Deur hierdie benadering te volg, word vyf vereistes van geesteswetenskaplike navorsing nagekom. Hierdie vereistes hou naamlik in dat navorsing:

- na ’n gemeenskaplike menslike handeling verwys;
- oor ’n aspek van die werklikheid handel;
- op ’n beter begrip van die mens gerig is;
- op ’n geldige begrip van die mens gerig is; en
- objektief is (Mouton & Marais, 1990).

4.2.3 Navorsingstrategie

Die drie fases in hierdie navorsingsprojek verskil grootliks van mekaar. In Fase I word egpare in Suid-Afrika met Suid-Afrikaanse egpare in die buiteland vergelyk om vas te stel of daar enige spesifieke spanningselemente voorkom by paartjies wat gemigreer het, wat nie by vergelykbare egpare in Suid-Afrika voorkom nie. Nadat hierdie aspekte geïdentifiseer is, volg Fase II.

In Fase II word op grond van die resultate van Fase I, en vanuit bevindinge in vorige navorsing soos gerapporteer in die literatuurstudie, ’n voorlopige huweliksprogram ontwikkel wat fokus op die geïdentifiseerde problematiese aspekte vir migrante-egpare in die buiteland.

In Fase III van die ondersoek word huwelikspare in Engeland wat aan dieselfde insluitingskriteria voldoen, op ewekansige wyse toegedeel aan een eksperimentele

en twee kontrolegroepe. Die eksperimentele groep het die program wat ontwikkel is deurloop, terwyl die een kontrolegroep aan ’n ander intervensie blootgestel is en die tweede kontrolegroep geen intervensie ontvang het nie. Die deelnemers se huweliksverhoudings is voor intervensie, direk daarna en drie maande na afloop van die intervensie geëvalueer.

4.2.4 Formulering van die navorsingsvraag

Met die voorafgaande as vertrekpunt, is die volgende drie navorsingsvrae geformuleer:

- Wat is die eiesoortige (unieke) faktore in migrasie-huwelike wat tot huwelikspanning bydra?
- Wat is die inhoud van ’n verrykingsprogram wat spesifiek op migrasie-huwelike toegespits is?
- Wat is die kort- en langtermynimpak van die verrykingsprogram op migrasie-huwelike?

4.3 HIPOTESESTELLINGS

’n Hipotese is ’n stelling wat ’n vermeende verband of verskil tussen twee of meer verskynsels of veranderlikes postuleer. Teoreties word ’n hipotese altyd in ’n verklarende vorm gestel en dui dit gewoonlik op ’n verhouding tussen veranderlikes (Mouton & Marais, 1990). Die formulering van die navorsingshipoteses dien verder as tentatiewe antwoorde op die vraagstelling van die navorsingsprobleem (Smit, 1993).

Die volgende navorsingshipoteses word vir hierdie studie gestel:

1. Daar bestaan unieke spanningskenmerke by migrasie-huwelike, en dit verskil van spanningskenmerke in niemigrasie-huwelike.

2. Die program wat ontwikkel is om spanningskenmerke in migrasie-huwelike te verbeter, is effektief.

4.4 NAVORSINGSONTWERP

4.4.1 Teoretiese uitgangspunte

Die Circumplex-model (Olson et al., 1989) vir gesinsfunksionering dien as teoretiese model in hierdie ondersoek. Hiervolgens is die hoofkomponente van huweliks-funksionering ondersoek en verstaan volgens die mate van kohesie en aanpasbaarheid, gefasiliteer deur kommunikasie. Beide die ENRICH- en die PAIRS-vraelyste wat in hierdie ondersoek gebruik is, is vanuit hierdie model ontwikkel (Olson et al., 1985). Bestaande gesinsteorieë vanuit verskillende perspektiewe is ook bespreek (vergelyk hoofstuk 2), ten einde aan te toon welke aspekte van gesinsfunksionering ook vir hierdie ondersoek van belang is.

Verder is ondersoek ingestel na bestaande huweliksprogramme om te bepaal of dit nodig is om ’n nuwe program te ontwikkel, en of ’n bestaande program gebruik kan word om die doelstellings van hierdie ondersoek te verwesenlik. Die teoretiese grondslae vir die belangrikste komponente in die ondersoek, naamlik: (1) huweliksfunksionering, (2) migrasie en (3) die ontwikkeling van ’n program, is reeds in meer besonderhede bespreek (vergelyk hoofstuk 2).

4.4.2 Metodologie en benadering

Die ondersoek neem die vorm aan van ’n eenmalige dwarssnitopname by pare in Suid-Afrika en in die buiteland (Engeland). Behalwe dat vraelyste voltooi is, is semi-gestruktureerde onderhoude ook met deelnemers in beide groepe gevoer om ook ’n kwalitatiewe aanduiding van probleemgebiede te verkry.

Die totale ondersoek vind in drie fases plaas:

Fase I

- Verkryging van deelnemers

  25 pare woonagtig in Suid-Afrika (X)

  25 pare woonagtig in Engeland (Y)

- Data-insameling deur voltooiing van vraelyste en semi-gestruktureerde onderhoude
- Identifisering van spanningselemente

Fase II

- Ontwikkeling van voorlopige huweliksverrykingsprogram

Fase III

- Verkryging van deelnemers

  10 pare woonagtig in Engeland, eksperimentele groep (E)

  10 pare woonagtig in Engeland, kontrolegroep 1 (K1)

  5 pare woonagtig in Engeland, kontrolegroep 2 (K2)

- Voormeting

  Deelnemers in al drie groepe het dieselfde vraelyste as die deelnemers in Fase I van hierdie ondersoek voltooi.

- Intervensie

Eksperimentele groep	Aanbieding van die voorlopige program.
Kontrolegroep I (K1)	Hierdie groep het geen intervensie ontvang nie.
Kontrolegroep 2 (K2)	Hierdie groep het ‘n alternatiewe intervensie ontvang.

- Nameting 1

  Direk na afloop van die program het deelnemers van die eksperimentele groep en kontrolegroep 2 weer dieselfde vraelyste voltooi.

- Nameting 2

  Drie maande later het deelnemers van al drie groepe weer dieselfde vraelyste voltooi.

Vervolgens word die fases in meer besonderhede uiteengesit.

Fase I

Die deelnemers in Suid-Afrika is eerstens verkry deur afkondigings te maak in drie gemeentes, naamlik twee Nederduits-Gereformeerde (NG) gemeentes (Vereeniging in die Vaaldriehoek en Panorama in Kaapstad), en ’n charismatiese gemeente (die Eastside charismatiese kerk in Johannesburg). Tweedens het ’n onafhanklike personeelagentskap (Schoeman en Viljoen) die uitnodiging ook aan almal op hulle databasis gestuur (50% van die reaksie was hierop). Met die afkondigings in die kerke is verduidelik dat daar ’n ondersoek gedoen word na spanningselemente by migrante-egpare en dat enige paartjie wat tot sewe jaar lank getroud is, aan die ondersoek kan deelneem.

Die groep egpare in Engeland is verkry deur (1) ’n afkondiging in die Suid-Afrikaanse NG gemeente in Londen te maak, en (2) deur die uitstuur van ’n e-pos aan al die persone op die databasis van ’n Suid-Afrikaanse agentskap (Impi) wat Suid-Afrikaanse dokters, tandartse en onderwysers in Engeland plaas. Vyf-en-sestig persent van die reaksie was op hierdie e-pos. Die afkondiging in Engeland het die ondersoek op dieselfde manier verduidelik as die afkondiging in Suid-Afrika.

Die data is ingesamel deur deelnemers te vra om vier vraelyste (biografiese vraelys, ENRICH, PAIRS en MODE) in die teenwoordigheid van die navorser te voltooi. Vervolgens is ’n vergelyking tussen die groepe getref. Die verskille tussen die groepe het ’n paar spanningsfaktore uitgelig wat in hoofstuk 5 en 6 bespreek word.

Fase II

Op grond van die resultate verkry uit die vraelyste, asook uit vorige navorsing, is ’n voorlopige program vir migrante-egpare ontwikkel.

Fase III

In die laaste fase van die ondersoek is daar drie groepe deelnemers (nie dieselfde deelnemers as in Fase I nie) in Engeland verkry. Die deelnemers is weer verkry deur ’n afkondiging te maak in die Suid-Afrikaanse gemeente in Londen dat enige paartjie wat tot sewe jaar lank getroud is, aan die ondersoek kan deelneem. Daar is verduidelik dat daar drie groepe gaan wees: Een van die groepe gaan ’n program deurloop, ’n ander groep gaan ’n alternatiewe intervensie deurloop, en ’n verdere groep sal slegs as ’n kontrolegroep dien, sonder enige intervensie. Die twee groepe wat nié die program deurloop nie, sal na afloop van die ondersoek die geleentheid hê om die program te deurloop. Die uitnodiging is ook per e-pos aan almal op die databasis van ’n Suid-Afrikaanse agentskap (Impi) gestuur, en 53% van die reaksie was hierop.

Die 25 egpare wat hulle vrywillig aangemeld het om aan die ondersoek deel te neem, is in ’n eksperimentele en twee kontrolegroepe verdeel. Die verdeling is op ’n ewekansige wyse gedoen (name uit hoed getrek) deur een eksperimentele groep (10 pare) en twee kontrolegroepe (kontrolegroep 1, 10 pare; kontrolegroep 2, 5 pare) te vorm. Daar is toe aan die deelnemers gesê dat net een groep (eksperimentele groep) vervolgens die program gaan deurloop, maar dat die ander deelnemers (kontrolegroepe) die program later kan deurloop. Die eksperimentele groep het die program deurloop wat in Fase II ontwikkel is, terwyl die eerste kontrolegroep (KI) geen intervensie gehad het nie. Die tweede kontrolegroep (K2) het ’n alternatiewe intervensie deurloop (vergelyk afdeling 4.5.2.3).

4.5 STEEKPROEFNEMING

4.5.1 Die studiepopulasie

Die studiepopulasie word gedefinieer as jong getroude pare (sewe jaar en korter getroud) wat beplan om hulle vir ’n tydperk tussen een en vier jaar in die buiteland te vestig, en daarna na Suid-Afrika terug te keer. Volgens Berk (2006) word misnoeë met die huweliksverhouding reeds binne die eerste jaar ervaar; indien dit nie binne ’n paar jaar hanteer word nie, word dit vir die res van die huwelik gevestig.

In Suid-Afrika en in Engeland is daar ’n behoefte aan huweliksverryking. Die deelname aan soortgelyke programme is goed (soos bevestig met kerkleiers in Suid-Afrika en Engeland). In Suid-Afrika en Engeland is pare geïdentifiseer met die samewerking van kerkkontakpersone wat gereeld huweliksverrykingskursusse aanbied, sowel as van ’n agentskap in Londen wat Suid-Afrikaners (dokters, tandartse en onderwysers) in die buiteland plaas. Volgens die kerkleiers neem die pare wel aan kerkaktiwiteite deel, en dien die kerk as ’n vorm van ondersteuning; nietemin het die pare nie die geleentheid of die vrymoedigheid om oor hulle probleme te praat nie.

4.5.2 Deelnemers

4.5.2.1 Fase I

Van die egpare wat bereid was om deel te neem, het hulle name direk ná die kerkdiens, of so nie, binne ’n week by die kerkkantoor ingegee. Die ander het hulle name per e-pos ingegee. Daar is mondelings, sowel as per e-pos, aan hulle verduidelik wat presies van hulle verwag word. Die vrywillige deelnemers het een Sondag, soos bepaal deur kerkleiers en die navorser, in groepsverband bymekaargekom vir die invul van die vraelyste. Daar is aan hulle verduidelik dat die

data gebruik gaan word vir die ontwikkeling van ’n huweliksverrykingsprogram. Dit sou hulle egter vrystaan om hulle resultate later met die navorser te bespreek.

’n Ondersoekgroep van 25 egpare (groep X) wat in Suid-Afrika woon en 25 egpare wat in Engeland woon (groep Y) is gebruik vir die aanvanklike opname (fase I). Beide groepe het uit Suid-Afrikaners bestaan, met 98% (24 mans en 24 vroue) Afrikaanssprekendes in die Suid-Afrikaanse groep en 97.5% (24 mans en 23 vroue) Afrikaanssprekendes in die Engelse groep. Die res (2 mans en 3 vroue) was Engelssprekend. Die gemiddelde ouderdom (en standaardafwyking) van die Suid-Afrikaanse en Engelse groepe word in Tabel 4.1 getoon.

Tabel 4.1

Gemiddelde Ouderdom en Standaardafwyking van die Suid-Afrikaanse Groep (n=50) en die Groep in Engeland (n=50)

Groep	*Geslag*	*Gemiddelde ouderdom*	*SA*
SA-groep	Mans	33.2	6.2
SA-groep	Vroue	30.3	6.1
Engeland-groep	Mans	29.5	2.1
Engeland-groep	Vroue	28.3	1.8

Nota: SA-groep = Suid-Afrikaanse groep; SA = Standaardafwyking

Die gemiddelde ouderdom van die Suid-Afrikaanse groep is 32 jaar, terwyl die gemiddelde ouderdom van die ondersoekgroep in Engeland 29 jaar is.

Die gemiddelde tydperk wat die groep in Suid-Afrika en die groep in Engeland getroud was, word in Tabel 4.2 getoon.

Tabel 4.2

Gemiddelde Tydperk Getroud en Standaardafwyking van die Suid-Afrikaanse Groep (n=25) en die Groep in Engeland (n=25)

Groep	*Gemiddelde tydperk getroud*	*Standaardafwyking*
SA-groep	3.5	2.2
Engeland-groep	3.3	1.9

Nota: SA-groep = Suid-Afrikaanse Groep; SA= Standaardafwyking

Daar is nie ’n beduidende verskil tussen gemiddelde ouderdom en aantal jare getroud gevind nie (vergelyk Tabelle 4.1 en 4.2).

Op ’n vraag of die huweliksmaats al ooit egskeiding oorweeg het (vergelyk biografiese vraelys in die bylae vervat), het 4% van die ondersoekgroep in Suid-Afrika en 10% van die groep in Engeland aangedui dat hulle dit al oorweeg het om te skei.

Die groep in Engeland is gevra of hulle hervestiging gedwonge of vrywillig was. Almal (100%) in die ondersoekgroep het bevestig dat hervestiging vrywillig plaasgevind het, met die beskikbaarheid van werksgeleenthede as hoofrede. Nog twee algemene redes was die aflos van skuld en die geleentheid om in die buiteland te toer.

Deelnemers (egpare) in die twee groepe is afgepaar volgens die duur van die huwelik (een tot sewe jaar), die teenwoordigheid van kinders, hulle sosio-ekonomiese status, hulle ouderdomme en die man en vrou se werkstatus.

4.5.2.2 Fase II

Die data is ontleed en unieke probleemgebiede is geïdentifiseer. Daarna is ’n verrykingsprogram ontwikkel.

4.5.2.3 Fase III

Drie verdere groepe – naamlik twee groepe van 10 egpare elk (eksperimentele groep en kontrolegroep 1) en een groep van 5 egpare (kontrolegroep 2) – is op dieselfde wyse as in Fase I van die ondersoek verkry. Daar was nege Afrikaanssprekende egpare (90%) in die eksperimentele groep, tien (100%) in kontrolegroep 1 en vier (80%) in kontrolegroep 2. Die ander twee egpare was Engelssprekend. Die gemiddelde ouderdom van die deelnemers in die eksperimentele en kontrolegroepe word in Tabel 4.3 getoon.

Tabel 4.3

Gemiddelde Ouderdom en Standaardafwyking van die Eksperimentele en Twee Kontrolegroepe

Groep	*Geslag*	*n*	*Gemiddeld*	*Standaardafwyking*
Eksperiment	Mans	10	29	2.1
Eksperiment	Vroue	10	27.7	2.7
Kontrole 1	Mans	10	28	2.1
Kontrole 1	Vroue	10	27	2.3
Kontrole 2	Mans	5	31.4	2.3
Kontrole 2	Vroue	5	28.6	1.1

Die gemiddelde ouderdom van die eksperimentele groep was 28.5 jaar, van kontrolegroep 1 27.5 jaar en van kontrolegroep 2 28 jaar. Die gemiddelde tyd wat die eksperimentele en kontrolegroepe op daardie tydstip getroud was, word in Tabel 4.4 getoon.

Tabel 4.4

Gemiddelde Tydperk wat Deelnemers in die Eksperimentele en Kontrolegroepe Getroud was

Groep	*n*	*Gemiddeld*	*Standaardafwyking*
Eksperimenteel	10	3.2	2.1
Kontrole 1	10	2.4	2.0
Kontrole 2	5	3.8	1.8

Dit is dus duidelik uit Tabel 4.4 dat die gemiddelde tydperk van getroud wees grootliks ooreenstem.

Op die vraag of die deelnemers tersiêre opleiding ondergaan het, was dit interessant om te vind dat meeste van die deelnemers in al drie groepe in Engeland wel tersiêre opleiding gehad het. 90% van die eksperimentele groep en 100% van beide kontrolegroepe het aangedui dat hulle wel naskoolse opleiding ontvang het.

Op die vraag of die deelnemers al egskeiding oorweeg het, het 10% van die eksperimentele groep verklaar dat hulle al egskeiding oorweeg het, terwyl 5% van kontrolegroep 1 ook bevestig het dat hulle al egskeiding oorweeg het. Niemand in kontrolegroep 2 het al egskeiding oorweeg nie.

As deel van die biografiese vraelys is die deelnemers gevra om ’n merkie te maak langs ’n lys van moontlike aspekte wat spanning in hulle huwelik kan veroorsaak. Die volgende aspekte is gelys: alleenheid, vreemde kultuur, afstand van familie, afstand van vriende, werkslading, rolverdeling, seks, en finansies. By twee van die aspekte, naamlik afstand van familie en afstand van vriende, is verskille vasgestel by sowel die eksperimentele as die kontrolegroepe. By die ander aspekte was daar geen verskille tussen die groepe nie.

Aan al drie groepe is gevra of hulle hervestiging gedwonge of vrywillig was. Hierop het almal bevestig dat hulle hervestiging vrywillig was.

4.5.3 Meetinstrumente

’n Kort semi-gestruktureerde onderhoud is in Fase 1 en 3 van die ondersoek met elke paartjie in Engeland gevoer. Die volgende vrae is aan hulle gestel:

1. Het hervestiging, al is dit tydelik van aard, ekstra of ander spanning in julle huwelik veroorsaak ?
2. Watter faktore dink jy het daartoe aanleiding gegee?
3. In watter gebiede van julle huwelik kom hierdie spanning die meeste na vore?

Aan die egpare in Suid-Afrika (Fase 1) is die volgende gevra:

1. Is daar tans spanningsgebiede in julle huwelik?
2. Watter faktore dink jy het daartoe aanleiding gegee?
3. In watter gebiede van julle huwelik kom hierdie spanning die meeste na vore?

Die onderhoude het tussen drie en ses minute geduur. By kwalitatiewe navorsing word aanbeveel dat ’n onafhanklike onderhoudvoerder die onderhoude voer. In hierdie ondersoek is die onderhoude deur die navorser self gevoer. In hierdie ondersoek is leidende (“guiding”) vrae gebruik, soos of hervestiging tot verdere spanningselemente in die huwelik gelei het. In kwalitatiewe navorsing word geldigheid en betroubaarheid op ’n andersoortige manier beskou. Faktore soos opregtheid, eerlikheid en die openhartigheid van die deelnemers is aspekte wat vir die onderhoudvoerder van belang is. Omdat hierdie ondersoek die insameling van inligting oor spanningselemente in die huwelik behels het, behoort die feit dat die

navorser self die onderhoudvoerder was, nie die betroubaarheid of geldigheid van die data te beïnvloed nie.

Die volgende vier vraelyste is in Fase 1 en 3 in hierdie ondersoek gebruik:

4.5.3.1 Biografiese vraelys

Uit die biografiese vraelys wat in Fase 1 en 3 van die ondersoek gebruik is, is die volgende inligting bekom: naam en van, ouderdom, geslag, hoeveelste huwelik en duur daarvan (indien voorheen getroud), aantal kinders, kinders se geslag en ouderdom, huidige beroep en duur van huidige huwelik. ’n Enkelitembeoordeling is ingesluit om faktore te identifiseer wat volgens die deelnemers tot addisionele spanning in die huwelik bydra, byvoorbeeld vryetydsbesteding, afstand van vriende en familie, finansies, en sekslewe. Die invul van die volledige vraelyste het ongeveer 45 minute geneem.

4.5.3.2 *Enriching & Nurturing Relationship Issues, Communication & Happiness* (ENRICH) (Olson, Fournier & Druckman, 1983)

In vorige navorsing oor probleemgebiede in paartjies se verhoudings is verskeie probleme geïdentifiseer. Olson et al. (1983) het hierdie probleme in drie groepe geplaas, naamlik persoonlike probleme, interpersoonlike probleme en eksterne probleme.

Die *Enriching & Nurturing Relationship Issues, Communication & Happiness* (ENRICH)-vraelys van Olson et al. (1982) word gebruik om spesifieke aspekte van die huwelik sowel as globale huwelikstevredenheid direk te meet. Die totale skaal bestaan uit 115 items. Elke subskaal bestaan uit 10 items (in ooreenstemming met die 10 hoofkategorieë van ENRICH), en die ander 15 items bepaal deelnemers se eerlikheid met die invul van die vraelys. Die deelnemer moet elke item op ´n vyfpunt-

Likertskaal beoordeel (Fowers & Olson, 1993). ´n Hoë telling dui op aanpasbaarheid en tevredenheid met die meeste aspekte van die huweliksverhouding (behalwe aspekte soos rolverantwoordelikheid waar ’n lae telling aanpasbaarheid en tevredenheid aandui), terwyl ´n lae telling ’n tekort aan tevredenheid en ’n besorgdheid oor daardie aspek van die huwelik weerspieël. Die interne betroubaarheidskoëffisiënt (Alpha) is 0.81 en die toets-hertoets-betroubaarheid (na vier weke) is 0.86 (Olson et al., 1982).

Aspekte van die huweliksverhouding wat geëvalueer word, is huweliksmaats se tevredenheid met:

- persoonlike eienskappe van die huweliksmaat

  Hierdie subskaal assesseer die individu se persepsie van sy/haar maat se gedragsprobleme en sy/haar vlak van tevredenheid of ontevredenheid met die maat se probleme. Items weerspieël eienskappe soos luiheid, humeur, jaloesie en hardkoppigheid.

- rolverantwoordelikheid

  Hierdie subskaal assesseer die individu in die verhouding se gevoel en gesindheid teenoor verskillende huweliks- en gesinsrolle. Items fokus op die werks-, huishoudelike, seks- en ouerskapsrolle.

- kommunikasie

  Hierdie subskaal handel oor die individu se gevoel en gesindheid teenoor die kommunikasie in die verhouding. Items konsentreer op hoe gemaklik huweliksmaats emosionele ervarings deel of hanteer.

- oplossing van konflik

  Hierdie subskaal assesseer die individu se gevoelens en gesindheid teenoor, en geloof in die bestaan en oplossing van konflik in hulle verhouding. Die

items verwys na die openheid van huweliksmaats om probleme te identifiseer en op te los, strategieë en prosedures om argumente te beëindig, en hulle tevredenheid met die manier waarop probleme opgelos word.

- finansiële kwessies

  Hierdie subskaal evalueer die wyse waarop ekonomiese probleme binne die verhouding bestuur word. Items fokus op die individue binne die verhouding se tendense om uit te gee eerder as te spaar; hoe die individue oor skuld voel; en of huweliksmaats tevrede is met hulle finansiële status.

- hantering van vrye tyd

  Hierdie subskaal assesseer die individue binne die verhouding se keuse van vryetydsbesteding. Items verwys na wat die huweliksmaats verkies om met hulle vrye tyd te doen.

- seksuele verhouding

  Hierdie subskaal assesseer die individu se gevoelens en gesindheid teenoor sy/haar seksuele verhouding met sy/haar maat. Items reflekteer tevredenheid met seksuele omgang, en selfs die openhartigheid om die onderwerp met mekaar te bespreek.

- ouer-verantwoordelikheid

  Hierdie subskaal assesseer die individu in die verhouding se gesindheid teenoor kinders. Items weerspieël hoe bewus die paartjie is van die impak van kinders op die verhouding, en hulle voorbereidheid daarop.

- verhouding met familie en vriende

  Hierdie subskaal assesseer gevoelens teenoor die familie, skoonfamilie, skoonouers en vriende. Die items handel oor verwagtinge oor die tyd wat aan familie en vriende spandeer moet word.

- godsdienstige oriëntasie

  Hierdie subskaal assesseer die waarde wat die huweliksmaats aan godsdienstige gewoontes en gebruike binne die konteks van die huwelik heg. Items konsentreer op die belangrikheid van geloof, die huweliksmaats se betrokkenheid by kerkaktiwiteite en die verwagtinge van godsdienstige rolle wat hulle moet vervul.

´n Hoë telling dui op aanpasbaarheid en tevredenheid met die betrokke aspekte van die huweliksverhouding; ´n lae telling weerspieël ontevredenheid en besorgdheid oor daardie aspekte van hulle huwelik. Die interne betroubaarheidskoëffisiënt (Alpha) van die subskale wissel tussen 0.68 en 0.92, en die toets-hertoets-betroubaarheid (na vier weke) wissel tussen 0.81 en 0.92 (Olson et al., 1982).

4.5.3.3 *Practical Application of Intimate Relationship Skills* (PAIRS) (Gordon, 1999)

Die *Practical Application of Intimate Relationship Skills* (PAIRS)-vraelys word gebruik om te bepaal watter graad van intimiteit ’n gade teenoor sy/haar maat ervaar of beleef (Schaefer & Olson, 1981). Die totale skaal bestaan uit 36 items. Dit is ’n selfrapporteervraelys wat die graad van die ***verlangde*** intimiteit sowel as die ***werklike*** intimiteit op vyf dimensies meet, naamlik:

- emosionele intimiteit: om na aan iemand te voel
- sosiale intimiteit: om gesamentlike vriende te hê en ’n gedeelde belangstelling in sosiale netwerke
- seksuele intimiteit: om algemene toegeneentheid en/of seksuele aktiwiteite te deel
- intellektuele intimiteit: om idees te deel

- ontspanningsintimiteit: om belangstelling in stokperdjies of deelname aan sport te deel

Die tellings het betekeniswaarde wat betref verskille tussen ’n persoon se beleefde en verlangde graad van intimiteit, sowel as verskille tussen die paar se onderlinge individuele tellings. Elke individu en paar kan self besluit wat “goed” of “ideaal” vir hulle is. Die beste interpretasie van die tellings kan geskied deur die verskille tussen die maats se beleefde en verlangde tellings te vergelyk (Schaefer & Olson, 1981).

Die interne betroubaarheidskoëffisiënt (Cronbach-alpha) van die PAIRS is 0.70 en dié van die subskale is soos volg (Schaeffer & Olson, 1981): emosioneel 0.75, sosiaal 0.71, seksueel 0.77, intellektueel 0.70, ontspanning 0.70 en konvensionaliteit 0.80. Samevallende geldigheid is verkry deur beduidende positiewe korrelasies met die Locke-Wallace *Marital Adjustment Scale* en die *Cohesion*- en *Expressiveness*-subskale van die Moos *Family Environment Scale* (Schaefer & Olson).

4.5.3.4 *Management of Differences Exercise* (MODE) (Kilmann & Thomas, 1977)

Die Thomas-Kilmann MODE- (*Management of Differences Exercise*) vraelys (Kilmann & Thomas, 1977) is gebruik om die konflikhanteringstyl van die individue binne die verhouding te meet. Die vraelys is gebaseer op die konflikhanteringsmodel soos geformuleer deur Blake en Mouton (1985).

Die MODE het 30 pare stellings oor maniere van konflikhantering. Deelnemers word gevra om dié stelling in elke paar te kies wat hulle manier van konflikhantering die beste beskryf. MODE vergelyk goed met soortgelyke instrumente ten opsigte van toets-hertoets-betroubaarheid, met ’n gemiddelde toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënt van 0.64 (Kilmann & Thomas, 1977). Verskeie navorsers het van hierdie instrument gebruik gemaak, wat die gebruik daarvan in hierdie ondersoek

steun (De Kock, 1995; Duane,1989; Greeff, 1995; Ohbuchi & Takahashi, 1994; Tang & Kirkbridge, 1986).

Vyf moontlike maniere van konflikhantering word onderskei, naamlik:

- vermyding (*avoid*)
- kompetisie (*competing*)
- kompromie/toegewing (*compromise*)
- akkommodasie (*accommodate*)
- samewerking (*collaborate*)

Elk van hierdie maniere van konflikhantering het ’n sekere uitwerking op die individu, asook op die verhouding self. Die verskillende grade van beïnvloeding word in Tabel 4.5 getoon (Kilmann & Thomas, 1977).

Tabel 4.5

Konflikhanteringstyl en Effek op Individu se Behoeftes en die Verhouding

Konflikhanteringsmetode	Effek op individu se behoeftes	Effek op die verhouding
Vermyding	Min	Laag
Kompeteer	Hoog	Laag
Kompromie	Min	Hoog
Akkommodeer	Hoog	Laag
Samewerking	Hoog	Hoog

Al die vraelyste is afsonderlik deur die mans en die vroue in die teenwoordigheid van die navorser ingevul. Ná voltooiing van die vraelyste is dit deur die navorser nagesien en is ’n datalêer vir statistiese ontledings voorberei.

4.6 PROSEDURE

4.6.1 Inleiding

Omdat die paartjies in Suid-Afrika in drie verskillende dele van die land gewoon het (Kaapstad, Johannesburg en die Vaaldriehoek), en die paartjies in Engeland wyd verspreid was, was daar in Suid-Afrika drie groepsbyeenkomste, en in Engeland (Londen) twee groepsbyeenkomste. Dieselfde prosedures is by elk van die groepsbyeenkomste gevolg.

Gegewens is tydens ’n periode van twee weke (einde Augustus tot begin September 2002) ingesamel. In Suid-Afrika is dit onderskeidelik op 23 en 24 Augustus in Johannesburg en die Vaaldriehoek gedoen, en op 31 Augustus in Kaapstad. Die buitelandse gegewens is van 5 tot 11 September 2002 in Engeland ingesamel. Kerkleiers wat aan die navorser bekend is, het die binne- en buitelandse groepe op ’n vrywillige basis byeengekry. Daar is eers in die kerke afgekondig dat hierdie ondersoek geloods gaan word, en die paartjies is op ’n vrywillige basis genooi om aan die ondersoek deel te neem. Daarna het ’n aksiepersoon met ’n databasis van kerklos en kerkvas mense tot sy beskikking, dieselfde afkondiging en uitnodiging per e-pos uitgestuur.

Elke paartjie wat op die kerk- en e-posuitnodiging gereageer het, is gekontak om vas te stel of hulle bereid sou wees om ’n byeenkoms in hulle omgewing by te woon. Nadat die doel van die ondersoek aan hulle verduidelik is, is hulle gevra of hulle bereid is om aan Fase I van die ondersoek deel te neem. Tydens elk van hierdie ontmoetingsgeleenthede het ’n kort kenmekaaraktiwiteit plaasgevind, waarna die volgende vier vraelyste afsonderlik deur die mans en vroue, in die teenwoordigheid van die navorser, ingevul is: ’n biografiese vraelys, *Enriching & Nurturing Relationship Issues, Communication & Happiness* (ENRICH), *Practical Application of*

Intimate Relationship Skills (PAIRS), en die konflikhanteringstylvraelys *Management of Differences Exercise* (MODE). Daarna is ’n kort semi-gestruktureerde onderhoud met elke paartjie gevoer. Om die proses ordelik te maak, het die onderhoude plaasgevind in ’n vertrek waar die deelnemers op voorafbepaalde tye byeengekom het. Die deelnemers (een paar op ’n slag) het die vertrek binnegekom en is op hulle gemak gestel, waarna die semi-gestruktureerde onderhoud met hulle gevoer is. Die onderhoude was kort en ’n tydsbeperking het gegeld, om te verhoed dat sommige deelnemers nie ’n onderhoud sou kon hê nie. Dit was op daardie stadium belangriker dat onderhoude wel met almal gevoer word.

Die data van die groepe in Suid-Afrika en Engeland is binne die bestek van drie weke ingesamel. Die paartjies wat die byeenkomste bygewoon het, was almal bereid om die vraelyste in te vul en die onderhoude toe te staan. Nadat die vraelyste gemerk is, is die data vir statistiese analise gekodeer. Die data is daarna verwerk en probleemgebiede uniek aan migrasie-huwelike is geïdentifiseer.

Die resultate van Fase I van die ondersoek word in hoofstuk 5 bespreek.

In Fase II van die ondersoek is die verrykingsprogram ontwikkel wat gerig is op die behandeling en voorkoming van die geïdentifiseerde probleemgebiede in migrasie-huwelike.

In Fase III is ’n nuwe steekproef van 25 egpare wat aan die insluitingskriteria voldoen het, in Engeland verkry. Hulle is in September 2003 bekom, op dieselfde wyse as die egpare wat aan Fase I van die ondersoek deelgeneem het. Hulle is op ewekansige wyse in drie groepe verdeel, met 10 pare wat die huweliksverrykingsprogram deurloop het in die eksperimentele groep (E). Drie maande later is ’n nameting met hierdie groep gedoen. Die eerste kontrolegroep (K1) het bestaan uit 10 pare wat nie die program deurloop het nie, maar wel aan ’n

nameting (drie maande later) onderwerp is. Die tweede kontrolegroep (groep K2) is aan ’n alternatiewe intervensie blootgestel. ’n Naweek-kampaktiwiteit (wat nie direk met die spesifieke fokusgebiede verband hou nie) is aangebied met die doel om die groepseffek binne die eksperimentele groep te neutraliseer. ’n Nameting is ook drie maande later gedoen.

Die doel van die tweede kontrolegroep was om statisties vir die groepseffek (samehorigheidsgevoel) te kontroleer. Dit is belangrik om te kan aandui dat die verrykingsprogram – en nie bloot die saamwees van die groep nie – ’n verandering in die huwelike van die eksperimentele groep bewerkstellig het. Die lede van albei kontrolegroepe, K1 en K2, is op ’n latere stadium die geleentheid gegee om ook die verrykingsprogram te deurloop.

’n Voormeting is op Vrydag 12 September 2003, voor die aanvang van die program met al drie groepe gedoen. Daar is ook twee nametings gedoen. Die eerste het direk na afloop van die program op Sondag 14 September 2003 plaasgevind. Die eksperimentele groep en die tweede kontrolegroep (K2) het weer die vraelyste voltooi. Op hierdie stadium het kontrolegroep K1 nie die vraelyste voltooi nie. Die tweede nameting waarby al drie groepe betrek is, is drie maande later op Maandag 24 November 2003 gedoen. Die rede waarom die eerste nameting nie op kontrolegroep (K1) gedoen is nie, is dat daar geen intervensie by hulle plaasgevind het nie. In al drie gevalle is die reeds aangeduide vraelyste gebruik.

Daar is ook kort semi-gestruktureerde onderhoude gevoer (24–28 November 2003) met deelnemers van beide die eksperimentele groep en die tweede kontrolegroep (K2). Al die deelnemers het vrywillig aan die projek deelgeneem.

4.6.2 Nasien van vraelyste

Kwalitatiewe en kwantitatiewe ontledings is gedoen in Fase I en Fase III van die ondersoek. Dieselfde vraelyste is gebruik in Fase I en in die voor- en nametings van Fase III. Voorskrifte vir die nasien en interpretasie van die vraelyste word in die publikasie *Family Inventories* (Olson et al., 1985) beskryf. Al die vraelyste is eers per hand nagesien, en is ook ’n tweede keer nagesien om die betroubaarheid van die resultate te bevestig. In sekere vraelyste is sommige items negatief bewoord. Met die omkeer van item-responswaardes (’n 5 word ‘n 1 en ’n 4 word ’n 2 en omgekeerd) tydens die nasien daarvan, verkry die items ’n positiewe betekenis. Die subskaaltellings is dan die som van die itemtellings. Die vraelyste wat tydens hierdie ondersoek gebruik is, is ENRICH, PAIRS, MODE en ’n biografiese vraelys.

Die datastelle is afsonderlik deur twee persone gekontroleer, waarna ’n finale datalêer vir statistiese verwerking voorberei is.

Wat die kwalitatiewe data betref, is die onderhoude getranskribeer, en ontledings gedoen om die temas te identifiseer.

Al die roudata is beskikbaar by die navorser vir verdere ontledings of vergelykende ondersoeke deur ander navorsers.

4.6.3 Data-ontleding

Cohen (1989) wys daarop dat die gebruik van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe data-insamelingstegnieke aan te beveel is. Hy beskou hierdie metodes as aanvullend tot mekaar, en is van mening dat die gesamentlike gebruik daarvan ’n beter geheelbeeld bied.

In die kwalititatiewe en kwantitatiewe ontledings is die tegnieke van inhoudsontleding, meervoudige analise van variansie en regressieontledings gebruik om die gegewens mee te verwerk (Clark-Carter, 2003).

Ten einde kenmerkende stres- en probleemgebiede by mans en vroue en ook tussen groepe (Suid-Afrika en Engeland) te identifiseer, is meervoudige analises van variansies gedoen. Regressieontledings is gedoen om huwelikstevredenheid of -ontevredenheid te voorspel.

Ten einde die impak van die program te bepaal, is ’n meervoudige analise van variansies gebruik. Die *Bootstrap*-tegniek is in sekere probleemgevalle gebruik om die uitslag van die resultate te bevestig. Fearon (2003) beweer dat die krisis met kleiner steekproewe in ’n mate opgelos word deur hierdie soort tegniek in te span – dit is naamlik ’n nie-parametriese tegniek wat ’n groep waarnemings doen, die steekproef as die ware populasie beskou, en dan verskillende proefnemings gebruik om die resultate op verskeie maniere te toets. Dit is byvoorbeeld van toepassing wanneer bevestig moet word dat resultate wel beduidend is. In al die statistiese ontledings is die Statistica 7 rekenaarpakket gebruik (Statsoft Inc., 2004).

Die getranskribeerde onderhoude is kwalitatief ontleed volgens die metode van Miles en Huberman (1994). Onderhoude wat deur ’n onafhanklike persoon gevoer is, word verkieslik gebruik. Die onderhoude word op band opgeneem en later getranskribeer. Vier tipes vrae vorm die basis van die onderhoudvoerder se vrae, naamlik teoretiese vraagstelling, sensitiseringsvraagstelling, praktiese vraagstelling en leidende vraagstelling. Leidende vraagstelling het die formulering van vrae in hierdie ondersoek gerig, omdat daar tydens die onderhoude na spesifieke antwoorde gesoek is.

Na afloop van die onderhoude is die getranskribeerde roudata verder verwerk. Die metode behels dat sekere temas in die data geïdentifiseer is om losstaande dele bymekaar te voeg. Eerstens word die data opgesom, en die opsommings word dan as ’n aantal kleiner temas gegroepeer. Die temas word uitgelig en bevestig deur

frases wat herhaaldelik voorkom. Hierdeur word ’n groot hoeveelheid data tot ’n aantal kleiner analitiese eenhede afgeskaal (Miles & Huberman, 1994). Volgens De Lange (1991) lei hierdie metode tot ’n geïntegreerde skema wat die onverwerkte data van interaksionele patrone en gebeure verstaanbaar maak.

Die doel van die gebruik van kwantitatiewe én kwalitatiewe data-ontledingstegnieke is om die geldigheid en betroubaarheid van die resultate te verhoog.

4.7 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ’n uiteensetting gegee van drie sentrale aspekte, naamlik die ontledingseenheid, die navorsingsdoelstellings en die navorsingstrategie. Die ontledingseenheid is huweliksverhoudings van migrante-egpare. Die navorsingsdoelstellings is om spanningsfaktore by migrante-egpare te identifiseer en te formuleer en vanuit die resultate ’n voorlopige huweliksverrykingsprogram te ontwikkel. Daarna is die program geëvalueer om die impak daarvan op die ontwikkeling van migrasie-huwelike te bepaal. Die derde aspek waarop gekonsentreer is, is die navorsingstrategie, wat die drie fases van die ondersoek behels.

Die volgende vier navorsingsvrae is geformuleer:

- Wat is die eiesoortige faktore in migrasie-huwelike wat tot huwelikspanning bydra? Wat is die inhoud van ’n verrykingsprogram wat spesifiek op migrasie-huwelike toegespits is?
- Watter metode van aanbieding kan gevolg word by huweliksverryking in migrasie-huwelike?
- Wat is die kort- en langtermynimpak van die verrykingsprogram op migrasie-huwelike?

Die navorsingsontwerp bestaan uit drie fases, met Fase I die vergelyking tussen ’n groep in Suid-Afrika en ’n Suid-Afrikaanse groep in Engeland om vas te stel of daar unieke spanningsfaktore by die groep in Engeland voorkom. Fase II bestaan uit die ontwikkeling van ’n huweliksverrykingsprogram vir migrasie-huwelike, en die doel van Fase III is om vas te stel of die program ’n langtermynimpak op die migrante-egpare het.

Die navorsingsprosedure wat gevolg is om die data in die verskillende fases te bekom, is in besonderhede bespreek.

Daar is vier meetinstrumente in die ondersoek gebruik, naamlik die biografiese vraelys, ENRICH, PAIRS en MODE. Die biografiese vraelys is deur al die deelnemers voltooi. ’n Enkelitembeoordeling van huwelikstevredenheid is ook in die biografiese vraelys ingesluit. Dit dien as ’n eksterne kontrole vir die indirekte meting van huwelikstevredenheid met die PAIRS asook vir die direkte meting met ENRICH. Die konflikhanteringsvraelys (MODE) is gebruik om vas te stel watter tipe styl deelnemers in hulle hantering van konflik aanwend.

Met die tweede nasien van die vraelyste en die transkribering van die onderhoude is sorg gedra om die moontlikheid van foute tot die minimum te beperk. Vir die verwerking van die gegewens is bekende statistiese tegnieke gekies wat die interpretasie van die resultate eenvoudig en duidelik maak. Die resultate van Fase I van die ondersoek word in Hoofstuk 5 aangebied.

HOOFSTUK 5

RESULTATE

FASE 1

5.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk bevat die resultate van Fase I van die ondersoek. Eerstens word die kwalitatiewe resultate weergegee en daarna die kwantitatiewe resultate. Wanneer verslag gedoen word oor die kwantitatiewe resultate en daar kwalitatiewe data is wat dit bevestig of weerspreek, word dit geïntegreerd met daardie resultate aangebied.

Die semi-gestruktureerde onderhoude het belangrike inligting na vore gebring. ’n Groot persentasie van die paartjies (die groep in Engeland) het spanningsgebiede in hulle huwelik as gevolg van die hervestiging ervaar. Sommige van hierdie spanningsgebiede sou nie na vore gekom het indien net vraelyste gebruik is nie.

Daar is sekere van die huweliksaspekte waar die verskille tussen die egpare in Suid-Afrika en die egpare in Engeland nie statisties beduidend is nie ($p>.05$), maar as ’n tendens beskou en ingesluit word in die bespreking van die resultate, omdat hierdie aspekte wel deur die kwalitatiewe resultate ondersteun word. Aan die ander kant is daar ook resultate wat op ’n sterk tendens dui ($p>.05$), maar as bloot toevallig beskou word. Die rede hiervoor is dat die kwalitatiewe resultate nie hierdie resultate ondersteun nie.

Biografiese besonderhede

Al die paartjies is ooreenkomstig die insluitingskriteria beperk wat betref die duur van die huwelik en die tydperk van verblyf in die buiteland. Omdat die ondersoek juis gemik is op migrasie-huwelike, gee die biografiese besonderhede aandag aan twee faktore: of die hervestiging vrywillig of gedwonge was, en wat die doel van die

hervestiging is. Al die paartjies het aangedui dat hervestiging vrywillig was, sonder druk van enige aard.

Vyf moontlike redes vir hervestiging is genoem, naamlik:

- ’n werksgeleentheid (daar is meer werksgeleenthede in die buiteland)
- misdaad in Suid-Afrika
- politiek
- die aflos van skuld
- ander (byvoorbeeld om te toer)

Dit het geblyk dat “toer” die enigste rede onder laasgenoemde was, en dus is die kategorie “Ander” met “Toer” vervang.

Die resultate word in Figuur 5.1 aangedui:



Figuur 5.1 Verspreiding van moontlike redes vir hervestiging (N=50)

Die grootste persentasie deelnemers het hulle hervestig as gevolg van beskikbare werksgeleenthede in die buiteland. Die redes wat tweede en derde meeste aangevoer is, was die aflos van studieskuld en om te toer (om die wêreld te

sien). Dit blyk dus dat finansies ’n belangrike rol gespeel het in hierdie jong getroude paartjies se keuses.

Die biografiese vraelys bevat ook as ’n enkelitembeoordeling sekere vrae oor onderwerpe soos alleenheid, vrye tyd, afstand van familie en vriende, en werkslading. Die deelnemers in Suid-Afrika en Engeland moes hierdie vrae beantwoord deur ’n kruisie langs die item te maak indien dit ’n aspek verteenwoordig wat spanning in hulle huwelik veroorsaak. ’n CHI-kwadraat-ontleding is gedoen om afhanklikhede tussen hierdie aspekte, en die land waarin hulle tans woon, te bepaal. Die resultate word in Tabel 5.1 aangetoon.

Tabel 5.1

Aspekte wat Meer Bydra tot Spanning in die Huwelike in Engeland op Grond van ’n CHI-kwadraat-Ontleding

Aspekte	p-waardes
Vreemde kultuur	0.84
Alleenheid	0.72
Afstand van familie	0.08**
Afstand van vriende	0.02*
Werkslading	0.83
Rolverdeling	0.66
Seks	0.77
Finansies	0.48
Kinders	0.00*
Woonplek	0.77

*$p<0.05$

**$p<0.10$

Vanuit die tien gerapporteerde aspekte wat spanning in die huwelik kan veroorsaak, is daar twee wat beduidend meer by die paartjies in Engeland voorgekom het (vergelyk Tabel 5.1). Die aspek van kinders toon ’n beduidende verskil (p=0.00) tussen die twee groepe, wat verwarrend kan wees. Die verklaring hiervoor is egter dat die paartjies in Engeland nie kinders het nie, en dus die vraag geïgnoreer het, of neutraal geantwoord het. Die ander aspekte met geen beduidende verskille of tendense tot verskille tussen die twee groepe, word nie verder bespreek nie. Die aspekte wat ’n tendens tot ’n verskil tussen die twee groepe getoon het, word in Figuur 5.2 en 5.3 getoon (vergelyk Tabel 5.1).



Figuur 5.2 Oordeel van deelnemers of afstand van familie ‘n uitwerking op hulle huweliksverhouding het (groep SA n=50, groep Eng n=50)

Die resultate (vergelyk Figuur 5.2) toon die volgende: Meer individue in Engeland as in Suid-Afrika meen dat die afstand tussen hulle en hulle familie ’n effek op hulle huwelik het. Die verskil is egter nie statisties beduidend nie (p= 0.08).

Die deelnemers (individue) se mening oor of die afstand tussen hulle en hulle vriende ’n uitwerking op hulle huweliksverhouding het, word in Figuur 5.3 getoon.



Figuur 5.3 Oordeel van deelnemers of afstand van vriende ’n effek op hulle huweliksverhouding het (groep SA n=50, groep Eng n=50)

Weer eens het meer individue in Engeland gemeen dat die afstand wat hulle van hulle vriende af woon, ’n uitwerking op hulle huweliksverhouding het. In hierdie geval verskil die twee groepe wel statisties beduidend van mekaar (p=0.02).

5.2 KWALITATIEWE RESULTATE

Semi-gestruktureerde onderhoude is met elke paartjie in Engeland en Suid-Afrika gevoer. Die doel was om vas te stel wat die aard van spanningselemente in hulle huwelik is.

Die response van die groepe word volgens natuurlike temas weergegee (Miles & Huberman, 1994). Die temas is geïdentifiseer deurdat dit herhaaldelik na vore gekom het (meer as vyf keer), en is die volgende: gesinseenheid, rolverdeling, intimiteit, kommunikasie en buitefaktore. Vervolgens word die geïdentifiseerde temas vir die egpare in Engeland gegee. Aan die einde van elke paragraaf word aangedui hoeveel woordelikse response (vergelyk Bylae 1) die betrokke tema bevestig.

Gesinseenheid

Met gesinseenheid word verstaan dat die huwelik tussen net twee mense bestaan, en dat geen ander persoon, hetsy ouers, kinders, vriende of enige ander persoon daardie plek mag inneem nie. Vertroue is die basis van die gesinseenheid, en die veiligheid in die verhouding word deur vertroue bevestig.

Woordelikse response: 8

Rolverdeling

Met rolverdeling word verstaan die rolle wat die paartjie elk binne die verhouding aanvaar, en ook dat hulle tevrede is met hulle onderskeie rolle.

Woordelikse response: 7

Intieme verhouding

Met die term "intieme verhouding" word verstaan hoe die paartjie seksueel in hulle verhouding groei en wat die aard van hulle kommunikasie oor die onderwerp is.

Woordelikse response: 15

Kommunikasie/Konflikhantering

Hierdie tema verwys na die wyse waarop die paartjie binne die verhouding kommunikeer, en hoe hulle die konflik hanteer wat mag ontstaan.

Woordelikse response: 17

Buitefaktore

Hiermee word verwys na dié struikelblokke of bedreigings buite die verhouding wat ’n invloed het op die verhouding self, soos byvoorbeeld werk, sport, en tye weg van huis.

Woordelikse response: 11

Tabel 5.2 toon aan hoe gereeld die temas na vore gekom het.

Tabel 5.2

Die Voorkoms van Temas (Spanningselemente) Gedurende die Onderhoude in Engeland (n=50)

	Gesinseenheid	Rolverdeling	Intimiteit	Kommunikasie	Buitefaktore
Mans	3	4	9	8	6
Vroue	5	3	6	9	5

Die kwalitatiewe data wys op vyf gebiede as moontlike bronne van spanningselemente in migrasie-huwelike. Sulke elemente ten opsigte van die laaste tema is woonplek, lang tydperke weg as gevolg van vervoer, afstand van werk, werkslading, en afstand van ouers. Die voorkoms van die spanningsfaktore en die getal gesinne by wie temas meer as twee keer manifesteer, word grafies voorgestel in Figuur 5.4.



Figuur 5.4 Voorkoms van spanningsfaktore gegroepeer volgens temas

Finansies en werksgeleenthede speel ’n groot rol in die keuse om te migreer, en derhalwe beskou paartjies dit as ’n "vasbyttyd". Daarom is dit belangrik dat paartjies gehelp word om hierdie probleme te oorkom sodat groei in die huweliksverhouding kan plaasvind.

Die response van die groep in Suid-Afrika word ook weergegee volgens natuurlike temas (Miles & Huberman, 1994). Hierdie temas is die volgende: finansies, werksdruk en die invloed van ouers of skoonouers op die huweliksverhouding. Die getal woordelikse response wat die tema bevestig, word weer aan die einde van elke paragraaf gegee, en is ook beskikbaar in Bylae 1.

Finansies

Hierdie tema verwys na finansies se belangrike rol binne die huweliksverhouding asook na beide huweliksmaats se betrokkenheid daarby. Dit val saam met die tema "buitefaktore" wat by die groep in Engeland voorkom.

Woordelikse response: 8

Werksdruk

Dit verwys na die impak wat werksdruk en lang werksure op die huweliksverhouding het, en val saam met die tema "buitefaktore" wat ook by die groep in Engeland voorkom.

Woordelikse response: 11

Ouers en skoonouers

Hierdie tema val saam met die tema "gesinseenheid" wat ook deur die groep in Engeland geïdentifiseer is. Dit verwys na buitemense wat ’n invloed op die huweliksverhouding het.

Woordelikse response: 9

Samevatting

’n Vergelyking van die resultate toon dat meer eksterne faktore die groep in Suid-Afrika se huwelike beïnvloed, teenoor meer interne faktore wat die groep in Engeland se huwelike beïnvloed. ’n Groot verskeidenheid buitefaktore – ook dié gekoppel aan

ander faktore as migrasie – kan ’n invloed op die huwelik hê. Daarom behoort ’n tema soos “buitefaktore” in alle huweliksprogramme ingesluit te word.

Die tema “gesinseenheid” is deur beide groepe geïdentifiseer, maar om verskillende redes: vir die groep in Suid-Afrika omdat die ouers naby is en in die huwelik inmeng, en vir die groep in Engeland omdat die ouers ver is en dus nie as ’n ondersteuningstruktuur kan dien nie.

Die belangrike temas vir ’n huweliksprogram wat hier na vore kom, word ook deur Berger en DeMaria (1999) bevestig as die temas wat in meeste programme voorkom. Die uniekheid van die teikengroep is volgens Ridley en Sladeczek (1992) ’n rede vir die ontwikkeling van ’n nuwe program.

5.3 KWANTITATIEWE RESULTATE

Die resultate word aangebied in ooreenstemming met die vier meetinstrumente wat tydens die ondersoek gebruik is. Tweerigtinganalise van variansies (ANOVA) is gedoen om verskille tussen groepe te bepaal. Slegs die ANOVA-resultate word vervolgens in hierdie hoofstuk weergegee. Laastens is dit belangrik om daarop te let dat die *Bootstrap*-ontledingstegniek op al die data toegepas is, maar net aangetoon word waar dit tendense in die resultate bevestig.

5.3.1 ENRICH-resultate

Die ENRICH-vraelys is gebruik om verskillende aspekte van die huweliksverhouding te evalueer. Tweerigtinganalise van variansie is gebruik om die gesamentlike effek van die groep (Engeland en Suid-Afrika) en geslag vir elk van die 10 subskale te bepaal. Die interaksie-p-waarde dui aan of die geslagte binne die groepe verskil, en die groep-p-waarde dui aan of die Suid-Afrikaanse groep van die groep in Engeland verskil. Die resultate van die tweerigtingvariansie-ontledings word in Tabel 5.3 getoon.

Tabel 5.3

Resultate van Tweerigtingvariansie-Analises Waar die Effek van Groep en Geslag vir die Verskillende Subskale van die ENRICH-Vraelys Bepaal is

Aspekte van ENRICH	Interaksie-p-waarde	Groep-p-waarde	Geslag-p-waarde
Persoonlike eienskappe van huweliksmaat	0.77	0.77	0.82
Rolverantwoordelikheid	0.95	0.31	0.51
Kommunikasie	0.12	0.51	0.94
Oplossing van konflik	0.62	0.69	0.66
Finansiële kwessies	0.39	0.099**	0.78
Hantering van vrye tyd	0.51	0.010*	0.42
Seksuele verhouding	0.25	0.32	0.67
Ouer-verantwoordelikheid	0.92	0.50	0.30
Verhouding met familie en vriende	0.99	0.22	0.67
Godsdienstige oriëntasie	0.84	0.39	1.00

*$p \leq 0.05$

**$p \leq 0.10$

Vir twee uit die tien subskale is daar by die groep-p-waarde ’n tendens tot verskil of ’n beduidende verskil. Hantering van vrye tyd toon ’n beduidende verskil, en finansiële kwessies toon ’n tendens tot verskil. Vir een subskaal (kommunikasie) is daar by die interaksie-p-waarde ’n tendens tot verskil. Hierdie verskille word verder bespreek. Dié aspekte waar geen verskille tussen die groepe voorgekom het nie, word nie verder onder die loep geneem nie. Vervolgens word dié aspekte waar verskille wel voorkom, verder bespreek.

5.3.1.1 Tevredenheid met die kommunikasie in die huwelik

Die resultate vir tevredenheid met kommunikasie in die huwelik word in Figuur 5.5 aangedui (vergelyk Tabel 5.3).



Figuur 5.5 ENRICH – Tevredenheid met kommunikasie in die huwelik vir groepe in Suid-Afrika en in Engeland volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

Volgens Figuur 5.5 is daar ’n tendens dat die vroue in Engeland meer tevrede is met die kommunikasie in hulle huwelike as die vroue in die Suid-Afrikaanse groep. Tussen die mans is daar egter weinig verskille. Daar is ook ’n neiging dat die vroue in Engeland meer tevrede is met die kommunikasie in die huwelik as hulle huweliksmaats, terwyl die vroue in Suid-Afrika minder tevrede is met die kommunikasie in hulle huwelik as hulle huweliksmaats. Hierdie resultaat is egter nie statisties beduidend nie (p=0.12).

5.3.1.2 Tevredenheid met die hantering van finansies binne die huwelik

Die hantering van finansies binne die huwelik en die huweliksmaats se tevredenheid daarmee word in Figuur 5.6 aangedui.



Figuur 5.6 ENRICH – Tevredenheid met finansiële bestuur in die huwelik vir groepe in Suid-Afrika en in Engeland volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

Soos in Figuur 5.6 gesien, is daar ’n tendens dat die groep in Engeland hoër as die Suid-Afrikaanse groep meet (p=0.099) met betrekking tot tevredenheid met die hantering van finansies (vergelyk ook Tabel 5.3). Daar is ook ’n tendens dat die vroue in Engeland meer tevrede is met die finansiële bestuur van die egpaar se geldsake (vergelyk Figuur 5.6).

5.3.1.3 Tevredenheid met vryetydsbesteding in die huwelik

Tevredenheid met die hantering van vrye tyd is belangrik vir algehele huwelikstevredenheid. ’n Voorstelling van die groepe se tevredenheid met hierdie aspek van hulle verhouding word in Figuur 5.7 gegee.



Figuur 5.7 ENRICH – Tevredenheid met vryetydsbesteding in die huwelik vir groepe in Suid-Afrika en in Engeland volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

Volgens Figuur 5.7 is die groep in Engeland meer tevrede met hulle besteding van vrye tyd as die groep in Suid-Afrika (p=0.01).

5.3.2 PAIRS-resultate

Die PAIRS-vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, meet verskillende aspekte van huweliksintimiteit, en is gebruik om die graad van intimiteit te bepaal wat ’n gade in die verhouding met sy/haar maat ervaar of beleef. Dit is ’n selfrapporteer-vraelys wat sowel die graad van die ***verlangde*** as die ***werklike*** intimiteit op vyf dimensies meet.

Tweerigtingvariansie-analise is gebruik om te bepaal wat die gesamentlike uitwerking van die groepe (in Engeland en in Suid-Afrika) en geslag vir elk van die

vyf subskale is. Die p-waardes is op drie verskillende vlakke gemeet, naamlik interaksie, groep en geslag. Die interaksie-p-waarde dui aan of die geslagte binne die groepe verskil, en die groep-p-waarde dui aan of die Suid-Afrikaanse groep van die groep in Engeland verskil. Die resultate van die tweerigtingvariansie-ontledings word in Tabel 5.4 getoon.

Tabel 5.4

Resultate van Tweerigtingvariansie-Analise waar die Uitwerking van Groep en Geslag vir dieVerskillende Subskale van die PAIRS-Vraelys Bepaal is

Aspekte	Verlangde intimiteit			Werklike intimiteit		
	Interaksie-p-waarde	Groep-p-waarde	Geslag-p-waarde	Interaksie-p-waarde	Groep-p-waarde	Geslag-p-waarde
Emosionele intimiteit	0.05*	0.42	0.24	0.20	0.54	0.05*
Sosiale intimiteit	0.49	0.36	0.04*	0.86	0.00*	0.41
Seksuele intimiteit	0.32	0.13	0.05*	0.10	0.13	0.07**
Intellektuele intimiteit	0.90	0.84	0.36	0.56	0.95	0.24
Ontspanningsintimiteit	0.62	0.59	0.72	0.32	0.27	0.65

*p≤0.05

**p≤0.10

Dit volg uit Tabel 5.4 dat daar by ’n paar aspekte beduidende verskille tussen die twee groepe was en by ander ’n sterk tendens tot verskille. By drie uit die vyf subskale (verlangde en werklike intimiteit) is daar tendense of beduidende verskille (emosionele intimiteit, sosiale intimiteit en seksuele intimiteit). Slegs werklike intimiteit se resultate word verder bespreek. Dié aspekte van intimiteit wat nie beduidende verskille of tendense tussen die groepe getoon het nie, word nie verder bespreek nie.

5.3.2.1 Emosionele intimiteit binne die huweliksverhouding

Emosionele intimiteit binne die huweliksverhouding vir die verskillende groepe deelnemers word in Figuur 5.8 aangedui.



Figuur 5.8 PAIRS – Emosionele intimiteit in huwelike vir groepe in Suid-Afrika en Engeland volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

Figuur 5.8 toon ’n tendens dat die mans in beide groepe ’n hoër belewenis van emosionele intimiteit het as die vroue in beide groepe (p=0.05) (Let op dat die p-waarde in Figuur 5.8 die interaksie-p-waarde is, en nie die geslagseffek nie; vergelyk Tabel 5.4 vir geslagseffek). Die verskil tussen die mans en vroue in die Suid-Afrikaanse groep is egter groter as by die groep in Engeland. Die mans evalueer hulle emosionele betrokkenheid as hoog, terwyl die vrouens hulle eie emosionele betrokkenheid in ’n mindere mate so ervaar.

5.3.2.2 Intimiteit ervaar in sosiale betrokkenheid

Huweliksmaats se ervaring van intimiteit in hulle sosiale betrokkenheid na buite word in Figuur 5.9 aangedui.



Figuur 5.9 PAIRS – Ervaring van intimiteit in sosiale betrokkenheid vir groepe in Suid-Afrika en Engeland volgens geslag. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

Die ervaring van intimiteit in sosiale betrokkenheid word as ’n belangrike deel van verhoudingsontwikkeling gesien. Uit die resultate soos getoon in Figuur 5.9, is dit duidelik dat daar ’n beduidende verskil bestaan tussen die groep in Suid-Afrika en die groep in Engeland. (Let egter op dat die p-waarde in Figuur 5.9 die interaksie-p-waarde is, en nie die groepseffek nie. Vergelyk Tabel 5.4 vir groepseffek). Figuur 5.9 toon dat die sosiale intimiteit by die groep in Engeland beduidend hoër is as by die groep in Suid-Afrika ($p<0.05$).

5.3.2.3 Die ervaring van seksuele intimiteit binne die huwelik

Die seksuele intimiteit binne die huweliksverhouding is ook met PAIRS gemeet, en die resultate word in Figuur 5.10 aangedui.



Figuur 5.10 PAIRS – Ervaring van seksuele intimiteit in huwelike vir groepe in Suid-Afrika en in Engeland volgens geslag. Gemiddeldes en 95% betroubaarheids-intervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

Ten opsigte van die groep in Engeland het die mans laer tellings as die vroue behaal, maar ten opsigte van die Suid-Afrikaanse groep het die mans en vroue feitlik dieselfde tellings behaal. Verder is daar ’n tendens dat die mans van die vroue verskil (p=0.07). (Let op dat die p-waarde in Figuur 5.10 die interaksie-p-waarde is, en nie die geslagseffek nie. Vergelyk Tabel 5.4 vir geslagseffek.) Hierdie verskil kan egter grotendeels toegeskryf word aan die feit dat die mans in Engeland se tellings heelwat laer is as dié van die vroue (vergelyk Figuur 5.10).

5.3.3 MODE-resultate

Die konflikhanteringsvraelys (MODE) bied ’n skaal waarmee vyf maniere van konflikhantering deur individue geëvalueer kan word. Dit is belangrik om daarop te let

dat elke manier van konflikhantering ’n sekere effek op die individu en op die verhouding het (Kilmann & Thomas, 1977).

Die vyf moontlike maniere van konflikhantering wat onderskei word, is: vermyding, kompetisie, kompromie/toegewing, akkommodasie en samewerking. ’n Tweerigtingvariansie-analise is gebruik om te bepaal wat die gesamentlike uitwerking van die groepe (Engeland en Suid-Afrika) en geslag op elk van die subskale is. Die p-waardes is op drie verskillende vlakke gemeet, naamlik interaksie, groep en geslag. Die interaksie-p-waarde dui aan of die geslagte binne die groepe verskil, en die groep-p-waarde dui aan of die Suid-Afrikaanse groep van die groep in Engeland verskil. Die resultate van die tweerigtingvariansie-ontledings word in Tabel 5.5 getoon.

Tabel 5.5

Resultate van Tweerigtingvariansie-Analise met die Effek van Groep en Geslag vir Verskillende Konflikhanteringstyle

Styl	Interaksie-p-waarde	Groep-p-waarde	Geslag-p-waarde
Vermyding	0.60	0.93	0.008*
Kompetisie	0.70	0.49	0.36
Kompromie	0.40	0.23	0.35
Akkommodasie	0.66	0.97	0.35
Samewerking	0.16	0.64	0.000*

*$p \leq 0.05$

Dit volg uit Tabel 5.5 dat daar by twee van die style beduidende verskille tussen die twee geslagte voorgekom het, naamlik vermyding (styl van meeste mans) en samewerking (styl van meeste vroue). Die style waar daar geen verskille tussen die

groepe voorgekom het nie, word nie verder bespreek nie. Vervolgens word die beduidende verskille en tendense verder toegelig.

Die konflikhanteringstyle waar daar wel beduidende verskille tussen geslagte voorgekom het, word in Figuur 5.11 en 5.12 aangetoon.



Figuur 5.11 MODE – Die gebruik van die samewerkingskonflikhanteringstyl in groepe in Suid-Afrika en in Engeland volgens geslag



Figuur 5.12 MODE – Die gebruik van die vermydingskonflikhanteringstyl in groepe in Suid-Afrika en in Engeland volgens geslag

Die resultate in Figuur 5.11 en 5.12 dui op verskille tussen die mans en vroue se konflikhanteringstyle (Suid-Afrika en Engeland) ($p<0.01$). (Let op dat die p-waarde in Figuur 5.11 en 5.12 die interaksie-p-waarde is en nie die geslagseffek nie – vergelyk Tabel 5.5). Vroue (as groep) is geneig om "meer saam te werk" in konflikhantering, terwyl die mans (as groep) meer geneig is om "vermyding" as konflikhanteringstyl te gebruik. Mans is dus meer geneig om hulle eerder te onttrek of om konflik te vermy, ten einde die vrede in die verhouding te bewaar.

5.4 SAMEVATTING

Vanuit die kwalitatiewe inligting tree vyf aspekte na vore wat moontlike spanningselemente vir migrasie-huwelike inhou, naamlik gesinseenheid; intimiteit (seksualiteit); kommunikasie en konflikhantering; rolverdeling; en struikelblokke (soos woonplek, lang tye weg as gevolg van vervoer, afstand van werk en werkslading).

Van bogenoemde aspekte word deur die kwantitatiewe resultate bevestig. Die biografiese vraelyste het gedui op tendense dat die paartjies in Engeland spanning ten opsigte van bogenoemde aspekte ervaar (vergelyk Tabel 5.2). ENRICH se resultate het aangetoon dat die volgende aspekte problematies is: kommunikasie (vergelyk Figuur 5.5), vryetydshantering (vergelyk Figuur 5.6) en finansiële kwessies (vergelyk Figuur 5.7). Die resultate van PAIRS toon dat die volgende aspekte van belang is: emosionele intimiteit (vergelyk Figuur 5.8) en seksuele intimiteit (vergelyk Figuur 5.10). MODE se resultate toon beduidende verskille tussen die konflikhanteringstyle van mans en vroue (vergelyk Figuur 5.11 en 5.12).

Dit sal dus belangrik wees om in die ontwikkeling van ’n program vir die psigo-ontwikkeling van migrante-egpare te verseker dat al die betrokke aspekte aangespreek word. Die resultate word in die volgende Hoofstuk bespreek.

HOOFSTUK 6

BESPREKING VAN RESULTATE

FASE I

6.1 INLEIDING

Die kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate van die Suid-Afrikaanse groep en dié in Engeland word hier vergelyk, geïntegreer en bespreek. Die doel daarvan is om vas te stel of daar spesifieke spanningselemente is wat ’n invloed het op en teenwoordig is in migrasie-huwelike. Die resultate dui daarop dat huwelike meestal dieselfde spanningselemente beleef, maar dat sekere spanningselemente ná migrasie (Falicov, 2002) sterker na vore tree en ingesluit behoort te word in ‘n huweliksverrykingsprogram. Hierdie resultate word nou bespreek met die oog op die ontwikkeling van ’n huweliksverrykingsprogram vir migrante-egpare.

6.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS

Die studiepopulasie word gedefinieer as alle huwelike waar die egpaar sewe jaar of korter getroud is. Uit hierdie populasie is ’n ondersoekgroep saamgestel bestaande uit 25 egpare in Suid-Afrika en 25 egpare in Engeland. Omdat die ondersoekgroep hoofsaaklik bestaan het uit Afrikaanssprekende egpare uit die middel- tot hoër inkomstegroepe, is die bevindinge nie veralgemeenbaar na die breër Suid-Afrikaanse bevolking nie.

By die enkel-itembeoordeling is die volgende spanningselemente onderskei: alleenheid, vreemde kultuur, afstand van familie, afstand van vriende, werkslading, rolverdeling, seksuele intimiteit, en finansies. Wat betref afstand van familie en afstand van vriende, was daar ’n tendens dat die groep in Engeland hierdie twee

aspekte as meer problematies ervaar (vergelyk Figuur 5.2 en 5.3). By die ander aspekte was daar nie verskille tussen die groepe nie.

Dit is opvallend dat die deelnemers in die onderhoude (vergelyk kwalitatiewe resultate, onderhoude in Bylae 1) genoem het dat hulle wel in die begin van hulle migrasietydperk baie van die aangeduide spanningselemente ervaar het. Veral die groot afstand van hulle familie en vriende – en dus ondersteuningstrukture – het ’n beduidende rol in hulle verhouding gespeel. Hierdie weg-wees van ondersteuningstrukture het egter nie noodwendig negatiewe gevolge gehad nie – ’n paar paartjies het aangedui dat hulle as gevolg hiervan meer aangewese op mekaar was as voorheen (vergelyk Bylae 1). Hulle is gedwing om nader aan mekaar te beweeg en meer met mekaar te kommunikeer. Sommige paartjies het ook genoem dat die gemis mettertyd vervaag en/of verander het; hulle het byvoorbeeld nuwe vriende gemaak, sodat die behoefte aan ou vriende en hulle ondersteuning verminder het.

Volgens die onderhoude (vergelyk kwalitatiewe resultate afdeling 5.2) is daar veral vyf aspekte wat deur die groep in Engeland uitgesonder is as bydraend tot verhoogde spanning in hulle verhoudings (vergelyk afdeling 5.2):

- Gesinseenheid

  Hier gaan dit oor hoe belangrik die huweliksmaats vir mekaar is, en oor die mate waarin hulle mekaar ondersteun en veiligheid in die verhouding ervaar. Wanneer een huweliksmaat werk en die ander tuis is, het eersgenoemde meer kontak met die buitewêreld, en begin die een wat tuis bly alleen en bedreig voel. Gesinseenheid word bevorder as hulle mekaar aanvul, ondersteun en belangrik laat voel.

- Intimiteit (seksueel, emosioneel en geestelik)

  Lang werksure en die tyd wat aan vervoer spandeer word, veroorsaak dat egpare min tyd vir mekaar het, en dat die huweliksmaats meestal te moeg is vir intimiteit.

- Kommunikasie en konflikhantering

  Paartjies kry nie geleentheid om effektief te kommunikeer nie, aangesien hulle byna nooit alleen is nie. As gevolg van min privaatheid is daar min kommunikasie met mekaar; ook word konflik nie hanteer nie ter wille van vrede in die res van die huishouding. Probleme word nie opgelos nie, sodat dit ophoop en later tot uitbarsting kom.

- Rolverdeling

  By verskeie van die egpare is dit die vrou wat die werk in die buiteland gekry het. Dus moet die man help huishou, wat ’n skielike rolverskuiwing vanaf tradisionele patrone meebring. Dit het spanning tot gevolg.

- Woonplek en vervoer

  Die paartjies verhuis na die buiteland om geld te spaar, en is bereid om saam met ander mense in ’n huis te woon. Dit veroorsaak dat daar onvoldoende privaatheid is om as paartjie te ontwikkel. Hulle kan nie hardop argumenteer nie, en het nie werklike vryheid om seksueel te verkeer nie, wat uiteindelik spanning veroorsaak. Vervoer is ’n verdere aspek wat in die onderhoude as ’n moontlike spanningselement na vore gekom het. Goedkoop verblyf lei soms daartoe dat paartjies só ver van hulle werk woon dat die grootste gedeelte van die dag aan vervoer bestee word, met beperkte tyd vir mekaar as gevolg.

6.3 ENRICH-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE

Aspekte van die huweliksverhouding wat met die *Enriching & Nurturing Relationship Issues, Communication & Happiness*- (ENRICH) vraelys geëvalueer word, is tevredenheid met die persoonlike eienskappe van die huweliksmaat, rolverantwoordelikheid, kommunikasie, oplossing van konflik, finansiële kwessies, hantering van vrye tyd, seksuele verhouding, ouer-verantwoordelikheid, verhouding met familie en vriende, en godsdienstige oriëntasie.

By ’n paar aspekte was daar beduidende verskille tussen die groepe, en by ander aspekte was daar wel tendense tot verskille tussen groepe. Die aspekte wat geen verskille tussen groepe getoon het nie, is eienskappe van maat- en ouer-verantwoordelikheid, en verhoudings met familie en vriende. Vervolgens word net dié aspekte bespreek waar beduidende verskille of tendense tot verskille tussen die groepe voorgekom het.

6.3.1 Tevredenheid met rolverantwoordelikheid

Hierdie aspek is een van dié wat in die kwantitatiewe resultate (ENRICH) geen beduidende verskille tussen groepe getoon het nie. Die kwalitatiewe onderhoude het egter getoon dat daar in etlike verhoudings geweldige frustrasie is, veral oor die rolverdeling. Die volgende faktore dra by tot rolfrustrasie:

- Eerstens was die paartjies nie voorbereid op wat vir hulle wag nie.
- Tweedens was daar die kwessie van verwagtinge. In sommige onderhoude het dit na vore gekom dat paartjies rolverwarring ervaar. In sommige gevalle het die vrou die werk in Engeland op grond van haar kwalifikasies gekry, sodat die man dan moes huishou. Dit het verwarring en spanning veroorsaak.

Van die mans het gevoel dat hulle rol as broodwinner deur die vrou oorgeneem is, wat ‘n negatiewe impak op hulle gehad het (vergelyk kwalitatiewe data, afdeling 5.2).

Laastens was huweliksrolle ook vir sommige vroue ’n probleem omdat hulle as gevolg van hulle meerdere werksverantwoordelikhede nie regtig hulle tradisionele rolle tuis kon uitleef nie. Dit het hulle met skuldgevoelens gelaat, wat weer ’n negatiewe effek op hulle huweliksverhouding gehad het (vergelyk kwalitatiewe data, afdeling 5.2). Dit is dus belangrik dat hulle hulle rolle skei en daaroor onderhandel, sodat skuldgevoelens nie as gevolg van tradisionele sienings ontstaan nie.

6.3.2 Tevredenheid met kommunikasie

Volgens die kwantitatiewe resultate (vergelyk Figuur 5.5) is daar ‘n tendens dat die vrouens in Engeland meer tevrede is met die kommunikasie in hulle huwelike as diegene in Suid-Afrika. Volgens die kwalitatiewe resultate is verskeie van die vrouens in Engeland egter ongelukkig omdat hulle nie genoeg tyd met hulle mans deurbring nie, tot nadeel van hulle kommunikasie met mekaar. Omdat van die vrouens nie werk nie, die omgewing nie ken nie, en nie uitgaan en mense ontmoet nie, is daar selde iemand anders om mee te kommunikeer. Die man of vrou gaan vroeg uit, bring daagliks soveel as drie uur op treine deur, kom laat terug, en is dan moeg en wil slaap. Daar is dus "min" tyd beskikbaar (vergelyk kwalitatiewe resultate in afdeling 5.2).

Figuur 5.5 dui ook op ‘n tendens dat die vrouens in Engeland meer tevrede is met die kommunikasie in hulle verhouding as hulle mans terwyl ‘n omgekeerde tendens vir die Suid-Afrikaans egpare voorgekom het.

6.3.3 Tevredenheid met die hantering van finansies

Daar is ’n tendens dat die groep (mans en vrouens) in Engeland meer tevrede is met die hantering van hulle finansies as die groep in Suid-Afrika. Figuur 5.6 toon ook ’n tendens dat die vroue in Engeland meer tevrede is met hierdie aspek as die vroue in Suid-Afrika. Vanuit die kwalitatiewe resultate is dit duidelik dat die vrouens in Engeland meer betrokke is by die gesin se finansies en die hantering daarvan (vergelyk Figuur 5.6). Volgens die kwalitatiewe resultate is finansies onder paartjies in Engeland ’n groter en meer gereelde besprekingspunt as in Suid-Afrika. Die paartjies in Engeland neig ook meer om hulle geld in één bankrekening te hou (vergelyk onderhoude in Bylae 1).

6.3.4 Tevredenheid met vryetydsbesteding

Figuur 5.7 toon ’n beduidende verskil in tevredenheid met vryetydsbesteding tussen die groep in Engeland en die groep in Suid-Afrika. Hierdie verskil word deur die kwalitatiewe resultate bevestig. Die ENRICH-resultate toon ook aan (vergelyk Figuur 5.7) dat die vroue in Engeland meer tevrede is met hulle vryetydsbesteding as die vroue in Suid-Afrika.

Soos reeds genoem, is die begeerte om te toer en die wêreld te sien een van die redes vir hervestiging. Heelwat vrye tyd word dus bestee aan reisreëlings en die toer self. Die gevolglike verdere vermindering in tyd wat net aan mekaar bestee word, maak die oorblywende vrye tyd baie waardevol. Hierdie feit moet in ag geneem word by die beplanning en aanbieding van enige huweliksprogram vir migrante-egpare.

6.4 PAIRS-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE

Die PAIRS-vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, meet verskillende aspekte van huweliksintimiteit, naamlik: emosionele, sosiale, seksuele, intellektuele en ontspanningsintimiteit. Vir drie aspekte is beduidende verskille tussen groepe gevind.

6.4.1 Emosionele intimiteit

Figuur 5.8 toon ’n sterk tendens dat die mans in beide groepe ’n hoër belewenis van emosionele intimiteit het as die vroue in beide groepe (p=0.05). Vir die groep in Suid-Afrika is die verskil tussen geslagte egter groter.

Volgens die kwalitatiewe resultate is daar twee moontlike verklarings waarom die vrouens in Engeland minder emosionele intimiteit in die verhoudings ervaar. ’n Eerste moontlikheid is dat die paartjie min alleen saam is as gevolg van die lang reisure werk toe en terug. Die man of vrou kom dan só moeg tuis dat hy of sy nie energie vir enige emosionele sake het nie. Die ander party kan dan gefrustreerd raak, wat later tot ’n emosionele uitbarsting kan lei. ’n Tweede verklaring vir lae emosionele betrokkenheid kan wees dat hulle gewoonlik saam met ander mense in ’n huis woon, sonder egte privaatheid. Dit veroorsaak dat die paartjie dikwels nie hulle gevoelens kan deel nie. Die vrouens in Suid-Afrika ervaar weer meer dat hulle mans ánder dinge as hulle vrouens belangrik ag (vergelyk afdeling 5.2).

6.4.2 Sosiale intimiteit

Volgens Figuur 5.9 beleef die paartjies in Engeland beduidend meer sosiale betrokkenheid as die paartjies in Suid-Afrika. Dit word deur die kwalitatiewe resultate bevestig. ’n Moontlike verklaring is dat die paartjies in Engeland hulle gewoonlik ver van hulle ondersteuningstrukture bevind. Dan gebruik hulle sosiale strukture soos die kerk, kulturele byeenkomste en ander geleenthede om sosiaal betrokke te wees en nuwe vriende te maak.

6.4.3 Seksuele intimiteit

Die kwantitatiewe resultate (vergelyk Figuur 5.10) toon dat daar nie ’n beduidende verskil in die ervaring van seksuele intimiteit tussen die vroue in Suid-Afrika en Engeland is nie. Daar is egter ’n tendens dat die mans in die Engelse groep minder

seksuele intimiteit ervaar as die mans in die Suid-Afrikaanse groep (vergelyk Figuur 5.10). Die kwalitatiewe resultate bevestig hierdie tendens.

Seksuele intimiteit word voorts gesien as ’n aspek waaroor daar nie gekommunikeer word nie (vergelyk afdeling 5.2), vanweë die gebrek aan privaatheid (woon saam met mense in een huis), moegheid (lang dae) en gereelde konflik oor ander dinge. Hierdie tema is dus belangrik vir die ontwikkeling van ’n program.

6.5 MODE-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE

Volgens die konflikhanteringsvraelys (MODE) is daar vyf moontlike maniere van konflikhantering wat gebruik kan word. Dit is belangrik om in te sien dat elk hiervan ’n sekere effek op die individu en die verhouding het (vergelyk hoofstuk 4). Daar is beduidende verskille tussen die geslagte ten opsigte van die samewerkingstyl en die vermydingstyl (vergelyk Figuur 5.11 en 5.12).

6.5.1 Konflikhantering

Die resultate in Figuur 5.11 en Figuur 5.12 dui op verskille tussen mans en vrouens se konflikhantering (Suid-Afrika en Engeland) ($p<0.01$). Vrouens (as groep) neig meer om saam te werk (*collaborate*), terwyl mans (as groep) meer na vermyding (*avoidance*) neig.

Volgens die kwalitatiewe resultate is konflikhantering en kommunikasie ’n groot bron van kommer vir die deelnemers in Engeland en in Suid-Afrika. In Engeland, waar die paartjies meer op mekaar aangewese is, volg dit uit die onderhoude dat hulle nooit geleer het om konflik te hanteer nie. Hulle voel dat hulle alleenwees hulle dwing om konflik te hanteer, maar hulle weet eenvoudig nie hoe nie.

Volgens Kilmann en Thomas (1977) bewerkstellig die samewerkingstyl die meeste huwelikstevredenheid, aangesien dit groot waarde vir die individu sowel as vir die verhouding het (vergelyk hoofstuk 4). Op grond van die literatuur (Kilmann &

Thomas, 1977) en terugvoer uit hierdie ondersoek, ontvang die samewerking-konflikhanteringstyl spesifieke aandag in die huweliksprogram.

6.6 Buitefaktore

Buitefaktore is aspekte wat tydens die kwalitatiewe resultate na vore gekom het, en nie binne ’n spesifieke tema inpas nie. Hierdie aspekte (soos werk, sport en stokperdjies) word as belangrik beskou vir die ontwikkeling van die huweliksverhouding (Olson & Olson, 2000). Wanneer buitefaktore egter ’n té groot rol begin speel, kan dit die verhouding bedreig. Wanneer werk byvoorbeeld te veel aandag en tyd in beslag neem, bedreig dit die belangrikste twee persone in die verhouding – die man en die vrou. Dit bring mee dat ’n huweliksmaat sy of haar prioriteite moet herevalueer om seker te maak dat hy/sy genoeg aandag aan die ander gee.

Vervoer is ’n ander aspek wat deur deelnemers in Engeland genoem is. In Engeland skep dit ’n spesifieke probleem in die verhouding, omdat dit soveel tyd verg en die paartjie dus minder tyd saam het.

Nog ’n aspek wat ’n effek op huwelike het, is die kwessie van saamwoon met ander egpare. Alhoewel baie geld so gespaar kan word, kan dit geweldig negatief op die verhouding inwerk. Van die deelnemers het gesê dat hulle bedreig voel omdat hulle te nou met ander saamleef (die huisies is klein en na aan mekaar), en dat hulle aan meer ruimte gewoond is.

Die groep in Suid-Afrika het ook werksdruk en finansies genoem as buitefaktore wat ’n effek op hulle huwelik het. Alhoewel daar sekerlik ander aspekte is wat die verhouding kan beïnvloed, was dit die genoemde aspekte wat tydens die onderhoude uitgestaan het. ’n Huweliksprogram wil die egpare leer dat die buitefaktore kan wissel, maar dat die beginsel hoe om dit te hanteer, dieselfde bly.

Dit is belangrik om hierdie praktiese probleme in die ontwikkeling van ’n huweliksprogram te betrek, alhoewel daar nie altyd oplossings bestaan nie. Tog kan dit paartjies wat besluit om tydelik of permanent te migreer, wel bewus maak van die moontlikheid van toekomstige verhoudings- en aanpassingsprobleme.

6.7 SAMEVATTING

Die deelnemers in die verskillende groepe het nie beduidend van mekaar verskil wat betref hulle ouderdomme en jare getroud nie. Geïntegreerd het die kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate ’n paar aspekte van die huweliksverhoudings uitgelig wat van belang vir die ontwikkeling van ’n program is. ’n Huweliksverrykingsprogram behoort hierdie aspekte aan te spreek, en behoort sodoende ook by te dra tot huweliksontwikkeling.

Die kwalitatiewe onderhoude het uitgewys watter temas ’n program moet insluit: rolverdeling, intimiteit (seksueel, emosioneel en geestelik), gesinseenheid, kommunikasie en konflikhantering, en buitefaktore (soos woonplek en finansies). Verskeie van hierdie aspekte is deur die kwantitatiewe resultate bevestig.

Gesinseenheid is die eerste tema wat in die voorlopige program ingesluit word. Dit behels die kwessies van gesinstrukture en die plek van ander mense soos ouers, kinders en vriende in die huwelik. Volgens Nicol (1991) moet beide huweliksmaats hierdie aspek verstaan, anders kan dit problematies vir die verhouding wees.

Tweedens is dit belangrik dat die temas van die **seksuele verhouding** en **emosionele intimiteit** (wat veral uit die kwalitatiewe resultate na vore gekom het – vergelyk afdeling 5.2) deel vorm van ’n huweliksprogram. ’n Derde belangrike aspek wat deur die literatuurstudie uitgelig is, is die **geestelike** dimensie wat ook in die voorlopige program ingesluit word.

Vierdens is daar **kommunikasie** en daarmee saam **konflikhantering** as belangrike temas in die program. Beide hierdie aspekte word in die literatuur beskou as noodsaaklike inhoude vir enige huweliksprogram (Stanley et al., 1999).

Vyfdens speel **rolverdeling** en **rolverantwoordelikheid** by egpare in die buiteland ’n belangrike rol. Ook Fennel (1987) meen dat probleme in die huwelik sal volg indien egpare nie oor hulle onderskeie rolle onderhandel en daarmee tevrede is nie.

Laastens, op grond van die kwalitatiewe resultate, word praktiese **struikelblokke** of **buitefaktore** (soos vervoer, verblyf, werksure en televisie kyk) in die program ingesluit. Tensy daar bewustelik aandag aan hierdie aspekte gegee word en dit vroegtydig en verkieslik pro-aktief hanteer word, kan dit bydra tot huweliksontevredenheid.

HOOFSTUK 7

FASE II

ONTWIKKELING VAN PROGRAM

7.1 INLEIDING

Navorsing (Berger & Hannah, 1999) het getoon dat die huweliksverrykings-programme wat die grootste positiewe impak op huwelike gehad het, daardie programme is wat nie beperk is tot enkele leerteoretiese beginsels nie, maar ’n kombinasie van beginsels en tegnieke uit ’n versameling relevante benaderings gebruik. Van die beginsels wat in sulke programme gebruik is, sluit in kognitiewe leer, modellering en ervaringsleer. Hierdie teorieë word op verskillende maniere in verskeie verrykingsmodelle toegepas (Du Toit, 1987). Die huidige navorsing wil daarby aansluit, en vanaf so ’n gemengde teoretiese onderbou vertrek.

Du Toit (1987) het ook ’n beduidende verbetering in huwelikskwaliteit en kommunikasie gevind in gevalle waar die egpare tydens die verrykingsprogram in groepsverband dialoog voer, en ook hulle ervarings oor sekere aspekte van die huwelik met mekaar kan deel. Hierdie verbetering het op die kort en lang termyn voorgekom. Hierdie redes motiveer die insluiting van bogenoemde beginsels in die ontwikkeling van die huidige program.

Die program is ontwikkel met die oog op die toepassing en gebruik daarvan met klein groepe van vyf tot tien egpare. So ’n gestruktureerde program gebruik ’n dinamiese groepformaat, wat ook deur verskeie ander navorsers gebruik is (Guerney, 1977; Hof & Miller, 1981; Markham, Floyd, Stanley & Lewis, 1986).

Mace en Mace (1974) het die *Association for Couples in Marriage Enrichment* (ACME) gestig met twee belangrike fokuspunte, naamlik dat die huwelik die sleutel is

tot ’n suksesvolle gesinslewe en dat voorkomingsintervensies meer doeltreffend is as terapie of behandeling. Hierdie beginsels dien deurlopend as vertrekpunt vir die huidige navorsing. Die program is saamgestel vanuit vorige navorsing, asook inligting verkry vanuit Fase I van hierdie ondersoek.

Op grond van die kwalitatiewe onderhoude en kwantitatiewe resultate is gevind dat die faktore wat die meeste deur die egpare genoem is, en ook die meeste in die betekeniseenhede herhaal is, in vyf temas saamgevat kan word, naamlik:

- Gesinseenheid en die eenheid van die paartjie (Nicol, 1991; Walsh, 2003 afdeling 5.2),
- rolverdeling binne die huwelik, (Aldous, 1990; Fennel, 1987; afdeling 5.2),
- seksualiteit / emosionele intimiteit / geestelike lewe (Berger & DeMaria, 1999; Gordon, 1993; afdeling 5.2),
- kommunikasie en konflikhantering (Stanley et el., 1999; afdeling 5.2),
- buitefaktore soos werksdruk en vriende (Sayers, Kohn & Heavey, 1998; afdeling 5.2).

Een van die gemelde aspekte – geestelike lewe – kom wel in die meeste bestaande huweliksprogramme voor (vergelyk hoofstuk 2), maar het nie in die kwalitatiewe of kwantitatiewe resultate (Fase I in hierdie ondersoek) na vore gekom nie. Hierdie aspek word in die literatuur (Olson & Olson, 2000) en (Sherkat, 2004) as belangrik beskou, aangesien ’n geloofsbasis (ongeag die aard daarvan) ’n integrerende deel van enige persoon vorm. Volgens Burchard et al. (2003) is vergifnis as ‘n spirituele oefening nou gekoppel aan kwaliteit van lewe; huwelikspaartjies behoort dus daarby baat te vind om dit deel van hulle huwelik te maak. Godsdiensrituele word gesien as belangrik vir die huwelik (Hadaway & Roof 1978); as deel van ’n huweliksprogram (Berger & DeMaria, 1999); en by migrasie

(Bennet, Wolin & McAvity, 1988). Die belangrike rol van die godsdiensaspek of spiritualiteit in migrasie-huwelike was deurslaggewend in die besluit om die tema van godsdiensoriëntasie in te sluit in die ontwikkeling van hierdie program.

Die res van die hoofstuk word ingedeel in die konseptualisering van die program; struktuur van die program; en inhoud van die program. Die program soos aangebied word in Bylae 3 vervat.

7.2 KONSEPTUALISERING VAN DIE PROGRAM: BOUPROSES AS METAFOOR

Om die program vir die deelnemers prakties verstaanbaar te maak, is besluit om die metafoor van die bou van ’n huis te gebruik, aan die hand waarvan die verskillende temas van die program dan deurgewerk kon word. Dit begin by die fondament, en daarna die pilare, die toue wat pilare regop hou, die bakstene, en die dak. (Die metafoor word in Bylae 2 uiteengesit.)

In die bestudering van ander bestaande verrykingsprogramme ter voorbereiding van hierdie studie is gevind dat almal op veral die teikengroep se behoeftes fokus. Die aspekte wat in die huidige program as belangrik beskou word, word in die temas weerspieël. Die oorkoepelende doel is om die teikengroep ten beste te bereik en aan hulle behoeftes te voldoen.

Nadat die formaat van vorige programme en hulle presiese samestellings bestudeer en geëvalueer is (soos reeds in Hoofstuk 2 en 3 bespreek), is besluit om ’n kombinasie van tegnieke in hierdie program te gebruik. Eerstens is daar ’n groepsessie waar die fasiliteerder die beginsel (tema) aanbied, met die doel om kognitiewe leer te laat plaasvind. Daarna kry elke paartjie die kans om die betrokke aspek in privaatheid met mekaar te bespreek. Sodoende kan hulle vasstel of hulle met die verduideliking daarvan saamstem, en indien wel, hoe dit in hulle verhouding

realiseer. Hierna kom hulle weer in die groot groep byeen om vrywillig terugvoer te gee oor hulle ervarings en menings. Verskeie navorsers (Du Toit, 1987; Markham et al., 1986) beweer dat hierdie groepsinteraksie ’n positiewe uitwerking op egpare het, omdat hulle ook die geleentheid kry om van mekaar te leer.

Nadat ’n spesifieke onderwerp of tema afgehandel is, volg ’n sessie oor ’n verdere aspek wat op presies dieselfde wyse hanteer word. Namate die verryking vorder en die paartjies geleidelik al hoe meer ontspan, voel hulle meer vrymoedig om hulle menings te deel. Sodra hulle veilig voel, begin hulle selfs om meer aspekte van hulle unieke situasie met die groep te deel.

Die doelwitte wat in die huweliksverrykingsprogram vir migrante-egpare nagestreef word, is reeds vroeër bespreek (vergelyk afdeling 1.3.2). Saamgevat behels die doelwitte om:

- egpare toe te rus vir verdere huweliksontwikkeling
- gesinseenheid te bevorder, en ook om te definieer en te verstaan wie almal deel daarvan is
- rolverdeling binne die huwelik te verstaan, en tevredenheid daaroor te ontwikkel
- huweliksmaats te help om hulleself en hulle maats beter te verstaan
- vaardighede aan te leer waarmee konflik beter hanteer kan word
- strukture voor te stel wat kan bydra tot die bevordering van onderlinge en algemene kommunikasie
- ’n ondersteuningsisteem, soos vriende of groeplede wat naby woon, daar te stel

- die sielkundig-sosiologiese impak van migrasie te verduidelik, en oplossings voor te stel vir die voorkoming en hantering van probleme wat daaruit voortspruit

7.3 DIE PROGRAM

Die program is sodanig ontwerp dat die sessies logies op mekaar volg om ’n optimale impak te bewerkstellig. Vanuit die vorige hoofstukke is dit duidelik dat ’n groepsbenadering meer funksioneel vir so ’n spesifieke teikengroep is, aangesien daar positiewe insette vanuit die groep kom wat vir alle groeplede voordelig is (Du Toit, 1987). Die gebruik van die sogenaamde "groepformaat" van toerusting word gemotiveer deur die voordele wat dit vir ’n program soos hierdie inhou, waaronder:

- egpare leer uit hulle waarneming van en interaksie met ander deelnemende egpare (Yalom, 2005)
- egpare word bemoedig deur die ontdekking dat alle egpare konflik ervaar en leer om dit op te los (Guerney, 1977)
- daar ontstaan ’n gevoel van ondersteuning en samehorigheid tussen egpare (Yalom,1995)
- ervaringsleer vind plaas op grond van egpaardialoog (Du Toit, 1987)

Die program wat in hierdie ondersoek ontwikkel is, kan ingedeel word in die volgende komponente:

- struktuur van die program
- sessies van die program
- tydsduur en die verskillende sessies van die program
- inhoud van die program

7.3.1 Struktuur van die program

Die program is opgestel met inagneming van die data wat in Fase I van die ondersoek verkry is, asook inligting verkry uit vorige navorsing en ander programme.

Die struktuur van die program en die temas wat tydens die sessies aangebied is, word in Tabel 7.1 aangetoon.

Tabel 7.1

Struktuur van die Nuut Ontwikkelde Huweliksverrykingsprogram

Tema	Inhoud
Gesinseenheid	Die huwelik word die egpaar se primêre verhouding en eis ’n verbintenis tot die nuwe sisteem (Nicol, 1991).
Rolle en verantwoordelikheid	Die huweliksmaats moet die verskillende rolle in die huweliksverhouding, sowel as hoe elkeen sy/haar unieke rol vervul, goed verstaan en onderhandel (Fennel, 1987).
Geestelik, emosioneel, fisiese verhouding	Rosenbalt (1974) beweer dat verliefdheid en romantiek belangrik is vir die ontwikkeling en instandhouding van ’n huweliksverhouding. Gordon (1993) beweer ook dat emosionele openhartigheid belangrik is vir ‘n goeie huweliksverhouding, terwyl Adams (2003) die belangrikheid van spiritualiteit in die verhouding bevestig.
Eksterne faktore wat ‘n invloed op die verhouding kan hê	Aspekte wat ‘n invloed op huwelikstevredenheid kan hê, is aangeleenthede soos skoonouers, finansies, werksdruk (Mackey & O’Brien, 1995). Hierdie aspekte is deur die kwalitatiewe resultate in Fase I van hierdie ondersoek as belangrik vir die verhouding bevestig.
Kommunikasie en konflikhantering	Kommunikasie word universeel in terapie en verryking as deel van huwelikstevredenheid gesien (Jacobson & Holtzworth-Munroe, 1986). Dit vorm ’n integrerende deel van hierdie program, op grond van die belangrikheid daarvan soos beklemtoon in die Circumplex-model.

Bogenoemde aspekte het tydens Fase I van die ondersoek (kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate) na vore getree as belangrik in migrasie-huwelike.

7.3.2 Sessies van die program

Die sessies van die program soos aangebied is in die Bylae beskikbaar. Hieronder volg ’n bespreking daarvan.

Die program bestaan uit sewe tydgleuwe, maar vyf sessies word aangebied. (Een van die sessies word in drie tydgleuwe verdeel.) Die spesifieke temas is gekies omdat hulle in Fase I van hierdie ondersoek en uit die literatuur na vore gekom het as die belangrikste aspekte.

Ten einde die program oor ’n naweek te kan aanbied, en om genoeg tyd toe te laat om die geïdentifiseerde aspekte te bespreek, kon verdere aspekte nie ingesluit word nie. Elke sessie bestaan uit vyf afdelings sodat groepsprosesse – waaronder groepskohesie, kognitiewe leer en individuele bydraes – kan plaasvind.

Gedurende die naweekprogram word die metaforiese huis stap vir stap gebou. Elke gedeelte vorm ’n integrerende deel, sodat die volledige huis aan die einde van die program opgerig is (vergelyk Bylae).

Elke sessie verloop soos volg: Eers is daar ’n groepinligtingsessie oor ’n tema (aspek), waarna die egpare verdeel om die tema afsonderlik te bespreek; daarna volg terugvoer, vraetyd en bespreking van die betrokke tema in groepsverband; en laastens volg ’n aksiepunt wat die egpaar as tuiswerk neerskryf. Skematies kan die verloop van ’n sessie soos volg voorgestel word:



Figuur 7.1 Verloop van elke sessie in die huweliksverrykingsprogram vir migrante-egpare

Nadat sessie een afgehandel is, word dit gevolg deur sessies 2 tot 5 wat dieselfde formaat het. Markham et al. (1986) beweer dat om die struktuur, sessie en formaat sover moontlik eenvormig te hou, ’n vorm van sekuriteit bied in ’n onseker omgewing waar "blootstelling" een van die deelnemers se grootste vrese kan wees. Die groepsessies vind ook gestruktureerd plaas ten einde angsvlakke op gekontroleerde wyse laag te hou, en ook om te verseker dat deelname doelgerig geskied (Avis, 1986).

7.3.3 Tydsduur van die program en die verskillende sessies daarvan

Die program vind oor ’n naweek plaas en bestaan uit vyf sessies met vyf afdelings per sessie. Elke sessie is ingedeel in ongeveer dertig minute vir die verduideliking van die tema (aspek), dertig minute waar die paartjies afsonderlik tyd deurbring om die aspek vir hulleself uit te klaar, dertig minute vir terugvoer in die groep en groepbespreking, vyftien minute vir vraetyd, en ’n laaste vyftien minute waar die paartjie met mekaar praat oor 1) ’n aksiepunt met betrekking tot die aspek wat so pas

bespreek is, en 2) of daar ’n tekort in hulle huwelik is, en wat om daaraan te doen. Elke sessie duur ongeveer 2 uur, en die volledige program is ongeveer 10 uur lank.

Die program word oor ’n hele naweek aangebied om voorsiening te maak vir informele “dinktyd” oor die temas wat reeds behandel is. Hierdie “dinktyd” kan informele interaksie tussen sessies aanmoedig, wat die formele interaksie gedurende programtyd kan aanvul. (Informele interaksie verwys na bv. spesifieke vrae oor die pas bespreekte aspek, wat die egpare tydens ete met mekaar moet bespreek.) Die “dinktyd” kan ook belangrik wees om die egpare se denke, en later ook gedrag, te verander. Daar is egter geen definitiewe bewyse dat dit wel ’n invloed op die finale uitkoms van die program sal hê nie. Daar word egter wel tydens die naweek ’n atmosfeer geskep vir interaksie, en dit is belangrik.

Die egpare ontvang ook ’n lys vrae met die oogmerk om kommunikasie te bevorder (saamgestel vanuit Fase I van die ondersoek, vergelyk volgende paragraaf), sodat hulle in die beskikbare vrye tyd (Saterdagmiddag) spesifieke vrae aan mekaar kan stel. (Die lys vrae dien ook as riglyn om leidende vrae te kan stel, indien die egpaar sukkel met kommunikasie.) Die vrae is saamgestel deur ’n seleksie te maak van aspekte wat die meeste in die onderhoude voorgekom het, maar wat nie sterk genoeg gefigureer het om ’n afsonderlike besprekingstema te regverdig nie. (Vergelyk hoofstuk 5 en 6 vir die resultate van Fase I.)

7.4 INHOUD VAN DIE PROGRAM

Die inhoud van die sessies wat die temas (aspekte) behandel, word telkens in twee dele verdeel. Eerstens word die tema (aspek) verduidelik soos dit universeel in verhoudings voorkom, en tweedens is daar ’n “migrasieblok” om vanaf die universele na die spesifieke te beweeg, oftewel, hoe die beginsel spesifiek in migrasie-huwelike werk. Hier word die spesifieke tema (aspek) en die invloed daarvan op die

verhouding verduidelik en bespreek. Die inhoud van die migrasieblokke is verkry op grond van onderhoude wat met die Engelse groep in Fase I van die ondersoek gevoer is.

Die volledige program soos dit aangebied word, word in die Bylae uiteengesit. Die verskillende sessies word nou bespreek.

7.4.1 SESSIE 1: Gesinseenheid

Hierdie sessie soek antwoorde op ’n aantal vrae oor gesinseenheid. Die veronderstelling is dat die vrae en hulle antwoorde die egpare sal help om ’n beter begrip van hulle eie vlak van gesinseenheid te verkry. Die volgende vrae word gestel:

7.4.1.1 Wie vorm die eenheid?

Egpare moet ná die verduideliking van die tema (aspek) kan gaan sit en hierdie kwessie self uitklaar. Wie vorm regtig deel van hulle eenheid? Is kinders byvoorbeeld deel van hierdie eenheid, of slegs die vrug daarvan? Die sessie verduidelik aanvanklik dat kinders nie deel van die eenheid is nie, maar slegs die vrug, aangesien hulle die ouerhuis op ’n stadium gaan verlaat. As die ouers hulle verhouding met mekaar deur hulle kinders leef, sal hulle later niks meer vir mekaar te sê hê wanneer die kinders die huis verlaat nie.

7.4.1.2 Wat bedreig die eenheid?

Verskeie buitemense (soos ouers, kinders, vriende) en buitefaktore (soos sport, televisie kyk, en werk) kan die verhouding bedreig. Hier moet die paartjie oor die volgende vraag nadink: Watter faktore (indien enige) bedreig die verhouding, en kan daar iets aan gedoen word? Ander vrae van belang is die volgende:

1. Ervaar die huweliksmaat dat hy/sy die belangrikste persoon in die ander se lewe is?

2. Indien ’n huweliksmaat ervaar dat iemand/iets anders belangriker as hy/sy in sy/haar maat se lewe is – wat is daardie faktor?

7.4.1.3 Migrasieblok: gesinseenheid (vergelyk 7.2.1)

Ten opsigte van migrante-egpare dui die kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate (Fase I) van die ondersoek op verskeie dinge om in ag te neem. In sessie een, wat handel oor "eenheid in die verhouding", is daar veral vyf aspekte waaraan migrante-egpare aandag moet gee, naamlik:

7.4.1.3.1 Privaat ruimte van die paartjie

Paartjies moet die belangrikheid van hulle verhouding in ag neem – dit moet ’n groter prioriteit wees as om geld te spaar. ’n Groter inkomste is dikwels die rede waarom paartjies oorsee gaan, en daarom is hulle bereid om hulle privaatheid in te boet deur saam met ander mense te woon. Hierdie gebrek aan privaatheid het egter ’n negatiewe uitwerking op hulle verhouding. Die oplossing is dat paartjies alles in hulle vermoë doen om hulle private ruimte te behou, sodat hulle aandag aan hulle verhouding kan skenk.

7.4.1.3.2 Natuurlike ondersteuning is ver

Omdat ondersteuning soos ouers ver is, is die paartjie op hulleself aangewese totdat hulle nuwe vriendskappe gesmee het. Dit gebeur dus byvoorbeeld dat een van die huweliksmaats dikwels huis toe skakel. Indien die ander huweliksmaat dit nie verstaan nie, kan dit spanning in die verhouding veroorsaak.

7.4.1.3.3 Eenwording van die paartjie is belangrik

Dit is enersyds goed dat die paartjie vroeg in hulle huwelik weg is van hulle ouers af, omdat dit hulle die geleentheid gee om hulle verhouding te bou. Hierdie proses is belangrik ten einde emosioneel aan mekaar te bind.

7.4.1.3.4 Invloed van ander sisteme

Tensy die paartjie doelbewus poog om in hulle verhouding te groei, kan ander mense hulle verhouding beïnvloed. Paartjies moet dus hard werk om die eenheid in hulle verhouding te vestig, sodat albei huweliksmaats veilig voel in hulle verhouding met mekaar.

7.4.1.3.5 Samevatting: gesinseenheid

Ten slotte: Gesinseenheid is volgens Nicol (1991) die losmakingsproses van ander verhoudings en die saambindingsproses van hierdie verhouding. Wanneer ’n nuwe, afsonderlike sisteem opgerig word, moet die lede hulle ou verhoudings emosioneel en fisies verlaat. Die huwelik word nou die egpaar se primêre verhouding, en eis ’n verbintenis tot die nuwe sisteem (Nicol,1991). Hierdie losmakings- en saambindingsproses is uiters belangrik vir ’n doeltreffende huwelik.

7.4.2 SESSIE 2: Rolle en verantwoordelikhede

In hierdie sessie word twee aspekte hanteer, naamlik:

- die huweliksmaats kry tyd om met mekaar te kommunikeer, sodat hulle mekaar se sterk en swak punte beter kan verstaan
- die tweede gedeelte van die sessie gaan oor beide huweliksmaats se rolle en verantwoordelikhede binne die verhouding

Die volgende rolle en verantwoordelikhede word uitgelig en beklemtoon:

7.4.2.1 Man se verantwoordelikheid

Die man se verantwoordelikheid binne die huwelik was tradisioneel om aan die vrou veiligheid en sekuriteit te bied. Die feit dat daar deesdae baie dubbelloopbaangesinne is, noodsaak dat die verantwoordelikhede in die huis uitgespel en onderhandel moet word totdat beide huweliksmaats tevrede is met hulle

onderskeie verantwoordelikhede. Die veiligheidsaspek gaan daaroor dat die vrou voel sy is die belangrikste faktor in die man se lewe.

7.4.2.2 Vrou se rol

Die rol van die vrou behels tradisioneel die huislike atmosfeer wat sy moet skep. Die atmosfeer is nie noodwendig gelyk aan kos op die tafel nie, maar kan dit insluit. ’n Atmosfeer is nie iets tasbaars nie, maar die afwesigheid daarvan val onmiddellik op. Hierdie roltoedeling het egter dramaties verander, en ’n man word ook beskou as iemand wat ’n atmosfeer kan skep. Weereens moet die rolle tussen die huweliksmaats onderhandel word.

7.4.2.3 Dubbelloopbaangesinne

Soos reeds hierbo genoem, is dit belangrik om take tussen die huweliksmaats te verdeel, sodat die huishouding so effektief as moontlik kan funksioneer. Beide partye moet tevrede wees met hulle rolle en verantwoordelikhede. Die rolle moet ook met mekaar gekommunikeer word, sodat daar byvoorbeeld nie onrealistiese verwagtings is wanneer die egpaar tuiskom ná ’n dag se werk nie.

7.4.2.4 Migrasieblok: rolle en verantwoordelikhede

Ten opsigte van die rolle en gepaardgaande verantwoordelikhede is daar by migrante-egpare veral vyf aspekte wat hanteer moet word.

7.4.2.4.1 Doel van koms na buiteland

Dit is ’n vraag wat deur beide huweliksmaats beantwoord moet word. Daar is egter ook die vraag oor die tydperk van hulle verblyf, met ander woorde hoe tydelik/permanent die migrasie is. Wanneer beide huweliksmaats die vrae verstaan en daaroor saamstem, kan dit spanning in die verhouding verlig.

7.4.2.4.2 Werk- en huisrolle

Omdat dit dikwels gebeur dat die vrou die werkspermit in die buiteland kry, volg dit dat die man tydelik moet huishou – iets wat buite ’n tradisionele rolverdelingsraamwerk val. Die hantering hiervan veroorsaak dikwels spanning by egpare. Skuldgevoelens en verwarring oor hulle presiese rolle in die huwelik kan ontstaan. As gevolg van werkloosheid en ander faktore kan rolle verstrengel raak, sodat huweliksmaats hulle presiese verwagtings duidelik met mekaar moet kommunikeer. Indien dit reg hanteer en gekommunikeer word, kan dit spanning verlig.

7.4.2.4.3 Beide partye werk lang ure

Die man en vrou kan lang ure werk en saam moeg by die huis kom. Albei het dan verwagtings oor wat volgende moet gebeur. Dit kan erge spanning skep indien daar nie goeie kommunikasie oor hierdie aspek is nie.

7.4.2.4.4 Vervoer neem baie tyd in beslag

Van die huweliksmaats moet groot afstande aflê omdat hulle ver van die werksplek af woon, en reistyd kan tot drie uur per dag in beslag neem. Die een huweliksmaat sit dan in afwagting by die huis, terwyl die ander op ’n trein of bus of in ’n motor sit. Indien hulle hereniging nie aan albei se verwagtings voldoen nie, kan dit spanning tussen hulle veroorsaak.

7.4.2.4.5 Persoonlike identiteitskrisisse (onafhanklik / interafhanklik)

Wanneer een van die huweliksmaats (veral wanneer hy/sy wel oor ’n naskoolse kwalifikasie beskik) nie werk kry nie, het dit ‘n invloed op sy of haar selfwaarde wat weer ‘n invloed op die verhouding kan hê. Dit is belangrik dat huweliksmaats so gou moontlik met die situasie gekonfronteer word en ook leer hoe om dit te hanteer,

sonder dat dit ’n negatiewe invloed op die verhouding het (Long, Angera, & Hakoyama, 2006).

7.4.2.4.6 Samevatting: rolle en verantwoordelikhede

Rolle en verantwoordelikhede is ’n lewenslange ooreenkoms tussen twee persone in die huwelik en vorm ’n belangrike komponent van huwelikstevredenheid (Kaslow & Hammerschmidt, 1992). Fennel (1987) beweer dat gereelde kommunikasie oor die dinamiese tydelike veranderinge van rolle en verantwoordelikhede, ’n belangrike rol in huweliksukses speel. Vorige navorsing (Braff, 2003) toon dat pare meestal onbewus is van al die rolle wat werklik in die huwelik vervul moet word; asook van hoe die rolle onderskei en toegeken moet word (Van Pelt, 1982). Dit is dus vir enige verrykingsprogram belangrik om hiervan kennis te neem en hieraan aandag te gee. Dit word wel in hierdie program verdiskonteer.

7.4.3 SESSIE 3: Geestelike, emosionele en fisiese verhouding

Gordon (1993) en Rosenbalt (1974) sien hierdie drie temas as belangrik vir ’n effektiewe huweliksverhouding. Tydens Fase I van die ondersoek, en veral op grond van die kwalitatiewe resultate (vergelyk afdeling 5.2), is hierdie aspekte as probleemgebiede geïdentifiseer.

Die geestelike of religieuse aspek is ’n belangrike komponent van die huweliksverhouding (Hadaway & Roof, 1978). ’n Belangrike deel van die terugvoer uit Fase I van hierdie ondersoek was dat die huweliksmaats vanweë omstandighede, soos reeds bespreek (vergelyk afdeling 5.2), nie geredelik die geleentheid kry om intieme sake (geestelik, emosioneel of fisies) te deel nie. Daar is nie genoeg privaatheid vir seks, kommunikasie en/of die hantering van verskille en geskille nie. Dus speel al drie hierdie aspekte ’n belangrike rol in egpare se ontwikkeling en huwelikstevredenheid (Calvo, 1983; Jacobson & Holtzworth-Munroe, 1986).

7.4.3.1 Geestelik

Die basis van die geestelike tema behels die verstaan van die woord "vergifnis", met inbegrip van die huweliksmaats se vermoë om mekaar vanuit ’n geloofsoortuiging te vergewe en om verskoning te vra vir verkeerde optrede. Indien huweliksmaats maklik en volkome kan vergewe, lê dit ’n goeie grondslag vir vinnige herstel in die verhouding (Burchard et al., 2003).

7.4.3.1.1 Migrasieblok: geestelik

Die aspek “geestelik” word met die egpare bespreek. Daar is vier gebiede wat die egpare in hulle nuwe tuiste in ’n vreemde kultuur in ag moet neem.

7.4.3.1.2 Geloofsbasis word getoets as gevolg van blootstelling

Wanneer ’n paartjie hulle in ’n vreemde kultuur bevind, word hulle dikwels blootgestel aan geloofsoortuigings wat van hulle eie verskil. Dit is ’n toets vir wát hulle glo en hoe ernstig hulle daarmee is.

7.4.3.1.3 Geloofsbelangrikheid word getoets as gevolg van vryheid

Geloofsbeoefening is tradisioneel ’n deel van egpare se lewens in hulle land van herkoms. Om volgens sekere geloofsriglyne te lewe, is deel van hulle eie kultuur – sommige sou reken dat hulle byna daartoe “gedwing” is. Migrante-egpare bevind hulle dan in ’n omgewing van ongekende vryheid waar die belangrikheid van geloof getoets word – hulle kan na goeddunke deelneem aan geloofspraktyke indien dit vir hulle belangrik is, of hulle kan kies om nie deel te neem nie.

7.4.3.1.4 Geloofstoewyding word getoets as gevolg van afstand vanaf kerk

Die egpare in die vreemde se geloofstoewyding word dikwels getoets deur die afstand wat hulle moet reis om kerk toe te gaan. Dit neem sommige egpare ’n volle dag om kerk toe te gaan, waar hulle in hulle geboorteland soms net ’n straatblok van hulle kerk gewoon het. Dit is belangrik om hulle, as deel van die program, bewus te

maak van hierdie veranderinge wat hulle in die gesig staar. Hulle moet ook weet wat hulle kan doen om hierdie soort praktiese probleme te oorbrug.

7.4.3.1.5 Geloofseenheid word getoets as gevolg van isolasie

Individue binne die verhouding begin soms vra of hulle geloof nog dieselfde is en indien nie, hoe om dit te hanteer. Die eenheid van *hoe* hulle glo (gebruike) en *waarom* hulle so glo, word ook getoets omdat daar nie altyd gelowiges naby woon met wie hulle hulle vrae kan deel en sodoende ook die gemeenskap van gelowiges ervaar nie. Hierdie isolasie veroorsaak dat huweliksmaats begin twyfel aan hulle eie geloof, wat dan ’n uitwerking op hulle verhouding kan hê.

7.4.3.1.6 Samevatting: geestelik

Die geestelike aspek is ’n belangrike deel van huwelikstevredenheid, mits die huweliksmaats in die eerste plek oor hulle geloofslewe kan kommunikeer, en in die tweede plek met mekaar se geloofslewens kan vrede maak.

7.4.3.2 Emosioneel

Dit is belangrik vir paartjies om vroeg in hulle huwelik op emosionele vlak met mekaar te bind (Butziger, 2005). Hierdie band word deur persoonlike ervarings in die verhouding gesmee (Ladd, 2003). Migrasie is een van die ervarings wat positief óf negatief kan wees, en die paartjie nader aan mekaar kan bring, of uitmekaar kan dryf (Carter & McGoldrick, 1989). In hierdie program leer die paartjies waarna om op te let, en wat om aktief te doen, om op emosionele vlak nader aan mekaar te beweeg.

7.4.3.2.1 Migrasieblok: emosioneel

Ten opsigte van emosie is daar drie aspekte wat migrante-egpare in gedagte moet hou, en aan moet werk om groei in hulle verhouding te bewerkstellig.

7.4.3.2.2 Druk van die vreemde bring paartjies nader of laat hulle van mekaar wegbeweeg

Paartjies moet verstaan dat hulle niks hoef te sê of te doen nie – slegs die daarwees in ’n nuwe land veroorsaak druk wat korrek gekanaliseer moet word. Hulle moet op hierdie eksterne druk bedag wees, en nie toelaat dat dit ’n uitwerking op hulle verhouding het nie.

7.4.3.2.3 Doel van hervestiging bevorder of belemmer emosionele groei

Binne die emosionele verhouding is dit belangrik dat beide huweliksmaats die doel van die hervestiging verstaan, en ook ooreenkom oor die tydperk daarvan. In die program word hulle tyd gegee om hieroor met mekaar te praat en hulle gedagtes op skrif te stel. Die resultaat is ’n vorm van emosionele sekuriteit wat belangrik is vir huwelikstevredenheid.

7.4.3.2.4 “Privaatheid” kan emosionele groei demper of aanhelp

Die kwessie van privaatheid is ’n belangrike saak vir migrante-egpare (veral die vroue). Hulle ervaar dat ’n gebrek aan privaatheid ’n invloed op hulle emosionele en seksuele behoeftes het, en dat dit groei in die verhouding kan demp.

7.4.3.2.5 Samevatting: emosioneel

Die belangrikheid van hierdie tema word in die program aan die egpare verduidelik, en ter wille van hulle verhouding word hulle aangemoedig om so gou as moontlik op hulle eie te gaan woon. So kan hulle wen aan privaatheid, en hulle emosionele verhouding kan groei en ontwikkel.

7.4.3.3 Fisies (seksueel)

Hierdie aspek speel ’n belangrike rol in die ewewigtige groei van die verhouding. Tevredenheid met die seksuele verhouding is volgens verskeie navorsers, soos

Adams (2003), en volgens die resultate soos verkry in hierdie ondersoek (vergelyk hoofstuk 5), een van die belangrike aspekte vir huwelikstevredenheid.

7.4.3.3.1 Migrasieblok: fisies (seksueel)

Daar is by migrante-egpare drie aspekte wat in ag geneem moet word om groei in hulle seksuele verhouding te bewerkstellig.

7.4.3.3.2 “Privaatheid” is belangrik vir groei in die seksuele verhouding

Soos reeds bespreek (vergelyk afdeling 7.4.1.3.1) en vroeër in hierdie hoofstuk aangetoon, is privaatheid ’n belangrike katalisator vir seksuele groei in die verhouding (Rosenbalt, 1974). Met meer privaatheid ervaar die huweliksmaats meer vrymoedigheid in hulle seksuele verhouding. Ook hier word paartjies aangemoedig om so gou moontlik op hulle eie te gaan woon.

7.4.3.3.3 Tyd vir en kommunikasie oor seksuele sake

Tyd is een van die belangrikste faktore in die vreemde. Indien een van die huweliksmaats ver van die werksplek af woon, kan hy/sy só laat by die huis kom dat daar letterlik nie tyd oor is vir kommunikasie of vir seks nie. In die program word egpare aangemoedig om te beplan vir die ontwikkeling van hulle seksuele verhouding.

7.4.3.3.4 Prioriteite wat skeefloop het uitwerking op seksuele verhouding

Daar is baie geleenthede waar buitefaktore ’n egpaar kan beïnvloed. Prioriteite is so ’n aspek: wanneer dit by een party skeefgetrek raak, kan die ander huweliksmaat sy/haar vertroue in die eerste party verloor en afgeskeep voel. So ’n huweliksmaat onttrek hom/haar al meer, met ’n nadelige uitwerking op die seksuele verhouding.

7.4.3.3.5 Samevatting: fisies, geestelik en emosioneel

Ten slotte is groei in die geestelike, emosionele én fisiese verhouding van belang vir huwelikstevredenheid. Gordon (1993) beweer dat fisieke nabyheid en emosionele

openheid belangrik is vir ’n goeie huweliksverhouding en dit word deur Durana (2003) bevestig. Rosenbalt (1974) sluit hierby aan deur daarop te wys dat verliefdheid en romantiek belangrik is vir die ontwikkeling en instandhouding van ’n huweliksverhouding.

7.4.4 SESSIE 4: Buitefaktore

In sessie vier van die program word verskillende buitefaktore (enige “buitemens” en enige “buiteding”) bespreek wat ’n invloed op die huweliksverhouding kan hê. Buitefaktore (vriende, werk, sport, ens.) is ’n belangrike deel van die verhouding, maar moet altyd binne daardie konteks gesien word. Man en vrou moet altyd vir mekaar die belangrikste in die verhouding wees, en buitefaktore mag nooit ’n belangriker of groter rol as die huweliksmaat vervul nie. Wanneer ’n buitefaktor so belangrik vir een van die huweliksmaats raak dat die ander huweliksmaat dit as belangriker as sy/hy ervaar, sal laasgenoemde bedreig voel. Dit lei noodwendig tot negatiewe ervarings met ’n negatiewe invloed op die verhouding. Die program beklemtoon dat ’n verskeidenheid buitefaktore belangrik vir die ewewig binne die verhouding is, maar dat dit altyd binne perke deel van die verhouding is.

7.4.4.1 Migrasieblok: buitefaktore

Migrante-egpare moet versigtig wees om nie toe te laat dat die nuwe en vreemde konteks daartoe lei dat sogenaamde "buitefaktore" ’n greep op hulle verhouding kry nie. Aspekte wat by uitstek ’n negatiewe invloed op huwelikstevredenheid kan uitoefen, is dinge soos skoonouers, finansies, en werksdruk (Mackey & O’Brien, 1995).

7.4.4.2 Werkslading as buitefaktor wat ’n invloed kan hê

Tydens die onderhoude in Fase I van die ondersoek was werkslading ’n groot bron van kommer vir die migrante-egpare. Huweliksmaats verlaat die huis baie vroeg

soggens en kom dan baie laat saans tuis. Die somers is beter, maar in die winter word dit vroeg smiddags al donker sodat die aand baie lank voel vir die huweliksmaat wat tuisbly. In ‘n studie om migrasie, beroepsidentiteit en sosiale oorsprong en klas aan mekaar te verbind, is gevind dat sommige individue uit ‘n hoër ekonomiese klas migreer as gevolg van hulle beroepsidentiteit, terwyl ander migreer ter wille van ‘n beroepsidentiteit. Hierdie motivering het ‘n invloed op hulle toewyding aan hulle beroepe (De Singhly, 2003).

Die program moedig die egpare aan om oor die situasie te kommunikeer en alternatiewe te soek om dit makliker te maak vir die een wat tuisbly.

7.4.4.3 Finansies

Verskeie egpare migreer met die doel om geld bymekaar te maak. Tensy hulle versigtig met hulle geld werk, kan hulle verhouding daaronder ly. Die egpare word in die program aangemoedig om ’n ewewig te vind tussen hulle finansiële doelwitte en ’n gelukkige verhouding.

7.4.4.4 Verblyf

Ten einde geld te spaar, is egpare geneig om saam met ander mense in klein woonplekkies te bly. Dit veroorsaak dat hulle hulle privaatheid grotendeels prysgee ter wille van die doel om geld te spaar. Op die lang termyn kan dit ’n negatiewe invloed hê op baie ander aspekte van hulle huweliksverhouding.

7.4.5 SESSIE 5: Kommunikasie en konflikhantering

7.4.5.1 Vlakke van kommunikasie

Vyf vlakke van kommunikasie word in Tabel 7.2 voorgestel (Jacobson & Holtzworth-Munroe, 1986).

Tabel 7.2

Vyf Vlakke van Kommunikasie

Vlakke	Inhoud van vlak	Voorbeeld
Vlak 5	Basiese inligting	Hoe dit met jou gaan
Vlak 4	Uitruil van idees	Dit is warm buite
Vlak 3	Beoordeling	Die regering maak ’n fout
Vlak 2	Deel van emosie	Ek voel seergemaak
Vlak 1	Intimiteit	Sal jy my vergewe?

Die egpare word tydens die program geleer om een keer per week op ’n formele wyse tot by vlak 2 en 1 te kommunikeer. Wanneer paartjies daarin slaag, word baie konflik vermy. Egpare word ook geleer wat die onderskeid tussen misverstande en konflik is: misverstande wat nie reg hanteer word nie, word konflik. Voorts leer hulle dat mense verskillende maniere het om konflik te hanteer. Die navorsing noem vyf maniere van konflikhantering, wat nou in meer besonderhede bespreek word (vergelyk hoofstuk 4) (Mackey & O’Brien, 1995).

7.4.5.1.1 Vermyding

Konfliksituasies word vermy. Dit is volstruispolitiek: dit vervul nie die persoon se behoeftes nie en beteken niks vir die verhouding nie. (Lae waarde vir die individu – Lae waarde vir die verhouding)

7.4.5.1.2 Kompeteer

“Ek is reg, my wil moet uitgevoer word”: dit vervul die een se behoefte, maar nie die ander een s’n nie, en is daarom skadelik vir die verhouding. (Hoë waarde vir die individu – Lae waarde vir die verhouding)

7.4.5.1.3 Kompromie

“Ter wille van die vrede sal ek die minste wees”: dit help dat die verhouding voortgaan, maar die een persoon se behoefte word nie vervul nie. (Lae waarde vir die individu – Hoë waarde vir die verhouding)

7.4.5.1.4 Akkommodeer

“Ek ontmoet jou halfpad”: in die proses van onderhandeling moet albei soveel prysgee dat die verhouding skade lei. (Min waarde vir die individu – Min waarde vir die verhouding)

7.4.5.1.5 Samewerking

"Ons moet vasbyt tot ons ’n oplossing kry": dit is op liefde gegrond. Die program leer die egpare om konflik só te hanteer dat dit hoë waarde vir die individu én die verhouding inhou.

Die genoemde maniere van konflikhantering word in Figuur 7.2 voorgestel.

VERHOUDING (HOë WAARDE)

INDIVIDU LAE WAARDE

Akkommodeer Vermy	Kompromie	Samewerking Kompeteer

HOë WAARDE INDIVIDU

VERHOUDING (LAE WAARDE)

Figuur 7.2 Vyf verskillende konflikhanteringstyle en die waarde daarvan (Blake & Mouton, 1985)

7.4.5.2 Migrasieblok: kommunikasie en konflikhantering

Dit is vir migrante-egpare belangrik om die volgende vier aspekte in ag te neem wanneer daar oor kommunikasie gepraat word. DeVoge (2003) beskryf hierdie

aspekte as belangrik vir effektiewe kommunikasie en ‘n gesonde huweliksverhouding.

7.4.5.2.1 Tyd vir kommunikasie

Omdat van die huweliksmaats lang ure aan vervoer bestee, is tyd vir kommunikasie beperk. Die egpare word geleer om weekliks met mekaar ’n afspraak te hê. Hierdie afspake – wat kniesessies genoem word – “dwing” hulle om op ’n gestruktureerde manier met mekaar te kommunikeer.

7.4.5.2.2 Privaatheid vir doeltreffende kommunikasie

Tydens hierdie afspraak (vergelyk paragraaf 7.4.5.2.1) is dit ook belangrik dat die afspraak op ’n private plek plaasvind. Die huweliksmaats weet dan dat hulle ten minste een keer per week die kans sal hê om privaat te verkeer.

7.4.5.2.3 Struktuur vir effektiewe kommunikasie

Die egpare ontvang ’n struktuur waarbinne kommunikasie doeltreffend kan plaasvind. Sekere reëls wat tydens die kniesessies geld, word voorgehou: daar moet deurgaans fisiese kontak wees, en as enige struikelblokke ter sprake kom, mag die ander party eers die volgende dag reageer. Dit help die paartjies om emosies uit die gesprekke te weer.

7.4.5.2.4 Ondersteuning vir eerlike kommunikasie

Eerlikheid is een van die belangrikste aspekte by kommunikasie (Jacobson & Holtzworth-Munroe, 1986). Die egpare word geleer dat sekuriteit op betroubaarheid gebou word; ook dat paartjies eerlik moet wees oor klein dingetjies (soos hoe laat ’n huweliksmaat tuis sal wees).

7.4.5.2.5 Samevatting: kommunikasie

Kommunikasie en konflikhantering word universeel in terapie, sowel as in verrykingsprogramme, as ’n integrerende deel van intervensie beskou (Jacobson &

Holtzworth-Munroe, 1986). Konflikhantering is egter ’n aspek van kommunikasie waarop egpare nie altyd goed voorberei is nie, sodat hulle verkies om konflik eerder te vermy. Mans en vrouens se verskillende maniere van konflikhantering vererger gewoonlik die situasie (Mackey & O’Brien, 1995). Suksesvolle konflikhantering word beskou as een van die belangrikste elemente van huwelikstevredenheid (Knudson et al., 1980). Dus skenk hierdie program deeglike aandag aan hierdie aspek van migrasie-huwelike.

7.5 DIE HUWELIKSVERRYKINGSPROGRAM

Dit is belangrik om te onthou dat al die sessies op migrante-egpare gerig is. Die volledige program soos dit aangebied is, word in die Bylae 3 getoon.

HOOFSTUK 8

RESULTATE VAN PROGRAMEVALUERING

FASE III

8.1 INLEIDING

Die program is ontwikkel op grond van vorige navorsing en die vergelyking van ’n groep Suid-Afrikaanse egpare in Suid-Afrika en ’n groep Suid-Afrikaanse egpare in Engeland tydens Fase I van hierdie ondersoek. Die program is geïmplementeer om vas te stel of dit ’n impak het op geïdentifiseerde aspekte van die huweliksverhouding. Sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe evaluerings is gedoen. Dieselfde meetinstrumente en data-insamelingstegnieke wat in Fase I van die ondersoek gebruik is, is weer in Fase III gebruik (vergelyk 4.5.3 Meetinstrumente). Dieselfde vraelyste is by die voor- en nametings gebruik.

Semi-gestruktureerde onderhoude is met deelnemers in die eksperimentele en kontrolegroep 2 (K2) gevoer. Die vrae wat gestel is, het ten doel gehad om vas te stel of die intervensie (program by die eksperimentele groep en naweek bymekaarkom as alternatief by kontrolegroep 2, K2) wel ’n beduidende impak op die verhoudings van die migrante-egpare gehad het. Die kwalitatiewe resultate (gemeet aan die hand van die waargenome effek wat die huwelikspaartjie rapporteer) word beskou as ’n direkte gevolg van die intervensie. In Fase III van die ondersoek sou dit veral belangrik wees dat die onderhoude deur ’n objektiewe onderhoudvoerder gevoer word. By die programaanbieder (navorser) se aankoms in die buiteland was dit weens praktiese redes onmoontlik om ’n onafhanklike onderhoudvoerder te gebruik. Daarom is die onderhoude deur die programaanbieder (navorser) self gevoer, met ’n moontlike sydige effek op die resultate.

Die onderhoude het in ’n spesifieke vertrek plaasgevind waar die deelnemers op bepaalde tye moes aanmeld. Sodoende kon al die onderhoude op ’n ordelike wyse en in gunstige omstandighede gevoer word. Die pare het die vertrek binnegekom en is op hulle gemak gestel, waarna die onderhoud van tussen drie en ses minute met hulle gevoer is. Die onderhoude was van korte duur, aangesien daar ’n tydsbeperking was en die moontlikheid bestaan het dat al die deelnemers nie onderhoude sou kon hê nie.

Die vraagstellingstipe was dieselfde as in Fase I van hierdie ondersoek. Leidende vrae is gevra, soos “het die bywoon van die program ’n impak op julle verhouding gehad?” en “op watter wyse het die weggaan as ’n groep ’n uitwerking op julle verhouding gehad?” (vergelyk p. 191). Soos aangedui, kan die objektiwiteit van die onderhoudvoerder bevraagteken word en daarmee ook die geldigheid en betroubaarheid van hierdie (Fase III) kwalitatiewe resultate. Wanneer die kwantitatiewe resultate egter met die kwalitatiewe resultate vergelyk word, word die kwalitatiewe resultate wel bevestig en ondersteun. Ander faktore (van belang vir die geldigheid en betroubaarheid van resultate) soos opregtheid, eerlikheid, en openheid (vergelyk afdeling 5.2) van die deelnemers word deur die bevestiging deur die kwantitatiewe resultate bo verdenking gestel.

By die rapportering van die kwantitatiewe resultate word die kwalitatiewe resultate, hetsy bevestigend of weersprekend, geïntegreerd aangebied.

8.2 KWALITATIEWE RESULTATE (FASE III)

Semi-gestruktureerde onderhoude is met elke paartjie gevoer, met die doel om vas te stel of die program ’n impak op hulle huwelik gehad het. Die response word volgens natuurlike temas (Miles & Huberman, 1994) bespreek. Die temas is geïdentifiseer deurdat dit herhaaldelik na vore gekom het (meer as twee keer). Die

resultate word vervolgens gerapporteer na aanleiding van die onderhoude wat met die egpare in die eksperimentele groep en kontrolegroep 2 (K2) gevoer is.

8.2.1 Kwalitatiewe resultate van eksperimentele groep

Die volgende vraag is aan elke paartjie gestel: "Op watter wyse het die bywoning van die program ’n uitwerking op julle verhouding gehad?" Die response word hieronder verbatim weergegee, en aan die einde van die hoofstuk saamgevat.

Paartjie A

- Die program het verseker ’n impak gehad, veral ons kniesessies (gestruktureerde sessie om op emosionele vlak te kommunikeer) veroorsaak dat ons (nou) gereeld kommunikeer (beide)
- Vir my het ons kommunikasie ook baie verbeter en Alan sien my behoeftes al meer raak (vrou)
- Ons herinner onsself baie aan die kursus en die feit dat hy my eerste moet stel (gesinseenheid) (vrou)
- Die sessie om met mekaar te praat oor ons sterk- en swakpunte het ons gehelp om mekaar beter te verstaan, haar deeglikheid en my ongeduld. Hoe meer ek verstaan het sy is deeglik en nie traag nie, hoe meer geduldig het ek geword (man)

Paartjie B

- Ons kommunikasie het baie verbeter (beide)
- Die gespreksessie oor ons sterk- en swakpunte het ons gehelp om mekaar beter te verstaan (beide)

Paartjie C

- Die program het definitief baie gehelp, veral met ons beplande tye saam vir kommunikasie, ons is baie besig en ons tydjies saam is kosbaar (beide)
- Dit het my veral gehelp om vir Riette te laat belangrik voel en ek het regtig iets daaraan gedoen (man)
- Vir my was dit om perspektief te kry op al die struikelblokke en hoe ons dit kan oorkom, so ons is heeltyd bewus van waar die probleme lê en wat om daaraan te doen (man)
- Ons het ’n goeie struktuur (die kniesessie) gekry waarbinne ons ons verhouding kan evalueer (vrou)

Paartjie D

- Die program het verseker nut gehad, nie soseer in wat ons gedoen het die afgelope paar maande nie, maar in hoe ons ten spyte van eksamens, ’n swangerskap, ensovoorts, nog steeds kniesessies gehou het en kon kommunikeer oor dinge (vrou)
- Die een ding wat goed was, was om weer ons verhouding op ’n ander manier te evalueer en te besef dat dinge nie vanselfsprekend is nie (man)
- Ek is bly ons kon by ’n vergelyk kom oor die doel van ons verblyf en die lengte daarvan (vrou)
- Die gesprekke oor ons sterk- en swakpunte was baie waardevol om mekaar beter te verstaan (beide)

Paartjie E

- Die program was fantasties en het ons spesifiek gehelp, want net daardie volgende week moes ons trek. Wessel was so half werkloos, en die dinge was baie rof. Die program het ons struktuur gegee om binne die moeilike

omstandighede as egpaar te funksioneer, veral in ons hantering van konflik (vrou)

- Dit was vir my belangrik om sekuriteit te kry oor hoe lank ons nog in die land gaan bly, en die program het gehelp dat ons daaroor kon praat en ’n besluit daaroor kon neem (vrou)
- Ek verstaan my verantwoordelikhede nou beter (man)
- Almal wat Engeland toe kom, moet die kursus doen. Dit gee baie insig in wat met jou in jou huwelik kan gebeur (man)

Paartjie F

- Die seminaar het vir ons geweldig baie beteken, ons kon weer ons verhouding evalueer en regstellings maak (vrou)
- Daar is ’n klomp waarhede op die seminaar gedeel waarby ons kon baat vind. Ons seksuele lewe het baie verbeter (man)
- Die heel belangrikste van alles was die kniesessies (gestruktureerde sessie om op emosionele vlak te kommunikeer) en ons kon dit die afgelope paar maande geweldig baie gebruik en sodoende baie konflik vermy (vrou)

Paartjie G

- Het wel impak gehad, ons het geleer ’n huwelik gebeur nie net nie, jy moet gereeld daaraan werk en evalueer (man)
- Ons kon leer om ons probleme beter te hanteer deur gereeld kniesessies te hou (gestruktureerde sessie om op emosionele vlak te kommunikeer) (vrou)
- Ons het voorheen stilstuipe gekry, ons konflikhantering het verseker bly groei na die bywoon van die program, met baie korter stilstuipes (vrou)
- Die sterk- en swakpuntesessie het ons baie gehelp (beide)

Paartjie H

- Die impak van die seminaar kan gemeet word aan presies hoe my prioriteite en my tydsbeplanning verander het (man). Ek spandeer baie meer tyd by die huis en my vrou voel dat sy nommer een is in my lewe (man)
- Ja, dis waar, Andries het geweldig baie verander in die afgelope drie maande en ons verhouding en kommunikasie het baie gegroei (vrou)
- Ons seksuele lewe die afgelope drie maande is die beste wat dit in sewe jaar was, dis ongelooflik wat klein verskuiwings in jou lewe aan jou huwelik kan doen (man)

Paartjie I

- Ons lewe het baie aanpassing gehad na die seminaar, ons moes nou begin om meer openlik met mekaar te kommunikeer (vrou)
- Daar is ’n goeie opbloei in ons fisiese verhouding (man)
- Ons hanteer ons konflik op ’n ander manier (vrou)
- Die sessie oor ons sterk- en swakpunte het ons gehelp om mekaar beter te verstaan (man)

Paartjie J

- Dit het ons gehelp verstaan waar ons ouers in die prentjie inpas teenoor ons maats (vrou)
- Die kniesessie (gestruktureerde sessie om op emosionele vlak te kommunikeer) het ons baie struktuur gegee om met mekaar te gesels (man)
- Ons kon ons rolle baie meer effektief verstaan (beide)

8.2.1.1 Samevattende opsomming

Dit is duidelik dat daar ten opsigte van ’n paar aspekte ’n positiewe en standhoudende verbetering in die huweliksverhouding van die betrokkenes was. In hierdie verband kan veral die volgende uitgelig word:

- Die sterk- en swakpuntesessie het hulle gehelp om mekaar beter te verstaan.
- Hulle het geleer dat kniesessies aan hulle ’n platform gee om weekliks op ’n emosionele vlak te kommunikeer.
- Die waarde van die gesinseenheid, en waar ouers en kinders in die eenheid inpas, het vir etlike pare baie beteken.
- Verskeie pare se seksuele verhouding het verbeter.
- Paartjies kon oor hul rolle onderhandel en dit beter verstaan.
- Verskeie paartjies het konflik beter hanteer.

8.2.2 Kwalitatiewe resultate van kontrolegroepe

Kontrolegroep 1 (K1), paartjies K tot T, het geen intervensie gehad nie, en daarom is daar geen onderhoude met hulle gevoer nie. Daar is wel onderhoude gevoer met kontrolegroep 2 (K2) wat ’n ander vorm van intervensie ondergaan het.

Response van kwalitatiewe resultate by kontrolegroep 2

Die volgende vraag is aan lede van hierdie kontrolegroep (K2) gestel: "Op watter wyse het die weggaan as ’n groep ’n uitwerking op julle verhouding gehad?"

Die response van die egpare op hierdie vraag word hieronder weergegee:

Paartjie U

- Wel, dit hang seker af saam met wie ’n mens weggaan, maar die feit dat ons so weg was het geen positiewe impak op ons verhouding gehad nie (man)

- My opinie is dat dit eintlik nie sin maak nie, ons het wel lekker gekuier, maar ons tyd is so beperk dat ons dit anders kon deurbring wat dalk meer waarde sou gehad het (vrou)
- Dit het nie gehelp nie, maar was ’n katalisator, as jou huwelik sterk was kon jy dit geniet, as daar probleme was, is dit uitgewys, maar niks kon daaraan gedoen word nie, en dit het situasies nogal ongemaklik gemaak (vrou)

Paartjie V

- Die feit dat ons vir ’n naweek met vriende weg was, het geen verskil aan ons verhouding gemaak nie (man)
- Daar was geen onderskeid in ons verhouding voor of na die naweek nie (vrou)

Paartjie W

- Absoluut geen invloed gehad op die bevordering van ons huwelik nie (man)
- Ons het iets konstruktiefs nodig wat op ons huwelik sal fokus om die verkeerde patrone in ons verhouding te help regstel (vrou)
- Ek is baie weg en dit veroorsaak dat as ons so sosiaal tussen vriende is, ons nie regtig tyd met mekaar spandeer nie (man)

Beide paartjies X en Y was nie beskikbaar vir persoonlike onderhoude nie. Albei pare het wel in telefoniese onderhoude bevestig dat die weggaan geen invloed op hulle verhouding gehad het nie, en dat dit net ’n lekker wegbreekgeleentheid was.

8.2.2.1 Samevatting

Dit is duidelik dat die groepuitstappie van kontrolegroep 2 nie ’n beduidende effek op die betrokke huwelikspare gehad het nie. Daarteenoor blyk dit dat al die lede van die eksperimentele groep positiewe aspekte kon identifiseer wat hulle aan die bywoning van die program toegeskryf het.

8.3 KWANTITATIEWE RESULTATE

Dit is opvallend dat die biografiese inligting wat by hierdie groepe verkry is, grootliks ooreengestem het met die inligting wat in Fase I van hierdie ondersoek verkry is. Die inligting oor hervestiging en die redes vir hervestiging was ook dieselfde as in Fase I (vergelyk Hoofstuk 5). Wat Fase III van die ondersoek betref, het die biografiese besonderhede – met die uitsondering van ’n paar paartjies wat verhuis het – ook nie sodanig verander dat dit in die tydperk tussen die voor- en nameting enigsins ’n verskil aan die verhoudings gemaak het nie.

Daar is in die biografiese vraelys ook as ’n enkelitembeoordeling sekere vrae oor onderwerpe soos alleenheid, vrye tyd, afstand van familie, vriende, en werkslading (wat ’n effek op die egpare se huwelike kon hê) aan die deelnemers gestel. (Hulle moes hierop antwoord deur kruisies langs die item te maak indien die aspekte spanning in hulle huwelik veroorsaak het). Hierdie resultate het geen statisties beduidende verskille getoon nie, en word nie verder bespreek nie. Vervolgens word die ander resultate bespreek.

Wat die impak van die program betref, word die resultate aangebied in ooreenstemming met die vier meetinstrumente wat tydens die voor- en nametings gebruik is. Die tegniek van herhaalde waarnemings-analise van variansie is gebruik om verskille tussen die gemiddelde voor- en nametings te bepaal. Die *Bootstrap* nie-parametriese tegniek is gebruik om sekere bevindings te bevestig.

8.3.1 ENRICH-resultate

Die ENRICH-vraelys is gebruik om verskillende aspekte van die huweliksverhouding te evalueer (vergelyk paragraaf 4.5.3.2). Tweerigtingvariansie-analise is gebruik om te bepaal wat die gesamentlike effek is van die groep (eksperimenteel, kontrolegroep 1 en kontrolegroep 2) en geslag vir elk van die 10 subskale. Die interaksie-p-waarde

dui aan of die geslagte binne die groepe verskil, en die groep-p-waarde dui aan of die eksperimentele groep van die kontrolegroepe verskil. Die resultate van die tweerigtingvariansie-ontledings word in Tabel 8.1 getoon.

Tabel 8.1

Resultate van Tweerigtingvariansie-Analises waar die Effek van Groep en Tyd vir die Verskillende Subskale van die ENRICH-Vraelys Bepaal is

Aspekte van ENRICH	Interaksie p-waarde	Groep p-waarde	Tyd p-waarde
Persoonlike eienskappe van huweliksmaat	0.81	0.69	0.66
Rolverantwoordelikheid	0.59	0.03*	0.91
Kommunikasie	0.80	0.12	0.00*
Oplossing van konflik	0.48	0.39	0.15
Finansiële kwessies	0.77	0.49	0.53
Hantering van vrye tyd	0.07	0.11	0.00*
Seksuele verhouding	0.15	0.27	0.29
Ouer-verantwoordelikheid	0.00*	0.09	0.23
Verhouding met familie en vriende	0.55	0.47	0.00*
Godsdienstige oriëntasie	0.00*	0.24	0.02*
Huwelikstevredenheid	0.03*	0.21	0.00*

*p≤0.05;

**p≤0.10

Daar is vir drie aspekte van die huweliksverhouding (tevredenheid met rolverantwoordelikheid, tevredenheid met godsdiensoriëntasie [hoe die huweliksmaats voel oor godsdienstige rituele en gebruike binne die konteks van die huwelik], en algemene tevredenheid met die huwelik) verskille of ’n tendens tot ’n

verskil tussen die voor- en nametings gevind. Hierdie bevindinge word nou verder toegelig.

Wat betref tevredenheid met rolverantwoordelikhede binne die huwelik, dui ’n laer telling op ’n beter begrip van en tevredenheid met die man en vrou se onderskeie rolle. Die resultate van die ontledings (voor- en nametings vir die drie groepe) word in Figuur 8.1 getoon.



Figuur 8.1 ENRICH: Tevredenheid met rolverantwoordelikheid. Grafiek wat die verandering in die belewenis van gelykheid ten opsigte van hulle rolle in die eksperimentele groep en kontrolegroepe vir die voor- en nametings aandui. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui

Volgens Figuur 8.1 is daar by die eksperimentele groep ’n tendens om meer tevrede met hulle rolle en die uitlewing daarvan te wees, en dit ook beter te verstaan, as wat by die kontrolegroepe die geval is ($p<0.03$) (vergelyk Tabel 8.1). Die

eksperimentele groep se begrip van en tevredenheid met hulle rolle binne die huweliksverhouding was duideliker ná die program. Die onderhoude na die intervensie bevestig hierdie bevinding.

Elke egpaar se godsdiensoriëntasie en hulle tevredenheid daarmee voor en na die intervensie, word in Figuur 8.2 aangedui.



Figuur 8.2 ENRICH: Tevredenheid met godsdiensoriëntasie. Grafiek wat die verandering in godsdiensbelewing en die belangrikheid daarvan vir die eksperimentele groep en kontrolegroepe vir die voor- en nametings aandui. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui

Figuur 8.2 toon die belangrikheid van die huweliksmaats se gevoelens oor godsdienstige rituele en gebruike binne die konteks van die huwelik. Items fokus op die belangrikheid van geloof, die huweliksmaats se betrokkenheid by kerkaktiwiteite, en die verwagtinge van godsdienstige rolle wat hulle moet vervul.

Na afloop van die intervensie toon egpare in die eksperimentele groep ’n toename ten opsigte van die belangrikheid van hulle godsdiensoriëntasie. Hierdie toename realiseer in die drie maande tussen die voor- en die nameting. Hierteenoor toon kontrolegroep 1 ’n nie-beduidende afname in die belangrikheid van hulle godsdiensoriëntasie, en kontrolegroep 2 ’n beduidende afname tussen die voor- en die nameting ($p<0.05$).

’n Derde aspek waar ’n beduidende verskil tussen die voormeting en die daaropvolgende metings opgemerk word, is die algemene huwelikstevredenheid van die huwelikspare. Die resultate word grafies voorgestel in Figuur 8.3.



Figuur 8.3 ENRICH-grafiek wat die groei aandui in algemene huwelikstevredenheid van die drie groepe, tussen die voormeting en tweede nameting drie maande later. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

In die geval van kontrolegroep 1 (p=0.79) het huwelikstevredenheid gedaal, terwyl daar by kontrolegroep 2 ’n opwaartse tendens was (p=0.08). Dit kan moontlik aan toeval toegeskryf word, aangesien die voormeting-verspreiding groot was en die kwalitatiewe resultate nie bevestig het dat die intervensie enige verandering in die paartjies se verhouding teweeg gebring het nie. Die eksperimentele groep se resultate word in Figuur 8.4 aangedui.



Figuur 8.4 ENRICH-grafiek wat die groei aandui in algemene huwelikstevredenheid van die eksperimentele groep tussen die voor-, na- en tweede nameting drie maande later. Gemiddeldes en 95% betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui

Daar het positiewe groei in algemene huwelikstevredenheid by die eksperimentele groep plaasgevind. Daar was nie enige verandering van die voormeting (dag voor intervensie) tot die eerste nameting (direk na intervensie) nie, maar daar is ’n definitiewe verandering van die eerste nameting direk ná die intervensie tot die tweede nameting drie maande later (p=0.04) (vergelyk Figuur 8.4).

8.3.2 PAIRS-resultate

Die PAIRS-vraelys wat in Fase I van hierdie ondersoek gebruik is, is ook in hierdie deel van die ondersoek gebruik om die graad van die verlangde sowel as werklike intimiteit ten opsigte van vyf verskillende dimensies te meet.

Tweerigtingvariansie-analise is gebruik om te bepaal wat die gesamentlike uitwerking van die groepe (eksperimentele en kontrolegroepe) en geslag vir elk van die vyf subskale is. Die p-waardes is op drie verskillende vlakke bepaal, naamlik: interaksie, groep en geslag. Die interaksie-p-waarde dui aan of die geslagte binne die groepe verskil, en die groep-p-waarde dui aan of die eksperimentele groep van die kontrolegroepe verskil. Die resultate van die tweerigtingvariansie-ontledings word in Tabel 8.2 getoon.

Tabel 8.2

Resultate van Tweerigtingvariansie-Analise waar die Uitwerking van Groep en Tyd vir die Verskillende Subskale van die PAIRS-Vraelys Bepaal is

Aspekte	Verlangde intimiteit			Werklike intimiteit		
	Interaksie p	Groep p	Tyd p	Interaksie p	Groep p	Tyd p
Emosionele intimiteit	0.74	0.00*	0.11	0.26	0.11	0.18
Sosiale intimiteit	0.61	0.00*	0.11	0.11	0.09	0.05**
Seksuele intimiteit	0.18	0.07**	0.14	0.03*	0.03*	0.14
Intellektuele intimiteit	0.43	0.31	0.72	0.14	0.85	0.21
Ontspanningsintimiteit	0.00*	0.74	0.16	0.85	0.35	0.28

*p≤0.05

**p≤0.10

Die resultate (voor- en nametings vir die drie groepe) vir twee van die vyf tipes intimiteit waar daar wel beduidende veranderinge plaasgevind het (vergelyk Figuur 8.5, Figuur 8.6, Figuur 8.7 en Figuur 8.8) word vervolgens getoon.

8.3.2.1 Sosiale intimiteit

Eerstens word die verskille tussen die groepe (eksperimentele groep en die kontrolegroepe) getoon (vergelyk Figuur 8.5), en daarna word die verskil tussen die voormeting en nametings van die eksperimentele groep getoon (vergelyk Figuur 8.6).



Figuur 8.5 PAIRS: Sosiale intimiteit in huwelike by die eksperimentele groep en kontrolegroepe. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

Figuur 8.5 toon dat daar ’n beduidende positiewe verandering ingetree het wat betref die sosiale intimiteit van die eksperimentele groep in die tydperk tussen die voormeting en die nameting drie maande later (p=0.02) (vergelyk Figuur 8.6). Hierteenoor was daar nie by kontrolegroep 1 (p=0.15) of kontrolegroep 2 (p=0.53) ’n beduidende verandering nie (vergelyk Tabel 8.2).

Figuur 8.6 toon die eksperimentele groep se verandering in sosiale intimiteit van die voormeting (dag voor die intervensie) tot by die eerste nameting (direk na die intervensie), en weer tot die laaste nameting (drie maande later).



Figuur 8.6 PAIRS: Sosiale intimiteit en die ontwikkeling daarvan by die eksperimentele groep tydens en tussen die voormeting (dag voor intervensie), eerste nameting (direk na intervensie) en laaste nameting (drie maande later).

Dit volg duidelik uit Figuur 8.6 dat die eksperimentele groep konstante en beduidende groei ten opsigte van sosiale intimiteit ervaar het.

8.3.2.2 Seksuele intimiteit

Seksuele intimiteit is om algemene toegeneentheid en/of seksuele aktiwiteite met jou huweliksmaat te deel. Die verskille ten opsigte van hierdie soort intimiteit word op twee maniere aangetoon. Eerstens word die verskille tussen die groepe (eksperimentele groep en die kontrolegroepe) in Figuur 8.7 aangedui. Tweedens dui Figuur 8.8 aan hoe die resultate deur middel van die *Bootstrap*-metode bevestig word.



Figuur 8.7 PAIRS: Seksuele intimiteit by die eksperimentele groep en kontrolegroepe tydens die voor- en nametings.

Figuur 8.7 toon ’n toename in seksuele intimiteit by die eksperimentele groep van die voor- tot die nameting. Hierteenoor was daar nie verandering by kontrolegroep 1 (p=0.53) of kontrolegroep 2 (p=0.57) nie (vergelyk Tabel 8.2). Die eksperimentele groep se styging was nie statisties beduidend nie (p=0.06) (vergelyk Figuur 8.7). Die nie-parametriese *Bootstrap*-analise toon wel ’n statisties beduidende verandering (p<0.05) ter ondersteuning van die tendens in Figuur 8.7. In Figuur 8.8 word getoon hoe bostaande resultate met die *Bootstrap*-tegniek bevestig word.



Figuur 8.8 PAIRS: Seksuele intimiteit toon beduidende verandering by die eksperimentele groep van die voormeting tot die nametings, met behulp van die *Bootstrap*-tegniek. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

8.3.3 MODE-resultate

Volgens die literatuur (vergelyk hoofstuk 3) het die samewerking- (*collaboration*) konflikhanteringstyl die meeste waarde vir ’n verhouding, sowel as vir die persoonlike behoeftes van die individue. Derhalwe is hierdie konflikhanteringstyl tydens die aanbieding van die program aan die eksperimentele groep voorgehou. Die mate waarin die program wel daarin geslaag het om hierdie styl by die eksperimentele groep te bevorder, word in Figuur 8.9 aangedui.



Figuur 8.9 MODE: Die gebruik van die samewerking-konflikhanteringstyl voor en na die aanbieding van die program. Gemiddeldes en 95%-betroubaarheidsintervalle vir die gemiddeldes word per subgroep aangedui.

Die metings toon dat daar by die eksperimentele groep ’n nie-beduidende toename (p=0.16) in die gebruik van die samewerking-konflikhanteringstyl is, nadat hulle in die program daaraan blootgestel is. Daar is veral ’n opvallende verskil tussen die eerste nameting (direk na die intervensie) en die laaste nameting (drie maande later) (vergelyk Figuur 8.9). Die kwalitatiewe onderhoude bevestig hierdie toename in ’n beter manier van konflikhantering vir die paartjies in die eksperimentele groep. Hulle is tydens die aanbieding van die program toegerus om die samewerking-konflikhanteringstyl te gebruik. By die kontrolegroepe wat nie aan hierdie styl blootgestel is nie, was daar ’n afname of geen verskil in die gebruik van hierdie styl (kontrolegroep 1 (p=0.75) en kontrolegroep 2 (p=0.20)).

8.4 SAMEVATTING

Die doel van die voorlopige program was om egpare daarvan bewus te maak dat sekere aspekte van hulle huweliksverhouding verander kan word, en om hulle toe te

rus om hierdie veranderinge teweeg te bring. Gesinseenheid is die aspek wat eerstens aandag gekry het; die losmakingsproses van ander verhoudings en die saambindingsproses van hierdie verhouding is hier betrek. Die huwelik word naamlik die egpaar se primêre verhouding en eis ’n verbintenis tot die nuwe sisteem (Nicol, 1991).

Tweedens is daar gefokus op die man en vrou se roltevredenheid en -verantwoordelikhede. Fennel (1987) beweer dat gereelde kommunikasie oor die dinamiese veranderinge van rolle en verantwoordelikhede ’n belangrike rol in huweliksukses speel.

Derdens het die program gefokus op geestelike sake, en spesifiek dan die verstaan van die woord "vergifnis" en die wyses waarop die huweliksmaats mekaar kan vergewe. Indien huweliksmaats maklik en volkome kan vergewe, vorm dit ’n goeie basis vir vinnige herstel in die verhouding (Burchard et al., 2003).

Vierdens is aandag gegee aan emosionele sake, met ander woorde, die band wat deur persoonlike ervarings gesmee word. ’n Ervaring kan positief of negatief wees, en kan die paartjie nader aan mekaar bring of uitmekaar dryf. Migrasie is só ’n situasie of ervaring in die verhouding (Carter & McGoldrick, 1989).

Vyfdens is gefokus op die fisieke (seksuele) aspekte van die verhouding. Fisieke nabyheid en emosionele openheid is belangrik (Gordon, 1993) vir die ontwikkeling en instandhouding van ’n huweliksverhouding.

Laastens is aandag gegee aan kommunikasie en konflikhantering. Geslaagde konflikhantering word as een van die belangrikste elemente van huwelikstevredenheid beskou (Knudson et al., 1980).

Uit ’n evaluering van die resultate wat in hierdie hoofstuk aangebied is, is dit duidelik dat die intervensie direk verantwoordelik was vir die groei en ontwikkeling

van sekere verhoudingsaspekte. Die egpare se seksuele intimiteit, asook hulle groter tevredenheid met hulle seksuele verhouding, is spesifieke aspekte aangebied in die program wat hierdie groei en ontwikkeling weerspieël. Daar was ook ’n beduidende toename in godsdiensoriëntasie en die verwagtinge van godsdienstige rolle wat deur huweliksmaats vervul moet word. By die egpare in die eksperimentele groep was daar ook ’n tendens (nie-beduidend) tot ’n groter belewing van sosiale intimiteit, terwyl die kontrolegroepe geen verandering getoon het nie. Die eksperimentele groep het die samewerking-konflikhanteringstyl (wat tydens die program voorgestel is) ook in ’n beduidende mate meer gebruik in die drie maande na die intervensie. Die kniesessie (waar huweliksmaats een keer per week vir ten minste ’n uur oor sekere aspekte van hulle huwelik kommunikeer) wat tydens die program vir die egpare geleer is, het hulle gehelp om meer gereeld op ’n meer konstruktiewe wyse te kommunikeer.

Samevattend kan gestel word dat die verrykingsprogram wat ontwikkel is, ’n beduidende rol gespeel het in die groei en ontwikkeling van die huwelike van die migrante-pare wat die program deurloop het.

In die volgende Hoofstuk word die kwalitatiewe en kwantitatiewe resultate in meer besonderhede bespreek.

HOOFSTUK 9

BESPREKING VAN RESULTATE

FASE III

9.1 INLEIDING

Die kwalitatiewe en die kwantitatiewe resultate van die eksperimentele en twee kontrolegroepe word in hierdie Hoofstuk vergelyk, geïntegreer en bespreek. Die doel daarvan is om vas te stel wat die impak van die program wat ontwikkel is, op die migrasie-huwelike was.

Al drie die betrokke groepe is aan ’n voormeting onderwerp, waarna die eksperimentele groep vrywillig aan die nuut ontwikkelde program deelgeneem het. Kontrolegroep 1 het geen intervensie gehad nie, terwyl kontrolegroep 2 vir ’n naweek weggegaan het om bloot gesellig saam te verkeer. Die doel met kontrolegroep 2 se saam weggaan was om die moontlike effek van “net bymekaar wees in ’n groep” te kontroleer, en dit as ’n bydraende faktor tot die verbetering van verhoudingsaspekte van lede van die eksperimentele groep uit te skakel. Vervolgens word die impak van die program bespreek.

9.2 BIOGRAFIESE GEGEWENS

Die studiepopulasie word gedefinieer as alle huwelike-in-migrasie waar die egpaar sewe jaar of korter getroud is. Aangesien die ondersoekgroep uit wit, meestal Afrikaanssprekende egpare bestaan het, is die bevindinge net veralgemeenbaar na wit egpare in die Suid-Afrikaanse samelewing, en nie na die breër Suid-Afrikaanse bevolking nie. Die gemiddelde ouderdom van die eksperimentele groep was: mans 29 jaar (SA=2.1) en vroue 27.7 jaar (SA=2.7). Die gemiddelde ouderdom van kontrolegroep 1 was: mans 28 jaar (SA=2.1) en vroue 27 jaar (SA=2.3). Die

gemiddelde ouderdom van kontrolegroep 2 was: mans 31.4 jaar (SA=2.3) en vroue 28.6 jaar (SA=1.1). Die gemiddelde tydperk van getroude lewe in die eksperimentele groep was 3.2 jaar (SA=2.1), in kontrolegroep 1 2.4 jaar (SA=2.0), en in kontrolegroep 2 3.8 jaar (SA=1.8). Wat kinders betref, het drie van die pare in die eksperimentele groep kinders gehad, geen pare in kontrolegroep 1 het kinders gehad nie, en twee van die pare in kontrolegroep 2 het elk ’n kind gehad. Dit is duidelik dat daar nie opvallende verskille ten opsigte van ouderdom en jare getroud tussen die groepe was nie.

Negentig persent van die deelnemers in die eksperimentele groep en al die deelnemers in beide kontrolegroepe het gerapporteer dat hulle wel naskoolse opleiding ontvang het. Op die vraag of die deelnemers al egskeiding oorweeg het, het een paartjie in die eksperimentele groep, en een persoon in kontrolegroep 1 aangedui dat hulle al egskeiding oorweeg het. Niemand in kontrolegroep 2 het al egskeiding oorweeg nie. Al die deelnemers het bevestig dat hulle hervestiging vrywillig was, met werksgeleenthede as hoofrede vir hervestiging. Twee ander redes wat uitgestaan het, was die aflos van skuld en om besigtigingstoere te onderneem. Hierdie aspekte was onveranderd by die nametings.

Die kwalitatiewe resultate ten opsigte van die eksperimentele groep het na afloop van die intervensie die volgende veranderinge in die huweliksverhoudings geïdentifiseer:

- Die program het die paartjies gedwing om te gaan sit en hulle eie verhoudings te evalueer.
- As gevolg van die evaluering het hulle aanpassings en regstellings aan verskillende aspekte van hulle huweliksverhouding gemaak.

- Die gevolge van hierdie regstellings is drie maande later in die nameting weerspieël (verbetering in algemene huwelikstevredenheid, verdieping in godsdiensbelewing, meer tevredenheid met seksuele intimiteit, verbetering in hantering van konflik, en meer effektiewe kommunikasie as gevolg van kniesessies).

Nog ’n belangrike gevolg van die program wat deur die kwalitatiewe onderhoude bevestig is, is dat die saamwees in ’n groep vir ’n bepaalde tydperk op sigself nié kan bydra om ’n huweliksverhouding te verbeter nie. Die blote “saamwees” het volgens die kontrolegroeplede geen effek op hulle verhouding gehad nie (vergelyk afdeling 8.1 en 8.2.2).

9.3 ENRICH-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE

ENRICH is gebruik om tevredenheid met verskillende aspekte van die huweliks-verhouding te meet (vergelyk afdeling 4.5.3 Meetinstrumente). By een van hierdie aspekte – godsdienstige oriëntasie – toon die resultate ’n beduidende positiewe verskil tussen die eksperimentele groep en die kontrolegroepe (vergelyk Figuur 8.2). (Godsdiensoriëntasie dui op tevredenheid met godsdienstige rituele en gebruike binne die konteks van die huwelik.) Items in die vraelys fokus op die belangrikheid van geloof, die huweliksmaats se betrokkenheid by kerkaktiwiteite, en die verwagtinge van godsdienstige rolle wat deur die huweliksmaats vervul moet word.

Twee ander aspekte waarby daar ook verskille of tendense tot verskille tussen die eksperimentele groep en kontrolegroepe gevind is, is tevredenheid met rolverantwoordelikheid (vergelyk Figuur 8.1) en algemene huwelikstevredenheid (vergelyk Figuur 8.3). Dié aspekte waarby geen verskille tussen die eksperimentele groep en kontrolegroepe tydens die nametings gevind is nie, word nie verder bespreek nie.

9.3.1 Tevredenheid met godsdienstige oriëntasie

Wat godsdienstige oriëntasie betref, was die doel om vas te stel of die verrykingsprogram daartoe sou bydra dat die huweliksmaats meer bewus raak van die belangrikheid van hulle gevoelens oor godsdienstige rituele en gebruike binne die konteks van die huwelik.

In die geval van die eksperimentele groep is ’n duidelike positiewe toename in die huwelikspare se tevredenheid met godsdienstige oriëntasie aangedui ná die bywoning van die program (sien Figuur 8.2). Die kwalitatiewe resultate bevestig hierdie groei. Die program het groter tevredenheid met hierdie aspek van die egpare se verhouding teweeg gebring.

9.3.2 Tevredenheid met rolverantwoordelikheid

Figuur 8.1 toon die verskille in die begrip van en tevredenheid met rolverantwoordelikhede in die huweliksverhouding vir die eksperimentele en kontrolegroepe. Die program het ’n positiewe effek gehad op die eksperimentele groep se tevredenheid met hulle rolverantwoordelikhede. In die program is die deelnemers aangemoedig om oor hulle rolle te gesels, dit beter te formuleer en konsensus te kry oor elkeen se rol. Hulle kon dus hulle rolle beter verstaan deur daaroor te onderhandel.

Alhoewel die kwantitatiewe resultate nie op statisties beduidende verskille tussen die eksperimentele en kontrolegroepe se voor- en nametings dui nie, is daar tog ’n baie sterk tendens dat die eksperimentele groep ná die intervensie meer tevrede was. Tydens die kwalitatiewe onderhoude is dit verder bevestig dat huweliksmaats die beginsel van rolle en rolverantwoordelikhede beter verstaan het na afloop van die verrykingsprogram (vergelyk afdeling 8.1). Die direkte gevolg hiervan was dat die onderskeie huweliksmaats kon onderhandel oor hulle

verskillende rolle na gelang van die situasie, en elkeen kon sy of haar rol binne die huwelik beter verstaan en ook beter vertolk. Tydens die onderhoude het dit ook duidelik geblyk dat die paartjies na drie maande heelwat meer rustigheid oor hulle onderskeie rolverantwoordelikhede gehad het.

9.3.3 Algemene huwelikstevredenheid

Die kwantitatiewe resultate toon ’n besliste neiging tot ’n toename in algemene huwelikstevredenheid by die eksperimentele groep na afloop van die intervensie (vergelyk Figuur 8.3). By kontrolegroep 1 was daar ’n afname in huwelikstevredenheid, en by kontrolegroep 2 was daar geen verandering in die tydperk tussen die voor- en die nameting nie.

Volgens die kwalitatiewe resultate het die egpare aan verskeie aspekte van hulle huwelike aandag gegee. Die kombinasie van positiewe terugvoer en die werk wat in die verhouding ingesit word, het hulle algemene tevredenheid met die huweliksverhouding verhoog.

9.4 PAIRS-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE

Die PAIRS-vraelys wat in hierdie ondersoek gebruik is, meet huweliksintimiteit op twee vlakke (verlangde intimiteit en intimiteit tans), en op vyf verskillende gebiede, naamlik: emosionele, sosiale, seksuele, intellektuele en ontspanningsintimiteit. Twee van die aspekte het na afloop van die program beduidende positiewe veranderinge by die eksperimentele groep getoon. Die beduidende resultate word vervolgens bespreek.

9.4.1 Sosiale intimiteit

Daar was ’n beduidende toename in sosiale intimiteit by die eksperimentele groep in die tydperk tussen die eerste nameting direk ná die intervensie en die laaste nameting drie maande later (vergelyk Figuur 8.5 en 8.6). Sosiale intimiteit is om

gesamentlike vriende te hê en belangstellings in sosiale netwerke te deel. Wanneer daar ’n toename in sosiale intimiteit is, beteken dit dat die egpaar die belangrikheid van hierdie netwerke verstaan, en as ’n paartjie aktief betrokke raak in hulle sosiale omgewing.

Volgens die kwalitatiewe resultate was dit veral die prioriteite-sessie en beplanning rondom hulle verhouding wat egpare gehelp het om meer ewewig in hulle verhouding in te bou. Hierdie groei word beklemtoon deur die veranderinge wat huwelikspare gemaak het aangaande die beplanning van die verskillende aspekte (geestelik, kultureel, verstandelik, sport en sosiaal) van hulle verhouding. Hierdie beplanning, en die implementering daarvan, word as ’n belangrike deel van paartjie-ontwikkeling beskou.

9.4.2 Seksuele intimiteit

Die kwantitatiewe resultate (vergelyk Figuur 8.7) toon dat die seksuele intimiteit van die egpare in die eksperimentele groep ná die intervensie ’n sterk neiging tot groei getoon het. ’n *Bootstrap*-analise bevestig dat hierdie toename wel statisties beduidend was (vergelyk Figuur 8.8). Omdat die kontrolegroepe in dieselfde periode geen verandering getoon het nie, dien dit as bevestiging dat die intervensie ’n positiewe groei-effek op die tevredenheid met seksuele intimiteit by die eksperimentele groep gehad het. Hierdie toename in seksuele intimiteit beteken meer toegeneentheid teenoor mekaar en/of die deel van meer seksuele aktiwiteite, meer kommunikasie oor seksuele sake, en om mekaar op fisieke vlak beter te leer ken. Huweliksmaats het mekaar dus toenemend beter verstaan en kon openliker oor seksuele intimiteit in hulle verhouding kommunikeer.

Die kwalitatiewe resultate (vergelyk afdeling 8.1) bevestig dat die paartjies se tevredenheid met seksuele intimiteit toegeneem het. Die feit dat hulle tydens die

program toegerus is om meer oor die onderwerp, en oor hulle ervaring van seksuele intimiteit te kommunikeer, kon moontlik bygedra het tot die verbetering van hierdie aspek van hulle verhouding.

9.5 MODE-RESULTATE GEÏNTEGREERD MET KWALITATIEWE RESULTATE

In terme van die konflikhanteringsvraelys (MODE) is daar vyf moontlike maniere van konflikhantering wat egpare in konfliksituasies kan gebruik. Elkeen van hierdie maniere van konflikhantering het ’n sekere uitwerking op sowel die individu as op die verhouding. Volgens die literatuur hou die samewerkingstyl die meeste positiewe gevolge vir die individu sowel as vir die verhouding in (vergelyk die bespreking in hoofstuk 4).

Tydens die program is die eksperimentele groep aan hierdie spesifieke styl blootgestel, en het die egpare kans gekry om verder met die styl vertroud te raak. In die nametings (vergelyk Figuur 8.9) is gevind dat die eksperimentele groep die styl beduidend meer gebruik het. Daar het geen verandering by die kontrolegroepe plaasgevind nie, aangesien hulle nie aan die styl blootgestel is nie. Daar was geen verandering tussen die eerste voormeting en die eerste nameting by die eksperimentele groep nie, maar wel ’n beduidende verandering tussen die eerste nameting en die laaste nameting drie maande later (vergelyk Figuur 8.9). Daar kan dus afgelei word dat die program bygedra het tot die toenemende gebruik van die samewerking-konflikhanteringstyl deur lede van die eksperimentele groep.

Die kwalitatiewe resultate bevestig dat die paartjies in die eksperimentele groep meer tevrede was met hulle wyse van konflikhantering. Uit die response (vergelyk afdeling 8.2) is dit duidelik dat die struktuur en die riglyne vir konflikhantering waarmee hulle in die intervensie toegerus is, baie hiertoe bygedra het.

9.6 KWALITATIEWE KOMMENTAAR DEUR LEDE VAN DIE EKSPERIMENTELE GROEP TYDENS DIE NAMETING

Verdere aspekte (vergelyk afdeling 8.2) wat belangrik geag is en in die program ingesluit is, maar nie kwantitatief bevestig of in een van bogenoemde afdelings weerspieël is nie, word vervolgens bespreek. Dit sluit in sterk- en swakpunte van die huweliksmaats, emosionele intimiteit, en die kwessie van privaatheid.

9.6.1 Sterk- en swakpunte van die huweliksmaats

Volgens die kwalitatiewe resultate was die deel van die program wat oor hierdie tema gehandel het, betekenisvol vir verskeie van die paartjies. Na aanleiding van die program kon hulle hulle eie gedrag beter verstaan. Veral waardevol was dat hulle hulle maats beter leer ken het, en kon help om laasgenoemde se sterk punte uit te bou.

9.6.2 Emosionele intimiteit

Volgens die resultate verkry vanuit die kwalitatiewe onderhoude, was die vrouens in al drie groepe se behoefte aan meer emosionele intimiteit groot in vergelyking met dié van die mans. Die kwantitatiewe resultate bevestig dit nie, en toon geen beduidende verskille in die behoefte aan emosionele intimiteit tussen die eksperimentele en kontrolegroepe nie.

Die struktuur (kniesessies) wat tydens die program aan die deelnemers voorgestel is, en waarmee hulle meer vertroud geraak het, het hulle baie gehelp. Van die vroue in die eksperimentele groep het aangedui dat die emosionele intimiteit in hulle verhouding wel na die intervensie verbeter het, maar as gevolg van werksdruk (vergelyk afdeling 8.2) kon die paartjies nie elke week hulle afsprake met mekaar nakom nie. Daar is dus nog heelwat ruimte vir verbetering.

9.6.3 Privaatheid

Die kwalitatiewe resultate (vergelyk afdeling 8.2) beklemtoon hoe belangrik ’n paartjie se tyd alleen saam is om mekaar beter te leer ken – iets wat moeilik gebeur indien ’n jong getroude paar saam met ’n klomp ander mense in een huis woon. Die kwalitatiewe resultate (vergelyk afdeling 8.2) toon dat die program paartjies gehelp het om hulle grootste prioriteit te identifiseer (geld spaar en saam met ’n klomp ander mense in een huis bly, of alleen as paartjie bly en meer huwelikstevredenheid ervaar). Uit hulle terugvoer na deelname aan die program was dit duidelik dat die paartjies privaatheid belangriker geag het as om geld te spaar.

Praktiese probleme is aangespreek met dié vertrekpunt dat kwessies soos werkslading te alle tye in die regte perspektief beskou moet word. Dit beteken dat een huweliksmaat nooit moet ervaar dat iets (bv. werk, vriende of enige ander kwessie) belangriker as hy/sy is nie. Sodra hierdie perspektief verlore raak, kan die een party bedreig voel, met ’n negatiewe invloed op die verhouding.

9.7 SAMEVATTING

Die program het ’n positiewe impak op verskeie aspekte van die huweliksverhouding gehad. Die paartjies wat die program bygewoon het, se algemene huwelikstevredenheid het in die drie maande ná die intervensie beduidend verbeter. Die egpare is blootgestel aan maniere om oor die rolle in die huis te onderhandel wat onder andere daartoe bygedra het dat rolle beter gedefinieer is. Dit het positiewe groei in die eksperimentele groep se huweliksverhoudings tot gevolg gehad. Hulle het ook sekere besluite geneem oor hulle godsdiensoriëntasie, sodat hulle tevredenheid daarmee in die periode tussen die voor- en nameting beduidend verbeter het.

Tydens die program is die egpare blootgestel aan maniere om seksuele intimiteit te bevorder (soos effektiewe kommunikasie oor die onderwerp), wat bygedra het tot ’n toename in hulle seksuele intimiteit. Die program het egpare ook gehelp om sekere sosiale strukture te vestig (soos hoe gereeld hulle met vriende kuier), wat sigbaar was in hoër vlakke van sosiale intimiteit ná die bywoning van die program.

Die deelnemers is tydens die program aan die samewerkingstyl van konflikhantering blootgestel. Die eksperimentele groep se gebruik van hierdie styl het toegeneem in die drie maande tussen die eerste en tweede nameting.

Verdere aspekte (vergelyk afdeling 8.2) wat belangrik geag en in die program ingesluit is, se positiewe uitwerking op die deelnemers is deur die kwalitatiewe onderhoude bevestig. Een hiervan is die huweliksmaats se sterk- en swakpunte. Na aanleiding van die program kon die huweliksmaats hulle eie gedrag beter verstaan, maar het dit veral waardevol gevind dat hulle hulle maats beter leer ken het. Die egpare het op grond van die program emosioneel baie nader aan mekaar beweeg; ook is hulle gehelp om die kwessie van privaatheid te hanteer. Die meeste paartjies het naamlik besluit dat privaatheid belangriker vir hulle huweliksontwikkeling is as om geld te spaar.

Hoewel daar sekere tekortkominge in die program is (vergelyk Hoofstuk 10), is die program waardevol vir die ontwikkeling van migrasie-huwelike. Aanbevelings word in Hoofstuk 10 gemaak.

HOOFSTUK 10

SAMEVATTING, AANBEVELINGS EN GEVOLGTREKKINGS

10.1 SAMEVATTING

’n Huwelik is die verbintenis tussen twee persone in ’n lewenslange nabye en intieme verhouding. Walsh (2003) meen dat in die meeste teorieë oor gesinsfunksionering, die huwelik die primêre verhouding in die gesin is. Die vinnig veranderende wêreld veroorsaak dat die gesinslewe binne ’n konteks van toenemende diversiteit ál meer kompleks word. Die verhouding verander ook namate die huweliksmaats groei en ontwikkel. Reaksies op gebeurtenisse wat verandering meebring, geskiedkundige gebeure en gesinskrisisse dra by tot veranderinge in die huweliksverhouding. Dit verg dus inspanning om ’n huwelik gesond en lewendig te hou.

In die voortdurend veranderende sosiaal-polities-maatskaplike konteks gebeur dit dikwels dat jong huwelikspare besluit om te emigreer en hulle in ’n ander land te vestig. Deur dit te doen, stel hulle hulle huwelik bloot aan buitengewone nuwe en bykomende uitdagings. Hierdie uitdagings (soos om in die vreemde te wees, ver van ondersteuningstrukture) kan die huwelikspaar óf nader aan mekaar bring, óf uitmekaar dryf. Notarius en Buongiorno (1992) bevestig dat wanneer paartjies besef dat hulle huwelik in die moeilikheid is, hulle gemiddeld vyf jaar wag alvorens hulle bereid is om vir professionele hulp aan te meld. ’n Groot persentasie van die egpare skei egter voor hulle by hulp uitkom. Daarom is dit belangrik dat paartjies so vroeg moontlik in hulle huwelik besef dat migrasie ’n drastiese uitwerking op hulle verhouding kan hê, en dat tydige ingrepe positief vir hulle verhouding kan wees.

Verskeie aspekte is vir ’n egpaar in ’n ander land anders as waaraan hulle gewoond is, byvoorbeeld die taal, kultuur, vriendskappe, werksomstandighede, en godsdiensbeoefening. Die vraag hier is of die afwesigheid van bekende

ondersteuningstrukture, asook die blootstelling aan die nuwe situasie, ’n wesenlike invloed op hulle huwelik gaan uitoefen. Daar kan verder gevra word: Watter probleme kan op hierdie noodwendige sisteemveranderinge volg? Kan dit geïdentifiseer word? Kan dit op enige wyse reggestel word? Indien wel – hoe?

Die doel van hierdie ondersoek was om ’n program saam te stel vir die huweliks-ontwikkeling van migrante-egpare. Op grond van die resultate van hierdie ondersoek, vorige navorsing, teorieë oor die huwelik, huweliksprogramme en migrasie, is faktore geïdentifiseer wat as grondslag gedien het vir die samestelling van sodanige program.

Bestaande gesinsteorieë is bespreek om aan te toon watter aspekte van gesinsfunksionering in so ’n beoogde ondersoek beklemtoon moet word. Die Circumplex-model vir gesinsfunksionering is as basis in hierdie ondersoek gebruik.

Met hierdie ondersoek is beoog om spesifieke probleemgebiede te identifiseer en ’n program te ontwikkel wat op hierdie probleme fokus. Verder is gekyk in watter mate die bywoning van sodanige program wel bygedra het tot ’n verbetering in die geïdentifiseerde probleemgebiede.

Die ondersoek is in drie fases verdeel. In Fase 1 is twee groepe vergelyk, en faktore wat spanning in migrasie-huwelike veroorsaak, is geïdentifiseer, gedefinieer en beskryf. Fase 2 van die ondersoek het gefokus op die ontwikkeling van ’n program vanuit die resultate verkry uit Fase 1, sowel as die bestaande literatuur oor huweliksverrykingsprogramme. Fase 3 van die ondersoek het die aanbieding van die program vir migrante-egpare en die evaluering daarvan behels.

In Fase 1 waar die groepe in Suid-Afrika en Engeland met mekaar vergelyk is, is gevind dat daar nie net in Engeland nie, maar ook in Suid-Afrika ’n groot behoefte

aan huweliksverryking is. Daar is ook gevind dat mense gretig is om deel te wees van so ’n ondersoek, aangesien hulle ’n bydrae wil lewer om oplossings te vind.

Met die ontwikkeling van die program is gevind dat die meeste probleemgebiede wat uit die kwalitatiewe en kwantitatiewe data verkry is, ook in die literatuur beskryf word. Daar is gekyk na bestaande huweliksprogramme om te bepaal of dit nodig sou wees om ’n nuwe program te ontwikkel, en of ’n bestaande program gebruik kon word om die doelstellings van hierdie ondersoek te verwesenlik. Uit vorige navorsing het dit geblyk dat die meeste van die verrykingsprogramme dieselfde basiese struktuur en inhoude het, en dat programme meestal saamgestel word om ’n spesifieke teikengroep te bereik. Dit het beteken dat die spesifieke teikengroep die fokuspunt sou moes wees, en die aanbieding van die temas relevant vir hulle.

Die wyse waarop die program aangebied word, moes ook aanpasbaar wees. Praktiese realiteite en die behoeftes van deelnemende pare moes finaal bepaal of die program oor ’n naweek of as losstaande sessies moes plaasvind.

In Fase 3 van die ondersoek is bevestig of die doelstellings met die ontwikkeling en aanbieding van die program bereik is. Daar was agt doelstellings (vergelyk afdeling 7.2.6), waarvan vyf bereik is. Met die finalisering van hierdie dokument was dit nog nie moontlik om te bepaal of die ander drie doelstellings (naamlik om strukture te vestig vir algemene kommunikasie, om ondersteuningsisteme te vestig, en om strukture in stand te hou om toekomstige probleme te voorkom) bereik is nie.

Daar is wel bevestig dat daar aan die behoeftes van die teikengroep voldoen is. Daar is onder andere gevind dat pare in die buiteland ’n groot behoefte aan goeie kommunikasie, intimiteit, en rolverdeling in die huwelik het. Die meeste paartjies se hoofrede om in die buiteland te wees, is om geld te spaar (vergelyk hoofstuk 9). Dit

veroorsaak dat hulle verhouding in die proses skade lei. Die bywoning van die program het hulle gehelp om weer op hulle huweliksverhouding te fokus.

Vanuit die resultate is dit duidelik dat die intervensie direk verantwoordelik was vir die groei en ontwikkeling van sekere aspekte van die huweliksverhouding wat in die program aangespreek is. Die program het vyf aspekte aangespreek, naamlik (1) gesinseenheid – 1 sessie, (2) rolverdeling – 1 sessie, (3) geestelike, emosionele, en fisieke kwessies – 3 sessies, (4) buite-invloede (byvoorbeeld werk, sport) – 1 sessie, en (5) kommunikasie – 1 sessie. Kommunikasie is in drie dele verdeel, naamlik konflikhantering, prioriteite en die egpare se sterk- en swakpunte.

By aspekte (3), (4) en (5) was daar positiewe ontwikkeling. Die positiewe ontwikkeling het voorgekom by tevredenheid met godsdiensoriëntasie, seksuele intimiteit, sosiale intimiteit en meer konstruktiewe konflikhantering. Aspekte soos die hantering van die huweliksmaats se sterk- en swakpunte het die huweliksmaats gehelp om hulle eie gedrag beter te verstaan, maar veral waardevol was dat hulle hulle maats beter leer ken het. By aspekte (1) en (2) het daar nie-statisties beduidende ontwikkeling plaasgevind (vergelyk hoofstuk 9). Die egpare wat die program bygewoon het, het ook emosioneel baie nader aan mekaar beweeg.

Samevattend kan dit gestel word dat die verrykingsprogram wat ontwikkel is, ’n beduidende positiewe rol gespeel het in die groei en ontwikkeling van die huwelike van die migrante-pare wat dit deurloop het. Hoewel die program sekere tekortkominge het (vergelyk afdeling 10.2), is dit duidelik dat die program as ’n geheel daarin geslaag het om sy doelstellings te bereik.

10.2 AANBEVELINGS EN BEPERKINGS

Na afloop van die navorsingsproses kan verskeie aanbevelings gemaak word. Eers word aanbevelings oor die navorsingsproses as ’n geheel gemaak, waarna meer spesifieke aanbevelings oor die huweliksprogram gemaak word. Daar is aanbevelings ten opsigte van die inhoud van die program, terwyl ander betrekking het op die tydsduur daarvan; die opvolg van die paartjies met betrekking tot hulle verstaan en toepassing van die aspekte na afloop van die program; asook aanbevelings rakende die stigting van groepe vir verdere huweliksgroei en -ontwikkeling.

10.2.1 Aanbevelings ten opsigte van die navorsingsproses in die geheel

Tydens die literatuurstudie is gevind dat die huwelik meestal binne die konteks van die gesin bespreek word, en relatief min as ’n entiteit op sigself. Daar is verder gevind dat meeste eienskappe wat op die gesin van toepassing is, ook op die huwelik betrekking het (vergelyk hoofstuk 2). In hierdie ondersoek is ’n onderskeid getref tussen die konstrukte gesin en huwelik. In toekomstige navorsing kan tyd bespaar word deur minder aandag aan hierdie onderskeid te bestee, aangesien die eienskappe van die twee sisteme grootliks ooreenstem.

In Fase 2 van die ondersoek het die vraag ontstaan of dit nodig is om wel ’n nuwe program te ontwikkel. Uit die literatuur volg dit dat die meeste programme dieselfde inhoud het, maar dat programme ontwikkel word rondom die behoeftes van die spesifieke teikengroep (vergelyk hoofstuk 2). Daar moet in toekomstige navorsing vasgestel word of ’n bestaande program die behoeftes van die spesifieke teikengroep aanspreek. Indien dit nie die geval is nie, moet ’n nuwe program ooreenkomstig hulle omstandighede en behoeftes ontwikkel word.

In Fase 3 van die ondersoek was daar min deelnemers vir die drie groepe (eksperimentele en twee kontrolegroepe). Die groepe wat in Fase 1 van die ondersoek gebruik is, was wel groot genoeg vir statistiese ontledings. Daar word aanbeveel dat die groepe (eksperimentele en kontrolegroepe) wat in die evaluering van ’n program gebruik word, ewe groot én groot genoeg moet wees vir meer sinvolle statistiese ontledings.

Wat die metodiek betref, en veral met betrekking tot kwalitatiewe navorsing, is die geldigheid en betroubaarheid van so ’n ondersoek belangrik. Daar word dus aanbeveel dat ’n onafhanklike onderhoudvoerder betrek word, veral waar die impak van ’n intervensie-program beskou word. Praktiese omstandighede het dit in hierdie ondersoek onmoontlik gemaak.

’n Verdere aanbeveling is dat van die resultate van Fase 1 van die ondersoek gebruik word om byvoorbeeld die biografiese vraelys, of die semi-gestruktureerde vrae in Fase 3 van die ondersoek, aan te pas.

Dit word aanbeveel dat toekomstige navorsing ook ander kultuurgroepe by soortgelyke navorsing betrek. Daar sal wel voorsiening gemaak moet word vir unieke omstandighede en situasies, byvoorbeeld godsdienstige gebruike en kulturele tradisies (soos huwelike waar die ouers die huweliksmaats bymekaar bring).

Die koste van hierdie ondersoek was onvoorsien hoër as wat verwag is. Indien soortgelyke verdere navorsing onderneem word, sal die navorser voorsiening moet maak vir voldoende fondse om die projek te voltooi.

10.2.2 Aanbevelings ten opsigte van die inhoud van die program

Soos na vore gekom het in die bespreking van die aanbieding en die evaluering van die program, is dit duidelik dat die inhoud wel belangrike aspekte van migrasie-huwelike aanspreek.

’n Moontlike leemte is wel dat daar meer voorsiening gemaak moet word om die kwessie van prioriteite te hanteer. Dit sal paartjies help om hulle lewens volgens hulle eie prioriteite te beplan. Dit is ook nodig om die program só te verfyn en te dokumenteer dat ander fasiliteerders die program onafhanklik kan aanbied.

10.2.3 Aanbevelings ten opsigte van tydsduur

Die program is ontwikkel as vyf afsonderlike sessies van twee uur elk. Dit kan egter op die volgende wyses aangebied word:

- een sessie per week vir vyf weke
- al die sessies in een dag
- een sessie per maand
- al die sessies oor ’n naweek

Die program is in hierdie ondersoek oor die loop van ’n naweek aangebied, maar van die paartjies het gevoel dat die besprekingstye te kort was. Daarom word aanbeveel dat elke sessie met ten minste ’n halfuur verleng word.

Tydens die aanbieding van die program het van die paartjies die behoefte uitgespreek om oor die betrokke tema (en hoe dit hulle raak) te kommunikeer. Hier is twee belangrike aspekte om in gedagte te hou. Eerstens is dit belangrik dat die paartjies oor die betrokke aspekte kommunikeer, maar daar is beperkte tyd gedurende die programsessie. Sekere paartjies het heelwat te sê oor ’n sekere onderwerp, en ander weer baie min. Tweedens is die doel van die program nie noodwendig om alle probleme op te los nie, maar om egpare te motiveer om oor problematiese aspekte te begin kommunikeer. Dit lyk dus of daar ’n balans gevind moet word tussen tyd vir kommunikasie, en die behoeftes van ander paartjies.

10.2.4 Aanbevelings ten opsigte van die plek waar die huweliksprogram aangebied word

Die program is só saamgestel dat dit óf in die natuurlike omgewing waar die paartjies normaalweg bymekaar kom (byvoorbeeld ’n skoolsaal, privaat woning of die kerk), óf as ’n “eiland”-situasie waar paartjies uit hulle alledaagse omgewing weggeneem word, aangebied kan word.

Na afloop van die program was dit duidelik dat die program verkieslik as ’n “eiland”-situasie (waar paartjies weggeneem word van hulle bekende omgewing, kinders en vriende) aangebied word. Dit skep ’n geleentheid vir die pare om slegs op hulle eie verhoudings te fokus.

Hierdie program is na die ondersoek reeds verskeie kere op uitnodiging in Engeland aangebied. In die gevalle waar die aanbieding ’n “eilandsituasie” behels het, is gevind dat die paartjies beter op hulle verhoudings gefokus het. Daar word dus aanbeveel dat die program in die toekoms, indien moontlik, as ’n “eilandsituasie” aangebied word.

10.2.5 Aanbevelings ten opsigte van opvolgaksies

Dit is belangrik om die paartjies wat die program deurloop het, ná ’n tyd op te volg. Dit kan op een van twee maniere geskied – in groepsverband, of deur persoonlike gesprekke met die paartjies.

’n Moontlike werkswyse kan wees om die paartjies wat mekaar tydens die huweliksverrykingsprogram beter leer ken het, te motiveer om hulleself in huweliksgroeigroepe te organiseer. Hierdie groeigroepe kan byvoorbeeld een keer per maand vir ’n uur byeenkom om oor die huwelik en spesifieke spanningselemente te gesels.

Van die paartjies het ondervind dat hulle vrae gehad het oor die toepassing van sekere aspekte wat tydens die program bespreek of aangeraak is, maar nie die vrymoedigheid gehad het om iemand daaroor te kontak nie. Hulle het verkies om ’n verdere sessie te hê, een maand na die aanbieding van die program. Tydens so ’n sessie kan vrae wat tydens en na afloop van die program na vore kom, bespreek word.

10.3 GEVOLGTREKKINGS

Die doelwitte van hierdie navorsing is grootliks bereik. Ten spyte van tekortkominge soos reeds by die aanbevelings genoem, het die resultate getoon dat daar aan die behoeftes van die migrante-egpare voldoen is, en dat daar ’n verbetering in die meeste van die geteikende huweliksaspekte plaasgevind het. Dit is ook duidelik uit die literatuur dat huweliksprogramme ontwikkel en aangebied moet word. Verder volg dit dat:

- Meeste huweliksprogramme min of meer dieselfde inhoud het.
- Die motivering vir die ontwikkeling van nóg nuwe programme geleë is in die unieke behoeftes van elke teikengroep.
- Die inhoud, formaat en struktuur van die program sodanig ontwikkel is dat dit relevant was vir die teikengroep, en hulle dit kon bywoon.
- Die bevindinge in Fase 1 van die ondersoek (unieke knelpunte in migrasie-huwelike) grootliks bevestig word deur ander ondersoeke wat in die literatuur beskryf word.

Die gebruik van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodes vir ’n ondersoek van hierdie aard word sterk aanbeveel. Die kwalitatiewe terugvoer het gehelp om belangrike inligting te verkry wat die kwantitatiewe resultate ondersteun,

maar het ook ’n wesentlike bydrae gelewer om die deelnemers se behoeftes beter te verstaan.

Die bywoning van die program het ’n beduidende positiewe effek op die huweliksverhoudings van die eksperimentele groep gehad. Verder was dit ook duidelik dat die deelnemers in die eksperimentele groep gevoel het dat hulle spesifieke behoeftes aangespreek is. Dit is bevestig deur egpare in die kontrolegroepe wat op grond van die sigbare impak op hulle vriende (wat die program deurloop het) se verhoudings, spontaan die behoefte uitgespreek het om ook die program te deurloop.

Daar word beplan om hierdie program bekend te stel aan instansies wat in kontak is met of betrokke is by migrante-egpare – byvoorbeeld Suid-Afrikaanse kerke in die buiteland. Daarmee word gehoop om ’n bydrae te lewer tot migrante-pare se beter aanpassing en huweliksfunksionering.

VERWYSINGSLYS

Adams, D. (2003). Sensuality and sexuality. In R. DeMaria & M.T. Hannah (reds.), *Building intimate relationships: Bridging treatment, education, and enrichment through the PAIRS program* (pp.149-162). New York, NY, US: Brunner-Routledge

Adams, T. (2003). Spirituality and the PAIRS program. In R. DeMaria & M.T. Hannah (reds.), *Building intimate relationships: Bridging treatment, education, and enrichment through the PAIRS program* (pp.171-178). New York, NY, US: Brunner-Routledge.

Ainslie, R.C. (1998). Cultural mourning, immigration, and engagement: Vignettes from the Mexican experience. In M. M. Suãrez-Orozco (red.), *Crossings* (pp. 285-305). Cambridge, MA: Harvard University Press.

Aldous, J. (1990). Family development and the life course: Two perspectives on family change. *Journal of Marriage and the Family, 52*(3), 571-583.

Alpaslan, N. (1994). *Hoop en hulp vir die huwelik: 'n Werkboek vir huweliksvoorbereiding en huweliksbegeleiding.* Pretoria: Kagiso.

Avis, J.M. (1986). Working together: An enrichment program for dual-career couples. In W. Denton (red.), *Marriage and family enrichment* (pp. 112-143). New York: Haworth.

Bachrach, C., Hindin, M.J., & Thomson, E. (2000). The changing shape of ties that bind: An overview and synthesis. In L.J. Waite & M. Gallagher (reds.), *The case for marriage: Why married people are happier, healthier, and better off financially* (pp.3-16). New York: Doubleday.

Bahr, S.J., Chappell, C.B., & Leigh, G.K. (1983). Age at the marriage, role enactment, role consensus and marital satisfaction. *Journal of Marriage and the Family, 45*(4), 795-803.

Barlow, J.L. (1999). A new model for premarital counseling within the church. *Pastoral Psychology, 48*, 3-9.

Barnhill, L. (1979). Healthy family systems. *Family Coordinator, 28,* 94-100.

Baubock, R. (1994). Changing the boundaries of citizenship: The inclusion of immigrants in democratic politics. In R. Baubock (red.), *From alliens to citizens* (pp. 67-89). Aldershot: Avebury.

Beavers, W.R. (1985). *Successful marriage: A family systems approach to marital therapy.* New York: Norton.

Beavers, W.R., Blumberg, S., Timken, K.R., & Weiner, M.D. (1965). Communication patterns of mothers of schizophrenics. *Family Process, 4,* 95-104.

Beavers, W.R., & Hampson, R.B. (1990). *Successful families: Assessment and intervention.* New York: Norton.

Beavers, W.R., & Hampson, R.B. (2000). The Beavers Systems Model of family functioning. *Journal of Family Therapy, 22,* 128-143.

Beavers, W.R., & Hampson, R.B., & Hulgus, Y.F. (1985). The Beavers Systems approach to family assessment. *Family Process, 24*, 398-405.

Beavers, W.R., & Voeller, M.N. (1983). Family models: Comparing the Olson Circumplex Model with the Beavers Systems Model. *Family Process, 25*, 85-98.

Belsky, J., Lang, M.E., & Rovine, M. (1985). Stability and change in marriage across the transition to parenthood: A second study. *Journal of Marriage and the Family, 47*(4), 855-865.

Ben-Barak, S. (1989). Attitudes towards work and home of Soviet immigrant women. In T. Horowitz (red.), *The Soviet man in an open society* (pp. 139-157). New York: University Press of America.

Benjamin, L.S. (1977). Structural analysis of a family in therapy. *Journal of Consulting and Clinical Psychology, 45*(3), 391-406.

Bennet, L.A., Wolin, S.J., & McAvity, K.J. (1993). Family identity, ritual, and myth: A cultural perspective on life cycle transitions. In C.J. Falicov (red.), *Family transitions: Continuity and change over the life cycle* (pp. 211-234). New York: Guilford Press.

Berger, R., & DeMaria, R. (1999). Epilogue: The future of preventive interventions with couples. In R. Berger & M.T. Hannah (reds.), *Preventive approaches in couples therapy* (pp. 391-428). Philadelphia: Brunner / Mazel, Inc.

Berger, R., & Hannah, M.T. (reds.). (1999). *Preventive approaches in couples therapy.* Philadelphia, PA: Brunner / Mazel.

Berk, L.E. (2006). *Development through the lifespan* (4de uitg.) Needham Heights, MA: Allyn and Bacon.

Berry, R.E., & Williams, F.L. (1987). Assessing the relationship between the quality of life and marital and income satisfaction: A path analytic approach. *Journal of Marriage and the Family, 49*(1), 107-116.

Bharath, K. (2004, Mei 3-7). Niemand weet of S.A. leegloop nie. *Finansies & Tegniek,* p. 13.

Blake, R.R., & Mouton, J.S. (1985). *The managerial grid.* Houston: Gulf Publishers.

Blocher, D.H. (2000). *The professional counsellor.* New York: MacMillan.

Blood, R.O., & Wolfe, D.M. (1960). *Husbands and wives: The dynamics of married living.* Glencoe, IL: Free Press.

Bobbio, N. (1997). *L'eta dei diritti [The age of the rights].* Turin: Einaudi.

Borland, F. L. (2004). Home bound: Filipino American lives across cultures, communities, and countries. *Journal of Marriage and the Family*, *66*(5), 1344-1345.

Boss, P. (1987). Family stress. In M.B. Sussman & S.Z. Steinmatz (reds.), *Handbook of marriage and the family* (pp. 695-723). New York: Plenum Press.

Boss, P. (2004). Ambiguous loss. In F. Walsh & M. McGoldrick (reds.), *Living beyond loss: Death in the family* (pp. 237-246). New York: W.W. Norton.

Boss, P. (2006). *Ambiguous loss: Learning to live with unresolved grief.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Bowen, M. (1978). *Family therapy in clinical practice.* New York: Aronson.

Bowling, T. K., Hill, C. M. & Jencius, M. (2005). An overview of marriage enrichment. *Family Journal: Counseling and Therapy for Couples and Families, 13*(1), 87-94.

Bradbury, T.N., & Fincham, F. D. (1990). Preventing marital dysfunction: Review and analysis. In F. A. Fincham & T. N. Bradbury (reds.), *The psychology of marriage: Basic issues and applications* (pp. 375-401). New York: Guilford.

Braff, E. (2003). Exploring gender issues. In R. DeMaria & M.T. Hannah (reds.), *Building intimate relationships: Bridging treatment, education, and enrichment through the PAIRS program* (pp. 227-239). New York, NY, US: Brunner-Routledge

Bramlett, M.D., & Mosher, W.D. (2001). *First marriage dissolution, divorce and remarriage: United States. Advanced data from vital and health statistics,* no. 323. Hyattsville, MD: National Center for Health Statistics.

Bras, H., & Kok, J. (2005). “They live in indifference together”: Marriage mobility in Zeeland, The Netherlands. *International Review of Social History*, *50*(13), 247-274.

Breznitz, S. (1967). Incubation of threat. *Journal of Experimental Research in Personality, 2,* 173-179.

Burchard, G.A., Yarhouse, M.A., & Kilian, M.K. (2003). A study of two marital enrichment programs and couples’ quality of life. *Journal of Psychology and Theology, 31*(3), 240-252.

Burr, W.R. (1970). Satisfaction with various aspects of marriage over the life cycle: A random middle class sample. *Journal of Marriage and the Family, 32*(1), 29-37.

Burr, W., Hill, R., Nye, F.I., & Reiss, I. (1979). *Contemporary theories about the family* (vol 2). New York: Free Press.

Butziger, R. (2005). Developing emotional bonds is key to brief marriage therapy. *Psychology Critiques*, *51*(9), 1-13.

Calvo, G. (1978). *Ten years of marriage encounter in the U.S.* Minneapolis, MN: International Marriage Encounter, 6-8.

Calvo, G. (1983). *Marriage encounter manual.* Orlando, Florida. National Marriage Encounter.

Carter, B., & McGoldrick, M. (reds.) (1989). *The changing family life cycle.* Boston: Allyn & Bacon.

Castles, S. (1996). The racisms of globalisation, In E. Vista & S. Castles (reds.), *The teeth are smiling: The persistence of racism in multicultural Australia* (pp. 21-49). Sydney: Allen & Unwin.

Castles, S., & Davidson, A. (2000). *Citizenship and migration.* Londen: Macmillan Press Ltd.

Castles, S., & Miller, M.J. (2003). *The age of migration: International population movements in the modern world.* New York: Guilford Books.

Catalano, R., & Dooley, P. (1980). Economic changes in primary prevention: In R.H. Price (reds.), *Prevention in mental health. Research, policy and practice* (pp. 21-40). Beverly Hills, CA. Sage.

Catron, D., & Catron, S. (1996). What is marriage enrichment? *Marriage Enrichment, 24*(6), 5.

Cavedo, C., & Guerney, B.G. (1999). Relationship enhancement. In R. Berger & M.T. Hannah (reds.), *Couples therapy* (pp.73-105). Philadelphia: Brunner/Mazel.

Center for Marriage and Family. (2000). *Time, sex, and money: The first five years of marriage.* Omaha, NE: Creighton University.

Cherlin, A.J. (1992). *Marriage, divorce, and remarriage.* (Hersiene uitg.). Cambridge, MA: Harvard University Press.

Chodorow, V. (1999). *The reproduction of mothering* (2de uitg.). CA: University of California Press.

Clark-Carter, D. (2003). Are you behind the times. *The Psychologist, 16*(12), 631.

Coie, J., Watt, N., Ewst, S., Hawkins, J., Asarnow, J., Markman, H., Ramey, S., Shure, S., & Long, B. (1993). The science of prevention: A conceptual framework and some directions for a national research program. *American Psychologist, 48*(10), 1013-1022.

Cohen, I.J. (1989). *Structuration theory: Anthony Giddens and the constitution of social life.* New York, N.Y.: St. Martin's Press.

Cohler, B. (1991). The life story and the study of resilience and response to adversity. *Journal of Narritive and Life History, 1,* 169- 200.

Cole, M. (1996). *Cultural psychology.* Cambridge, MA: The Belknap Press.

Combrinck-Graham, L. (1985). A developmental model for family systems. *Family Process, 24*, 139-150.

Constant, B. (1990). *Political writings.* Cambridge; Cambridge University Press.

Constantine, L.L. (1992). *Family paradigms: The practice of theory in family therapy.* New York: Guilford Press.

Coontz, S. (1997). *The way we really are: Coming to terms with America's changing families.* New York: Basic Books.

Crooks, R., & Baur, K. (2005). *Our sexuality* (9de uitg.). Belmont, CA: Thomson Wadoworth.

De Kock, M.S. (1995). *Conflict resolution strategies of South African adolescents in peer relationships.* Ongepubliseerde magistertesis, Universiteit Stellenbosch.

De Lange, G.J.J. (1991) *Ekosistemiese navorsing as konsensusskepping.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif Universiteit van Suid Afrika, Pretoria.

Deacon, S.A., & Sprenkle, D.H. (2001). A graduate course in marriage and family enrichment. *Journal of Marital and Family Therapy, 27*(2)*,* 251-260.

DeMaria, R. (2003). An Overview of the PAIRS program. In R. DeMaria & M.T. Hannah (reds.), *Building intimate relationships: Bridging treatment, education, and enrichment through the PAIRS program* (pp. 3-7). New York, NY, US: Brunner-Routledge.

Denton, W. (1986). Introduction into marriage and family enrichment: A shift in paradigm. *Journal of Psychotherapy and the Family, 2*, 3-6.

De Singly F., & Cicchelly, V. (2003). Contemporary families: Social reproduction and personal fulfillment. In D.I. Kertzer & M. Barbagli (reds.), *Family life in the twentieth century: The history of the European family* (p. 311-349). New Haven, CT:

DeVoge, J. T. (2003). Communication and conflict resolution. In R. DeMaria & M.T. Hannah (reds.), *Building intimate relationships: Bridging treatment, education, and enrichment through the PAIRS program* (pp.95-113). New York, NY, US: Brunner-Routledge.

Dinkmeyer, D., & Carlson, J. (2003). *TIME for a beter marriage.* Circle Pines, MN: American Guidance Service.

Dinkmeyer, D.C., Dinkmeyer, D., Jr., & Sperry, L. (1987). *Adlerian counseling and psychotherapy.* (2de uitg.). Columbus, OH: Charles Merrill.

Diskin, S. (1986). Marriage enrichment: Rationale and resources. *Journal of Psychotherapy and the family, 2*, 111-125.

Dladla, J. (1998). *Migrant women in town – transients or settlers?: An anthropological analysis of the life strategies of rural women living in backyard shacks in Chesterville.* Ongepubliseerde magistertesis, Universiteit van Natal, Durban.

Duane, M. J. (1989). Sex differences in styles of conflict management. *Psychological Reports, 65*, 1033-1034.

Du Bois, W.E.B. (1996). *The souls of black folk.* Chicago: McClurg.

Duncan, S.F., Box, G., & Silliman, B. (1996). Racial and gender effects on perceptions of marriage preparation programs among college-educated young adults. *Family Relations, 45*, 80-90.

Durana, C. (1996). A longitudinal evaluation of the effectiveness of the PAIRS psychoeducational program for couples. *Family Therapy, 23*(1), 11-36.

Durana, C. (2003). Bonding and emotional literacy. In R. DeMaria & M.T. Hannah (reds.), *Building intimate relationships: Bridging treatment, education, and enrichment through the PAIRS program* (pp. 131-148). New York, NY, US: Brunner-Routledge.

Du Toit, H.D. (1987). *'n Vergelykende studie van verskillende vorme van huweliksverryking in die psigopastorale praktyk.* Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Duvall, E.M. (1985). *Marriage and family development.* (5de uitg.). Philadelphia: Lippencott.

Epstein, N.B., & Baucom, D.H. (2002). *Enhanced cognitive- behavioral therapy for couples.* Washington DC: American Psychological Associaton.

Epstein, N.B., & Bishop, D.S. (1973). State of the art 1973. *Canadian Psychiatric Association Journal, 18*, 175-183.

Epstein, N.B., & Bishop, D.S. (1981). Problem centered systems therapy of the family. In A.S. Gurman & D.P. Kniskern (reds.), *Handbook of family therapy* (pp. 240-264). New York: Brunner / Mazel.

Epstein, N.B., Bishop, D.S., & Levin, S. (1976). The family as a social unit. *Canadian and Family Physician, 22*, 1411-1413.

Epstein, N.B., Bishop, D.S., & Levin, S. (1978). The McMaster Model of family functioning. *Journal of Marriage and Family Counseling, 4*, 19-31.

Falicov, C.J. (1993). Continuity and change: Lessons from immigrant families. *American Family Association Therapy Newsletter,* 30-36.

Falicov, C.J. (1999). Religion and spiritual folk traditions in immigrant families: Therapeutic resources with Latinos. In F. Walsh (red.), *Spiritual resources in family therapy* (pp. 104-120). New York: Guilford Press.

Falicov, C.J. (2000). *Latino families in therapy: A guide to multicultural practice.* New York: Guilford Press.

Falicov, C.J. (2002). Ambiguous loss: Risk and resilience in Latino immigrant families. In M. Suãrez-Orozco (red.), *Latinos: Remaking America* (pp. 274-288). Berkley: University of California Press.

Fearon, P. (2003). Big problems with small samples. *The Psychologist, 16*(12), 632-635.

Fennel, D.L. (1987). *Characteristics of long-term first marriages.* Referaat aangebied by die 45ste jaarlikse konferensie van die American Association for Marriage and Family Therapy, Chicago.

Filsinger, E.E., & Wilson, M. R. (1984). Religiosity, socio-economic rewards, and family development: Predictors of marital adjustment. *Journal of Marriage and the Family, 46*(3), 663-670.

Finkel, E.J., Rusbult, C.E., Kumashiro, M., & Hannon, P.A. (2002). Dealing with betrayal in close relationships: Does commitment promote forgiveness? *Journal of Personality and Social Psychology, 82*, 956-974.

Fleck, S. (1980). Family functioning and family pathology. *Psychiatric Annals, 10*, 46-57.

Floyd, F., Markman, H., Kelly, S., Blumberg, S.L., & Stanley, S. (1995). Preventive intervention and relationship enhancement. In N.S. Jacobson & A.S. Gurman (reds.), *Clinical handbook of couple therapy* (pp. 212-226). New York: Guilford.

Fowers, B.J., & Olson, D.H. (1993). ENRICH Marital Satisfaction Scale: A brief research and clinical tool. *Journal of Family Psychology, 7,* 176-185.

French, A.P., & Guidera, B.J. (1974). *The family as a system in four dimensions: A theoretical model*. Referaat aangebied by die American Academy of Child Psychology, San Francisco, CA.

Frisch, M.B. (1994). *Manual and treatment guide for the Quality of Life Inventory.* Minneapolis, MN: National Computer Systems.

Garland, D.S.R. (1983). *Working with couples for marriage enrichment.* San Francisco: Jossey-Bass.

Garrison, P. (2005). Marriage enrichment training helps soldiers, spouses. *Army Reserve Magazine, 50*(3), 14-15.

Gergen, K. (1991). *The saturated self.* New York: Basic Books.

Giblin, P., Sprenkle, D.H., & Sheehan, R. (1985). Enrichment outcome research: A meta-analysis of premarital, marital, and family interventions. *Journal of Marital and Family Therapy, 11,* 257-271.

Gordon, L. & Frandsen J. (2003). *Passage to intimacy.* New York: Simon & Schuster.

Gordon, L. (1999). *The PAIRS program.* Philadelphia: Brunner/Mazel, Inc.

Gordon, L. (2003). The saga of the development of PAIRS. In R. DeMaria & M.T. Hannah (reds.), *Building intimate relationships: Bridging treatment, education, and enrichment through the PAIRS program* (pp. 19-40). New York, NY, US: Brunner-Routledge.

Gordon-Rabinowitz, B. (2003). PAIRS and family systems. In R. DeMaria & M.T. Hannah (reds.), *Building intimate relationships: Bridging treatment, education, and enrichment through the PAIRS program* (pp. 115-130). New York, NY, US: Brunner-Routledge.

Gottman, J.M. (1979). *Marital interaction: Experimental investigation.* New York: Academic Press.

Greeff, A.P. (1995). *Kenmerke van goedfunksionerende gesinne*. Ongepubliseerde doktorale proefskrif, Universiteit Stellenbosch.

Green, R.G., Kolevzon, M.S., & Vosler, N.R. (1985). The Beavers-Timberlawn Model of family competence and the Circumplex Model of family adaptability and cohesion: Separate! but equal? *Family Process, 24*, 405-408.

Guerney, B.G. (1977). *Relationship enhancement.* San Francisco: Jossey-Bass.

Guerney, B.G., Jr., Brock, G., & Coufal, J. (1986). Integrating marital therapy and enrichment: The relationship enhancement approach. In N.S. Jacobson & A.S. Gurman (reds.), *Clinical handbook of marital therapy* (pp. 151-172). New York: Guilford.

Guerney, B.G., & Maxson, P. (1990). Marital and family enrichment research: A decade review and look ahead. *Journal of Marriage and the Family, 52*, 1127-1135.

Hadaway, C.K., & Roof, W.C. (1978). Religious commitment and the quality of life in American society. *Review of Religious Research, 19*, 333-347.

Hage, G. (1997). At home in the entrails of the West, In H. Grace, G. Hage, L. Johnson, J. Langsworth & M. Symonds (reds.), *Home / World: Space, community and marginality in Sydney West* (pp. 99-153). Sydney: Pluto.

Hahlweg, K., Markman, J.J., Thurmaier, F., Engl, J., & Eckert, V. (1998). Prevention of marital distress: Results of a German prospective longitudinal study. *Journal of Family Psychology, 12*, 543-556.

Hampson, R.B., & Beavers, W.R. (1996). Family therapy and outcome: Relationships between therapist and family styles. *Contemporary Family Therapy, 18*, 345-370.

Hawley, D.R., & Olson, D.H. (1995). Enriching newlyweds: An evaluation of three enrichment programs. *The American Journal of Family Therapy, 23*, 129-147.

Hill, R. (1958). Genetic features of families under stress. *Social Casework, 49*, 139-150.

Hill, R., & Rodgers, R.H. (1964). The developmental approach. In H.T. Christensen (red.), *Handbook of marriage and the family* (pp. 171-211). Chicago: Rand McNally.

Hobbes, T. (1968). *Leviathan.* Harmondsworth: Penguin.

Hof, L., & Miller, W.R. (1981). Marriage enrichment. *Marriage and Family Review, 3,* 1-27.

Holman, T.B., & Jacquart, M. (1988). Leisure-activity patterns and marital satisfaction: A further test. *Journal of Marriage and the Family, 50*(1), 69-77.

Huguet, J.W. (1995). Data on international migration in Asia: *Asian and Pacific Migration Journal, 4*(4), 519-530.

Hunt, R.A., Demaria, R., & Hof, L. (1998). *Marriage enrichment: Preparation, mentoring and outreach.* Philadelphia: Brunner/Mazel.

Hunt, R.A., & Hunt, J.A. (1998). *Caring couples network handbook.* Nashville, TN: Discipleship Resources.

Ivey, A.E., & Simek-Downing, L. (1987). *Counseling and psychotherapy: Skills, theories and practice* (2de uitg.). New Jersey: Prentice-Hall.

Jacobson, N.S., & Addis, M.E. (1993). Research on couples and couple therapy: What do we know? Where are we going? Special section: Couples and couple therapy. *Journal of Consulting and Clinical Psychology, 61*, 85-93.

Jacobson, N.S., & Holtzworth-Munroe, A. (1986). A social learning-cognitive perspective. In N.S. Jacobson & A.S. Gurman (reds.), *Clinical handbook of marital therapy* (pp. 213-247). New York: Guilford.

Jakubowski, S. F., Milne, E. P., Brunner, H., & Miller, R. B. (2004). A review of empirically supported marital enrichment programs. *Family Relations, 53*(5), 528-536.

Jimenez, M., Angel R.L., & Angel, J.L. (2004). *Influences of marriage and immigration on retirement security.* Conference Papers – American Sociological Association. Annual meeting, San Francisco.

Kail, R.V., & Cavanaugh, J.C. (1996). *Human development.* Pacific Grove: Brooks / Cole.

Kantor, D., & Lehr, W. (1975). *Inside the family.* San Francisco: Jossey-Bass.

Kaslow, F.W., & Hammerschmidt, H. (1992). Long-term good marriages: The seemingly essential ingredients. *Journal of Couples Therapy, 3*, 15-38.

Katakis, H.D. (1976). The systems approach in the study of family interaction. *International Journal of Social Psychiatry, 22*(2), 101-103.

Kemper, S. D. (2004). The impact of a community marital enrichment program: 'Today's marriage'. *Dissertation Abstracts International: Section B: The Sciences and Engineering, 65*(3-B), 1550.

Kilmann, R.H., & Thomas, K.W. (1977). Developing a forced choice measure of conflict-handling behaviour: The MODE instrument. *Educational and Psychological Measurement, 37*, 309-325.

Kleinman, A. (1988). *The illness narratives*: *Suffering, healing, and the human condition.* New York: Basic Books.

Knudson, R.A., Sommers, A.A., & Golding, S.L. (1980). Interpersonal perception and mode of resolution in marital conflict. *Journal of Personality and Social Psychology, 38*, 251-263.

Kouneski, E. (2001). *Circumplex Model and FACES: Review of literature.* Retrieved November 20, 2003 from http://www.lifeinnovations.com/familyinventoriesdatabase.html.

Kymlicka, W. (1995). *Multicultural citizenship: A liberal theory of minority rights.* Oxford: Oxford University Press.

L'Abate, L. (1983). Prevention as a profession: Toward a new conceptual frame of reference. In D.R. Mace (red.), *Prevention in family services* (pp. 49-62). Beverly Hills, CA: Sage.

L'Abate, L. (1986). *Systematic family therapy.* New York: Brunner / Mazel.

L'Abate, L. (1990). *Building family competence. Primary and secondary prevention strategies.* Newbury Park, CA. Sage.

L'Abate, L. (1992). *Programmed writing: A self-administered approach for interventions with individuals, couples and families.* Pacific Grove, CA: Brooks/Cole.

L'Abate, L. (1994). *A theory of personality development.* New York. Wiley.

Ladd, A. (2003). Emotional literacy and healthy relationships. In R. DeMaria & M.T. Hannah (reds.), *Building intimate relationships: Bridging treatment, education, and enrichment through the PAIRS program* (pp. 77-93). New York, NY, US: Brunner-Routledge.

Larson, J.H. (2004). Innovations in marriage education: Introduction and challenges of family relations. *Interdisciplinary Journal of Applied Family Studies*, *53*(5), 421-424.

Lazarus, R.S. (1974). Psychological stress and coping in adaptation and illness. *International Journal of Psychiatry in Medicine, 5*, 321-333.

Leary, T. (1975). *Interpersonal diagnosis of personality.* New York: Ronald Press.

Leff, J., & Vaughn, C. (1985). *Expressed emotions in families.* New York: Guilford Press.

Lewis, J.M., Beavers, W.R., Gossett, J.T., & Phillips, V.A. (1976). *No single thread: Psychological health in family systems.* New York: Brunner / Mazel.

Le Roux, M.A. (1994). *'n Psigo-opleidingsprogram vir werknemers in beskutte arbeid.* Ongepubliseerde magistertesis, Universiteit van Pretoria.

Long, E. C. J., Angera, J. J., & Hakoyama, M. (2006). Using videotaped feedback during intervention with married couples: A qualitative assessment. *Family Relations*, *55*(4), 428- 438.

Mace, D.R. (1983). *Prevention in family services:* Approaches to family wellness. Beverly Hills, CA. Sage.

Mace, D.R., & Mace, V. (1974). *We can have better marriages.* Nashville, TN. Abingdon.

Mackey, R.A., & O'Brien, B.A. (1995). *Lasting marriages: Men and women growing together.* Londen: Praeger.

Markham, H.J., Floyd, F.J., Stanley, S.M., & Lewis, H.C. (1986). Prevention. In N.S. Jacobson & A.S. Gurman (reds.), *Clinical handbook of marital therapy* (pp. 101-151). New York: Guilford

Markman, H.J., Floyd, F.J., Stanley, S.M., & Lewis, H. (1986). Prevention. In N. Jacobson & A. Gurman (reds.), *Clinical handbook of marital therapy* (pp. 173-195). New York: Guilford.

Marris, P. (1980). The uprooting of meaning. In G. Coelho & P. Ahmed (reds.), *Uprooting and development* (pp. 101-116). New York: Plenum.

Marshall, T.H. (1964). *Citizenship and social development: Essays by T.H. Marshall*. New York: Anchor Books.

McCaghy, P. A. (2005). Exploring how participant factors may influence assessment outcomes in marriage enrichment. *Dissertation Abstracts International: Section B: The Sciences and Engineering*, *65*(10), 5461.

McCubbin, H., & Patterson, J., (1983). *Systematic assessment of family stress, resources and coping.* St. Paul: University of Minnesota Press.

McGoldrick, M., & Carter, B. (1999). Self in context: The individual life cycle in systemic perspective. In B. Carter & M. McGoldrick (reds.), *The expanded family life cycle* (pp. 27-46). Boston: Allyn & Bacon.

McGoldrick, M., Garcia-Preto, N., Hines, P.M., & Lee, E. (1991). Ethnicity and family therapy. In A. Gurman & D. Kniskern (reds.), *Handbook of family therapy, (vol. II)*. New York: Brunner/Mazel.

Melitto, R. (1985). Adaptation in family systems: A developmental perspective. *Family Process, 24*(1), 89-100.

Miles, M.B., & Huberman, A.M. (1994). *Qualitative data analysis.* Londen: Sage.

Minuchin, S. (1974). *Families and family therapy.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Minuchin, S. (1988). *Families and family therapy.* Londen: Tavistovk Publications.

Moch, L.P. (1995). *Moving Europeans: Historical migration practices in Western Europe,* In R. Cohen (red.), *The Cambridge survey of world migration* (pp. 126-130). Cambridge: Cambridge University Press.

Mouton, J., & Marais, H.C. (1989). *Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: RGN Uitgewers.

Mouton, J., & Marais, H.C. (1990). *Basiese begrippe: Metodologie van die geesteswetenskappe.* Pretoria: RGN Uitgewers.

Mrazek, F.J., & Haggerty, R.J. (reds.). (1994). *Reducing risks for mental disorders: Frontiers for preventive intervention research.* Washington, DC. National Academy Press.

Muehrer, P., Moscicki, E.K., & Koretz, D.S. (1993). Prevention as psychological intervention research. *NIMH Psychotherapy and Rehabilitation Research Bulletin, 2*(3), 16.

Napier, A.Y. (1988). *The fragile bond.* New York: Harper & Row.

Neugarten, B. (1976). Adaptation and the life cycle. *Counseling Psychologist*, *6*, 16-20.

Neven, M. (2000). The age at marriage of migrants during the industrial revolution. *The history of the family: An International Quarterly*, *5*, 391-413.

Nicol, J. (1991). *Naak en naby.* Pretoria: HAUM.

Noller, P., & Callan, V.J. (1986). Adolescent and parent perceptions of family cohesion and adaptability. *Journal of adolescence, 9*, 97-106.

Notarius. C., & Buongiorno. J. (1992). *Wait time until professional treatment in marital therapy.* Ongepubliseerde referaat, Catholic University of America, Washington, DC.

Noval, L.S., Combs, C.W., Wiinamaki, M., Bufford R.K., & Halter, L. (1996). Cognitive-behavioral marital enrichment among church and non church groups: Preliminary findings. *Journal of Psychology and Theology, 24,* 47-53.

O'Dell, L., De Abreu, G., & O'Toole, S. (2004). The turn to culture. *The Psychologist, 17*(3), 138-141.

Offer, D., & Sabshin, M. (1974). *Normality: Theoretical and clinical concepts of mental health.* (2de uitg.). New York: Basic Books.

Ohbuchi, K-I., & Takahashi, Y. (1994). Cultural styles of conflict management in Japanese and Americans: Passivity, covertness, and effectiveness strategies. *Journal of Applied Social Psychology, 24*(15), 1345-1366.

O'Hanlon, B. (1994). The third wave. *Family Therapy Networker, November/ December.* 19-29.

Ohmae, K. (1991). *The borderless world.* New York: Harper Collins.

Oliver, R., Mattson, D.L., & Moore, J. (1993). Psychological reactance in marital enrichment training. *TCA Journal, 22*, 3-10.

Olson, D.H. (1985). Commentary: Struggling with congruence across theoretical models and methods. *Family Process, 24,* 203-207.

Olson, D.H. (1986). Circumplex Model VII: Validation studies and FACES III. *Family Process, 25*, 337-351.

Olson, D.H. (1991). Commentary: Three-dimensional (3-D) Circumplex model and revised scoring of FACES III. *Family Process, 30*, 74-79.

Olson, D.H. (2000). Circumplex model of marital and family systems. *Journal of Family Therapy, 22*(2), 144-167.

Olson, D.H., Fournier, D.G., & Druckman, J.M. (1982). *ENRICH: Enriching & nurturing relationship issues, communication & happiness.* St. Paul: Family Social Science, University of Minnesota, McNeal Hall 290, St. Paul, MN.

Olson, D.H., Fournier, D.G., & Druckman, J.M. (1983). *PREPARE, PREPARE-MC & ENRICH Inventories.* Minneapolis: PREPARE/ENRICH, Inc. Minneapolis, MN.

Olson, D.H., Fournier, D.G., & Druckman, J.M. & Robinson, J. (1979). *Effectiveness of premarital counseling with PREPARE.* Ongepubliseerde manuskrip, University of Minnesota, St. Paul.

Olson, D.H., & Fowers, B.J. (1993). Five types of marriage: Empirical typology based on ENRICH. *Family Journal: Counseling and Therapy for Couples and Families, 1*(3), 196-207.

Olson, D.H., Gorall, D., & Tiesel, J. (2002). *Family inventories package.* Minneapolis: Life Innovations.

Olson, D.H., McCubbin, H.I., Barnes, H.L., Larsen, A.S., Muxen, M.J., & Wilson, M.A. (1985). *Family inventories.* St. Paul: University of Minnesota.

Olson, D.H., & Olson, A.K. (2000). *Empowering couples: Building on your strenghts.* Minneapolis: Life Innovations.

Olson, D.H., Portner, J., & Bell, R. (1989). Faces II. In D.H. Olson, H.I. McCubbin, H.L. Barnes, A.S. Larsen, M.J. Muxen., & M.A. Wilson (reds.), *Families, what makes them work* (pp. 245-265). Newbury Park: Sage.

Olson, D.H., Sprenkle, D.H., & Russel, C.S. (1979). Circumplex model of marital and family systems. Cohesion and adaptability dimensions, family types, and clinical applications. *Family Process, 18*, 3-28.

Parsons, T., & Bales, R.F. (1955). *Family socialization and interaction process.* Glencoe, IL: Free Press.

Pasch, L.A., & Bradbury, T.N. (1998). Social support, conflict and the development of marital dysfunction. *Journal of Consulting and Clinical Psychology, 66*, 219-230.

Pascoe, R. (1992). *Place and community.* Sydney: Allen & Unwin.

Pellissier, J.P. (2005). Migration and indogamy according to social class. *International Review of Social History, 50*(13), 219-246.

Plato, (1987). *The Protagoras and the Meno.* Harmondsworth: Penguin.

Plutchik. R., & Conte, H.R. (1997). *Circumplex models of personality and emotions.* Washington D.C.: American Psychological Association.

Popenhoe, D., Elshtain, J.B., & Blankenhorn, D. (1996). *Promises to keep: Decline and renewal of marriage in America.* Lanham, MD: Rowan & Littlefield.

Pratt, D.M., & Hansen, J.C. (1987). A test of the curvilinear hypothesis with FACES II and III. *Journal of Marital and Family Therapy, 13*(4), 387-392.

Reiss, D. (1981). *The family's construction of reality.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Ridley, C.A., & Sladeczek, I.E. (1992). Premarital relationship enhancement: Its effects on needs to relate to others. *Family Relations, 41,* 148-153.

Rodick, J.D., Henggeler, S.W., & Hanson, C.L. (1986). An evaluation of Family Adaptability and Cohesion Evaluation Scales (FACES) and the Circumplex Model. *Journal of Abnormal Child Psychology, 14*, *77-87.*

Rollins, B.C., & Feldman, H. (1970). Marital satisfaction over the family life cycle. *Journal of Marriage and the Family, 32*(1), 20-28.

Rosenbalt, P.C. (1974). Cross-cultural perspective on attraction. In T.L.Huston (red.), *Foundation of interpersonal attraction* (pp. 79-95). San Diego: Academic.

Rousseau, J.J. (1989). *L' origine des langues [The origin of the languages].* Rome: Riuniti.

Ryff, C.D., & Essez, M.J. (1992). The interpretation of life experience and well-being: The sample case of relocation. *Psychology and Ageing, 7*, 507-517.

Satir, V. (1972). *Peoplemaking.* Palo Alto, CA: Science and Behavior Books.

Sayers, S.L., Kohn, C.S., & Heavey, C. (1998). Prevention of marital dysfunction: Behavioral approaches and beyond. *Clinical Psychology Review, 18,* 713-744.

Schaefer, M.T., & Olson, D.H. (1981). Assessing intimacy: The *PAIR* Inventory. *Journal of Marital and Family Therapy, 7*(1), 47-60.

Schnapper, D. (1994). *La communaute des citoyens: Sur L'idee moderne de la nation* [Community of the citizens: On the modern idea of the nation]. Paris: Gallimard.

Scuire, C. (2000). *Culture in psychology.* (red.) Londen: Routledge.

Shapiro,Y. (2000). Mobility of graduates. *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), The Graduate 2000,* 16-17.

Sherkat, D.E. (2004). Religious intermarriage in the United States: trends, patterns, and predictors. *Social Science Research, 33*(4), 606-625.

Silliman, B., & Schumm, W.R. (1989). Topics of interest in premarital counseling: Clients' views. *Journal of Sex and Marital Therapy, 15*, 199-206.

Silliman, B., & Schumm, W.R. (2000). Marriage preparation programs: A literature review. *The Family Journal: Counseling and Therapy for Couples and Families 8,* 133-142.

Slutzki, C. (1979). Migration and family conflict. *Family Process, 18*, 379-390.

Sluzki, C.E. (1992). Disruptions and reconstruction of networks following migration. *Family System Medicine, 10*, 359-363.

Smit, G.J. (1993). *Navorsing: Riglyne vir beplanning en dokumentasie.* Pretoria: Southern Uitgewers.

Smith, G.T., Snyder, D.K., Trull, T.J., & Monsma, B.R. (1988). Predicting relationship satisfaction from couples' use of leisure time. *The American Journal of Family Therapy, 16*(1), 3-13.

Smith, M.T., & Fletcher-Jones, L.J. (2003). "Thus the Colliers and their wives": Migration, mate choice and population structure of some County Durham parishes. *Annals of Human Biology, 30*(6), 678-692.

Soysal, Y.N. (1994). *Limits of citizenship: Migrants and post national membership in Europe.* Chicago: University of Chicago Press.

Stahmann, R.F., & Hiebert, W.J. (1997). *Premarital and remarital counseling: The professionals' handbook.* San Francisco: Jossey-Bass.

Stanley, S.M., Blumberg, S.L., & Markman, H. (1999). Helping couples fight for their marriage: The PREP approach. In R. Berger & M.T. Hannah (reds.), *Preventive approaches in couple's therapy* (pp. 279-303). Philadelphia: Brunner/Mazel, Inc.

Stanley, S.M., Markman, H., St. Peters, M., & Leber, B.D. (1995). Strengthening marriages and preventing divorce: New directions in preventive research. *Family Relations, 44*, 392-401.

StatSoft, Inc. (2004). STATISTICA (data analysis software system), version 7. www.statsoft.com.

Stinnett, N., & DeFrain, J. (1989). The healthy family: Is it possible? In M.J. Fine (red.), *The second handbook on parent education. Contemporary perspective* (pp. 53-73). California: Academic Press Inc.

Strong, B., & De Vault, C. (1997). *Human sex: Diversity in contemporary America.* Mountain View, CA: Mayfield.

Suãrez-Orozco, C., & Suãrez-Orozco, M. (2000). *Children of immigration.* Cambridge, MA: Harvard University Press.

Tang, S.F., & Kirkbride, P.S. (1986). Developing conflict management skills in Hong Kong: An analysis of some cross cultural implications. *Management Education and Development, 17*, 287-301.

Trovato, F. (1986). The relationship between migration and the provincial divorce rate in Canada, 1971-1978: A reassessment. *Journal of Marriage and the Family, 48*, 207-216.

Van de Putte, B. (2005). Migration, occupational identity and social openness. *International Review of Social History, 50*(13), 179-218.

Van Greunen, A. (2001, Mei-uitgawe). Nou is kleinboet die bliksem in! *De Kat,* pp. 26-29).

Van Pelt, N. (1982). *Die vervulde huwelik: 'n Gids tot sukses in die getroude lewe.* Kaapstad: Southern.

Van Rooyen, J. (2000). *The new great trek: The story of South Africa's white exodus.* Pretoria: Unisa Press.

Von Bertalanffy, L. (1969). General Systems Theory – an overview. In W. Gray., F.J. Duhl, & N.D. Rizzo (reds.), *General Systems Theory and psychiatry* (pp. 33-46). Boston: Little, Brown.

Walsh, F.W. (1982). *Normal family processes.* New York: The Guilford Press.

Walsh, F.W. (1993). *Normal family processes.* (2de uitg.). New York: The Guilford Press.

Walsh, F.W. (1998). *Strengthening family resilience.* New York: The Guilford Press.

Walsh, F.W. (2003). *Normal family processes.* (3de uitg.). New York: The Guilford Press.

Walsh, F.W., & Olson, D.H. (1993). Utility of the Circumplex Model with severely dysfunctional family systems. In D.H. Olson, C.S. Russell, & D.H. Sprenkle (reds.), *Circumplex Model: Systemic assessment and treatment of families.* (2de uitg.) (pp. 104-137). New York: Haworth Press.

Wampler, K.S. (1990). An update on research on the Couple Communication Program. *Family Science Review, 3*, 21-40.

Wampler, K.S., & Halverson, C.F. (1993). Quantitative measurement in family research. In P.G. Boss, W.J. Doherty, R. LaRosa, W.R. Schumm, & S.K. Steinmetz (reds.), *Sourcebook of family theories and methods* (pp. 181-194). New York: Plenum Press.

Westley, W.A., & Epstein, N.B. (1969). *The silent majority.* San Francisco: Jossey-Bass.

Witvliet, C.V. (2001). Forgiveness and health: Review and reflections on a matter of faith, feelings and psychology. *Journal of Psychology and Theology, 29*, 212-224.

White, L.K. (1983). Determinants of spousal interaction: Marital structure or marital happiness. *Journal of Marriage and the Family, 45*(3), 511-519.

Wynne, L. (1988). An epigenetic model of family process. In C. Falicov (red.), *Family transitions: Continuity and change over the life cycle* (pp. 81-106). New York: Guilford Press.

Yalom, I.D. (1995). *The theory and practice of group psychotherapy.* (4de uitg.). New York: Harper Collins.

Zimpfer, D.G. (1988). Marriage enrichment programs: A review. *Journal for Specialists in Group Work, 13*, 44-53.

BYLAE 1

WOORDELIKSE RESPONSE VAN TEMAS VAN GROEP IN ENGELAND

Gesinseenheid

By gesinseenheid word verstaan dat die huwelik net tussen twee mense bestaan, en dat geen ander persoon, hetsy ouers, kinders, vriende of enige iemand anders daardie plek behoort in te neem nie. Die basis van die fondament word beskou as vertroue en die veiligheid in die verhouding word bevestig indien daar vertroue is. Vervolgens word woordelikse response oorgedra as voorbeelde van gesinseenheid as ‘n spanningselement.

Paartjie 1 “Ons kon net nie bymekaar uitkom nie, daar was nooit tyd nie, hy het alewig ‘getravel’en dit laat my voel sy werk is meer belangrik” (vrou)

Paartjie 2 “Ek kon nooit sê hoe ek voel nie daar’s altyd mense, en ek is nie spesiaal nie” (vrou)

Paartjie 4 “Ons is net so min alleen saam en ek voel nie belangrik nie” (vrou)

Paartjie 10 “Daar was so baie mense in die huis dat ons gesukkel het met alles, van seks tot kommunikasie tot, ag sommer alles. Hierdie saam met ander bly om geld te spaar, is verseker nie goed vir die huwelik nie” (albei)

Paartjie 20 “Ons was gelukkig dat ons dadelik alleen gaan woon het, maar hier is van ons vriende wie sukkel omdat hulle ter wille van finansies saam met ander in ‘n huis ingetrek het en sy voel nie spesiaal nie” (man)

Paartjie 21 “Ons kom al twee uit slegte vorige verhoudings en vertroue is baie moeilik” (man)

“Ek voel heeltyd of ek op dryfsand is, het geen sekuriteit nie” (vrou)

Rolverdeling

Met rolverdeling word verstaan die rolle wat elkeen binne die verhouding aanvaar en dat die paartjie self tevrede is met elkeen se rol. Vervolgens word enkele voorbeelde van deelnemers se response gegee.

Paartjie 4 “Ek kry nie kans om my rol as vrou uit te leef nie” (vrou)

Paartjie 6 “Omdat ek die werk gekry het en nie hy nie, het ons nie geweet hoe om ons rolle te definieer nie” (man)

Paartjie 8 “Ek moes skielik huisvrou wees terwyl sy werk, en ek was nie voorbereid daarop nie” (man)

Paartjie 11 “Ons grootste krisis toe ons hierheen kom, was dat sy werk gehad het en ek nie. Ek het gevoel ek is nie meer die broodwinner nie. Dit het nou nog ‘n effek op beide van ons” (beide)

Paartjie 23 “Ek het alles opgeoffer om agter hom aan te kom, sit net by die huis, ken niemand, voel nie ek beteken iets nie” (vrou)

Paartjie 24 “Ek sukkel om vaste werk te kry, dit affekteer my baie want ek voel nie soos die broodwinner nie, en as ons baklei herinner sy my dat sy die verantwoordelikheid dra en nie ek nie.” (man)

Intieme verhouding

Met die "intieme verhouding" word verstaan hoe die paartjie seksueel in hul verhouding groei en hoe hulle kommunikasie oor die onderwerp is. Die belangrikheid van hierdie aspek word uit die volgende response duidelik.

Paartjie 1 “Ons sekslewe is chaos” (man)

Paartjie 3 “Ons sukkel baie met ons intieme verhouding” (vrou)

Paartjie 5 “Seks, hoe spel mens dit?” (man)

Paartjie 7 “Daar bly so baie mense in die huis dat jy nie spontaan seks kan hê nie” (beide)

Paartjie 9 “Ons sukkel baie met ons intieme verhouding” (man)

Paartjie 10 “Daar was so baie mense in die huis dat ons gesukkel het met alles, van seks tot kommunikasie tot, ag sommer alles. Hierdie saam met ander bly om geld te spaar, is verseker nie goed vir die huwelik nie” (beide)

Paartjie 12 “Ja, dit het ons sekslewe baie beïnvloed, en ons kon ook nie die konflik wat daarmee saamgaan, hanteer nie” (beide)

Paartjie 15 “Ons grootste krisis is seks” (man)

Paartjie 17 “Elke aand as ek by die huis kom, dan is sy moeg, ek weet regtig nie van wat nie, dit affekteer ons sekslewe baie” (man)

Paartjie 19 “Ons intieme verhouding en kommunikasie het die meeste skade gelei” (beide)

Paartjie 22 “Ek het vrede gemaak met ons swak seksuele verhouding” (man)

Paartjie 24 “Dit het ‘n groot effek op ons sekslewe” (beide)

Kommunikasie/Konflikhantering

Hierdie tema verwys na die wyse waarop die paartjie binne die verhouding kommunikeer en op watter wyse hulle die konflik wat mag ontstaan, hanteer. Response wat hierna verwys is die volgende:

Paartjie 2 “Ek kan nooit sê hoe ek voel nie, daar is altyd mense” (vrou)

Paartjie 3 “Ek weet nie hoe om konflik te hanteer nie” (man)

Paartjie 5 “Ons leer nie om effektief te kommunikeer nie” (beide)

Paartjie 8 “Ons het dus baie vasgesit en kon dit nie hanteer nie; ons sukkel nou nog om konflik te hanteer” (beide)

Paartjie10 “Daar was so baie mense in die huis dat ons gesukkel het met alles, van seks tot kommunikasie tot, ag sommer alles. Hierdie saam met ander bly om geld te spaar, is verseker nie goed vir die huwelik nie” (vrou)

Paartjie 12 “Ja, die werksure het ons sekslewe baie beïnvloed, en ons kon ook nie die konflik wat daarmee saamgaan, hanteer nie” (man)

Paartjie 14 “Ek kon nooit regtig bv. skreeu om my gevoelens uit te druk nie” (vrou)

Paartjie 15 “Ek het nie lus vir ‘n ‘gemoan’ elke dag nie” (man)

Paartjie 16 “Ons hanteer konflik geweldig sleg” (beide)

Paartjie 19 “Ons intieme verhouding en kommunikasie lei die meeste skade” (beide)

Paartjie 25 “Ons kommunikasie bestaan nie, ons sê baie maar praat niks” (vrou) “Haar ouers het ‘n groot invloed op haar lewe, al is ons so ver” (man)

“Ek bel maar my ma as ek met iemand wil praat, dan raak hy van sy kop af oor hoe duur die oproepe is” (vrou)

Buitefaktore

Hiermee word verwys na die struikelblokke of bedreigings buite die verhouding wat ‘n invloed het op die verhouding self, soos byvoorbeeld werk, sport, tye weg van huis. Response wat hierna verwys is die volgende:

Paartjie 1 “Ons kon net nie bymekaar uitkom nie, daar was nooit tyd nie, hy het alewig ‘getravel’ ” (beide)

Paartjie 4 “Ons is net so min alleen saam” (beide)

Paartjie 6 “Ek moet elke dag drie ure ‘travel’, ons sien mekaar min” (beide)

Paartjie 13 “Die grootste spanning is die baie ‘travel’ en min sien” (beide)

Paartjie 20 “Ons was gelukkig dat ons dadelik naby ons werk gaan woon het, maar hier is van ons vriende wie sukkel omdat hulle ter wille van finansies saam met ander in ‘n huis ingetrek het, of baie ver bly” (beide)

Paartjie 25 “Haar ouers het ‘n groot invloed op haar lewe, al is ons so ver” (man)

WOORDELIKSE RESPONSE VAN TEMAS VAN GROEP IN SUID AFRIKA

Finansies

Hierdie tema verwys na die belangrike rol wat finansies binne die huweliksverhouding speel is, en elkeen se bydrae ten opsigte daarvan. Hierdie tema val saammet die tema “buitefaktore” wat by die groep in Engeland ook voorkom. Response wat hierna verwys is die volgende:

Paartjie 31 “Ons baklei permanent oor geld” (beide)

Paartjie 34 “Ons geldsake werk net nooit uit nie” (beide)

Paartjie 36 “Ek moet elke dag met haar praat oor die begroting” (man)

Paartjie 43 “Die grootste spanning is die einde van die maand” (beide)

Paartjie 44 “Ons was in die begin baie gelukkig en het nooit vasgesit nie, nou sit ons gereeld vas oor geld” (beide)

Paartjie 45 “Haar ouers wil heeltyd vir ons geld gee, ek voel nie of ek vir haar kan sorg nie” (man)

Paartjie 48 “Die grootste spanning in ons huwelik is die begroting” (beide)

Paartjie 50 “Ek het nooit besef dat ons finansies en my bydrae by die huishuoding so ‘n groot invloed op my man het nie” (vrou)

Werksdruk

Hiermee word verwys na die impak wat werksdruk en lang werksure op die huweliksverhouding het. Hierdie tema val saammet die tema “buitefaktore” wat by die groep in Engeland ook voorkom. Response wat hierna verwys is die volgende:

Paartjie 27 “Ek weet nie meer hoe om te sê dat ek tyd met hom nodig het nie, hy werk permanent” (vrou)

Paartjie 33 “Ons werk albei te hard en kommunikeer nie meer nie” (man)

Paartjie 35 “Ons leer nie om werksdruk by die werk te los nie, en kan dus nie meer effektief kommunikeer nie” (beide)

Paartjie 38 “Ons werkslading is groot en albei lei daaronder” (beide)

Paartjie 40 “Ek was so baie uitstedig as gevolg van my werk, dat ek en my vrou bymekaar verby begin leef het. Sy is nou heeltemal onafhanklik en ek weet nie of dit goed is nie” (man)

Paartjie 42 “Ja, my werksure het ons hele lewe beïnvloed, maar dit is net tydelik, sy wil dit nie so verstaan nie” (man)

Paartjie 44 “Ek kon nooit regtig oor sy werksdruk praat nie, hy spring onmiddelik op sy perdjie” (vrou)

Paartjie 45 “Ek werk kliphard, maar dis alles vir hulle” (man)

Paartjie 46 “Ons hanteer ons werksdruk positief, maar ons spandeer definitief te min tyd in mekaar se geselskap” (beide)

Paartjie 49 “Ons werk saam, maar vat die werk ook saam huistoe en dit is naderhand al waaroor ons kan praat” (beide)

Paartjie 50 “My werksdruk veroorsaak dat my vrou glad nie verstaan wanneer sy my moet los nie” (man)

Ouers

Hierdie tema val saam met die tema “gesinseenheid” wat as tema by die groep in Engeland dien en verwys na buitemense wat ‘n invloed in die huweliksverhouding het. Response wat hierna verwys is die volgende:

Paartjie 32 “Ek kan nooit sê hoe ek voel nie, dan bel hy sy ma” (vrou)

Paartjie 33 “Ek weet nie hoe ek uit skoonpa se kloue gaan uitkom nie” (man)

Paartjie 35 “Ons leer om nie alles met ons ouers te deel nie” (beide)

Paartjie 38 “Ons het baie vasgesit oor hoe ons ouers ons huwelik probeer reel, dit gaan beter maar steek nog gereeld sy kop uit” (beide)

Paartjie 40 “Hy werk vir sy pa en daarom dink my skoonouers hulle kan hier kom doen wat hulle wil, ek weet nie meer hoe om dit te hanteer nie” (vrou)

Paartjie 42 “My skoonma probeer heeltyd inmeng, en hy vat nie my part nie en sê net heeltyd ek moet verstaan want hy is in die middel” (vrou)

Paartjie 44 “My ouers is erger oor hom as oor my, en dit maak nie saak watse dom besluite hy neem nie, dis ok” (vrou)

Paartjie 45 “Ek het nie lus om my skoonouers elke dag te sien nie, en hulle bly hier by ons” (man)

Paartjie 46 “Ons wil sover as moontlik wegtrek van ons ouers af, hulle is net te veel” (beide)

BYLAE 2

Huisbou proses as metafoor tydens aanbieding van die seminaar

'n Goeie fondament (eenheid tussen die egliede)

Die eerste belangrike kenmerk van ‘n goeie huis, is ‘n goeie fondament. Met hierdie metafoor as vertrekpunt word die eerste aspek van die program, naamlik die “eenheid tussen die egliede” (bedoelende dat daar niemand belangriker as die eglied in die verhouding mag wees nie, en dat egliede vertroue in mekaar sal hê. Die basis van eenheid word beskou as vertroue in mekaar. Die inhoudelike van hierdie onderwerp word in twee sub-afdelings verdeel en behandel. Eerstens word ‘n meer universele toepassing van die begrip bespreek en daarna word die aandag spesifiek op die migrasie-huwelik gefokus. Hierdie tweede deel van die bespreking in die program word van die eerste onderskei deur gebruik te maak van die woord “**migrasieblok**” (die woord word in die program gebruik om die universele van die spesifieke te onderskei, by spesifiek word bedoel hoe die universele spesifiek van toepassing is op die migrasie-huwelik). Tydens die "migrasieblok" word die bespreking gefokus met spesifieke verwysing na die inligting (byvoorbeeld rol van ouers in die verhouding) wat verkry is vanuit Fase I van die ondersoek. In terme van die metafoor wat gebruik word, fokus al die besprekings van Sessie 1 van die program op gesinseenheid, dus die fondament-lê stadium van die huisbouproses. Dit kan skematies soos volg voorgestel word:



Die huweliksverhouding as fondament van gesinseenheid

Die pilare (rolle en verantwoordelikhede binne die huwelik)

Die tweede aspek wat inhoudelik in die program hanteer word, is die kwessie van die rolle en gepaardgaande verantwoordelikhede van die onderskeie egliede. Ter wille van verduideliking aan die deelnemers word die metafoor van die huisbou-proses dan ook 'n stap verder geneem. Die proses word dan bespreek en beskryf aan die hand van die voorbeeld van die pilare van die huis wat besig is om gebou te word. Sessie 2 word genoem: "Pilare".

Dit kan skematies voorgestel word, soos aangetoon in Figuur 7.2



Rolle en verantwoordelikhede van die man en die vrou

Die pilare beskryf onder andere die rolverdeling in die huwelik en hoe die man en vrou verskillende rolle binne die verhouding aanneem om die verhouding suksesvol te

maak. In die tweede deel van die sessie word tyd afgestaan aan die verskillende sterk- en swakpunte van die egpaar sodat hulle mekaar beter kan verstaan.

"Toue wat die pilare in die huwelik regop hou" (geestelik, emosioneel en fisiese sake)

Die metafoor word verder uitgebou met stap drie van die "bouproses" wat die "fase van toue" genoem word.

Die derde sessie word gebruik om die huwelikspare formeel te laat kennis neem van wat gereken word nodig is vir hulle om as individue, maar ook as paar in die lig van die druk wat migrasie meebring, staande te bly.

Spesifieke aandag word geskenk aan die geestelike, emosionele intimiteit en fisiese aspekte van belang in 'n suksesvolle huwelik. Sou een of meer daarvan ontbreek of swak wees, kan die pilare begin omtuimel (Vergelyk Figuur 7.3).



Geestelike-, emosionele-, en fisiese toue wat pilare bind

“Bakstene" (Invloede van buite, buitefaktore)

In die vierde sessie van die program word aandag geskenk aan faktore wat van buite die huweliksfeer 'n invloed op die huwelik kan uitoefen (soos byvoorbeeld vervoer, werksure, verblyf), hetsy positief of negatief van aard. Met hierdie "buitefaktore" word bedoel enige “buitemens” en/of enige “buiteding” wat ‘n invloed op die huweliksverhouding kan hê. In die metafoor word hierna verwys as "bakstene" wat skematies as volg voorgestel kan word:



Buitefaktore wat 'n invloed op die verhouding kan hê

"Die dak" (kommunikasie en hantering van konflik)

Die vyfde en laaste sessie bestaan uit die belangrike aspek van kommunikasie en die hantering van konflik. Kommunikasie en konflikhantering word universeel in terapie

sowel as verryking as belangrik vir huweliksontwikkeling beskou (Jacobson & Holtzworth-Munroe, 1986). Konflikhantering is egter ‘n deel van kommunikasie waarop egpare nie altyd goed voorberei is nie. Hulle verkies dikwels eerder om konflik te vermy. Die wyse waarop mans en vrouens konflik verskillend hanteer, vererger gewoonlik die situasie (Mackey & O’Brien, 1995). Geslaagde konflikhantering word beskou as een van die belangrikste elemente van huwelikstevredenheid (Knudson, Sommers & Golding, 1980). Daarom word in hierdie program deeglik aandag geskenk aan hierdie aspek van migrasie-huwelike.

In die metafoor vorm hierdie aspek dan die finale stap in die voltooiing van die "bouproses" wanneer die "dak" vasgekap word (vergelyk Figuur 7.5).



Kommunikasie metafories as die dak van die huis voorgestel

Aan die einde van die program is ‘n "huis” dan gebou. Wanneer die deelnemers dan terugverwys na sekere gebiede in hul verhouding, kan hulle deur middel van hierdie assosiasie met die verskillende fases en onderdele van die "huisbouproses", maklik spesifieke gebiede in hul verhouding identifiseer en daaraan werk.

BYLAE 3

HUWELIKSVERRYKINGSPROGRAM

VRYDAGAAND:

18:00-19:00	Registrasie
19:00-20:00	Aandete
20:00-20:15	Verwelkoming
20:15-22:15	Sessie 1: Gesinseenheid

SATERDAG:

08:00-09:00	Ontbyt
09:00-10:30	Sessie 2: Rol en verantwoordelikheid
10:30-11:00	Tee
11:00-12:00	Sessie 3: Drie toue – Geestelik
12:00-13:30	Sessie 4: Drie toue – Emosioneel
13:30-14:30	Middagete
14:30-15:30	Vrye tyd
15:30-16:00	Tee
16:00-18:00	Sessie 5: Struikelblokke
18:00-19:00	Vrye tyd
19:00-20:00	Aandete
20:00-21:00	Sessie 6: Drie toue – Seksuele verhouding

SONDAG:

10:00-12:00	Sessie 7: Kommunikasie en konflikhantering
12:00-13:00	Evaluering en afsluiting

HUWELIKSVERRYKINGSEMINAAR

Ons hoop dat u hierdie tyd saam met ons sal geniet. Die sukses van hierdie naweek hang af van elkeen se betrokkenheid en toewyding.

* Die doel van die seminaar is vir huweliksmaats om weer te gaan sit en hulle verhouding te evalueer

* **Die seminaar bestaan uit 5 sessies**
  * Gesinseenheid
  * Verantwoordelikheid en rol
  * Geestelike band
    Emosionele band
    Fisiese band
  * Buitefaktore
  * Kommunikasie

* Elke sessie het 5 afdelings

* Afdeling: A: groepsessie
  B: vrae
  C: verdeel in paartjies
  D: aksiepunte
  E: terugvoer

* Bylae I Disc
  II Beplanningsoefening

SESSIE 1

GESINSEENHEID

1. Begin by afhanklikheid

2. Onafhanklik

3. Nuwe lewensiklus
   (nuwe afhanklikheid)
4. Vrug

5. Afhanklik

Probleme: toutjies gaan los a.g.v. tyd en omstandighede

Positiewe en negatiewe vir migrasie-egpare

- Sisteem is op self aangewese
- Nie baie ondersteuningstrukture
- Privaatheid van sisteem nie altyd moontlik
- Invloede van ander sisteme

B. BESPREKING OF VRAE

.....

.....

.....

.....

NB: Onthou, julle het die reg om verskillende sienings te hê en van mekaar te verskil, maar hier is die eerste groot les van die huwelik: om die ander se belange hoër as jou eie te ag.

C. VERDEEL IN PAARTJIES

1. Stem jy saam met die verduideliking van ‘n gesinseenheid? Hoekom / Hoekom nie?

2. Dink jy ons het ‘n gesinseenheid? Hoekom / Hoekom nie?

3. Wat dink jy is die belangrikste ding wat ons eenheid bedreig?
   Ouers
   Geld
   Vriende
   Sport
   TV
   Kinders
   Of ander

D. AKSIEPUNTE

WAT	HOE	WANNEER
Ek gaan nie meer toelaat dat ons ouers inmeng in ons huwelik nie.		
Ek gaan reël dat ons met ons ouers om ‘n tafel sit en die gesins-eenheid aan hulle verduidelik (verstaan hulle bedoel goed).		

Ons sien hulle oor twee weke, maar ek gaan vandag 22/1 bel en ‘n afspraak maak om hulle by ‘n koffieplekkie te ontmoet.

……
……
……
……
……

E. TERUGVOER

SESSIE 2

VERANTWOORDELIKHEID EN ROL

Verstaan jouself -

Verantwoordelikheid van die man

- Om vrou veilig te laat voel en sekuriteit te gee

Sekuriteit op 3 vlakke:

- Geestelik - Hoof van die huis
- Emosioneel - Afhanklik
- Fisies - Bevredig

Veiligheid

- Jy moet huwelikshuis se bakstene so lê dat sy veilig voel
- Dit beteken as bakstene groter word as sy, voel sy nie veilig nie
- Bakstene moet perspektief bly

Rol van die vrou:

- Om 'n atmosfeer te skep waarbinne hy die bakstene kan lê

- Man het die behoefte om te voel dat hy deur sy vrou gerespekteer word

- Dat hy op die 3 vlakke – hoof van die huis, afhanklikheid en dat hy sy vrou bevredig - aansien van sy vrou ervaar, anders voel hy in sy karakter gekrenk

- Om 'n atmosfeer van liefde, rustigheid, respek te skep

Positiewe en negatiewe vir migrasie-egpare

- Doel van koms na die buiteland
- Vrou kry werk en man moet huishou
- Dubbelloopbaan en beide werk lang ure
- Vervoer neem tyd en nie altyd konsekwent nie
- Rolle raak verstrengel a.g.v. verskeie omstandighede
- Persoonlike identiteitskrisisse (bv. negatiewe selfwaarde)

B. BESPREKING OF VRAE

.....

.....

.....

C. VERDEEL IN PAARTJIES

1. Hoe voel jy oor wie jy is, en kan ons mekaar aanvul i.p.v. dat ons dalk bedreig voel deur mekaar?

2. Wat is die doel van ons koms na die buiteland en stem ons daaroor saam?

_____

_____

3. Probleemareas of omstandighede wat ‘n invloed op ons rolle en verantwoordelikhede kan hê ?(bv. vrou wat werk)

4. Stem jy saam met die verantwoordelikheid van die man en die rol van die vrou?

5. In watter area(s) vervul ek my rol as vrou, en in watter area(s) vervul ek dit nie ?

6. In watter area(s) kom ek my verantwoordelikheid as man na, en in watter area(s) nie?

D. AKSIEPUNTE

WAT HOE WANNEER

DEEL I

Jy was altyd vir my ‘n bedreiging omdat jy alles wil reel.
Ek verstaan nou dis jou sterkpunt en nie ‘n bedreiging vir my as man nie.
Ek gaan van vandag af nie toelaat dat dit ons eenheid bedreig nie.

DEEL II

Ek gaan nie meer toelaat dat my vriende belangriker is as jy nie.
Ek gaan jou sekuriteit gee deur dit in perspektief te hou en jou belange hoër te stel.
Ek gaan die naweek saam met die manne kanselleer en saam met jou uiteet.

- -

- -

- -

- -

E. TERUGVOER

SESSIE 3

GEESTELIK, EMOSIONEEL EN FISIES

By al drie die volgende sessies moet ons besef dat die knope met tyd of omstandighede kan losgaan. Dit is ons verantwoordelikheid om dit raak te sien en die toutjies dan weer vas te knoop.

GEESTELIK

3 RIGLYNE VIR VERGIFNIS

- Vergifnis tussen God en mens
- Om myself te vergewe
- Om ander te vergewe

Positiewe en negatiewe vir migrasie-egpare

- Geloofsbasis word getoets a.g.v. blootstelling
- Geloofsbelangrikheid word getoets a.g.v. vryheid
- Geloofstoewyding word getoets a.g.v. afstand
- Geloofseenheid word getoets a.g.v. isolasie

B. BESPREKING OF VRAE

C. VERDEEL IN PAARTJIES

1. Watter gebeure in julle eie lewe is moeilik om te vergewe of voor vergifnis te ontvang?

---

2. Watter stappe moet julle in jul huwelik neem om mekaar te vergewe?

---

3. Hoe stewig is ons geestelike tou nog geknoop?

D. AKSIEPUNTE

WAT HOE WANNEER

Ek het die Here al ontmoet, maar ek volg my eie pad, en het vergifnis nodig.
Elke dag is daar iets wat voorval wat “belangrik” is en dan bid ons nie saam nie.
Ek besef dat gebed een van die belangrike dinge is wat ons huwelik aanmekaar hou en dus is niks belangriker nie.
Ek gaan nou saam met my vrou bid – al is dit die eerste keer. Ek gaan dit van nou af elke dag doen.
Ek gaan nou hier voor my vrou die Here om vergifnis vra.

E. TERUGVOER

EMOSIONEEL

1. Emosionele afhanklikheid is waar ons saam kan huil en lag.
2. Ons kan ons diepste leed en vreugde met mekaar deel.
3. Gewoonlik word hierdie afhanklikheid deur “iets” in die huwelik aangevuur. Dit kan positief of negatief wees.
   Siekte
   Dood
   Werksdruk
   Ander

4. Bogenoemde kan julle óf nader aan mekaar bring óf van mekaar vervreem.
5. Die enigste manier om hierdie toutjie vas te maak is deur gereelde kommunikasie, en om alles met mekaar te deel.

Positiewe en negatiewe vir migrasie-egpare

- Vreemde kultuur bring paartjies nader aan mekaar, of plaas afstand tussen hulle

- Die nie-verstaan van die doel van hervestiging kan emosionele groei bevorder of laat verbrokkel

- Die tydsduur van verblyf in ander land

- Privaatheid het effek op emosionele groei

B. BESPREKING OF VRAE

C. VERDEEL IN PAARTJIES

1. Na ons troue, het ons emosionele band versterk of verswak?

2. Het daar “iets” gebeur wat dit veroorsaak het?

3. Noudat ons weet, kan ons iets daaromtrent doen om dit te verbeter?

4. Is jy van iemand anders afhanklik? bv. ma / pa / kind / iemand by werk / vriend / vriendin

5. Kan ek my diepste wese met jou deel?

6. Gaan deur vraelys?

VRAE OM MEKAAR TE VRA

ELKEEN MOET ELKE VRAAG VIR DIE ANDER VRA

1. Is ons oor die algemeen "goedgesind en hartlik teenoor mekaar" terwyl ons mekaar vergewe? (Efes. 4:32)

2. Wat doen ek wat veroorsaak dat jy vir my kwaad word?

3. Maak ek afbrekende aanmerkings oor jou of kritiseer ek jou voor ander mense? (Rom 14:19)

4. Wat moet jy doen as ek jou in die openbaar of tuis kritiseer?

5. Wat kan ek doen om jou in die openbaar te bemoedig?

6. Kommunikeer ons goed en duidelik met mekaar?

7. Wat wil jy hê moet ek doen en sê as jy volgende keer lyk of jy kwaad is vir my of wannneer jy nie met my wil praat nie? (Hebr 12:15)

8. Wat wil jy hê moet ek doen of sê wanneer dit lyk asof jy ongeduldig raak met iets of iemand?

9. Wat wil jy hê moet ek doen of sê wanneer jy begin om iemand te kritiseer?

10. Doen of sê ek dinge wat jou jaloers maak op ander mans / vrouens?

11. Gee ek genoeg uitdrukking aan my liefde vir jou?

12. Vertel ek jou genoeg van wat ek elke dag doen?

13. Moet ek in een of meer van die volgende areas verbeter:
    a. betyds wees
    b. maniere (etiket)
    c. houding, ens. …

14. Wanneer ons weer êrens heen gaan, wat kan ek doen of sê om jou te help om betyds gereed te wees?

15. Reageer ek op jou voorstelle en idees asof ek alreeds daaraan gedink het, eerder as jou te bedank en aan te moedig om nog voorstelle te maak?

16. Wat kan ons doen om ons verhouding met ons familie / skoonfamilie te verbeter?

D. AKSIEPUNTE

WAT HOE WANNEER

Ek besef dat ek nie met jou praat nie, want ek het vyf jaar gelede baie seergekry toe jy my uitgelag het.
Ek gaan my weer blootstel en my diepste hartseer/vreugdes met jou deel, want dit maak die knoop sterk.
Jy het dit as 'n grap gesien, maar jy het my vyf jaar gelede voor mense "dikkes" genoem. Ek het daarna vir jou gesê dit het my seergemaak. Jy het gelag en ek het besluit ek praat nooit weer met jou nie. Dit is vir my moelik om nou weer oop te maak.

E. TERUGVOER

FISIES

DAMES

Geestelik
Emosioneel
Fisies

MANS

Prioriteite

1. God

2. Huweliksmaat - seksualiteit (I Kor. 7:16)

3. Kinders

4. Beroep

5. Buitemense, bv. familie en vriende

6. Ander faktore, bv. sport en TV

Positiewe en negatiewe vir migrasie-egpare

- Privaatheid is belangrik vir seksuele groei
- Tyd vir seksuele ontwikkeling
- Kommunikasie oor seksuele ontwikkeling
- Prioriteite wat skeefloop, het effek op seksuele ontwikkeling

B. BESPREKING OF VRAE

C. VERDEEL IN PAARTJIES

1. Is ek besig om jou te bevredig?
2. Wat kan ek doen om ons gemeenskap meer bevredigend te maak?

3. Voel jy ons gemeenskap is net “hit and run”?

4. Wat kan ek doen om ons voorspel te verbeter?

5. Hoe stewig dink jy is hierdie toutjie in ons huwelik?

6. Wat moet ek doen om my prioriteite reg te stel?

D. AKSIEPUNTE

WAT HOE WANNEER

Ek is gefrustreerd met ons sekslewe, want jy klim net op en af, maar ek praat nie met jou daaroor nie.
Ek wil vir jou sê wat vir my lekker is sodat ons dit kan probeer.
Ek wil graag hê jy moet vanaand eers bietjie met my speel om my warm te maak en daarna moet ons liefde maak.

E. TERUGVOER

SESSIE 4

BAKSTENE

1. Rol van bakstene in die huis

2. Bakstene kan na beide kante buite verhouding raak

3. Vrou soek sekuriteit en veiligheid
   - Sodra bakstene te groot word, voel sy nie meer veilig nie

4. Nie kwaad vir die baksteen, soek dit net waar dit pas

5. Dit bring ons terug by prioriteite

6. Wat van tyd?

7. Bakstene is baie belangrik in ‘n huwelik; dit moet net in verhouding bly

DIT GAAN OOR ‘N GESINDHEID:

* Sy moet weet sy is nr. 1
* As sy twyfel dan moet jy na die baksteen kyk
* Dit gaan nie oor wat die man sê nie, maar oor hoe die vrou dit ervaar

Positiewe en negatiewe vir migrasie-egpare

- Doel en lengte van verblyf
- Vervoer
- Privaatheid
- Finansies
- Rol van familie en vriende
- Kinders, omdat strukture ver is

B. BESPREKING OF VRAE

C. VERDEEL IN PAARTJIES

1. Is daar ’n baksteen in ons huwelik wat groter as ons huis is?

2. Ons finansies - dis altyd ‘n baksteen wat sukkel om te pas. Hoe lyk ons s’n en wat doen ons om dit in verhouding te hou

3. Wat moet ek verander om jou te laat voel jy is nommer 1?

D. AKSIEPUNTE

WAT	HOE	WANNEER
Ek besef dat my sport te belangrik geword het.		
Ek wil hê jy moet sien dat jy belangriker is as my gholfstokke, en daarom gaan ek dit weggee.		
Ek gaan dit môre vir iemand neem om vir ses maande te hou totdat die baksteen in perspektief is.		

E. TERUGVOER

SESSIE 5

KOMMUNIKASIE

VLAKKE VAN KOMMUNIKASIE

VLAK 5: Oppervlakkige geklets	-	Hoe gaan dit?
VLAK 4: Oordrag van feite	-	Dit is warm
VLAK 3: Idees en beoordeling	-	Ek glo die regering maak fout
VLAK 2: Gevoel en emosie	-	Wat my seermaak
VLAK 1: Persoonlike intimiteit	-	Sal jy my vergewe?

Misverstande is deel van ons lewens en wanneer dit nie reg hanteer word nie, word dit konflik. Dit kom in alle verhoudings voor en is 'n toestand van onrus in 'n verhouding waar huweliksmaats bedreig voel omdat daar nie volgens verwagtings opgetree is nie. Die bedreiging raak gewoonlik die persoon se persoonlike <u>oogmerke</u> of interpersoonlike <u>behoeftes</u>.

Positiewe en negatiewe vir migrasie-egpare

- Tyd vir kommunikasie
- Privaatheid vir effektiewe kommunikasie
- Struktuur vir kommunikasie
- Ondersteuning vir eerlike kommunikasie

5 MOONTLIKE MANIERE OM KONFLIK TE HANTEER, MAAR NIE ALMAL IS EWE WAARDEVOL NIE

HOË WAARDE VIR DIE VERHOUDING
LAE WAARDE VIR DIE VERHOUDIN

Min waarde vir die persoon se behoeftes
Hoë waarde vir die persoon se behoeftes

JOU REAKSIE:

1. **ONTTREKKING:** Volstruispolitiek - dit vervul nie die persoon se behoeftes nie en beteken niks vir die verhouding nie.

2. **OORWINNING:** "Ek is reg, MY wil moet uitgevoer word." Dit vervul een se behoefte, maar nie die ander een s'n nie, en is daarom skadelik.

3. **TOEGEWING:** "Ter wille van vrede sal ek die minste wees." Dit help dat die verhouding voortgaan, maar persoon se behoeftes word nie verul nie.

4. **SKIKKING:** "Ek ontmoet jou halfpad." In die proses van onderhandeling moet beide soveel prysgee dat die verhouding skade lei.

5. **OPLOSSING:** Dit is 'n vasbyt wat op liefde gegrond is totdat ons 'n oplossing kry.

OM KONFLIK OP TE LOS, MOET JY GEWILLIG WEES OM

* Liefde te betoon
* Getrou te wees
* Selfbeheersing toe te pas
* Eerlik na die probleem te kyk
* Nederig te wees deur te luister

VOORKOMING VAN BAIE KONFLIK

Daaglikse gespreksessies

Weeklikse beplanning - kniesessie - INHOUD: Praat oor hoe dit gaan:
- geestelik
- emosioneel
- fisies
- struikelblokke

REëLS: Moet heeltyd fisieke kontak hê
Mag eers die volgende dag reageer

Gesinsaande - Gereelde spesiale tye saam

Maandelikse huisvergaderings - Kinders word hierby betrek

Jaarbeplanning en evaluasie - Bespreek doelwitte op 5 areas

Geestelik, fisiek, sosiaal, akademies, kultuur

PRAKTIESE WENKE VIR GOEIE KOMMUNIKASIE IN DIE HUWELIK

1. Ek moet erken dat ek deel van die probleem is.

2. Ek moet gewillig wees om te verander . . .

3. Vermy emosioneel gelaaide woorde soos: "Jy is nie regtig lief vir my nie. Jy doen nooit iets vir my nie. Jy doen altyd . . . Ek gee niks om nie."

4. Neem verantwoordelikheid vir jou eie emosies, reaksies, woorde, dade. Dit help nie om te blameer nie.

5. Moenie ou koeie uit die sloot grawe nie.

6. Handel eers een probleem af, nie 'n klomp op een slag nie.

7. Beklemtoon die positiewe eerder as die negatiewe.

8. Word bewus van nie-verbale kommunikasie-gesindhede.

9. Wees openhartig en deel jou gedagtes en aktiwiteite. Aanvaar jou maat se emosionele en soms neurotiese optredes. Dit sal weer oorgaan. Fokus op hoe jy reageer. Luister en probeer begryp. Sien die behoeftes agter die optrede raak. Beoefen welwillendheid.

10. **ONTHOU DIE GOUE REëL: STOP, DINK EN DOEN.** Praat die waarheid in liefde en met welwillendheid en voeg die daad by die woord.

11. LUISTER:

1. PRAAT

B. BESPREKING OF VRAE

C. VERDEEL IN PAARTJIES

1. Hoeveel van ons misverstande gaan oor in konflik en hoeeel word opgelos voordat dit konflik word?

2. Is ons besig om op vlak 2 en vlak 1 te kommunikeer?

3. Wat doen jy as ons konflik het? (Onttrek, oorwin, skik) Hoe kan ons dit in die toekoms verbeter?

4. Wanneer laas was ons twee weg vir beplanning en Evaluering van ons verhouding?
   - Doelwitte
     - Geestelik
     - Fisies
     - Kultuur
     - Tyd met vrou
     - Tyd met kinders
     - Finansies
   - Lewensdoel
     - Beplanningsoefening

5. Gesels ons as gesin gereeld diep?

D. AKSIEPUNTE

WAT HOE WANNEER

Ons was lanklaas weg om te beplan.
Ons gaan drie dae na ‘n rondawel om ons lewens te evalueer en te beplan. (Kyk oefening op bl. 32)
Ons gaan dit weer einde Februarie doen.

E. TERUGVOER

EVALUERINGSVORM

1. HET DIE SEMINAAR JOU OP ENIGE MANIER PERSOONLIK GEHELP?
2. SKRYF ASSEBLIEF JOU BESONDERHEDE IN DRUKSKRIF IN DIE AREA HIERONDER:

   NAAM:

   POSADRES:

   TELEFOONNOMMER:

   OUDERDOMSGROEP: (19-24) (25-34) (35-54) (55 en OUER)

   GESLAG: M of V

   BEROEP:

   DENOMINASIE/KERK:
3. WATTER 3 DINGE GAAN JY VAN NOU AF ANDERS DOEN IN JOU HUWELIK A.G.V. DIE SEMINAAR?
4. WAT KAN AANBIEDERS DOEN OM DIE AANBIEDING TE VERBETER?
5. WAT SOU JY VOORSTEL MOET ONS DOEN OM HIERDIE SEMINAAR IN DIE TOEKOMS TE VERBETER?
6. WAT DINK JY VAN DIE TEMPO WAARTEEN DIE SEMINAAR AANGEBIED IS?

   ( ) TE VINNIG ( ) NET REG ( ) TE STADIG

BYLAE 4
BIOGRAFIESE GEWENS

Naam _____ **Van** _____

Adres **Tel Nr** _____

_____

_____ **Email** _____

_____

Voltooi asseblief die volgende vrae of merk met 'n "X" waar van toepassing

1 Huwelikstaat

Getroud, eerste huwelik	
Getroud, voorheen getroud	
Getroud, woon apart	

2 Hoe lank is u al getroud (jare)? ☐

3 Hoeveel maande het jy jou eggenoot geken voor die huwelik? ☐

4 Is jy tevrede met julle huwelik? (Dui asb aan met 'n "x" onder die toepaslike blokkie)

Ontevrede				Tevrede			Baie Tevrede		
1	2	3	4	5	6	7	8	9	10

5 Hoeveel kinders het julle? (Dui asb aan met 'n "x" onder die toepaslike blokkie)

0	1	2	3	4	5 of meer

6 Hoe oud is julle oudste kind? _____

7 Hoogste oopvoedkundige kwalikasie voltooi (Dui asb aan met 'n "x" onder die toepaslike blokkie)

Graad	Diploma	Hoërskool voltooi	Hoërskool gedeeltelik voltooi	Primêre skool voltooi

8 Het jy al ooit egskeiding ernstig oorweeg? (Dui asb aan met 'n "x" onder die toepaslike blokkie)

Ja	Nee

9 Hoe oud is jy? _____

10 Geslag (Dui asb aan met 'n "x" onder die toepaslike blokkie)

Manlik	Vroulik

11 Huidige beroep opleidingskonsultant

Tydsduur _____

12 Is jy tevrede met jou huidige vryetydsbesteding?

Ja	Nee	Onbelangrik

13 Watter van die volgende faktore veroorsaak spanning in julle huwelik?

(Merk met 'n "X" in die toepaslike blokkies)

Alleenheid		Rolverdeling	
Vreemde kultuur		Seksuele verhouding	

Fisiese afstand vanaf familie	☐	Finansies	☐
Fisiese afstand vanaf vriende	☐	Kinders	☐
Werkslading	☐	Woonplek	☐

Enige ander faktore wat jy hier wil meld?

_____

14 Watter aspek(te) dink jy moet in jou huwelik aandag kry?

_____

_____

_____

15 Hervestiging

Vrywillig	☐
Gedwonge	☐

16 Rede vir hervestiging

Werksgeleenhede	☐
Misdaad	☐
Politiek	☐
Studieskuld	☐
Ander	_____

17 Het jy enige ondersteuningstrukture in die buiteland?

Ja	☐
Nee	☐
Gedeeltelik	☐

18 Enige aspekte wat nou, na julle hervestiging spanning in julle huwelik veroorsaak (bv geld, tyd)

_____

19 In die omgewing waarin jy jou tans bevind, beskou jy jou sosio-ekonomiese status as:

Baie Laag	Laag	Gemiddeld	Hoog	Baie Hoog

20 Het jy al voorheen 'n huweliksverrykingsprogram deurloop?

Ja	
Nee	

ENRICH QUESTIONNAIRE

1 Stem glad nie saam nie	2 Stem nie saam nie	3 Het nie 'n standpunt nie	4 Stem saam	5 Stem heelhartig saam

Skryf telkens 'n nommer van 1 - 5 in die blokkie langs elk van die volgende stellings, nav die mate waartoe jy daarmee saamstem.

Nr		
1		Dit lyk of ek en my eggenoot dieselfde tipe partytjies en sosiale aktiwiteite geniet.
2		Dit is vir my baie maklik om al my ware gevoelens teenoor my maat uit te druk.
3		Dit is vir my moeilik om volkome te vertrou op sommige van die aanvaarde leringe van my godsdiens.
4		Om 'n argument te beeindig, gee ek gewoonlik te vinnig bes.
5		In ons gesin bestee die pa nie genoeg tyd saam met die kinders nie.
6		Wanneer ons 'n probleem het, word ek dikwels net met stilswyes begroet.
7		Sommige van ons vriende of familielede doen dinge wat spanning in ons huwelik veroorsaak.
8		My eggenoot is te krities of het dikwels 'n negatiewe lewensbeskouing.
9		Ek is heeltemal tevrede met die mate van toegeneentheid wat my maat teenoor my betoon.
10		Ek en my eggenoot het uiteenlopende idees oor die beste manier om ons geskille te besleg.
11		Ek glo dat godsdiens vir beide van ons dieselfde betekenis moet he.
12		Ek glo dat die vrou se plek, in wese, in die huis is.
13		Ek is soms bekommerd oor my eggenoot se humeur.
14		Ek is nie gelukkig met my eggenoot se persoonlikheidseienskappe en persoonlike gewoontes nie.
15		Ons probeer maniere vind om ons seksuele verhouding interessant en genotvol te hou.
16		Ek wens soms dat my eggenoot geld versigtiger uitgee.
17		Dit lyk of my eggenoot nie genoeg tyd of energie het om saam met my te ontspan nie.
18		Ek sal eerder byna enigiets doen as om 'n aand alleen deur te bring.
19		Ek is baie tevrede met die wyse waarop ons verantwoordelikhede in ons huweliksrolle hanteer.
20		Ons stem altyd saam oor hoe ons geld bestee moet word.
21		Ek is tevrede met die wyse waarop ons die verantwoordelikhede verbonde aan die grootmaak van ons kinders deel.
22		Die deel van godsdienstige waardes help dat ons verhouding groei.
23		Indien beide van ons werk, behoort die man dieselfde aantal huishoudelike take as die vrou te verrig.
24		Ek is by tye bekommerd omdat dit lyk asof my eggenoot ongelukkig en afgetrokke is.
25		Dit bekommer my dat my eggenoot moontlik nie seksueel in my belangstel nie.
26		Ons vind dit moeilik om te besluit oor hoe ons finansies gehanteer behoort te word.
27		Ons brind die regte hoeveelheid tyd saam met ons familie en vriende deur.
28		Dit bekommer my dat my eggenoot nie genoeg belangstellings of stokperdjies het nie.
29		In ons gesin moet die vrou nie buite die huis werk tensy dit 'n absolute finansiele noodsaaklikheid is nie.
30		My eggenoot se rook- en/of drinkgewoontes is 'n probleem.
31		Ek verkeer selde onder druk om sosiale byeenkomste saam met my eggenoot by te woon.
32		Ek is nie tevrede met ons kommunikasie nie en voel my eggenoot verstaan my nie.
33		Ek voel altyd goed oor waar en hoe ons, ons vakansies saam met ons gesinne deurbring.
34		Ek en my eggenoot / eggenote verstaan mekaar volkome.
35		Ons stem saam oor hoe ons kinders gedissiplineer moet word.
36		Ek is baie tevrede met die wyse waarop ons besluite neem en konflikte besleg.
37		My eggenoot is nie altyd betroubaar nie, of voer dinge nie altyd deur nie.
38		Ek is tevrede met ons besluite oor hoeveel geld ons moet spandeer.
39		Wanneer probleme bespreek word, voel ek gewoonlik dat my eggenoot my verstaan.

40		My eggenoot maak soms aanmerkings om my af te jak.
41		Dit is vir my maklik en gemaklik om oor seksuele kwessies met my eggenoot te praat.
42		My eggenoot verstaan al my buie volkome en het simpatie met elk van hulle.
43		In ons huwelik moet die vrou meer bereid wees om met die mans se wense akkoord te gaan.
44		Ek is soms ontsteld oor my eggenoot se optrede wanneer ons by ander mense is.
45		Ons is albei bewus van ons vernaamste skulde en dit is nie vir ons 'n probleem nie.
46		My godsdienstige oortuigings vorm 'n belangrike deel van my verbondenheid tot my eggenoot.
47		Ek bekommer my soms daaroor dat my maat moontlik al 'n seksuele verhouding buite ons huwelik oorweeg het.
48		Ek dink my eggenoot is te betrokke by, of word te veel beinvloed deur sy / haar familie.
49		Kinders blyk 'n groot bron van probleme in ons verhouding te wees.
50		Ons stem saam oor die aantal kinders wat ons graag wil he.
51		Ons hou boek van ons besteding sodat ons kan begroot.
52		Ek is ontevrede met ons finansiele situasie en die wyse waarop ons finansiele besluite neem.
53		Ek is baie tevrede met die wyse waarop ons, ons vryetydsaktiwiteite en die tyd wat ons saam deurbring, hanteer.
54		Ek is soms bang om my eggenoot te vra vir wat ek wil he.
55		Selfs al werk die vrou buite die huis, moet sy nog altyd vir die huishouding verantwoordelik wees.
56		Ek en my eggenoot verskil oor hoe ons godsdienstige oortuigings uitgeleef moet word.
57		Ek geniet dit nie om tyd saam met sommige van ons familielede of skoonfamilie deur te bring nie.
58		Wanneer ons 'n probleem ondervind, kan ek altyd vir my eggenoot se wat my pla.
59		Dit pla my dat my eggenoot meer waarde aan die kinders as aan ons huwelik heg.
60		Ek voel goed oor die tipe uitstappies en vakansies wat ons neem.
61		In ons huwelik is die man die leier van die gesin.
62		Ek vind ons seksuele verhouding bevredigend en vervullend.
63		My eggenoot is soms te hardkoppig.
64		Ons verhouding is 'n algehele sukses.
65		Dit is vir my belangrik om saam met my eggenoot te bid.
66		Ek wens my eggenoot was meer gewillig om sy / haar gevoelens met my te deel.
67		Deur kinders te he, het ons as paartjie nader aan mekaar gekom.
68		My eggenoot hou van al my vriende.
69		Ek is huiwerig om toegeneentheid teenoor my eggenoot te betoon omdat dit dikwels, verkeerdelik, as seksuele toenadering vertolk word.
70		Ek het sekere behoeftes wat nie deur ons verhouding vervul word nie.
71		Ons het soms ernstige rusies oor nietige kwesssies.
72		Dit bekommer my dat ek en my eggenoot nie genoeg van ons vrye tyd saam deurbring nie.
73		Dis is soms vir my moeilik om alles te glo wat my eggenoot my vertel.
74		Ek sal enigiets doen om konflik met my eggenoot te vermy.
75		By ons word die mans se beroep altyd belangriker as die van die vrou geag.
76		Ek glo dat ons huwelik aktiewe godsdienstige betrokkenheid insluit.
77		Die gebruik van kredietkaarte en ope rekeninge is vir ons 'n probleem.
78		Dit pla my dat my eggenoot gereeld laat is.
79		Ek voel soms dat ons argumente aanhou en aanhou en nooit tot oplossing kom nie.
80		Indien daar jong kinders is (sou wees), behoort die vrou nie buite die huis te werk nie.
81		Ek vertel dikwels nie vir my eggenoot hoe ek voel nie, omdat hy / sy alreeds behoort te weet.
82		Ek is baie tevrede met die wyse waaroop ons toegeneentheid betoon en met hoe ons seksueel teenoor mekaar optree.
83		Wanneer ons argumenteer oor iets, deel ons openlik ons gevoelens en besluit hoe om ons verskille by te le.
84		As ek nie by my eggenoot is nie, geniet ek my selde.
85		Besluitneming oor wat die belangrikste is om ons geld op te bestee, skep by ons kommer.
86		My eggenoot bring soms te veel tyd saam met vriende deur.
87		Ek en my eggenoot het verskillende sienings oor die godsdienstige opvoeding van ons kinders.

88		Ek is nie tevrede met die wyse waarop elkeen van ons, ons verantwoordelikhede as ouer hanteer nie.
89		Deur lief te wees vir my eggenoot, voel ek dat ek in staat is om die konsep "God is Liefde" beter te verstaan.
90		Ek dink ons ouers verwag te veel aandag of hulp van ons.
91		Ek is baie tevrede met die wyse waarop ek en my eggenoot met mekaar praat.
92		Ek dink ons ouers laat probleme in ons huwelik ontstaan.
93		Dit pla my dat ek nie geld kan bestee sonder my eggenoot se goedkeuring nie.
94		Sedert die geboorte van ons kinders het ons, as paartjie, selde tyd saam.
95		Ek vind dit soms moeilik om my eggenoot se buierigheid te hanteer.
96		Ek voel gewoonlik dat my eggenoot nie ons verskille ernstig opneem nie.
97		Die man behoort die finale se in die meeste van die belangrike besluite in ons gesin te he.
98		Ek deel nie altyd die negatiewe gevoelens wat ek oor my eggenoot het met hom / haar nie, omdat ek bang is hy / sy word kwaad.
99		Ek is ontevrede met ons verhouding met my ouers, skoonouers en / of vriende.
100		Ek en my eggenoot verskil oor sommige van die leringe in my godsdiens.
101		Ek was nog nooit, nie eens vir 'n oomblik, spyt oor my verhouding met my eggenoot nie.
102		Konflikte oor hoeveel ons vir ons kinders behoort te doen, is vir ons 'n probleem.
103		Ek geniet dit werklik om tyd saam met al my eggenoot se vriende deur te bring.
104		Ek en my eggenoot voel nader aan mekaar as gevolg van ons godsdienstige oortuigings.
105		Die vrou behoort die man se oordeel oor belangrike besluite te vertrou en te aanvaar.
106		Ek is soms bekommerd dat my eggenoot se belangstelling in seks nie dieselfde as my eie is nie.
107		Ek is tevrede met ons besluite oor gesinsbeplanning of geboortebeperking.
108		Dit pla my nie wanneer my maat tyd saam met vriende van die teenoorgestelde geslag deurbring nie.
109		My eggenoot is altyd 'n goeie luisteraar.
110		Ek bekommer my oor wie vir die geld verantwoordelik is.
111		Dit pla my dat my eggenoot seks op 'n onverantwoordelike manier gebruik of weier.
112		Wanneer ons argumenteer, voel ek gewoonlik op die ou end asof die probleem net my skuld was.
113		Ek voel baie goed oor die wyse waarop beide van ons, ons godsdienstige oortuigings en waardes beoefen.
114		Ek en my eggenoot handhaaf 'n goeie balans in die vrye tyd wat ons saam en afsonderlik deurbring.
115		Ek dink soms dat my maat te dominerend is.

PAIRS (Schaefer & Olson, 1981)

INSTRUKSIES

Hierdie vraelys word gebruik om verskillende tipes "intimiteit" of nabyheid in julle verhouding te meet.
Daar is twee stappe in die vraelys.
*In **Stap 1** moet jy reageer soos **jy op die oomblik voel** omtrent die item. Dit word genoem: **HOE DIT NOU IS**.*
*In **Stap 2** moet jy weer op al 36 items reageer volgens **hoe jy graag die verhouding sou wou hê** sodat dit vir jou die meeste bevrediging gee. Dit word genoem: **HOE EK DIT GRAAG SOU WOU HÊ**.*
*Daar is nie regte of verkeerde antwoorde nie. **Antwoord alle vrae in stap 1 voordat na stap 2 oorgegaan word.***
Dui jou reaksie op elke stelling aan deur gebruik te maak van die volgende vyf-punt skaal.

0 Stem glad nie saam nie	1 Stem nie saam nie	2 Neutraal	3 Stem saam	4 Stem beslis saam

HOE DIT NOU IS

Stap 1

Nr	Stelling	Respons
1	My maat luister na my wanneer ek iemand nodig het om mee te praat.	
2	Ons geniet dit om tyd saam met ander pare deur te bring.	
3	Ek is tevrede met ons seksuele lewe.	
4	My maat help my om meer helderheid oor my gedagtes te kry.	
5	Ons geniet dieselfde ontspanningsaktiwiteite.	
6	My maat het al die eienskappe wat ek altyd in 'n maat wou hê.	
7	Ek kan sê hoe ek oor iets voel sonder dat hy/sy verdedigend reageer.	
8	Ons is geneig om liewer alleen te wil wees.	
9	Ek dink dat ons seksuele lewe net roetine is.	
10	Waneer ons oor ernstige dinge praat, blyk dit dat ons min in gemeen het.	
11	Ek deel 'n paar van my maat se belangstellings.	
12	Soms voel ek nie baie liefdevol en toegeneë tot my maat nie.	
13	Ek voel dikwels ver van my maat.	
14	Ons het min gemeenskaplike vriende.	
15	Ek kan vir my maat sê as ek seksuele gemeenskap wil hê.	
16	Ek voel afgehaal ("put-down") in 'n ernstige gesprek met my maat.	
17	Ons hou daarvan om saam pret te maak.	
18	Elke nuwe ding wat ek van my maat ontdek het, was vir my lekker.	
19	My maat verstaan regtig my vreugdes en hartseer.	
20	Kuier saam met vriende is 'n belangrike deel van ons gedeelde aktiwiteite.	
21	Ek onderdruk my seksuele behoeftes omdat my maat my ongemaklik laat voel.	
22	Ek voel dat dit nutteloos is om sekere dinge met my maat te bespreek.	
23	Ons geniet die buitelewe saam.	
24	My maat en ek verstaan mekaar heeltemal.	
25	Ek voel soms afgeskeep deur my maat.	
26	Baie van my maat se beste vriende is ook my beste vriende.	
27	Seksuele uitlewing is 'n essensiële deel van ons verhouding.	
28	My maat probeer dikwels my idees verander.	

29	Ons kry selde tyd om genotvolle dinge saam te doen.	
30	Ek dink nie enigiemand kan so gelukkig wees soos ons is wanneer ons bymekaar is nie.	
31	Ek voel soms alleen wanneer ons saam is.	
32	My maat keur sommige van my vriende nie goed nie.	
33	My maat kom ongeïnteresseerd in seks voor.	
34	Ons het 'n eindelose aantal dinge om oor te praat.	
35	Daar is dinge waarin ons albei belang stel.	
36	Sommige van my behoeftes word nie deur ons verhouding bevredig nie.	

Stap 2

HOE EK DIT GRAAG SOU WOU HÊ

Nr	Stelling	
1	My maat luister na my wanneer ek iemand nodig het om mee te praat.	
2	Ons geniet dit om tyd saam met ander pare deur te bring.	
3	Ek is tevrede met ons seksuele lewe.	
4	My maat help my om meer helderheid oor my gedagtes te kry.	
5	Ons geniet dieselfde ontspanningsaktiwiteite.	
6	My maat het al die eienskappe wat ek altyd in 'n maat wou hê.	
7	Ek kan sê hoe ek oor iets voel sonder dat hy/sy verdedigend reageer.	
8	Ons is geneig om liewer alleen te wil wees.	
9	Ek dink dat ons seksuele lewe net roetine is.	
10	Waneer ons oor ernstige dinge praat, blyk dit dat ons min in gemeen het.	
11	Ek deel 'n paar van my maat se belangstellings.	
12	Soms voel ek nie baie liefdevol en toegeneë tot my maat nie.	
13	Ek voel dikwels ver van my maat.	
14	Ons het min gemeenskaplike vriende.	
15	Ek kan vir my maat sê as ek seksuele gemeenskap wil hê.	
16	Ek voel afgehaal ("put-down") in 'n ernstige gesprek met my maat.	
17	Ons hou daarvan om saam pret te maak.	
18	Elke nuwe ding wat ek van my maat ontdek het, was vir my lekker.	
19	My maat verstaan regtig my vreugdes en hartseer.	
20	Kuier saam met vriende is 'n belangrike deel van ons gedeelde aktiwiteite.	
21	Ek onderdruk my seksuele behoeftes omdat my maat my ongemaklik laat voel.	
22	Ek voel dat dit nutteloos is om sekere dinge met my maat te bespreek.	
23	Ons geniet die buitelewe saam.	
24	My maat en ek verstaan mekaar heeltemal.	
25	Ek voel soms afgeskeep deur my maat.	
26	Baie van my maat se beste vriende is ook my beste vriende.	
27	Seksuele uitlewing is 'n essensiële deel van ons verhouding.	
28	My maat probeer dikwels my idees verander.	
29	Ons kry selde tyd om genotvolle dinge saam te doen.	
30	Ek dink nie enigiemand kan so gelukkig wees soos ons is wanneer ons bymekaar is nie.	
31	Ek voel soms alleen wanneer ons saam is.	
32	My maat keur sommige van my vriende nie goed nie.	
33	My maat kom ongeïnteresseerd in seks voor.	
34	Ons het 'n eindelose aantal dinge om oor te praat.	
35	Daar is dinge waarin ons albei belang stel.	
36	Sommige van my behoeftes word nie deur ons verhouding bevredig nie.	